



HOOFTUK 2

'n Regshistoriese analise: Doleansie tot Protestantse kerkregtelike formasie

In Hoofstuk 2 word die algemene beginsels van die Doleansiekerkreg as 'n variant van die Gereformeerde Kerkreg ondersoek. Aangesien 'n kerk se kerkbegrip 'n bepalende invloed het op haar denke, haar wese en gestalte, haar vormgewing, haar inrigting, haar kerkreg en kerkregering asook posisionering in die wêreld, word in dié hoofstuk allereers stilgestaan by die ekklesiologiese onderbou (paragraaf 2.1) en daarna kom die Kerkregeringstelsels (paragraaf 2.2) aan die orde. Vyf belangrike diskoerse met betrekking tot die kerkregtelike ontwikkeling in Nederland word in dié hoofstuk onderskei, naamlik:

1. Van Afscheiding tot Doleansie (1834-1926) (paragraaf 2.3),
2. Diskussies oor *oud kerkrecht* en *nieuwe kerkrecht* (1926 -1941) (paragraaf 2.4),
3. Diskussies rondom Vrijmaking (1942-1952) (paragraaf 2.5),
4. Stryd om die gesag van die meerdere vergadering (1961-1969) (paragraaf 2.6),
5. Samen op Weg tot Protestantse kerkregtelike formasie (1964-2004) (paragraaf 2.7).

Die kerklike lewe in Nederland is in die negentiende eeu gekenmerk deur twee Reformatoriese bewegings, naamlik die Afscheiding van 1834 en Doleantie van 1886 (Bos 1986:70). Beide bewegings staan in nou verband met mekaar, maar verskil ook met betrekking tot die kerkreg en kerkregering. In die afgelope eeu het 'n ontwikkeling in die kerkreg en kerkregering plaasgevind. Die Gereformeerde Kerke in Nederland het hul in

'n mindere of meerdere mate in bostaande vyf kerkregtelike diskoerse rondom die volgende sewe Gereformeerde kerkregtelike beginsels¹ geposisioneer:

- i. Christus as hoof van die kerk,
- ii. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk,
- iii. Die karakter van die kerkverband,
- iv. Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge,
- v. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers,
- vi. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergadering,
- vii. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering ten opsigte van wanbestuur.

2.1. Die ekklesiologie

Noordgraaf (1990:62) stel dit in *De kerk in het Nuwe Testament* dat die kerk 'n voorlopige realisering, teken, getuie en voorspraak van die komende koninkryk is. Die vertikale (gemeenskap met Christus, die gerigtheid op God, die vervulling met die Heilige Gees) en die horisontale (die *gemeenskap* met mekaar as broers en susters in die een liggaam) is nou aan mekaar verbonde. Die kerk word deur die Woord en Gees in aansyn geroep, maar staan ook permanent onder die Woord. Ampte en dienste is volgens Noordgraaf (1990:62) gerig om die sig op Christus as Here van die kerk oop te hou. Die verhouding tot die wêreld word gekenmerk deur antitese en solidariteit. Gedurende die eeue sou kerkvaders soos Augustinus (die kerk as liggaam van Christus), Luther (twee

¹ Golverdingen onderskei in *De strijd om het kerkrecht in de Gereformeerde Kerken in Nederland van 1926 tot 1944* sewe kerkregtelike beginsels wat as kenmerkend van die Gereformeerde kerkreg beskou kan word (2001:15).

- i. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk,
- ii. Die karakter van die kerkverband,
- iii. Die aard van die gesag van die meerdere vergadering,
- iv. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering in die algemeen,
- v. Die afsetting van die diakens, ouderlinge en predikante,
- vi. Die uitleg van die voorbehoud van artikel 31 DKO ten opsigte van besluite van meerdere vergaderinge,
- vii. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering ten opsigte van wanbestuur.



ryke leer), Zwingli (staatskerk), Bucer (die kerk as die ryk van Christus), Calvin (teokrasie), Kuyper (die kerk as organisme, die kerk as instituut), K Schilder (die kerk as werk van Christus), Hoedemaker (teokrasie), Gunning (die inwoning van die Heilige Gees), Kraemer (Kerk en Wêreld) asook die Nadere Reformasie (die Kerk as Woord gebeure), die Rooms Katolieke Kerk en die ekumene verskeie en verskillende aksente op die kerk lê.² Volgens W Balke (1990:259-282) kan die kerk aan die vier oud-kerklike eienskappe naamlik: eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit geken word.

Die kerk is volgens ds K de Gier (1997:9) die liggaam van Christus in die wêreld. Die instituut van die kerk is deur die Koning van die kerk self ingestel. Christus is die enigste Wetgewer, wat aan die kerk haar reg skenk. Christus staan aan geen wêreldlike gesag Sy gesag af nie (De Gier 1997:9). In die kerk regeer God deur Sy Woord en Gees. Christus is die Hoof van die gemeente. In die Heidelbergse Kategismus Sondag 21 asook in artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (=NGB) word dit aangedui dat die kerk 'n heilige, katolieke vergadering of eenheid van gelowiges is. Die Bybel noem hierdie universele kerk of liggaam van Christus die *ekklesia* (Matt 18:17; Hand 2:47, 11:22, 13:3; 1 Kor 1:2; 2 Kor 1:1; Open 2:1, 8, 12, 18). Die kerk is volgens die Nuwe Testament 'n vergadering van die gelowiges, wat kragtens die drang deur die Heilige Gees hul verenig tot die bediening van die Woord, die sakramente en gebede en wat haar organiseer onder leiding van die ampte (Bouwman 1928:53).

In die Griekse samelewing word die woord *ekklesia* gebruik vir 'n vergadering van vryburgers en het dit gewoonlik op 'n volksvergadering gedui (Bouwman 1928:53-54).

² Vir 'n meer gedetailleerde weergawe van die beskouinge oor die kerk deur die eeue, sien Kerkopvattingen deur de eeuwen in *De Kerk*, Van't Spijker, W (red) (1990:65-255) asook Bouwman (1928:53-74), De Gier (1997:9-15) en Balke (1990:259-282).



Die Christelike gemeentes het die woord ekklesia gebruik om hul eie samekomste en/of gemeentes aan te dui teenoor die sinagoge (Bouwman 1928:53). Die kerk is volgens die Nuwe Testament nie 'n volksvergadering nie, maar is wel 'n vergadering van gelowiges (Hand 2:47; 1 Kor. 1:2; 2 Kor 1:1; Rom 1:7; Kol 1:2). Jesus sê dat hy sy gemeente (*ekklesia*) op die rots sal bou (Matt 16:18). Volgens Bouwman (1928:59) is elke plaaslike gemeente afsonderlik asook die kerk as liggaam van Christus 'n gemeente van die heiliges, wat in gemeenskap staan met God, in besit van die heil van Christus, en geroepe is tot diens van die Here deur die werking van sy Woord en Gees. In die Nuwe Testament word met betrekking tot die eenheid van die kerk aangedui dat die kerk die liggaam van Christus is (1 Kor 10:16; Ef 1:23; 4:4; Open 21:2, 9). Hierdie eenheid is volgens Bouwman (1928:64) 'n organiese eenheid. Die kerk is volgens Bouwman (1928:64) 'n sigbare georganiseerde liggaam, wat Christus erken as enigste Koning van die gemeente en die Heer van alle dinge: “Die kerk is dus eene zichtbare gemeenskap van mense, die Christus als Verlosser en Heer kennen, en die de eenheid in Hem betoonen in hun gemeenschappelijk geloof, en die den drang kennen om elkander te dienen en lief te hebben.” Die sigbare kerk tree in 'n bepaalde gestalte met ampte en bedieninge waarop die gemeente versorg, leer en regeer (Bouwman 1928:65).

Die outoriteit of seggenskap in die kerk kom van Christus wat die hoof van Sy kerk is (Ef 5:23; Kol 1:18). Christus het die regeermag oor die gemeente (Ef 6:11-19; 1 Tim 6:12; Open 2:7, 6:2, 9:11). Christus maak gebruik van mense vir die leiding van sy kerk op aarde. Vir die kerk het Christus self die ampte en bedieninge ingestel (Matt 16:13-19, 18:15-20; Joh 20:21:23) (Bouwman 1928:67). In Matt 16:18-19 word die kerk en die koninkryk van God met mekaar in verband gebring. Die kerk is die sigbare verteenwoordiging van die koninkryk van God, waar daar volgens die wette van

Christus behoort geleef te word (Bouwman 1928:70). Christus gee in Matt 18:18-20 aan die gemeente en aan die apostels as verteenwoordigers van die gemeente die mag om op grond van die belydenis van Christus te bind en te ontbind, die sonde te vergewe en te hou. Die gemeente is dus die hoogste regtelike mag op aarde (Bouwman 1928:70). In Joh 20:19-23 word slegs in die algemeen van die sleutelmag melding gemaak. Jesus stel in die perikoop sy dissipels as apostels aan. Hulle ontvang die mag om onder andere mense hul sondes te vergewe (Bouwman 1928:70). Hierdie mag kan nie afsonderlik van Christus uitgeoefen word nie, maar is in Christus en aan Sy wil verbonde.

Die selfstandigheid van die gemeente word in die Nuwe Testament veronderstel. Die gemeente in Jerusalem kies byvoorbeeld hul eie ampsdraers en afvaardiging. Matthias word deur die gemeente as apostel gekies en sewe diakens word deur die gemeente as armversorgers aangewys. Die apostels stel wel die voorwaardes, maar die gemeente kies die persone (Hand 1 en 6). Volgens Bouwman (1928: 72) gee Paulus in talryke tekste opdrag aan die gemeente om die bose uit haar midde te weer (1 Kor 5), hul te hulle onttrek van valse leraars (Rom 16:17), te waak oor die suiwer leer, orde en tug (1 Kor 5:5, 11:34; 2 Joh 10; Open 2:14, 20, 24). Die regering van die gemeente is Christokraties. Christus woon in sy gemeente en Hy regeer deur Sy Woord en Gees die gemeente. Alle mag in die kerk rus dus oorspronklik by Christus as die enigste Koning van die kerk. Die kerk is gebou volgens Ef 2:20 op die fondament van die apostels en profete waarvan Christus die hoeksteen is (Bouwman 1928:74).

2.2. Die kerkregeringstelsels

Daar kan histories vyf kerkregeringstelsels onderskei word te wete: die Episkopale stelsel (Roomse of Papale stelsel), Lutherse of Territoriale stelsel, Independentistiese

stelsel of Kongregasionalistiese stelsel, die Kollegialistiese of Genootskaplike stelsel en die Gereformeerde stelsel of Presbiteriaanse stelsel. Die vyf kerkregeringstelsels verskil met betrekking tot hul ekklesiologie waar gesag gesetel is, die organisasie van die kerk en die verhouding tussen kerk en staat (Jansen 1947:1-5).

2.2.1. Die Episkopale stelsel/ Roomse of Papale stelsel

Episkopaal is 'n oorkoepelende term. Daaronder word die Rooms Katolieke Papale stelsel, die Anglikaanse kerk, die Oosters Ortodokse kerk, die Gereformeerdes in Hongarye en die Lutherse stelsel gevind.

By die Roomse of Papale stelsel is die kerk 'n groot heilsinstituut met een kerklike belydenis vir die hele wêreld. By dié stelsel val die klem op een sigbare wêreldkerk, wat alle gedooptes insluit. Twee klasse word in die stelsel van kerkregering gevind, naamlik die geestelikes en die leke. Die geestelikes vorm 'n afsonderlike stand wat deeglik onderskei is van die leke (Meulink & De Wolff 1967:6). Bo die biskop staan die Pous. Die Pous besit kragtens sy amp die hoogste, volledige, onmiddellike en universele mag in die kerk. Die setel van die gesag lê by die Pous (Jansen 1947:3). Die regeermag daal van Christus af op die Pous, wat in 1870 as onfeilbaar verklaar is. Die Pous staan ook bekend as die *vicaris*, die stadhouer van Christus (Meulink & De Wolff 1967:5). Die Pous is dus universeel die biskop van die hele wêreld.

Die wese van die heilsinstituut lê in die sigbare (Biesterveld & Kuyper 1905:2). Die Pous het die *primatus jurisdictionis et honoris*: dit is die hoogste regering van die kerk. In die Pous rus die hoogste kerklike wetgewing wat die leer en die inrigting van die kerk betref. Hy het die *potestas indirecta in temporalibus* dit wil sê hy hanteer die wêreldlike



swaard nie self nie, maar kan wel die gebruik daarvan verbied of gebied na gelang van die eise van die welsyn van die kerk (Weijland 1992b:84). Die kerk heers oor alle terreine van die lewe byvoorbeeld oor die staat, maatskappy, wetenskap, opvoeding, kuns, ensovoorts (Jansen 1947:5). Daar is geen onderskeid tussen die kerk en die koninkryk van God nie. Sedert Vatikaan II met die *Declaratio de libertate religiosa* word die verhouding tussen kerk en staat meer gesien as die samewerking tussen twee selfstandige partye (Weijland 1992b:84). Die Roomse Kerk gebruik die naam *Consistorium* vir die vergadering wat deur die kardinale in opdrag van die Pous plaasvind en ook aan die *colleges* wat die *vicaris-generaal* in die uitoefening van die regeermag bystaan. Die *Consistorium* was van die begin af 'n staatsinstelling (Biesterveld & Kuyper 1905:4).

By die Oosters Ortodokse Kerk word die kerk deur die inkorporasie van die Bisantynse staatstelsel 'n sentrale regsinstituut met die keiser as wetgewer en regter (Weijland 1992b:80). Die kerk het op haar beurt die keiserskap met sakrale gesag bekleed. 'n Juridiese binding tussen kerk en staat kan dus in die stelsel onderskei word. Daar is veertien administratief selfstandige kerke (*autocephale* kerke) wat uit 'n aantal bisdomme bestaan. Aan die hoof is 'n sinode met 'n patriarg as president. Opvallend in die stelsel is dat daar geen verskil in rangorde tussen die patriarge is nie. Die patriarge is slegs *primi inter pares*. Die kerk bestaan uit biskoppe, priesters en leke. Elke biskop het 'n gekose raad van bystand (*diocesane*). Die priester bestuur sy gemeente met 'n Kerkraad (Weijland 1992b:80).

Die Anglikaanse Kerk is 'n staatskerk. By die stelsel word biskoppe met twee aartsbiskoppe gevind. Die koningin fungeer by die Anglikaanse Kerk as die hoof van die

kerk. Die amp van die biskop omvat prinsipieel alle funksies van die kerk en dit sluit onder andere die leer, sielesorg, tug, ampte en wetgewing in. Die plaaslike bisdom word verdeel in parochies wat saamgevoeg kan word met naburige *parochies* in kerkprovinsies wat vervolgens saamgevoeg word tot kerklike *regios*. Die biskoppe van 'n bepaalde gebied word verenig in 'n biskoppekonferensie. Alle ampsbevoegdheid lê in een persoon naamlik die biskop (*episkopos*) (Van den Heuvel 1991:24). Die regering van Christus vind plaas deur die biskop. Die biskop is die hoof van die bisdom. Hy het die geestelike en kerklike leiding oor die gemeentes (*parochies*) en oor die geestelikes (ampsdraers). Die biskop as die wetgewer, is verantwoordelik vir regspraak, kan laer ampte instel, verander, ophef of dra sorg vir die handhawing van die leer, maak aanspraak op eerbied en gehoorsaamheid van die geestelikes en leke en besit wydingsmag (dit wil sê hy mag priesters wy) (Van den Heuvel 1991:25). By die Gereformeerdes in Hongarye word biskoppe in 'n soort sinodale struktuur gevind. Elke bisdom het 'n priesterraad wat in beginsel 'n raadgewende stem het. Alleen die geestelikes (*clerus*) kan die genade voortplant, want die *clerus* besit alleen die kerklike funksies, sodat in die *clerus* die kerk gekonstitueer word (Biesterveld & Kuyper 1905:2). Oral waar die priester is, is die kerk.

2.2.2. Die Lutherse of Territoriale stelsel of Konsistoriale stelsel

Op 10 Desember 1520 het Martin Luther die pouslike dekrete saam met die *corpus iuris canonici* in die vuur gewerp. Martin Luther se opvatting met betrekking tot die kerk en haar organisasie staan regstreeks in verband met sy leer oor die regverdigmaking deur die geloof alleen (Van't Spijker 1992:86). Dié leer lei tot die opvatting van die priesterskap van alle gelowiges en daarmee was die hiërargie tussen die geestelikes en die leke opgehef. Die gemeente vorm by dié stelsel die mistieke liggaam van Christus.



Van die goddelike reg (*jus divinum*) vir die sigbare struktuur van die kerk is daar volgens Van't Spijker³ (1992:86-87) in sy artikel *De Reformatore en hul opvattinge* in die *Inleiding tot de studie van het kerkrecht* geen sprake nie.

Die Lutherse Reformasie breek weg van die Episkopale stelsel en kies 'n nasionale territoriale stelsel. Die klem val op die staatskerk. Die kerk se gesag strek so ver as die gesag van die betrokke staat (Spoelstra 1989:11). Die kerk is dus 'n nasionale massakerk, 'n volkskerk. By die Lutherane lê die setel van die gesag by die landvors (Jansen 1947:4). By die Lutherane word drie klasse aangetref, naamlik die regeerstand (wat regeer deur middel van 'n konsistorie wat uit predikante en nie-predikante bestaan), die leerstand (bestaande uit predikante) en die lekestand. Die stelsel staan ook as die konsistoriale stelsel bekend (Biesterveld & Kuyper 1905:3). Die landvors is heerser oor die land en kerk. Hy is *summus episcopus*. Die staat heers dus oor die kerk. Die owerheid het die reg om in te gryp in die sake van die kerk, omdat die owerheid die *praecipuum membrum ecclesiae*, dit is die vernaamste lid van die kerk is (Biesterveld & Kuyper 1905:3). As sodanig het die owerheid die gesag oor die kerk in die land. By die stelsel geld die volgende reël: *Cuius regio, eius religio*. Dit wil sê, die godsdienis van die vors is die godsdienis van die land (Biesterveld & Kuyper 1905:4). Verder word superintendente aangestel, onder wie die predikante staan. Die superintendente oefen in hul distrikte gesag uit. Die gemeente word as onmondig beskou. Die kerk is in die stelsel aan die staat onderworpe (Meulink & De Wolff 1967:7). 'n Ander naam vir die stelsel is die konsistoriale stelsel. Hierdeur word gedui dat die gesag uitgeoefen

³ Dr W van't Spijker (1926), hoogleraar kerkgeskiedenis en kerkreg aan die Theologiese Universiteit van die Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland te Apeldoorn.



word deur die landelike *Consistorium* en die superintendente (Biesterveld & Kuyper 1905:4).

Die territoriale stelsel is verwant aan die stelsel van Thomas Erastus. Erastus was hoogleraar in die medisyne aan die universiteit van Heidelberg. Hy was ook lid van die Kerkraad van Heidelberg en het die religiegesprekke van Heidelberg gedurende 1560 en Maulbronn gedurende 1564 bygewoon. Hy het die siening van Zwingli met betrekking tot die Nagmaal, die verhouding tussen die kerk en die staat asook die kerkregering gedeel. Hy het hom teen die invoer van die presbiteriale stelsel in die Paltz verset, maar egter sonder enige gevolg. Na sy dood het sy weduwee 'n traktaat uitgegee waarin sy stelsel nader beskryf word. Hy bestry onder andere die selfstandigheid van die kerk, leer die algehele onderworpenheid aan die staat en verklaar die kerklike ban ondermeer as onbybels (Meulink & De Wolff 1967:7). Hy het veral in Engeland aanhangers, terwyl die Remonstrante hom in Nederland gevolg het (Biesterveld & Kuyper 1905:5). Die Anglikaanse Kerk berus deels op die Erastiaanse beginsels. Ook in die Kollegialistiese stelsel van die Hervormde Kerk in Nederland word volgens Meulink & De Wolff (1967:7) beginsels van Erastus gevind. Die Erastiane ontken alle gezag van die kerk:

Dit Erastiaansche stelsel is daarom nog meer vicieus dan het territoriale, omdat het alle gezag in de kerk ontkent. De Overheid regeert de kerk, maar ook dan zelfs draagt dit regiment niet eenmaal een kerkelijk karakter. Geen optreden van de Dienaren met autoriteit in des Heeren Naam, als zij de sleutelen des hemelrijks bedienen hoogstens zijn zij vermaners, tot tucht niet gerechtigd. Geen wacht houden voor de zuiverheid der leer voor alle nuance in belijden zij plaats. Ook dit stelsel doet geweld aan het karakter van des Heeren kerk als vergadering der geloovigen, en vergrijpt zich aan het gezag van den eenigen Koning en Wetgever der gemeente.

(Biesterveld & Kuyper 1905:4)

2.2.3. Die Kollegiale stelsel of Genootskaplike stelsel

Die benaming “kollegialisme” is afgelei van die Romeinse regsbegrip *collegia licita* wat wys op ’n wettige vereniging wat die gemeenskap veroorloof (Spoelstra 1989:13). Die kerk as organisasie of instituut vorm die vertrekpunt vir die ampte asook die gesagstruktuur in die kerk. Die formasie van die kerk lê in die vrye wil van die individue wat ’n *collegium*, in die geval ’n godsdienstige vereniging, stig. Die kerk is volgens dié stelsel slegs ’n toevallige vereniging van individue, wat na vrye keuse hul by ander kerke kan voeg of hul lidmaatskap kan opsê. Alle kerklidmate oor die hele land vorm deel uit van een *collegium* (genootskap) waarvan die plaaslike kerk deel is (Jansen 1947:4). By die kollegialiste lê die gesag by die meerderheid volgens die leer van die volksoewereiniteit. Met meerderheid word bedoel die helfte plus een. By die Kollegiale stelsel word onderskei tussen die lede en die bestuur. Die gemeente staan onder die bestuur van die Kerkraad (Jansen 1947:5). By die Kollegialisme word die kerk beskou as ’n gewone vereniging en kan slegs as gewone vereniging staatsregtelike erkenning vra. Die kollegiale stelsel van kerkregering wortel in die leerstellinge van die natuurreg (Biesterveld & Kuyper 1905:6). Volgens die stelsel is nóg die staat nóg die kerk van goddelike oorsprong aangesien die staat gebore is deur ’n verdrag van vrye mense. Die kerk is net soos alle ander verenigings volkome gelyk voor die staat. Die kerk val geheel onder die regsbeplante wat vir allerlei verenigings (*collegia*) geld. In die Romeinse wetgewing, word die kerke erken as *collegia licita* (geoorloofde verenigings) (Biesterveld & Kuyper 1905:6). Dit stelsel is ontwikkel deur Christian Mattheus Pfaff (1686-1760) en was later verder deur Mosheim, Schleiermacher en Ander ontwikkel. Christian Mattheus Pfaff verkondig onder andere dat die kerk ’n vrye vereniging is met twee klasse naamlik: leraars en toehoorders (Bouwman 1928:215). As vrye vereniging reël die kerk haar eie sake (*jus in sacra*), terwyl die owerheid alleen oor haar toesig (*de*

cura sacrorum majestatica) het (Bouwman 1928:215). Die landheer het gevolglik die reg tot die reformasie van die kerk, die oppertoesig oor die kerk asook die beskerming van haar lede. By die stelsel berus die gesag altyd in die vryheid van die meerderheid. (Biesterveld & Kuyper 1905:6). Die Nederlandsch Hervormd Kerkgenootschap word in 1816 volgens die Kollegiale beginsels ingerig (Meulink & De Wolff 1967:7).

2.2.4. Die Independentistiese of Kongregasionele stelsel

In die Amerika (Nieuw Engeland) en in Engeland het daar aan die begin van die 17^{de} eeu 'n stelsel ontwikkel wat nou verbonde was aan die Gereformeerdes aan die Europese vasteland en die Skotse Presbiterianisme, maar wat tog 'n eiesoortige rigting ingeslaan het (Deddens 1992c:107). Dié stelsel staan bekend as die Kongregasionalisme (Deddens 1992c:106). Die Kongregasionalisme wortel in die prinsipiële separatisme van Robert Brown (Meulink & De Wolff 1967:7). Vroeër is ook na die Kongregasionaliste verwys as die Browniste. Elke gemeente is volgens die Browniste radikaal onafhanklik en moet selfs nie deur presbiters oorheers word nie. Die gemeente regeer met die meerderheid van stemme en die Kerkraad voer die opdragte uit (Spoelstra 1989:12). Behalwe die Kongregasionaliste is ook die Baptiste, Adventiste, Unitariërs en die Kwakers aanhangers van die Independentistiese stelsel (Biesterveld & Kuyper 1905:9). Tiperend van die stelsel is dat die plaaslike gemeente 'n volledige en volwaardige kerk is en bevoeg is om haar eie orde vas te stel (Van den Heuvel 2001:25).

By die Kongregasionalisme vorm groepe gelowiges gemeentes op 'n plek 'n bond (*covenant*), wat in eie kring onafhanklik van mekaar is met betrekking tot die beroeping van predikante, kultuur, belydenis en die tug (Meulink & De Wolff 1967:8). By die Kongregasionalisme lê die hoogste gesag by die outonome lede van die gemeentes by

wie die beslissende en uitvoerende gesag lê. Die Kongregasionalisme erken geen meerdere vergadering wat besluite neem waaraan gemeentes verbonde is nie (Van den Heuvel 2001:25). Daar is by dié stelsel 'n volstreekte skeiding tussen die kerk en die staat. Alle seggenskap van die owerheid word ontken, maar ook die kerkverband word ontken. Daar is geen nasionale, provinsiale of *classicale* vergaderinge nie. Gemeenskaplike vergaderinge het by die stelsel nie hoër gesag nie. Op dieselfde plek kan verskillende vergaderinge (*congregations*) wees, elk met 'n eie Kerkraad, sonder dat die eenheid van die liggaam van Christus daardeur gebreek word. Elke vergadering is in eie kring absoluut onafhanklik. Die onafhanklikheid geld nie alleen vir die beroeping van predikante nie, maar ook ten opsigte van die belydenis en die tug (Biesterveld & Kuyper 1905:74). Die gemeentes kan wel saam konfereer, maar die konferensies het geen bindende gesag nie, neem geen Belydenisskrifte aan nie of maak geen bindende besluite nie (Meulink & De Wolff 1967:9). Biesterveld & Kuyper (1905:8) stel dit ook duidelik dat konferensies geen bindende verklarings kan maak nie: “Eene Conferentie kan hoogstens eene gemeenschappelijke verklaring geven van hetgeen men gelooft op zekeren tijd, maar geen bindende formule. Vele congregationalistische Confessies hebben dan ook alleen locale autoriteit.” Die soewereiniteit van die lede staan sentraal in die konferensies. 'n Konferensie kan hoogstens 'n gemeenskaplike verklaring gee van haar geloof op 'n sekere tyd, maar geen bindende formule nie. Die kongregasionalisme ken aan geen belydenisskrif algemene gesag toe nie. Vele Kongregasionalistiese konfessies het slegs lokale outoriteit en word deklarasies genoem, byvoorbeeld Savoy Declaration (1658) en die Declaration of the Congregational Union of England and Wales (1833) (Biesterveld & Kuyper 1905:8).

By die Kongregasionalisme word twee klasse gevind te wete aan die een kant leerouderlinge en aan die anderkant die leke. Daar word geen regerende ouderlinge aangetref nie. Daar is geen onderskeiding van die ampte in die stelsel nie. Elke ouderling moet ook leraar wees (Biesterveld & Kuyper 1905:8). Die plaaslike gemeente is ten volle bevoeg om hul eie reëls op te stel. By die Kongregasionalisme leef die oortuiging dat Christus sy gemeente regeer deur die vergadering van die gelowiges (*congregatio*). Die *congregatio* is gevolglik die hoogste besluitnemingsgesagvorm. Die gemeente kan die ampsdraers uit hul amp ontslaan. Die bestuur van die gemeente word gevorm deur 'n broederraad. Die gemeente is betrokke by alle belangrike sake wat die kerk raak, onder andere ook die tug. Die Kerkraad voer die besluite van die gemeente uit, maar regeer nie die gemeente nie. Die Kongregasionalisme grond dié beginsel nie op die natuurreg nie, maar op die goddelike gesag van die gemeente (Meulink & De Wolff 1967:9).

2.2.5. Die Gereformeerde of Presbiteriaal-sinodale stelsel

Die basiese kenmerk van die presbiteriale kerkregering is nie die presbiter nie, maar die plaaslike kerk en die Kerkraad (Spoelstra 1989:17). Vir die Gereformeerdes kom die formasie van die plaaslike kerk nie deur die ampte soos by die episkopale stelsel nie, maar deur die gelowiges. By dié stelsel word onderskei tussen die besondere amp (ampsdraers) en die amp van die gelowige (Jansen 1914:75). Die kerk en staat word in die stelsel beskou as twee afsonderlike publiek-regtelike terreine elk met sy eie bestuur en regte (Jansen 1913:6). Daar is dus 'n skeiding tussen die owerheid gesag en die kerklike gesag. Die Kerkraad bestuur die plaaslike kerk. Die stelsel begin, anders as by die episkopale stelsel, by die gemeente. Die gesag lê volgens Jansen (1947:4) nie in



die lidmate nie. Dit is gesetel in die Kerkraad. Enkele naburige gemeentes vorm gesamentlik 'n *classis*. Die *classis* is die skarnier waar die organisasie van die landelike gemeenskap draai. In die *classis* ontmoet die gemeente die hele kerkgemeenskap en die hele kerkgemeenskap die gemeente. Die *classicale* vergaderinge word gevorm deur afgevaardigdes van die verskillende Kerkrade. Uit die *classicale* vergaderinge word weer afgevaardigdes gekies vir die *partikuliere* sinode (of die provinsiale kerkvergadering). Dat die plaaslike kerke selfstandigheid besit, beteken nie dat die plaaslike kerk heeltemal hul eie gang kan gaan nie. Sake aangaande die leer, orde en tug van die kerke wat op die onderlinge gemeenskap tussen kerke betrekking het, moet aan die meerdere vergaderinge voorgelê word. Calvin het saam met ses lede van die Klein Raad van Genève gewerk om 'n kerkorde genaamd die *Ordannances Ecclésiastiques* (1541) opgestel. Die beginsels van die Calvinistiese presbiteriale kerkorde is hierin saamgevat. Die *Ordannances Ecclésiastiques* word in drie hoofdele verdeel. enersyds handel dit oor die vier ampte, naamlik die predikante, hulle opdrag en hulle dienswerk, die doktore of hoogleraars, die ouderlinge en die diakens, die sakramente en die opsig en tug (Pont 1981:21). Die Gereformeerdes breek so absoluut en prinsipieel moontlik met die Roomse idee van 'n hiërargiese wêreldkerk (Biesterveld & Kuyper 1905:9). Die kerk is die liggaam van Christus. Die grondgedagte by die presbiteriaal-sinodale stelsel is volgens Van Drimmelen (2007:42) dat Christus sy Kerk regeer as die Here van die gemeente en dat Hy dit doen deur sy Woord en Gees. Die wese van die kerk is dus onsigbaar en geestelik. Die plaaslike kerk word bestuur deur die Kerkraad, wat die enigste besturende mag in die kerk is. Die Gereformeerdes ken nie 'n *classicale*, provinsiale en/of 'n sinodale “kerkbestuur” nie. Die bevoegdheid van die meerdere vergaderinge is geringer as dié van die Kerkraad.

Volgens Van Drimmelen (2007:41) is die presbiteriaal-sinodale stelsel anti-hiërargies en anti-episkopaal en tegelykertyd anti-independentisties en anti-kongregasionalisties.

2.3. Van Afscheiding tot Doleansie (1834 -1926)

In die afdeling sal die volgende temas onder bespreking gebring word: Afscheiding van 1834 en die kerkreg van die Afscheiding (paragraaf 2.3.1.), Ontwikkeling en implementering van die Doleansiekerkreg (1883 -1893 asook 1993 -1926) (paragraaf 2.3.2) en ten slotte die Afgeleide Doleansiekerkreg (1892 en 1926) (paragraaf 2.3.3). In die loop van die negentiende eeu het twee skeuringe in die Nederlandse Hervormde Kerk plaasgevind naamlik in 1834 (die Afscheiding) en in 1886 (die Doleansie).

2.3.1. Afscheiding van 1834 en die kerkreg van die Afscheiding

Koning Willem I het hom beywer vir die eenheid van sy koninkryk, asook vir die Gereformeerde Kerk in Nederland. Hy het gevolglik een kerkorde, te wete die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederlandsche Hervormde Kerk in het Koninkrijk (1816)*, daargestel wat vir sy gehele koninkryk geldig sou wees. Daarmee was die praktyk waarby byna elke provinsie 'n eie kerkorde gehad het, beëindig. 'n Staatsamptenaar, J D Janssen, was die belangrike argitek van die nuwe kerklike organisasie wat vanaf 1816 geldig was (Van den Broeke 2005:519). Op 4 Maart 1816 het die *classis* van Amsterdam geprotesteer teen die wyse van die invoering asook die inhoud van die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederlandsche Hervormde Kerk in het Koninkrijk (1816)*. Die *classis* was onder andere bevrees dat die *Algemeen Reglement (1816)* tot verdeeldheid en skeuring aanleiding sou gee (Van den Broeke 2005:208). Op 1 April 1816 het die *Algemeen Reglement (1816)* vir die bestuur van die Nederlandse Hervormde Kerk in die Koninkryk van Nederland van krag geword en het daar 'n landelike genootskap met een bestuurstelsel van krag gekom (Deddens

1986:60). Die Gereformeerde Kerk in Nederland sou voortaan bekend staan as die Hervormde Kerk. Die presbiteriale sinodale stelsel was met die *Algemeen Reglement* (1816) die rug toegekeer en in die plek daarvan was 'n hiërargiese kerkregeringstelsel geplaas. Die Kerkraad van die Hervormde Kerk het volgens Kaajan (1935:21) sedert 1816 slegs 'n beperkte regeermag gehad: “Hij is namelijk onbevoegd beslissingen te nemen ten aanzien van bezwaren tegen dienstdoende, emeriti of eervol ontslagen predikanten, ouderlingen, diakenen en lede van die kerkelijke bestuur als zoodanig. Over dezer moeten de hoogere besturen tucht oefenen.”

Die bestuur van die Hervormd Kerkgenootskap is hiërargies van aard. Byvoorbeeld in die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederlandsche Hervormde Kerk in het Koninkrijk* (1816) word in afdeling 3 (artikels 16-30) die mag en bevoegdhe van die Sinode beskryf, in afdeling 4 (artikels 31-48) dié van die Provinsiale Kerkbestuur, in afdeling 4 (artikel 49-67) dié van die *Classicale* vergadering en in afdeling 6 (artikel 68-83) dié van die Ring, en in die sewende afdeling en in artikel 84-93 dié van die plaaslike gemeente (Hooijer 1846:24-41).

Die hoogste kerklike bestuur word in die *Algemeen Reglement* (1816) aan die Sinode opgedra (art 16). Die Koning was egter die hoogste gesagdraer in die kerk (Van den Heuvel 1991:32). Alle wysiginge van die *Algemeen Reglement* (1816) (art 42) was onderworpe aan die approbasie van die koning. Die koning was beskou as die Oppervoog van die kerklike goedere. Aan die bevel van 'n hoër bestuur moes 'n laer bestuur altyd gehoorsaam wees. Van afvaardiging en geloofsbriewe vanuit die Kerkrade is daar in die *Algemeen Reglement* (1816) geen sprake nie (Deddens 1986:60). Die drie Formuliere van Eenheid en daarmee verbandhoudende ondertekeningsformulier word nie in die *Algemeen Reglement* (1816) vermeld nie (Deddens 1986:61). Van predikante sou voortaan verwag word om 'n formulier te teken waaruit

dit nie duidelik sou blyk of hul aan die drie Formuliere van Enigheid (Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls) verbonde is nie. Ten gevolge van die *Algemeen Reglement* (1816) het daar in die tydperk leervryheid geheers. Van kerklike tug was daar feitlik geen sprake nie.

Die Gereformeerde Kerk in Nederland is met die daarstelling van die *Algemeen Reglement* (1816) onder staatsbeheer geplaas. Sodoende is die beheer oor kerklike aktiwiteite van die plaaslike kerk verwyder: “De Gereformeerde Kerken waren in 1816 één Genootschap geworden, dat van boven naar beneden bestuurd werd. De Kerk werd niet beschouwd als het lichaam van Christus, schrijft Dr PJ Kromsigt, maar blykbaar geheel als een gewone vereeniging of genootschap” (Kaajan 1935:18).

Weerstand teen die *Algemeen Reglement* (1816) en gepaardgaande hiërargiese kerkregeringstelsel het spoedig ontwikkel. Die jare twintig was volgens (Holtrop 1984:63-64) gekenmerk met ’n groeiende verset teen die nuwe teologiese insigte asook leervryheid. Daar was ernstig veral binne die *conventikels* (as bewaarplekke van die oud Gereformeerde waarhede) nagedink oor die afskeiding van die kerk (Holtrop 1984:63-65). Behalwe die *conventikels* het die opvattinge van baron Corn Van Zuylen van Nijevelt, een van die lede van die *conventikels*, naamlik ds Hendrik de Cock beïnvloed (Holtrop 1984:64-69). Alhoewel talryke predikante, gemeentelede en kerkraadslede ’n groot rol vertolk in die Afscheiding word vir die doeleindes van die dissertasie slegs gekonsentreer op di Hendrik de Cock, (1801-1842) en Hendrik Peter Scholte (1805-1868).



Hendrik de Cock, Nederlandse Hervormde predikant te Ulrum, het gedurende 1833 'n kampvegter vir die Gereformeerde ortodoksie geword. Onder die invloed van Calvyn se leerstellinge in sy *Institusie*, vrome gemeentelede asook omgang met verteenwoordigers van die *conventikels*, het De Cock tot die konklusie gekom dat die Hervormde Kerk 'n valse kerk was: "In Ulrum voltrok zich echter een verandering in het geestelike leven van De Cock onder invloed van de omgang met vertegenwoordigers uit het conventikels. Diep onder de indruk raakte hij van intense aandacht voor Gods vrijmacht in verkiezing en verwerping en hun beleving van 's mensen onmacht en lijdelijkheid in het proces der zaliging" (Holtrop 1984:67). De Cock het onder andere vir Van Zuylen van Nijevelt⁴ as sy geestelike vader en Van Zuylen van Nijevelt se geskrif *De Hervormde Leer* as sy belydenis beskou (Holtrop 1984:68). De Cock het gaandeweg bewus geraak van sy roeping as hervormer van die kerk (Holtrop 1984:70). Hy het onder andere in 1833 'n heruitgawe van die *Besluiten van de Dortdtse Synode* asook die *Kort Begrip* uitgegee (Holtrop 1984:71). Hierdie publikasies asook sy prediking en kategese het spoedig aandag getrek. De Cock het veral ondersteuning van die lede van die *conventikels* ontvang:

Het zijn veelal de conventikel mensen geweest die in De Cock hun kampioen zagen. Hun afkeer van de kerk – om de verzaking van de leer – en van de predikanten – om hun tekort aan zielzorg en bevindelijke prediking – vond bij hem gehoor publiekelijk legde De Cock getuigenis af van zijn verbondenheid met de gelovigen uit het conventikel.

(Holtrop 1984:71)

De Cock se prediking gedurende die jare 1829-1833 asook die feit dat hy gedurende September 1833 dopelinge van buite sy eie gemeente gedoop het en kategese aan kinders wat aan ander gemeentes as aan Ulrum behoort het, gegee het, het daartoe

⁴Van Zuylen van Nijevelt het onder ander klem gelê op 'n streng-logiese predestinasieleer, die absolute oormag van God en die volstrekte onmag van die mens.

gelei dat die *Classicaal* Bestuur Middelstum op 19 Desember 1833 besluit het om hom te skors (Holtrop 1984:72). Op 1 April 1834 het die provinsiale kerkbestuur vir De Cock vir twee jaar met verlies van traktement geskors:

Het Klassikaal Bestuur Middelstum schorste hem op 19 december 1833 onder meer omdat hij in zijn *Verdediging van de ware Gereformeerde leer* twee van zijn collega's, J Meyer Brouwer van Uithuizen en G Benthem Reddingius van Assen, betiteld had als twee wolven die de schaapskooi van Christus hadden aangetast, omdat zij openlijk hun moeite lieten blijken met het feit dat De Cock zonder overleg kinderen doopte en catechisatie gaf aan kinderen die tot andere gemeenten dan die van Ulrum behoorden.

(Van den Broeke 2005:209)

Die Provinsiale Kerkbestuur Groningen het uiteindelik vir De Cock op 29 Mei 1834 afgesit weens 'n nuwe klag wat betrekking gehad het op De Cock se medewerking aan 'n pamflet teen die gebruik van evangeliese gesange in die Hervormde Kerk (Holtrop 1984:72). Die Algemene Sinode het op 16 Julie 1834 die vonnis van die Provinsiale Kerkbestuur Groningen bekragtig. De Cock het 'n verootmoedigingstydperk van ses maande gekry. Op Maandag 13 Oktober 1834 het die Kerkraad van die Hervormde Gemeente te Ulrum 'n *Akte van Afskeiding of Wederkeering* afgekondig en onderteken. 'n Dag later het 'n groot deel van die Hervormde kerk te Ulrum in Groningen hul hierin gevolg, aangesien hul van mening was dat die Nederlandsche Hervormde Kerk 'n valse kerk volgens die Woord van God en art 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is (Keizer 1934:133-134 en Holtrop 1984:62). De Cock en die groep beswaardes het hulle op dié datum as onafhanklik van die staatskerk verklaar. Volgens Van't Spijker het met die uitreiking van die *Akte van Afskeiding of Wederkeering* het 'n terugkeer vir die afgeskeidenes na die Dordtse Kerkorde (DKO) plaasgevind: "... onze openbare godsdienstoefeningen te richten naar de aloude kerklijke liturgie en ten opzichte der kerkdienst en bestuur, ons voor het tegenwoordige te houden aan de kerkenordening, opgesteld door de voorgenoemde Dordrechtse

synode....” (Van’t Spijker 1992:130). Ds Hendrik Peter Scholte (1805-1868), een van die ander leiers van die Afscheiding, wat anders as De Cock veral deur die Réveil beïnvloed was, het gedurende die eerste week in Oktober 1834 na Groningen gegaan om persoonlik op hoogte te kom van die situasie met die “verdruchte broeder in Ulrum” soos hy dit volgens Holtrop (1984:76) self later sou beskryf. Die Kerkraad het ds Scholte versoek om te preek, maar die konsulent, ds N Smith van Leens het toestemming geweier. Scholte het wel die Vrydagaand gepreek en het selfs tydens die diens die doop bedien. Die Sondag het Scholte, nadat die erediens onder leiding van ds Smith van Leens, wat geweier het dat Scholte die kansel bestyg, redelik chaoties geëindig het, ’n opelugdiens agter die pastorie van De Cock gelei (Holtrop 1984:77-79). Weens sy betrokkenheid as “een zederlijke brandstichter” by die afskeiding van Ulrum het die *Classikale* Bestuur van Heusden drie weke later vir Scholte as leraar van Doeveren geskors (Holtrop 1984:83). Op 1 November 1834, dit wil sê in dieselfde week waarin die skorsingsbevel van Scholte geval het, het die Kerkraad van Ulrum ’n akte van afskeiding opgestel en het hul die kerkbesture en die koning daarvan kennis gegee. Hulle het in die akte aangedui dat hulle terug wil keer tot die leer, kerkorde en liturgie van die Hervormde Kerk soos vasgestel te Dordrecht 1618/1619 (Holtrop 1984:84). Die Afscheiding het daarna snel uitgebrei. Teen die einde 1835 het 71 gemeentes hul afgeskei van die Nederlandse Hervormde Kerk (Holtrop 1984:86).

Die afgeskeides het reeds van die begin gepoog om met mekaar in verband te tree. Reeds gedurende April 1835 het die eerste byeenkoms van afgevaardigdes vanuit 15 afgeskeide gemeentes te Groningen plaasgevind (Holtrop 1984:95). Die eerste Sinode van die afgeskeide gemeentes het te Amsterdam op 2 Maart 1836 tot 12 Maart 1836

plaasgevind. Ds H P Scholte was as voorsitter gekies en ds H de Cock as scriba (*Acta Gemeente Jesu Christi* 1836:25). Op die Sinode was 'n adres vir die koning asook breë lyne met betrekking tot die kerkverband vir die afgeskeides opgestel. Alle aanwesiges op die Sinode het as volg verklaar: “Dat wij van harte gevoelen en gelooven, dat al de artikelen en stukken der leer, begrepen in de Belijdenis des Geloofs, den Catechismus en de Leerregels der Synode van Dordrecht, gehoudend in 1618 en 1619, in alles met Gods Woord overeenkom” (*Acta Gemeente Jesu Christi* 1836:25 en Holtrop 1984:96).

Die gebrek kerkregtelike studie in die jare wat die Afscheiding voorafgegaan het, het daartoe gelei dat daar geen homogeniteit in die aanvangsjare met betrekking tot kerkordelike reëlins by die Afgeskeides sigbaar is nie. Dit maak dit dus moeilik om van die Kerkreg van die Afscheiding te praat. De Cock en Scholte het spoedig 'n verskil in hul kerkbeskouing getoon (Deddens 1986:63). Vir De Cock het die Afscheiding 'n terugkeer tot die historiese erfgoed van die Gereformeerde kerke beteken. Die afgeskeide gemeentes het dus vir De Cock die voortsetting van die historiese Gereformeerde kerk, met die Formuliere van Enigheid, liturgiese formuliere en kerkorde soos vasgestel deur die Dordtse Sinode van 1618/1619 gevorm (Deddens 1986:63). Vir Scholte, daarteenoor, het dit nie minder as by De Cock om die historiese Gereformeerde kerk gegaan nie. Hy het egter veel meer klem gelê om die gemeentes wat bevry was van die hiërargiese bestuursdruk alleen aan Christus en Sy Woord gebonde te kry. Scholte het hom veral vir 'n kerkorde beywer wat in gees van die belydenis 'n weergawe aan die inhoud van die Skrif gebied het – naamlik 'n Nuwe Testamentiese kerkinrigting. In

beginsel stel hy die kerkorde van 1837 voor. Scholte het die DKO bestry daarin dat dit in veel opsigte nie skriftuurlik was nie (Deddens 1986:64).

Die Afscheides het in sinodale verband vir die eerste keer in 1836 te Amsterdam byeengekom. Reeds op die Sinode Amsterdam (1836) was daar verskil in interpretasies wat die terugkeer na “de kerkenordering, opgesteld door de voorgenoemde Dordrechtse synode” tog wel sou beteken (*Acta Gemeente Jesu Christi* 1836:31-34). Die Sinode het besluit om op die volgende Algemene Sinode die kwessie van die “regelmaat van de Dordrechtse” te behandel (*Acta Gemeente Jesu Christi* 1836:33). Ds H P Scholte⁵ het egter na die Sinode van Amsterdam (1836) ’n eie kerkorde opgestel. Die volledige titel van die kerkorde was: *Kerkeördening van de Gemeente Jesu Christi, welke zich heeft afgescheiden van het in 1816 opgerigte Nederlandsch Hervormd Kerkgenootschap in de provinciën Zuid-Holland, Utrecht, een gedeelte van Noord-Brabant en Gelderland, na voorafgaande onderzoek door de opzieners dier Gemeente vastgesteld op de provinciale synoden, welke gehouden zijn in Julij en Augustus 1837* (Van den Broeke 2005:210).

Op die Sinode van Utrecht 1837 was ’n voorstel van ds G F Gezelle Meerburg goedgekeur om die Dordtse Kerkorde (=DKO) van 1619 artikel vir artikel te hersien en indien nodig te wysig om sodoende aan te pas by die situasie van die negentiende eeu. Die naam van die Kerkorde van die Sinode van Utrecht (1837) is: *Deze Kerkeördening ten dienste van de gemeente Jesu Christi in Nederland*. Dié kerkorde stem essensieel ooreen met die kerkorde van die Sinode van Dordrecht 1618/1619. Op

⁵ H P Scholte (1805-1868), predikant te Doeveren, Gansoyen en Genderen 1833, Genderen 1834, Utrecht 1837, gaan oor na die Dutch Reformed Church in die Verenigde State Pella 1847.

dié Sinode van Utrecht (1837) was agt artikels van die DKO totaal geskraap te wete artikels 6, 20, 26, 40, 42, 51, 52 en 65. Twee-en-veertig van die 85 artikels van die DKO het ingrypende redaksionele wysigings ondergaan byvoorbeeld in artikel 2 was die aantal dienste verminder na drie deur die skraping van die amp as doktore (Nauta 1971:27).

Uit die Acta van die Sinode van Utrecht 1937 blyk dit dat beswaar gemaak is teen die klakkelose oornome van die *Kerkenordening gesteld in de Nationale Synode de Gereformeerde Kerken binnen Dordrecht in de jare 1618 en 1619 (=DKO)*. Die vraag rondom die kerkorde het tot groot geskille en selfs later tot kerkskeuring gelei (Holtrop 1984:96). Die Sinode kon byvoorbeeld nie eenstemmigheid bereik of oefenaars bo en behalwe geordende herders en leraars ook in die gemeente mag spreek nie (*Acta van die Sinode van Utrecht 1837: art 34 asook art 52*). Die saak was gevolglik na die eers volgende Sinode verwys (Holtrop 1984:97). Vir 'n deel van die Afgescheides was die sogenaamde Utrechtse Kerkorde van 1837 onaanvaarbaar. Op 28 Junie 1838 was in Zwolle 'n vergadering gehou deur die opsieners van die Afgescheide kerke van Deventer, Hasselt, Hattem, Kampen, Linschoten, Mastenbroek, Rouveen, Woerden, Zalk en Zwolle besluit om die Dordtse Kerkorde van 1619 te herdruk. Dit het in 1838 verskyn met die titel: *Kerkordening ten dienste van de Christelijke Gerefomeerde Gemeente in Nederland in orde gebragt door de leden der Nationale Synode te Dordrecht in de jaren 1618* (Van den Broeke 2005:210). Teen 1840 was die goedgekeurde kerkorde van die Sinode van Utrecht (1837) in slegs enkele provinsies ingevoer. Op die derde Sinode te Amsterdam (1840) was besluit om die Utrechtse kerkorde terug te trek en word op aandrang van ds Hendrik de Cock teruggekeer na die

DKO met uitsondering waar die mag aan die owerheid toegelaat word: “als eenige regel in de regeering der Gereformeerde Kerk in Nederland minus patronaatsrecht en macht der overheid in kerkelijke zaken” (Deddens 1986:63).

Die Sinode van Amsterdam (1840) het die Dordtse Kerkorde van 1619 (=DKO) as geldig verklaar met verwerping van die patronaatsreg. Die Sinode het ook alle kerkordes wat na die Afscheiding ontwikkel was ter syde gestel (Van den Broeke 2005:213). Die Afscheides wou terug na Dordt en het die DKO ingevoer, maar aangesien die DKO nie meer sonder meer toegepas kon word in die negentiende eeu nie, het die Afscheides gepoog om die DKO op enkele punte te wysig. Op die vierde Sinode te Amsterdam (1843) was daar reeds by die konstituering verdeeldheid of die Sinode onder die vaandel van die DKO kon vergadering. Nadat die afgevaardigdes van Overijssel, Gelderland, Utrecht, Noord-Brabant, Zeeland en 'n deel van Zuid-Holland vertrek het, het die res van die afgevaardigdes as Sinode gekonstitueer.

Die Afscheiding het uiteindelik tot die vorming van twee denominasies, naamlik die Christeljk Afscheidene Kerk en die Gereformeerde Kerk onder het Kruis (beter bekend as die Kruis Kerken gelei). Tydens die Sinode van Middelburg van 1869 het die Christeljk Afscheidene Kerk en die Gereformeerde Kerk onder het Kruis verenig om die Christeljke Gereformeerde Kerk in Nederland (=CGKN) te vorm (*Acta Christeljk Afscheidene Gereformeerde Kerk* 1869:10-29 en Van den Broeke 2005:215). Die *Christeljk Afscheidene Gereformeerde Kerk* het in 1869 bestaan uit 35 *classes*, 289 gemeentes, wat deur 199 predikante bedien was (Van Gelderen 1984:107). In 1869 het 107 123 siele aan die *Christeljk Afscheidene Gereformeerde Kerk* in Nederland



(CGKN) behoort. Op die Sinode van Middelburg 1869 was 'n reglement met ses artikels aanvaar (Van Gelderen 1984:100). Dit staan bekend as die *Reglement van 1869*. Die Drie Formuliere van Enigheid was in die *Reglement van 1869* as uitdrukking van die geloof erken; in die openbare godsdiensoefening was vasgestelde formulier van die Sinode van Dordrecht 1618-1619 gebruik; in die bestuur was in sover omstandighede dit toelaat die DKO gevolg (art 1); alleen die vrywillige toetredende en die kinders wat deur die doop in die kerkgemeenskap ingelyf was, was as lede van die kerk erken (art 2); die bestuur oor 'n gemeente, *classis*, provinsie asook die hele kerk was gereël deur die Kerkorde (art 3); die Algemene Sinode sou elke drie jaar plaasvind (art 4); 'n Sinodale Kommissie sou alles uitvoer wat die Sinode aan haar opdra asook korrespondensie met die owerheid (art 5); 'n gemeente sou voortaan by die Sinodale Kommissie aanmeld om erken te word en nie by die regering nie (art 6). Die *Reglement van 1869* het gedurende die vereniging met die Dolerendes (1886-1892) kritiek van Kuyper, Rutgers en De Savornin Lohman ontvang (Van Gelderen 1984:115).

2.3.2 Ontwikkeling en implementering van die Doleansiekerkreg (1883 -1893 asook 1893 -1926)

Die Doleansie was uiteraard 'n stryd teen sindikasie. In die afdeling sal die ontwikkeling en implementering van die Doleansiekerkreg⁶ in twee fases behandel word naamlik die ontwikkeling in 1883-1893 asook die Afgeleide Doleansie Kerkreg (1892 en 1926) (paragraaf 2.3.3). In 1883-1893 het A Kuyper,⁷ F L Rutgers,⁸ A F de Savornin

⁶Sien ook: *De kerken van de Doleansie* deur Deddens in & Van't Spijker, W & Van Drimmelen, L C 1992 (red) *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*. 134-136. Kampen : Kok), *De Gereformeerde Kerken in Nederland: een bond van kerken, geen kerk*, in Deddens, D & Te Velde, M (red) 1992, *Vereniging in wederkeer. Opstellen over de Vereniging van 1892*, 45-86 Barneveld:TU. Barneveld: TU; *Het Doleantiekkerkrecht en de Afgescheidenen*, in Deddens, D & Kamphuis, J (red) 1986. *Doleantie-Wederkeer. Opstellen over de Doleantie*, 64-65 Haarlem TU.

⁷ Abraham Kuyper (1837-1920) was as die derde kind en eerste seun van Jan Fredrik Kuyper, 'n predikant van die Nederlandse Hervormde Kerk, en Henriette Huber op 29 Oktober 1837 in Maassluis, Nederland gebore. A Kuyper het 1858 aan die Universiteit



Lohman,⁹ asook ds E César Segers, lid van die Algemene Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk en dr H G Kleyn in die diskoers deelgeneem.

2.3.2.1 Ontwikkeling en implementering van Doleansiekerkreg (1883-1893)

Alhoewel die Doleansiebeweging van 1886 haar bakermat in Amsterdam het (Van den Berg 1986:76), dui W Bakker (1986:106-124) aan dat Amsterdam nie die eerste dolerende gemeente was nie. Die Doleansie het in Kootwijk, Voorthuizen, Rietsum en Liederdorp begin.

Die periode tussen 1870 en 1886 was gekenmerk deur groot verandering op maatskaplike en kerklike gebied. Ook in die Nederlandse Hervormde kerk het verset teen die Modernisme ontwikkel. Dr A Kuiper, F L Rutgers en A F de Savornin Lohman word beskou as die hoofeksponente van die Doleansie in Amsterdam. Vir die doeleindes van die dissertasie sal dus hoofsaaklik op hul kerkregtelike bydraes gekonsentreer word.

van Leiden gegraduateer en was gedurende sy studiejare in Leiden hoofsaaklik deur modernisme beïnvloed. Gedurende sy studiejare het hy die geskrifte van 'n Poolse hervormer genaamd John à Lasco bestudeer. In September 1862 het Abraham Kuiper promoveer. Die titel van sy dissertasie is: "Disquisitio historico-theologica, exhibens Johannis Calvini et Johannis à Lasco de Ecclesia Sententiarum inter se compositionem" Hierdie teologies-historiese dissertasie toon die verskille in die standpuntname met betrekking tot kerkregering tussen Johannes Calvyn en Johannes Lasco aan. Kuiper is 'n aanhanger van die meer liberale Lasco. Dr A Kuiper is op 9 Augustus 1863 as predikant te Beesd in die Beluwet bevestig. In dieselfde jaar het hy in die huwelik getree met Johanna Hendrika Schaay (1842-1899). Gedurende sy eerste jare as predikant te Beesd het hy tot ortodokse Calvinisme bekeer. Hy het 1870 predikant van Amsterdam geword, maar het gedurende 1874 as predikant van die Gereformeerde Kerk bedank aangesien hy tot lid van die parlement gekies was. Gedurende 1901 tot 1905 was hy Eerste Minister van Nederland. Hy sterf 8 November 1920. Hy was onder andere redakteur van *De Heraut* (1869), redakteur van *De Standaard* (1872) en een van die stigterlede van die Vrije Universiteit van Amsterdam (1880).

⁸ Dr F L Rutgers (1836-1917), predikant te Soesterberg 1860, Eibergen 1865, Brummen 1867, Vlissingen 1874, 's-Hertogenbosch 1877, Amsterdam 1878-1879, hoogleraar Kerkgeskiedenis, Kerkreg en Eksegese van die Ou Testament aan die Vrije Universiteit te Amsterdam van 1879-1910 (Van den Broeke 2004:207 en Van Staalduine 2004:23. voetnota 12).

⁹ A F de Savornin Lohman (1837-1924) regter te Appingedam 1862, regter te 's-Hertogenbosch 1866, raadslid te 's-Hertogenbosch 1872, lid van die Tweede Kamer van 1879-1890 en van 1894-1921, hoogleraar Regte aan die Vrije Universiteit te Amsterdam 1884, minister van Binnelandse Sake 1890, 1896 ontslaan as hoogleraar 1896, De Savornin Lohman was ouderling van de Waalse Gemeente te 's-Hertogenbosch. Later word hy lid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van 's-Hertogenbosch. Hy was 'n medewerker van *De Heraut* (Van den Broeke 2004:221- 222 en Van Staalduine 2004:23 voetnota 11).



A Kuyper (1837-1920)¹⁰ is einde 1879 as hoogleraar van die Vrije Universiteit te Amsterdam benoem en het na Amsterdam verhuis. Hy is op 13 Februarie 1882 as ouderling van die Hervormde Kerk in Amsterdam¹¹ benoem en is op 20 Maart 1882 in die amp bevestig. Om sy aanhang te verbeter, het Kuyper reeds in Oktober 1872 die Gereformeerde kerkraadslede in 'n organisasie genaamd *Beraad* georganiseer. Daarmee was 'n organisatoriese skeidslyn deur die ortodoksie in die Kerkraad getrek. Die lede van die *Beraad* moes 'n ondertekeningsformule tot geheimhouding teken (Bakker (red) 1986:87). 'n Maand na Kuyper se koms was die opvolger van *Beraad* opgerig, naamlik die *Broederkring*. Die voorwaarde vir toetrede tot die *Broederkring* was die ondertekening van die drie Formuliere van Enigheid (Van den Berg 1986:94). Vanaf die daarstelling van die *Broederkring* het die lede van dié organisasie die kerkraadsvergaderinge oorheers. In die *Broederkring* het Kuyper lesings aangebied wat in 1883 onder die titel *Tractaat van de reformatie der Kerken door de zonen der reformatie hier te lande op Luther's vierde eeuwfeest aangeboden verskyn* het.

Reeds in 1882 het F L Rutgers, kerkhistorikus van die Vrije Universiteit, as sy eerste rektorale rede gekies: *Het kerkverband der Nederlandsche Gereformeerde Kerken, gelijk dat gekend wordt uit de handelingen van den Amsterdamschen Kerkeraad in den aanvang der eeuw*. Rutgers het onder andere in sy rede gewys op die gewigtige rol wat die kerk van Amsterdam tydens die Remonstrante en contra-Remonstrante twiste as gemeente vervul het deur voor te gaan en te lei (Van den Berg 1986:95-96). Op 11

¹⁰ Kuyper se lesings met betrekking tot dogmatiek was gepubliseer onder die titel *Dictaten Dogmatiek (Dictated Dogmatics)*. Hy het 'n verklaring van die Heidelbergse Kategismus gedoen, *E Voto Dordraceno (According to the Will of Dordt)*. Gedurende 1869 het Abraham Kuyper mederedakteur van die weekblad, *De Heraut*, geword en gedurende 1871 aanvaar hy die redakteurspos. Gedurende 1872 het hy redakteur van *De Standaard*, 'n daaglikse Christelike nuusblad, geword. In beide *De Heraut* en *De Standaard* het etlike artikels uit sy pen verskyn, wat later selfs in boekvorm sou verskyn.

April 1883 het F L Rutgers en A F de Savornin Lohman op die algemene vergadering van die “*Vrienden der Waarheid*” uiteengesit dat die grondslag van die kerkverband in die vrywillige toetrede van die kerke lê en dat die genootskaplike band wat in 1816 aan die kerke opgelê was, nie bindend was nie (Van den Berg 1986:95-96). Aan die slot van die referaat het De Savornin Lohman enkele wenke gegee hoe die verbreking met die band van die Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk kon geskied.

Die *Algemeen Reglement (1816)* het ’n lossere binding met die belydenis tot gevolg gehad. Dit het byvoorbeeld duidelik geblyk uit die nuwe proponentsbelofte soos verwoord in art 38 van die *Reglement op het examen en de toelating op het leraarambt in de Hervormde Kerk* (Van den Broeke 2005:208). In 1882 het die Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk die proponentsformule, wat kandidate by hul toelating tot die evangelie bediening moes aflê en onderteken, gewysig (Van den Berg 1986:96). Die verwysing na die Formuliere van Enigheid asook die verwysing na die Bybel in die proponentsformule is onder andere geskrap. Voortaan moes kandidate by hul toelating tot evangeliedienaars slegs belowe om “de belangen van het Godsrijk en van de Nederlandse Hervormde Kerk te behartigen” (Van den Berg 1986:96). Kuyper het die saak met betrekking tot die gewysigde proponentsformule op ’n kerkraadsvergadering van die Nederlandse Hervormde Kerk in Amsterdam op Saterdag 24 Februarie 1883 aan die orde gestel. Op die vergadering is voorgestel dat ouderlinge en predikante die Formuliere van Enigheid moes onderteken: “Dat de ouderlinge dezer kerke zaam met de predikanten, door onderteekening van de drie Formuliere, wilden doen blyken van hun onverdeelde en hartelike instemming met de Belijdenisschriften onzer Kerke” (Bouma

¹¹ Reeds in 1870 het Amsterdam Hervormde Kerk uit 130 000 siele bestaan, met 28 predikante en ’n Kerkraad van 150 lede (*Kerk*



1986:9). Alle broeders teenwoordig het met “ingenomenheid en opgewektheid” voldoen aan die voorstel (Bouma 1986:9). Die Kerkraad van die Hervormde Gemeente te Amsterdam het sodoende gepoog om die belydende karakter van die gemeente in stand te hou (Van den Broeke 2005:218). Die Kerkraad van Amsterdam het van die veronderstelling uitgegaan dat proponente en/of predikante verplig behoort te word om die *Formuliere van Enigheid* te onderteken.

Die gewysigde proponentformule van die Nederlandse Hervormde Kerk was ook onder bespreking op die *Conferentie van Gecommitteerde Kerkraadsleden* wat op 11 April 1883 te Amsterdam plaasgevind het en deur die kommissie van die Kerkraad van Amsterdam gereël was. 220 persone, ingeslote 70 predikante, wat op die presensielys ook die *Formuliere van Enigheid* onderteken het, het die konferensie bygewoon (Van den Berg 1986:96). So was volgens Van den Berg (1986:96) uit Amsterdam die hele land vir die Doleansie voorberei. Die konferensie het onder andere besluit dat niemand voortaan as predikant toegelaat sou word indien hy nie die gesag van die Woord van God as onfeilbaar verklaar en die *Formuliere van Enigheid* met hartlike toestemming onderteken het nie. Ook is die kerke van Christus verplig tot die instandhouding van ’n goed georganiseerde kerkverband deur middel van korrespondensie met al die kerke in die land wat dieselfde belydenis met haar deelagtig was (Deddens 1986:74). In die jare 1884 en 1885 was daar hier en daar pogings aangewend om weer *classicale* vergaderinge in die gees van die DKO aan die gang te kry (Deddens 1986:79).



Gedurende Maart 1885 het die Kerkraad van Amsterdam besluit dat attestate nie aan lidmate verskaf sou word, tensy die aanvraers 'n verklaring ten bewyse van hul ortodoksie onderteken het nie (Van den Berg 1986:98). 'n Saak was aanhangig gemaak by die kerklike besture van die Hervormde Kerk. Die Provinsiale Kerkbestuur het die Kerkraad van Amsterdam gelas om die attestate te gee. Die Algemene Sinodale Kommissie het die uitspraak van die Provinsiale kerkbestuur in November 1885 bevestig en het aan die Kerkraad opdrag gegee om binne ses weke, dit wil sê voor 8 Januarie 1886 die aangevraagde attestate te verskaf (Van den Berg 1986:99). In 'n Broederkringvergadering gehou op 2 Desember 1885 het Kuyper voorgestel dat die sogenaamde sinodale hiërargie geknak moes word (Van den Berg 1986:96).

Op 'n kerkraadsvergadering van die Kerkraad van Amsterdam, gehou op 7 tot 14 Desember 1885, het die *Kerklijke Commissie* 'n voorstel met betrekking tot die wysiging van die beheerreëlins aanvaar en het skriftelik aan die voorsitter, ds Van der Horst, van die *Classicale Bestuur* van Amsterdam kennis gegee van die besluit (Kuyper & Rutgers 1886:88-89). Volgens Van den Berg (1986:99) was dr F L Rutgers eintlik die outeur van die voorstel. Op 15 Desember 1885 het die *Classicale Bestuur* kennis aan die Kerkraad van Amsterdam gegee dat 'n afskrif van die kerkraadsbesluit van 14 Desember 1885, asook die name van diegene wat daarvoor gestem het, voor 1 Januarie 1885 aan die *Classicale Bestuur* versend moes word (Van den Berg 1986:100-101). Reeds op 30 Desember 1885 het die gemagtigde kommissie uit die *Classicale Bestuur* met Ds G J Vos, een van die medeleraars van Kuyper,¹² as lid van genoemde

¹² Dr G J Vos (1836-1912), predikant van die Hervormde Kerk te Oostermeer en Eestrum (1862), Spannum en Eden (1865), Goes (1869), Middelburg (1872), Amsterdam (1875). Hy het twee boeke, naamlik *Handboek tot Beoefening en Toepassing van het Kerkrecht; De Tegenwoordige inrichting der Vaderlandsche Kerk beschreven en naar de Beginselen der Gereformeerde*

kommissie, begin om tagtig skorsingsbriewe gereed te maak. Op 4 Januarie 1886 het die Classicale *Bestuur* vyf predikante en 42 ouderlinge (ingeslote Abraham Kuyper) asook 33 diakens van die Nederlandse Hervormde Kerk Amsterdam geskors:

Het Classicaal Bestuur, bovengenoemd, oordeelde dat besluiten zoo ergerlijk, dat het zich genoodzaakt voelde allen die voor de eindbeslissing gestemd hebben, hetzij Oudelingen, hetzij Diakene, volgens Art 48 van het laatst aangehaalde Reglement, in de waarneming van de kerkelijke bedieningen en ambten, die zij bekleed, een iegelijk in de zijne, zonder eenige uitzondering voorlopig te schorsen.

(Kuyper & Rutgers 1886:85-86)

Op 27 Februarie 1886 was 'n *Openbare schrijven aan de Algemeene Synode* deur die geskorste lede van die Kerkraad van Amsterdam aan die Algemene Sinode versend. By die skrywe word die volgende bylaes bygevoeg:¹³

- i. die *Contra-Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict* wat in opdrag van die geskorste lede van die kerkraad deur dr A Kuyper en F L Rutgers in gereedheid gebring is;¹⁴
- ii. *Confidentie. Schrijven aan den Heer J H van den Linden (1873)* deur dr A Kuyper;¹⁵
- iii. *Kort Verhaal van den Kerklijke Strijd te Amsterdam*;¹⁶
- iv. *Het dreigend conflict*;¹⁷

kerkordening beoordeeld (1884) en *Systematische uiteenzetting van het tegenwoordig Nederlandsch-Hervormd Kerkrecht* (1896). geskrywe waarin hy die Hervormde Kerk se kerkreg en kerkregering sistematies uiteengesit het. Vos (1896:8) stel dit duidelik dat die Hervormde Kerk nooit aan die wetgewende gesag van die Dordtse Sinode getwyfel het nie. Die Woord van God is volgens Vos (1896:8) die toetssteen vir die Hervormde kerkorde. Vir die kerklike gedrag is die Hervormde kerkorde vir soverre sy spreek die kanon, die reël vir die hele kerk en vir elke lid is Gods Woord die bron van die kerkreg. Die geformuleerde reg wat die kerk erken, is die reglemente van die kerk.

¹³ In die *Openbare schrijven aan de Algemeene Synode* in *Contra-Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict*, Kuyper & Rutgers (1886: 116).

¹⁴ In die *Contra-Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict* deur Kuyper & Rutgers (1886: 5-111) word in die eerste gedeelte die selfstandigheid van die plaaslike gemeente teenoor die sinodale organisasie beklemtoon: "Door de Gemeente is, buiten de Synodale organisatie om, en onder eigenaardige waarborgen, aan den Kerkeraad opgedragen: i) in haar naam het Beheer, in overleg met de Kerkelijke Commissie, nader te regelen; ii) in haar naam als college van tweede instantie recht te spreken; iii) in vereniging met de Kerkelijke Commissie, voor een geheel vrije, zelfstandige en onafhanklike positie van het beheer te waken" (1886:34).

¹⁵ In *Contra-Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict* deur Kuyper & Rutgers (1886: 68) verweer die geskorste kerkraad hul daarop dat die *Classicale Bestuur* die skrywe van Kuyper aan J H van den Linden (1873) wanaangewend het: "Zoo blijkt dus, dat de Classikale Memorie bij Dr Kuyper in 1873, planne onderstelde, die juist het tegendeel inhielden van wat hij bedoelde, en dat door het Classicaal bestuur, bij zijn beoordeeling van wat de Amsterdamsche Kerkeraad dreef, als commentaar is gerbezigd niet deze Confidentie, maar een geheel onwaarsagtige voorstelling, die men van Dr Kuypers bedoelen gevormd had" (1886:73) Die *Classikale Bestuur* stel dit in hul *Memorie* soos volg: "Wijl bekwamen alzoo den indruk, dat het te doen was om, met behoud van de Kerke goederen en titels der oude reglementaire Gemeente, eene kleine nieuwe Gemeente te formeeren, welke met andere Gemeenten in verband gebracht, de ware Gereformeerde Vaderlandsche Kerk, met de drie Formuliere van Enigheid tot basis, ou moeten uitmaken. Tot de bereiking van zulk een oogmerk scheen de Litmatekweestie voor de Gemeente van Amsterdam en andere Gemeenten te moeten dienen" (1886: 68).

¹⁶ *Contra-Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict* deur Kuyper & Rutgers (1886: 98).

¹⁷ Die *Classikale Bestuur* het beweer dat die Kerkraad van Amsterdam blykbaar (*scheen*) die Lidmaatskweestie wou misbruik om uiteindelik kerklike eendom vir 'n groep kerklede op te eis (in *Contra-Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict*, (Kuyper &



- v. *Het Conflict gekomen deur dr A Kuypers*;¹⁸
- vi. *Waar is het misdrijf der Geschorsten* deur A F de Savornin Lohman;¹⁹
- vii. *De Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken (1886)* deur De Savornin Lohman & Rutgers.

Op 1 Julie 1886 het die provinsiale bestuur van Noord-Holland besluit om die Kerkraad van Amsterdam Hervormde Kerk op 5 na uit hul “kerklijke bedieningen en ampten (te) ontzet wegens veroorzaakte verstoring van orde en rust” (Van den Berg 1986:103). Dié uitspraak was gedurende September 1886 deur die *sinodus contracta* en op 1 Desember 1886 deur die Algemene Sinode bevestig. Op 16 Desember 1886 het die afgesette Kerkraad verklaar dat hulle die wettige Kerkraad van Amsterdam is en het hul ’n kerkgenootskap met die naam Nederduitsche Gereformeerde Kerken (dolerende), wat op grondslag van die Dordtse Kerkverordening sou funksioneer, gevorm (Van den Berg 1986:103). Die toevoeging “Dolerende”, wat klaend beteken, het te make met die aansprake van die Kerkraad op kerk eiendom en regte (Van den Berg 1986:103). Op dieselfde datum het die Kerkraad van Amsterdam aan die gemeente bekend gemaak dat hulle, na kennisname van die sinodale beslissing van 1 Desember 1886 in die Amsterdam tugsak, besluit het om die juk van sinodale hiërargie af te gooi, die kerkorde wat voor 1816 in werking was weer in werking te stel, dientengevolge die vroeër naam van Nederduitsche Gereformeerde Kerken op te neem en dat die Kerkraad as *dolerende* Kerk sal optree: “Dat de Kerkraad, na de opgedane ervaring van de houding der machthebbenden, het niet geoorloofd acht voorlopig zijn recht op de gebouwen, besittingen en goederen der gemeente te doen gelden, en uit dien hoofde,

Rutgers 1886:73-75). Die kerkraad toon in hul verweer aan dat die geskil van attestate wat reeds 1872 begin het en die pogings om die sogenaamde Beheerreëlings gedurende 1885 te wysig, nie deur hul gebruik is om ’n kerkregtelike doel te bereik nie.

¹⁸ *Contra –Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict* deur Kuypers & Rutgers (1886: 98).

¹⁹ In *Contra –Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict* deur Kuypers & Rutgers (1886:79).



onder uitdrukkelike reserweering van alle regten, als *doleerende Kerk* optreed” (Kuyper 1886:3).

Die Kerkraad het terselfdertyd die *Bericht van Reformatie aan de lede van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk te Amsterdam*, opgestel deur drr A Kuyper, die wêreld ingestuur (Van den Berg 1986:103). Die *Bericht van Reformatie* het ’n verantwoording gegee vir die optrede van die Gereformeerdes en ’n oproep is daarin gedoen om die juk van hiërargie af te werp:

Het eerste wat te doen stond na afloop van het kerkelijk proces de afschaffing van de ‘Synodale opperheerschappij, die in 1816 op wereldshe wijze was ingevoerd’ en de terugkeer naar de Kerkorde, zoals de vaders in de eeuw der Hervorming ‘na afschudding van het juk der Pauselijke Hiërarchie... tot de goede zuivere Belijdenis des Evangelies en een op die Belijdenis gegronde Kerkorde zijn teruggekeerd.

(Van den Berg 1986:103)

Op 19 Desember 1886 het die Kerkraad van die Nederduitsche Gereformeerde kerk (dolerende) Amsterdam kennis gegee van ’n Gereformeerde Kerkelike Congres wat gehou sou word op 11 Januarie 1887 tot 14 Januarie 1887. Van elke deelnemer aan die kongres was verwag om ’n verklaring te onderteken dat hy die afwerping van die juk van die sinodale hiërargie as plig beskou het (Bakker 1986:125). 1500 persone het die Gereformeerde Kerkelike Congres, in die “Frascati” gebou te Amsterdam bygewoon. Referate is onder andere deur F L Rutgers, A F de Savornin Lohman en A Kuyper op die kongres gelewer (Deddens 1986:83). Na die Gereformeerde Kerkelike Congres is ’n Sinodale konvent op die 28^{ste} Junie 1887 tot die 1^{ste} Julie 1887 te Rotterdam gehou.

Op die sinodale konvent was die Reformasie van die kerke asook die terugkeer na die Kerklike verordeninge van 1618/1619 bespreek. Elke Kerkraad kon twee stemgeregtigdes, waarvan een 'n bedienaar van die Woord en die ander 'n ouderling kon wees, met 'n geloofsbrief na die *Synodaal Convent* te Rotterdam afvaardig. Op die *Synodaal Convent* was 67 kerke, 29 *classis*, onderskeidelik uit provinsies Gelderland, Zuid-Holland, Noord-Holland, Zeeland, Utrecht, Friesland, Overijssel, Groeningen, Noord-Brabant asook Drente verteenwoordig (*Acta van het Synodaal Convent* 1887:13-16). 40 predikante en 146 ouderlinge/diaken as stemgeregtigdes asook 7 regsgeleerdes ingeslote A F de Savornin Lohman en prof mr D P D Fabius het die sinodale konvent bygewoon (*Acta van het Synodaal Convent* 1887:20). Tot voorsitter was F L Rutgers gekies, terwyl dr A Kuyper as voorsitter van die kommissie van pre-advies, bestaande uit 8 predikante en 8 ouderlinge en/of regsgeleerdes benoem was (*Acta van het Synodaal Convent* 1887:13-16 asook Deddens 1986:86).

Op die *Synodaal Convent* was na breedvoerige diskussie, waarin veral Kuyper as voorsitter van die kommissie van pre-advies 'n leidende rol gespeel het, aanvaar dat die plaaslike kerk nie independentisties op haar eie kan bly staan nie, maar dat die kerke onderling met mekaar verbind moet wees: “De plaatselijk kerken zijn naar goddelijk recht gehouden en verbonden, om niet independentistisch op zich zelf te blijven staan, maar zich onderling te verbinden en saam te plaatsen onder het eenige zeggenschap van den Koning de Kerk” (*Acta van het Synodaal Convent* 1887:24). Die *Synodaal Convent* het besluit op die naam: 'Nederduitse Gereformeerde Kerken' met die toevoeging ('doleerende'): “Doleerende hierbij opgevat in den zin, dat alle onze Kerken, als klagende naar God over de verongelijking



zijner Kerken, doleerende zijn bij de Overheid, in zooverre deze een valsch kerkbestuur tegenover ons handhaaft, en zij toch, bij de gratie Gods regeerende, gehouden is aan Gods Kerken recht te doen” (Deddens 1986:87).

Na die Sinodale Konvent was vier Voorlopige Sinodes van Nederduitse Gereformeerde Kerken gehou, naamlik te Utrecht (1888/89), Leeuwarden (1890), 's-Gravenhage (1891) en Amsterdam (1892). Die Sinode van Leeuwarden (1890) het besluit om die kerkregering van die Gereformeerde Kerken in Nederland (=GKN) alleen op die DKO te bou. Op die Generale Sinode van die GKN (17 Junie 1892) het die hereniging met die kerke uit die Afscheiding plaasgevind (Deddens 1986:88). By die ontstaan van die GKN was die DKO as akkoord van kerklike gemeenskap aanvaar (Nauta 1971:33). By die afwerping van die juk van sinodale hiërargie het die Dolerendes terugkeer na die “aloude zuivere Evangelie gefundeerde kerkorde, die op de Synode in 1619 het laatst gewijzigd is, en sedert twee eeuwen ook bij de Kerk te Amsterdam gegolden had” (Deddens 1986:80). Eers op 15 Junie 1888 het die *Hoge Raad* uitspraak gelewer dat die Doleansiekerke geen reg op die eiendom van die Nederlandsche Hervormde Kerk gehad het nie. Die *Hoge Raad* het van die veronderstelling uitgegaan dat die GKN 'n eie organisasie is, hul van die Hervormde Kerk onttrek het, heeltetal buite die sinodale verband van die Hervormde Kerk gestaan het en lede van 'n ander kerkgenootskap was. Die teks soos aangehaal deur Bakker (1986c:145-146) lui soos volg:

Reeds vóór de dagvaarding in revisie waren leden van de Nederduitse Gereformeerde Kerk te Amsterdam (doleerende)...; dat die Kerk heeft eene eigene organisasie en geheel staat buiten het Synodaal verband der Nederduitse Hervormde Kerk, zoals dat bij art 4 van het Algemeen Reglement is omschreven; dat die Heeren dus, door – met de kennelijke bedoeling om zich geheel te onttrekken aan het voormelde bestuur van de Nederlandse Hervormde Kerk – leden te worden van een ander Kerkgenootschap dan wat waarvoor zij thans optreden, getoond hebben niet meer zijn leden van het laste, dus ook niet meer kunnen zijn lede der Commissie waarvoor zij thans optreden.



Die Dolerendes moes gevolglik die kerklike goedere prysgee aangesien hul in die oë van die burgerlike regter 'n afsonderlike nuwe kerkgenootskap daargestel het.

Die Algemene Sinode van die Christelike Gereformeerde Kerk,²⁰ en die Voorlopige Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerken, het in Amsterdam gedurende 1892 op grond van die gemeenskaplike belydenis van die *Formuliere van Enigheid* en die Gereformeerde verordeninge (wat 1619 laas bevestig was) verenig (Deddens 1992c:144). Die volkstelling van 1889 toon dat 181 000 Nederlanders hulself as tot die NGK gereken het, terwyl 189 000 tot die Christelike Gereformeerde kerk behoort het (Bakker 1986b:227). Hierdie “Gereformeerde verordeninge,” beter bekend as die Dordtse Kerkorde (DKO), ken geen landelike kerk nie, maar erken alleenlik die plaaslike kerk wat 'n band vorm deur middel van die belydenis en kerkorde. Etlike bepalinge van die kerkorde, soos vasgestel was te Dordrecht in 1619, kon in die gewysigde omstandighede van die 19^{de} eeu nie meer as geldend geag word nie. By die Vereniging van 1892 word alreeds wysigings van bepaalde woorde en sinsnedes in hakies aangedui. Op Sinode van Dordrecht 1893 is besluit om die woorde en sinsnedes wat tussen hakies gestaan het, te skrap (Deddens 1992a:47). Op die Sinode van Utrecht 1905 is die teks van die DKO weer eens aangepas om met die veranderde tydsomstandighede tred te hou.

2.3.2.2 Kerkregtelike bydraes deur eksponente

Voor tydens en na die Doleansie is 'n reeks konsepte deur dr A Kuyper en F L Rutgers ontwikkel wat bekend sou staan as die Doleansiekerkreg. Die Dolerendes,

²⁰ Met dié vereniging het nie alle Christelike Gereformeerdes mee gegaan nie.

onder leiding van Kuyper en Rutgers, herinterpreteer die Dordtse Kerkorde van 1619 met name op het punt van die selfstandigheid van die plaaslike kerk. Die herinterpretasie en die proses van heroriëntasie word die Doleansiekerkreg genoem (Van den Broeke 2005:208). Die Doleansie het egter geensins gepoog om 'n nuwe kerkreg te presenteer nie, maar gryp doelbewus terug na die sisteem van kerkregering wat deur die nasionale sinode van Dordrecht in 1618-1619 vasgestel was. Die kerkregtelike standpunt van die Doleansie is dat die *Algemeen Reglement* (1816) die teendeel is van wat 'n Gereformeerde kerkinrigting behoort te wees. Die hoogste wetgewende, regsprekende en besturende mag word deur die art 61 van die *Algemeen Reglement* (1816) aan die Sinode toegeken: “met name het feit dat aan de synode ‘de hoogste wetgewende, rechtsprekende en besturende macht’ werd toegekend” (Bakker 1986a:134).

Die vraagstuk, insake die verhouding tussen die landelike kerk en die plaaslike gemeente, het 'n belangrike rol in die tyd van die Doleansie gespeel, toe die selfstandigheid van die plaaslike gemeente sterk beklemtoon was. Dit beteken onder andere dat die plaaslike kerk volledig kerk is, *ecclesia completa*, en dus in beginsel onafhanklik van ander gemeentes of kerke (Bakker 1986a:135). Die kerkverband dra dus op die punt 'n konfederatiewe karakter en kom tot stand deur die vrywillige aansluiting van die plaaslike kerke. Die plaaslike kerk behou egter haar eie mag en vryheid, maar maak onder erkenning van die gesag van Christus as Heer en ooreenstemming met die Heilige Skrif en die belydenis onderlinge afsprake met mekaar. Die gemeente kan dus uit vrye wil toe- of uittree uit kerkverband. Die Dolerendes wys die independentisme af wat niks van 'n bindende kerkverband wil weet nie. Die kerkverband beperk of hef egter nie die outonomie van die plaaslike kerk op nie. Die Dolerendes het hulle onder

andere op die ou Gereformeerde kerkregtelike beginsels en die Dordtse Kerkorde beroep:

Voor deze opvattingen, die vooral door F L Rutgers en A F de Savornin Lohman ontwikkeld werden, beriep men zich op het oude kerkrecht, zoals dat in de zestiende en seventiende eeuw bij de vestiging en opbouw van de kerk der hervorming in ons land was toegepast, in die kerkorden was vastgelegd en door de gereformeerde canonici, m.n. door die Utrechtse hoogleraar Gisbertus Voetius was beschreven en verdedigd.

(Bakker 1986a:135)

2.3.2.2.1 Dr A Kuyper se Tractaat van de Reformatie der Kerken (1883)

Volgens Greijdanus (1943a:3) stel dr A Kuyper dit in *De Heraut* van 4 Junie 1887 duidelik dat die meerdere vergadering geen mag, bo en behalwe dié van die Kerkrade wat hul afvaardig, het nie. Reeds in *De Heraut* van 24 Junie 1883 het hy dit gestel dat die mag nie vanuit die Sinode na die *classis* vloei nie en uit die *classis* na die Kerkraad nie, maar die mag vloei omgekeerd uit Christus in die Kerkraad, uit die Kerkraad in die *classis* en uit die *classis* in die Sinode (Greijdanus 1943a:3). Die *classis* staan dus nie onder die Sinode nie en die Kerkraad onder die *classis*. Kuyper wys hiermee enige vorm van classio-en/of sinodokrasie af. Volgens Kuyper besit die Sinode op sigself geen mag nie, nóg beskik haar lede enige outoriteit uit hulself, bo en behalwe dit waaroor die kerke by onderling akkoord of ooreenkoms ooreengekom het. Die *classis* en Sinodes het volgens F L Rutgers slegs 'n beperkte, dienende, afgeleide, laer mag (Greijdanus 1943a:3).

Aan die einde van die jaar was Kuyper se *Tractaat van de reformatie der Kerken door de zonen der reformatie hier te lande op Luther's vierde eeuwfeest aangeboden* gepubliseer. In die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) beklemtoon Kuyper fundamentele Gereformeerde kerkregtelike beginsels in besonder met betrekking tot die selfstandigheid van die plaaslike gemeentes: "... dat de plaatselijke



kerk de primare openbaring van de gemeente Jesu Christi is, en de klassen en landskerken eerst secundair door foederatie van deze locale kerken ontstaan” (1883b:34). Hy verwoord terselfdertyd in die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) sy fundamentele standpuntname met betrekking tot die selfstandigheid van die plaaslike kerk onder andere soos volg: “...zoodat de plaatselijke kerk uitgangspunt voor alle kerkregering word; dat deze plaatselijke kerken confoederatief verbonden worden in classis en synodale landskerken” (Kuyper 1883b:47).

Kuyper beklemtoon onder andere dat die hoogste kerklike regsbevoegdheid by die plaaslike kerk lê. F L Rutgers en A F de Savornin Lohman bou later met hul (kerk) juridiese vakkennis voort op Kuyper se aannames met betrekking tot die selfstandigheid van die plaaslike kerk. Die Doleansiekerkreg was hoofsaaklik deur Kuyper, De Savornin Lohman en Rutgers ontwikkel. Die Doleansiekerkreg staan teenoor die hiërargiese sinodale kerkregeringstelsel en leervryheid (Deddens 1986:57-58). Rutgers en De Savornin Lohman lê onder andere klem op die selfstandigheid van die plaaslike kerk en die behoud van die kerkeiendom by die uittreding uit die kerkverband.

In die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) word onder andere ’n sistematiese uiteensetting van Kuyper se insigte met betrekking tot die Gereformeerde kerkreg gevind. Die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) word in vier dele verdeel. Die eerste deel handel oor algemene beginsels wat die

kerklike wese beheer, die regte formasie van die kerk, oor wat Kuyper (1883b:1-26) noem die “vierderlei gezichtspunt”, waaruit die een kerk beskou kan word, naamlik:

- i oor God se Woord wat die lewe van die kerk beheer,
- ii oor Christus se koningskap oor die kerk,
- iii oor die wyse van Christus se koningskap, bo en behalwe sy Woord en Gees en die wêreldbestuur,
- iv oor die ampte wat in die kerk uitgeoefen word, oorspronklik in die apostolaat, maar tans in die drie ampte naamlik: leer-, regeer- en tugamp van die gelowige uiteenval.

In die tweede deel bespreek Kuyper die regte formasie van die kerk. Kuyper (1883b:27-83) noem vier hoof kenmerke van die Gereformeerde kerkregeringstelsel:

- i dat die plaaslike kerk uitgangspunt vir alle kerkregering word,
- ii dat hierdie plaaslike kerke konfederatief verbonde word,
- iii dat die 'leke element' kragtig te voorskyn tree,
- iv dat die kerklike gesag haar volkome selfstandig teenoor die lands-owerheid posisioneer.

Die derde deel handel oor die deformasie van die kerke (Kuyper 1883b:83-112).

Onder deformasie verstaan Kuyper (1883b:83) misvorming, verbastering en of ontaarding: “Deformatie ontstaat doordien in kerken, die van goede formatie geweest zijn, deze goede formatie sinds in deugdelijkheid verloor. Alle gebrek, dááruit voortspruitende, dat de formatie der kerk nog in wording is, valt hier dus buiten.”

Kuyper toon verskeie vorme van deformasie aan byvoorbeeld: deformasie van die lidmate, deformasie van die ampsdraers, deformasie in die belydenis, deformasie in die tug, deformasie in die toediening van die genademiddelle, deformasie van die erediens,



deformasie van die kerkbestuur en deformatie van die sektes (1883b:83-110). Kuyper (1886:98-112) onderskei in die hoofstuk tussen ware kerke, skyn kerke en valse kerke en toon onder andere aan hoe die ware kerk deur deformatie ontaard in skynkerke of valse kerke. Kuyper verstaan onder vals kerke die kerk van die antichris en onder valse kerke verstaan hy kerke wat op verskeie vlakke gedeformeer het:

Vat men nu al deze deformatiën saám, in de leeken en de dienaren; in de belijdenis en in de genademiddelen; in de tucht en het liefdewerk; in den eeredienst en in het kerkbestuur; door sectarische groepen en door secten, - dan tast ieder hoe deze veelvuldige krankheden ten leste derwijs het leven der kerk kunnen aantasten, dat de deformatie een eiende neemt, doordien alle leven uit de kerk weggaat. Er is dan aan de kerk niets meer te deformeeren, omdat alle leven haar ontzouk. Aldus ontstaat de schijnkerk, d.i. de absoluut gedeformeerde kerk.

(Kuyper 1883b:111-112)

Die vierde hoofstuk is verreweg die lywigste en handel oor die reformasie van die kerke (Kuyper 1883b:116-204). Kuyper aksentueer onder andere in die hoofstuk die konfederatiewe karakter van die kerkverband en die plig om die verband aan te gaan en in stand te hou (Kuyper 1883b:146-158). 'n Kerk mag volgens Kuyper nie alleen bly staan nie, maar is die verpligting opgelê om in korrespondensie met haar susterkerke te tree:

Immers zulk een kerkverband bindt. Kerken in zulk verband levende, zijn niet meer vrij in haar beweging. Ze leven onder gemeenschappelijke regelen, en staan onder de macht van gemeenschappelijk geconditioneerde vergaderingen in classis en synode. Door deze gemeenschappelijke regelen is deur van de ééne kerk voor ieden der andere kerken opengezet. Om den invloed die ze onderling op elkaar uitoefenen is aller bestuurswijs door één gemeenschappelijke kerkorde geregeld, en het veranderen van die kerkorde is niet het recht van èene kerk, maar van alle kerken saam.

(Kuyper 1883b:148)

In hoofstuk vier maak Kuyper weereens onderskeid tussen drie kategorieë van plaaslike kerke, naamlik ware kerke, skyn kerke en valse kerke (Kuyper 1883b:167-177). Die Afskeidenes, naamlik, die “Christelike Gereformeerden”, het van Kuyper kritiek gekry, nie alleen met betrekking tot die *Acte van Afscheiding of Wederkeering* van Ulrum en op die beweging van die Afscheiding nie, maar ook op die

kollegialisme onder die Afsgekeidenes veral met betrekking tot die siening van die plaaslike kerk as genootskap: “De latere gescheidene broederen daarentegen achtten zich gerechtigd in de kerken dezer landen de merkteekenen der valsche kerk aan te wijzen en op dien grond met deze verdorven synagoge des satans door nieuwe kerkformatie te breken” (Kuyper 1883:195-196). Hy vind in die 'Christelike Gereformeerden' 'n min of meer kollegiale beskouing met name dat die plaaslike kerke as kompartemente van 'n genootskap beskou word (Kuyper 1883:195-200). “Dit is ongereformeed en zal door de heerschappij van het gereformeed beginsel ook uit deze kerken allengs worden uitgedreven,” verseker Kuyper in sy *Tractaat van de reformatie der Kerken* (Kuyper 1883b:200).

2.3.2.2 Respons op Kuyper se Tractaat van de Reformatie der Kerken (1883)

Kuyper se *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) het beide positiewe en negatiewe kritiek gekry. W H Gispen het in 'n skrywe gedateer 2 Mei 1884 aan sy vriend, in Jerusalem, kennis gegee dat die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) "het machtigste pleidooi tegen de afscheiding die ik ooit gehoord of gelezen heb" (Deddens 1986:94) asook Van der Schuit (1936:5). Breedvoerige kritiek is onder andere deur H Bavinck en later deur F M ten Hoor gelewer. Bavinck het in *De Vrije Kerk*, 17 November 1883, beswaar gemaak teen die wyse waarop Kuyper die kerkverband voorstel. Bavinck is dit met Kuyper eens, dat elke plaaslike kerk 'n openbaring is van die liggaam van Christus, haar wese nie van die algemene kerk of kerkverband ontvang nie, geen kompartement is van die kerkgenootskap is nie en dat dit ontstaan deur die vrye konfederasie van die plaaslike kerke. Hy is teen die eensydige nadruk wat Kuyper op die selfstandigheid van die plaaslike kerk lê,

aangesien daardeur die krag en betekenis van die kerkverband nie tot sy reg kom nie:

Wat dan de reformatie der kerken betreft — eene eerste bedenking heb ik tegen de wijze, waarop Dr K zich het kerkverband voorstelt. Wij zijn met hem eenstemmig, als hij zegt, dat elke plaatselijke kerk is eene openbaring van 't lichaam van Christus, haar wezen niet van de algemeene kerken of van het kerkverband ontvangt, geen compartiment is van het kerkgenootschap, maar dat dit eerst ontstaat door de vrije confoederatie der verschillende locale kerken. Maar heel het Tractaat toont, dat Dr K op die zelfstandigheid der locale kerken, welke wij op zichzelf geheel toestemmen, eenzijdig den nadruk legt en daartegenover de kracht en de beteekenis van het kerkverband niet tot haar recht laat komen.

(Bavinck 1883: 542-575)

F M ten Hoor het volgens Deddens (1986:95) in sy publikasie *Afscheiding en Doleantie in verband met het kerkbegrip*, 1890 in *De Vrije Kerk* beswaar gemaak oor die kernbegrip in die *Tractaat van de Reformatie der Kerken (1883)*. Volgens F M ten Hoor (Deddens 1986:95) is in die *Tractaat van de Reformatie der Kerken (1883)* die wese van 'n sigbare kerk altyd die onsigbare kerk. Die onsigbare kerk word deur Kuyper in die *Tractaat van de Reformatie der Kerken (1883)* aangedui as "het lichaam Christi" Volgens FM ten Hoor (Deddens 1986:97) is Kuyper nie konsekwent met sy standpunte met betrekking tot die sigbare en/of onsigbare kerk nie. Ten Hoor konkludeer dat die betekenis wat deur Kuyper aan die begrippe onsigbare en sigbare kerk gegee word, geheel onskrifmatig is.

'n Eeu na die verskyning van die *Tractaat van de Reformatie der Kerken (1883)* het D Deddens²¹ geoordeel dat mense die *Tractaat van de Reformatie der Kerken (1883)* te veel eer aandoen om dit ondermeer as óf 'n handboek van die Doleansiekerkreg óf 'n hoofkennisbron van Gereformeerde Kerkreg te tipeer:

Nu doet men het boek reeds te veel eer aan, door het als "handboek voor kerkrecht" te karakteriseren. Kuyper zelf noemt zijn werk slechts "een flauw

²¹ D Deddens (1923) emeritus hoogleraar Algemene Kerkgeskiedenis en Nederlandse kerkgeskiedenis en kerkreg aan die Theologiese Universiteit van die Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt) te Kampen.

schaduwbeeld" van wat een handboek voor gereformeerd kerkrecht behoort te zijn. Dit is ongetwyfeld juist; aan allerlei eisen die aan een kerkrechtelijk handboek te stellen zijn, wordt niet voldaan. Zou het werk een kerkrechtelijk handboek zijn, dan zou de titel van het boek en zouden ook de titels van de hoofdstukke wel merkwaardig moeten heten. Wanneer Rutgers het *Tractaat in De Heraut*, no 306 (4 nov 1883) introduceert, komt in zijn artikel een uitdrukking als 'handboek voor kerkrecht', of iets in die geest, ook niet voor. Maar is de aanduiding 'handboek voor kerkrecht' al niet correct, onjuist is het, Kuypers *Tractaat* te beskouwen als 'het handboek van het kerkrecht der Doleantie.

(Deddens 1986:134)

Deddens het toegegee dat alhoewel in die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) Kuyper se insigte in die kerkreg op 'n sistematiese wyse deurgegee word, kom daar ook in die *Tractaat van de Reformatie der Kerken (1883)* allerlei spekulatiewe beskouinge en onderskeidinge voor, wat tipies Kuyperiaans is (Deddens 1986:134).

2.3.2.2.3 De Savornin Lohman en Rutgers en De rechtsbevoegdheid onzer plaatselike kerke (1886, 1887)

Deddens dui in sy artikel *De Vereniging van 1892: kerkrechtelike aspecten* aan dat Rutgers alreeds in 1882, dus vóór die verskyning van Kuyper se *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) 'n rede met betrekking tot die aard van die kerkverband gewy (1992b:20-31). Rutgers²² het ondermeer daarop gewys dat vóór die kerkverband in die sestiende eeu tot stand gekom het, die gemeenskaplike erkenning van die onvoorwaardelike gesag van Gods Woord en die gemeenskaplike belydenis van die daarop gegronde artikels as die grondslag van die grootste belang was. Tussen die kerke was daar dus 'n band van die gemeenskaplike geloof, selfs nog vóór die vereniging in een kerkverband kon plaas vind. Die toetrede tot die verband was 'n eis van Gods Woord. Kerkregtelik kon toetrede tot die kerkverband nie afgedwing word

²² Kuyper het Rutgers geëer as kenner van die "gereformeerde kerkrecht par excellence." Hy noem Rutgers "verreweg de fijnste en beste kenner van ons gereformeerde kerkrecht".⁴⁸ "*Bij het afsterven van mijn trouwen vriend Rutgers*", in: *De Heraut*, no. 244 (25 Maart 1917).

nie. Die verband was konfederatief van aard, dit wil sê die kerke vorm gesamentlik 'n kerkverband. Iedere kerk is *ecclesia completa* en is dus geensins *pars ecclesiae* nie. Die kerke het volgens Rutgers geen mag bo en behalwe die mag van Christus nie (Deddens 1992b:20-31). Twee maande na die skorsing van die Kerkraad van Amsterdam, het Rutgers & De Savornin Lohman hul *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* gepubliseer (Deddens 1986:80). Die doel van die geskrif was die lewering van 'n bydrae ten dienste van die juriste in verband met reg op die kerklike goedere. Met opset kies die skrywers nie vir die verdediging van die reg van die *Gereformeerdes* op die kerklike goedere nie. In *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* word die reg van lokale kerke op kerklike eiendomme besonderlik verdedig en nie soseer die reg van Gereformeerde kerke op kerklike eiendomme nie: “Wij bepalen ons tot het recht der lokale kerken, onverschillig welke haar gezindheid zij; hopende dat ook dit tot kalmte en onpartijdigheid iets moge bijdragen” (Deddens 1992c:140).

In die *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* word onder andere die toestand van kerklike eiendom, voor en na die Hervorming asook in die periode 1795 tot 1816 en sedert 1816, bespreek. Temas wat in dié boek bespreek word sluit die volgende in: die eenheid van die kerke lê in hul gemeenskaplike belydenis; die konfederatiewe verband met die gemeente word vrywillig aangegaan en daardeur ontstaan geen nuwe kerk nie; die kerkverband is verbreekbaar; die meerdere vergadering besit slegs beperkte, afgeleide en laer mag; die besluite van die vergadering vir alle kerke is bindend, maar met voorbehoud van art 31 (Deddens 1992c:140).

Volgens Rutgers & De Savornin Lohman was die stryd wat in die Nederlandse Hervormde Kerk gevoer was, tweërlei van aard (1886:3). Dit handel aan die eenkant om 'n stryd om die waarheid en aan die anderkant oor kerkeiendom. In die eerste eeue na Christus was daar volgens Rutgers & De Savornin Lohman aan die kerke regs persoonlikheid toegestaan: “dan wel of zij met sociëtaes gelijk stonden” (1886:9). Die kerke het hul eie besture en eiendom gehad. Juridies het die plaaslike kerk se eiendom aan die gemeente as vereniging van persone wat as stigting of as besittings van 'n korporasie beskou was, behoort. In regs kundige sin het elke gemeente of kerk 'n afsonderlike bestaan gehad. Die kerke staan volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1886:18), alhoewel selfstandig, deur gemeenskaplike belydenis in onderlinge verband met mekaar: “Op de belijdenis beruste het kerkverband. Zij was, gelijk reeds het 2^{de} artikel van de Acta de Embder Kerkenverzameling uitspreekt, de betuiging van de onderlinge verbinding en eenigheid der Kerken. Instemming was haar de voorwaarde, waaraan, zou het akkoord in stand blijven, voortdurend moest worden voldaan.”

Rutgers & De Savornin Lohman bespreek in deel twee van *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* die toestand in die Gereformeerde Kerk na die Reformasie. Die Gereformeerdes het volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1886:13-17) die Gereformeerde Kerk beskou as die voorsetting van die Rooms Katolieke Kerk, alhoewel sy haar van die hiërargiese struktuur van die Rooms Katolieke Kerk onttrek het. Die Gereformeerdes was volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1886:15) van mening dat die kerkeiendom nie van besitter verander het nie. Slegs die toesig oor die kerkeiendom het volgens die Gereformeerdes verander:



Wat betref die geestelike goederen, welke niet behoorden aan de locale kerk, of niet door locale besturen suo jure geadministreed werden – op die goederen deed de Overheid haar recht gelden. Die goederen toch waren wel bestemd voor geestelike doeleinden, en hunne bestuurders hadden steeds gestaan onder de jurisdictie van kerkelike overheden, maar zij behoorden noch aan de locale Kerke, noch aan de algemeene Kerk, maar voor zoover ze geen stichtingen waren, aan de orden waaraan ze gegeven waren.

(Rutgers & De Savornin Lohman 1886:15)

Rutgers & De Savornin Lohman (1886:16) toon aan dat reeds by Wezel 1568 die selfstandigheid van die plaaslike kerk asook die beperkte bevoegdheid van die meerdere vergadering voorop staan: “Geen kercke zal over een ander kercke, geen dienaar des Woorts, geen ouderling noch diaken zal geen over de ander heerschappij voeren maar een iegelijk zal zich alle suspicien en aanlokkingen om te heerschappen wachten.” Dié beginsel word ook in die Emdense Kerkorde 1571 asook in art 84 van die Dordtse Kerkorde teruggevind. Rutgers & De Savornin Lohman dui ook aan dat die volgende beginsels in die DKO gevind word: dat die Bedienaar van die Woord uitsluitlik aan een lokale kerk verbonde was; dat alleen die Kerkrade goedkeuring kan gee vir die toetreding van die kerk; dat die eenheid allereers en eintlik in die gemeenskaplike belydenis lê:

Men zeide niet: het kerkverband is gelegen in de gemeenschappelijke onderwerping aan de reglementen: en de eenheid van belijdenis is wel wenschelijk, maar het kan toch ook wel als die ontbreekt. Maar juist integendeel: gemeenschappelijke onderwerping aan de belijdenis is voor ons geheele kerkverband het ééne onmisbare; de eenheid van kerklike vormen is dan wel wenschelijk, maar het kan toch ook wel als die ontbreekt.

(Rutgers & De Savornin Lohman (1886:25-26)

Die band tussen die kerke is nie slegs geestelik nie, maar is volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1886:25-26) ook uitwendig. Dit word openbaar in die vier byeenkomste naamlik Kerkraad, *classicale* vergadering, Partikuliere Sinode en die Nasionale of Generale Sinode (art 29 DKO). In die *Resumtie* aan die einde van die boek stel Rutgers & De Savornin Lohman (1887:179) dit onomwonne dat die meerdere vergaderinge wel kerkraadslede kon afset: “Wel mag een classis of synode

kerkeraadsleden ontsetten van hun ambt zoolang de kerk in het verband staat, maar als de kerk dat vonnis niet erkent, verblijft aan de gezamentlijke kerken geen weermiddel dan om deze kerk van het verband af te snijden.”

2.3.2.2.4 Respons op De Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken

Uit die kring van die Nederlandse Hervormde Kerk is op die *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* (1886) kritiek onder andere deur ds E César Segers, lid van die Algemene Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk, en dr H G Kleyn gelewer.²³ Rutgers & De Savornin Lohman het in die tweede uitgawe van *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* (1887) breedvoerig op die kritiek gerespondeer. Ds E César Segers het dit raadsaam geag om eerder van “de kerken ter plaatse” as die “plaatselijke kerken” te praat (1886:10). Rutgers & De Savornin Lohman (1886:10) gee ds E César Segers gelyk, maar gaan van die voorveronderstelling uit dat dit vir die kwessie van regsverhoudinge nie verskil maak of jy na die kerk ter plaatse of die plaaslike kerk verwys nie.

Dr H G Kleyn kritiseer De Savornin Lohman en Rutgers in *Feiten of verzinsels? Beschouwing der rechtsbevoegdheid onze plaatselijke kerken contra Jhr Mr A F de Savornin Lohman en Dr F L Rutgers* (1886) daarin dat hul die *Politica Ecclesiastica* van Voetius²⁴ blykbaar as kanon gebruik. Kleyn is van mening dat die teoretiese kerkreg van die *oude* Gereformeerdes nie by Voetius gesoek behoort te word nie. Die stryd in die kerk het, volgens H G Kleyn, nie soos De Savornin Lohman en Rutgers

²³ Dr H G Kleyn (1859-1896), Wijngaarden 1884, Hoge Zwaluwe 1886, hoogleraar Utrecht 1888 (Van den Broeke 2005:226).

²⁴ Gisbertus Voetius (1589-1676), predikant te Vlijmen en Hedikhuizen 1611, Heusden 1617 ('s-Hertogenbosch 1629-1630), hoogleraar Utrecht 1634 en vanaf 1637 predikant te Utrecht (Van den Broeke 2005:224). Hy het 'n invloedryke rol in die Nasionale Sinode Dordt gespeel (1618-1619). Hy het 1634 professor van Teologie en die Oosterse Wetenskap aan die Universiteit van Utrecht geword. Gedurende 1637 het hy predikant van die gemeente in Utrecht geword. Hy het Arminianisme bestry.

(1888:310) in die *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* aandui met die selfstandigheid van die gemeentes te make nie, maar handel veel eerder oor die gesag van bepaalde gemeentes oor ander en die perke van die sinodale gesag. Volgens Kleyn (1888:414) is die *Politica Ecclesiastica* van Voetius geen wetboek, ook geen verklaring van 'n wetboek nie, maar is dit 'n regstelsel. Hy kritiseer ondermeer Rutgers en De Savornin Lohman wat Voetius aanhaal asof wat Voetius sê die einde van alle teëspraak is. Kleyn (1888:414) oordeel dat Voetius se regstelsel nie die mees Gereformeerde van alle kerkregstelsel was nie. Dit is vir hom 'n ope vraag of die stelsel van Voetius voldoen het aan die ideaal van die Gereformeerde kerkreg. Rutgers en De Savornin Lohman (1887:4) wys die beswaar van dr Kleyn af dat die *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* oor die kerklike stryd tans in Nederland handel. Kleyn (1886:43) gee volgens Rutgers en De Savornin Lohman (1887:9) toe aan hul stelling in *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* dat die kerk gekonstitueer word deur die apostels en diegene wat deur hul en ná hulle in medewerking met die gemeente geroep is.

Ds E César Segers en dr H G Kleyn het volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1987:132) 'n idilliese voorstelling van die toedrag van die Reformasie. Rutgers & De Savornin Lohman (1887:20) deel nie die regsbeskouing van ds E César Segers en dr HG Kleyn nie. Volgens Kleyn (1886:20) het die owerheid die reg om die goedere van die kerk te ontnem. Rutgers & De Savornin Lohman (1886:20) daarteenoor stel dit duidelik dat die goedere aan die kerk behoort. Kleyn (1886:6) is van mening dat die oorspronklike kerk as gemeenskap van die heiliges volkome kerk is en dat die mag dus volkome by die lede van die plaaslike kerk gesetel is. Hy is egter van mening dat dit wel só was vóór 1572, maar nie meer daarna so was nie. Rutgers & De Savornin

Lohman (1887:17) wys daarop dat hul die bewering van Kleyn (1986:6), dat die lede van die kerk bestuursmag opdra aan die Kerkraad, as 'n groot dwaling beskou.

Dr Kleyn (1886:35) is van mening dat as iemand lid van die kerk is en die kerk behoort aan 'n kerkverband, dan is sodanige persoon verplig om die reglemente van die kerkverband te volg. Andersins sou daar anargie wees as elkeen sy eie maatreëls volg. Kleyn (1886:1) is van mening dat die kernvraag nie daarin lê of die plaaslike kerk die kerkverband kan verbreek nie, maar òf die eiendomsreg van die plaaslike kerk by die afskeiding van die kerkverband hoe willekeurig of eiemagtig ook al, die afgeskeide Kerkraad volg, al dan nie. Volgens Kleyn (1886:43) is elke gekonstitueerde kerk 'n volledige kerk en is dit nie nodig om in 'n kerkverband opgeneem te word om kerk te wees nie. Elke plaaslike kerk het vervolgens die bevoegdheid om belydenisse, liturgieë en kerklike verordeninge te maak. Die toetrede tot die kerkverband bring nie verlies tot hierdie bevoegdhede mee nie. Die kerklike mag om haar gemeente te bestuur, tug te handhaaf, predikante te beroep en kerkraadslede te kies, berus aldus Kleyn (1886:43), uiteraard by die Kerkraad wat haar gesag van Christus ontleen. Alle kerke is gelyk. Die een kerk kan haar dus nie aan 'n ander kerk opdring nie of oor haar heers nie. Die Kerkraad bestuur die plaaslike gemeente. Die kerkverband is 'n vrywillige vereniging van minstens twee kerke ter bevordering van gemeenskaplike belange en beslegting van geskille wat in die partikuliere kerke ontstaan (Kleyn 1886:45). Die vereniging is egter nie willekeurig nie. Dit is 'n vereniging, maar nie 'n onderwerping aan ander kerke nie, stel Kleyn (1886:46) onomwonde. Geen kerk of geen vereniging van kerke kan 'n kerk dwing tot toetrede of uittrede tot die kerkverband nie. Die vereniging of te wel kerkverband is nie noodwendig nie, dog noodsaaklik. Die vereniging in 'n kerkverband is geen vermindering van die vryheid van die deelnemende kerke nie, maar



waarborg juis die vryheid van deelnemende kerke (Kleyn 1886:47). Die Kerkrade behou die mag om hul kerke selfstandig te bestuur en ontvang sekerheid dat geen ander kerk of owerheidsgesag haar met die bestuur van die kerk sal bemoei nie. Die kerkverband het volgens Kleyn (1886:47) 'n dienende mag.

Rutgers & De Savornin Lohman gee Kleyn (1886:26-28) gelyk dat die selfstandigheid van die kerk gehandhaaf word, maar verskil met hom met betrekking tot die verbreekbaarheid van die kerkverband. Volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1887:125) lê die antwoord daarin dat mense wat hul nie wil onderwerp nie, die verband mag en moet verlaat. Volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1887:144) is dit in so 'n geval vir 'n genootskap geoorloof om uit te tree en/of die kerkverband te verbreek. Indien 'n plaaslike kerk uit die kerkverband wil tree, moet dit volgens Rutgers en De Savornin Lohman (1887:146) deur die Kerkraad geskied. Selfs al stem 'n deel van die gemeente nie in nie, behou die Kerkraad haar die bevoegdheid onverkort. Kleyn het in sy *Feiten of verzinsels?* (1886) ter bestryding van Rutgers hom beroep op Voetius se *Pol Eccl IV*, 226-229, vrae 22 en 23. Rutgers & De Savornin Lohman (1887:190) het Kleyn se interpretasie van Voetius afgewys. Hul was, anders as Kleyn, van mening dat in die geval van wanbestuur en of ongeneeslike verderf ook die ekskommunikasie aan die sinodale vergadering van die kerke toegeken kan word (1887:190). Rutgers & De Savornin Lohman (1887:190) haal as bewysplaas vir hul stellingname vir Voetius aan in sy *Pol Eccl IV*, 226. Hul wys Kleyn daarop dat Voetius gesê het dat aan die plaaslike kerk alleen die reg en die uitoefening van die kerklike toekom (Rutgers & De Savornin Lohman 1887:190). Solank daar 'n gesonde deel oor is, geskied die ekskommunikasie deur die gesonde deel en die Sinode gee alleen leiding. As die kerk heeltemal verdorwe is, dan is die ekskommunikasie nie

formeel nie. Die *anathema* word afgekondig met opsegging van die broederskap en sinodale korrespondensie. Rutgers & De Savornin Lohman (1887:190) het aan Kleyn deurgegee dat Voetius van mening was dat in die geval van nood en of *nie-formerende* verderf, kan die mag van die Kerkraad ontnem word en aan 'n ander oorgedra word. Rutgers & De Savornin Lohman is van mening dat volgens Voetius in *Pol Eccl IV* vroe 22 *alleen* die kerk of gemeente die bevoegdheid het om die bestuursmag aan die dienaars en ouderlinge vir goed of tydelik te ontsê (1887:190). Hul stel dit aan Kleyn dat die ekskommunikasie volgens Voetius deur afgevaardigdes by die gewone samekoms van die gemeente kan plaasvind (Rutgers & De Savornin Lohman 1887:36). Met betrekking tot die moontlikheid om Kerkrade deur 'n meerdere vergadering af te sit, stel Rutgers & De Savornin Lohman (1887:32) dit in hul repliek op Kleyn in voetnota 2 dat Voetius in sy *Pol Eccl IV*, 225 juis anders betoog dan wat “dr Kleyn door een paar uit hun verband gerukte en ten deele misvormde volzinnen er uit wil afleiden.” Volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1887:32) sê Voetius wel dat in die geval van wanbestuur en ongeneeslike verderf, ook die ekskommunikasie aan die Sinodale vergadering van die kerke toegeken kan word en ekskommunikasie in sodanige gevalle deur die Sinodale vergadering uitgeoefen kan word. Indien daar 'n gesonde deel van die gemeente oor is, moet die eintlike ekskommunikasie deur haar geskied en die Sinode slegs leiding gee. Indien die kerk egter heeltemal verdorwe is, is die Sinodale ekskommunikasie aldus Rutgers & De Savornin Lohman (1887:32) nie formeel nie: “... maar eene daarvoor in de plaats komende handeling, waarbij het anathema aangekondigd wordt, met opzegging van den vrede, van de broederschap en van de speciale Synodale correspondentie.” Die bestuursmag kan in die geval van verderf alleen, volgens Rutgers en De Savornin



Lohman (1887:32), deur die plaaslike gemeente permanent of tydelik van bedienaars van die Woord of ouderlinge ontnem word.

Kleyn het die repliek van Rutgers en De Savornin Lohman op *Feite en Versinsels?* beantwoord in sy *Algemeene kerk en plaatselijke gemeente: Proeve van historisch onderzoek naar de verhouding van beiden ten opzichte van de inwendigeen van de stoffelijke belangen; naar aanleiding van de Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken van Jhr Mr A F de Savornin Lohman en Dr F L Rutgers* (1888). M Bouwman (1944:55) merk tereg op dat Kleyn in die lywige werk nie op die antwoorde van Rutgers en De Savornin Lohman se uitlegging van vraag 22 en 23 ingegaan het nie. Veel eerder ignoreer Kleyn die antwoord van Rutgers en De Savornin Lohman en gaan in *Algemeene kerk en plaatselijke gemeente* van die voorveronderstelling uit dat die Doleansie nie met Voetius in die hand bestry kan word nie (Bouwman 1944:55). In die *Algemeene Kerk en Plaatselijke Gemeente* kom Kleyn se teologiese voorveronderstelling met betrekking tot die posisie van die “algemeen kerk en de plaatselijke gemeente” in feite ooreen met dié van Rutgers en De Savornin Lohman.

Kleyn (1888:25) lê in *Algemeene kerk en plaatselijke gemeente* klem daarop dat dat die bestuursbevoegdheid van die kerk van Christus nooit aan ’n enkele persoon oorgedra mag word nie. Daarom moet elke bestuursliggaam van die kerk uit verskillende lede bestaan. Alle bedienaars van die Woord het dieselfde mag en outoriteit (art 31 NGB). Geen gemeente kan oor ’n ander gemeente heerskappy voer nie (Kleyn 1888:306). Die kerkverband tussen die Gereformeerde Kerken in Nederland het plaasgevind uit ’n vrywillige konfederasie van die plaaslike kerke self (Kleyn 1888:310).



2.3.3. Afgeleide Doleansiekerkreg (1893 en 1926)

Die Gereformeerde Kerken in Nederland het in 1892 die Dordtse Kerkorde van 1619 ingevoer en het dit in 1905 hersien (Van den Broeke 2005:208). Eksponeerders van die Afgeleide Doleansiekerkreg is di J de Jong, Joh Jansen, dr J van Lonkhuyzen, H H Kuyper en H Bouwman.

2.3.3.1 Ds J de Jong (1868-1942)²⁵

Na Rutgers se sterfte het een van sy studente, ds J de Jong, die *Verklaring van de Kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrecht van 1618-1619 – Collegevoordragte van prof dr F L Rutgers over Gereformeerd Kerkrecht, bewerk, Deel IV Art 71-86 Van de Censuur en Kerkelijke Vermaning*, uitgegee. De Jong (1918:149) was van mening dat in art 84²⁶ van die DKO een van die grondbeginsels vir die kerkinrigting van die Gereformeerde kerke verskans word:

Bij dit artikel moet dus wel in het oog gehouden worden, dat dit grondbeginsel niet eenige is, waarop de Geref. Kerkinrichting rust. Er hoort zeer zeker ook bij het beginsel, waarin uitgesproken wordt, dat de kerken met elkander in verband moeten treden, en daardoor jegens elkander wederkeerige verplichtingen op zich nemen, een beginsel, waarover vroeger in in de kerkenordening gehandeld is bij de artikelen, die over de kerkelijke samenkomsten spreken, art 29 vgg., over vierderlei kerkelijke samekomsten, over wat men in die vergaderingen behandelden zal, en hoe door meerderheid van stemmen beslist wordt.

(De Jong 1918:156)

Naas die beginsel dat die selfstandigheid van die plaaslike kerke handhaaf moet word, staan ook die beginsel dat die plaaslike kerke nie op hul eie moet staan nie, maar in 'n kerkverband moet verenig met die belydenis as akkoord. De Jong (1918:157) waarsku dat as aan hierdie beginsels nie vasgehou word nie, kan art 84 tot independentisme lei

²⁵ R W de Jong (1868-1942), predikant te Marrum 1891, Holten 1894, Terneuzen 1897, Noordwijk aan Zee 1902, Haarlemmermeer (Hoofddorp) 1908, Werkendam 1912, Broek op Langendijk 1915, emeritus 1927 (Van den Broeke 2005: 250).

²⁶ “Geen kerk zal over andere kerken, geen dienaar over andere dienaren, geen ouderling of diaken over andere ouderlingen of diakenen enige heerschappij voeren” (art 84 DKO).



wat, volgens De Jong, uiteraard die ander uiterste van hiërargie is. Dié twee beginsels, naamlik die selfstandigheid van die plaaslike kerke asook die roeping om in kerkverband te tree, is volgens De Jong (1918:157) nie in stryd met mekaar nie. Tensy 'n mens die een of beide van die beginsels eensydig ontwikkel en toepas: “*veel eerder houden ze metterdaad elkander in evenwicht en bij de toepassing elkander binne die juiste grenzen.*” Die meerdere vergadering mag volgens De Jong alleen besluite neem oor sake wat in die geskil in plaaslike kerke nie tot oplossing kon kom nie. Indien die meerdere vergadering buite haar grense gaan, tree sy volgens De Jong (1918:158) buite haar bevoegdheid op. Sodoende kom die meerdere vergadering in stryd met art 84 en het die plaaslike kerk aldus De Jong die reg om op grond van art 84 haar vryheid te handhaaf. De Jong (1918:159) stel dit duidelik dat die ampte gelyk is: “zodat daar onder hen geen primaat of heerschappij zijn zal van den een over den ander.” Dié gelykheid moet egter nie opgeneem word asof die ampte ineenvloei nie, aangesien die ampspligte verskillend is: “Iedere ambt heeft zijnen eiegen werkkring, het eene is van ander belang dan het andere. Het verschil moet dus wel in het oog gehouden, maar de een mag zich niet boven den ander verheffen, want er is geen verschil in rang” (De Jong 1918:162).

2.3.3.2 Ds Joh Jansen (1873-1956)²⁷

Met betrekking tot art 31 van die DKO en die kassasiereg van die meerdere vergadering ten opsigte van die besluite van die mindere vergaderinge, verklaar Joh Jansen (1923:145-146) in sy *Korte verklaring van de kerkenordening* dat die Pous die laer geestelikes se besluite kan kasseer (nietig verklaar), dat in die burgerlike reg 'n



hoërhof 'n laerhof se vonnis ongrondig kan verklaar, maar in die Gereformeerde kerke kan 'n meerdere vergadering 'n mindere vergadering met opgaaf van grondige redes, versoek, aanraai om haar besluit in te trek. Ingeval die mindere vergadering weier om haar te onderwerp aan die uitspraak van die meerdere vergadering, kan 'n *classis* of Sinode volgens Jansen (1923:145-146) nie die onwillige Kerkraad afset nie: "Neen, zulk een dwingende en ingrijpende macht heeft een meerdere vergadering niet. Wel bij het Collegialistisch genootschap, maar niet bij de Gereformeerde Kerken." Joh Jansen was in 1923 van mening dat die meerdere vergaderings in die Gereformeerde kerke nie sulke dwingende mag het nie, maar dat hul wel tydelik of permanent die kerkverband met 'n onwillige Kerkraad of *classis* kan breek. Na 1926 het hy hom egter by die gewysigde siening van H H Kuyper en H Bouwman geskaar.

2.3.3.3. Dr H H Kuyper (1864-1945)²⁸

Dr H H Kuyper wat reeds in 1900 die vak kerkgeskiedenis by dr F L Rutgers oorgeneem het, het in 1910 aan die Vrije Universiteit ook sy opvolger in die Kerkreg geword. Dr H H Kuyper skryf in die *De Heraut* 6 Mei 1923 op die vraag van dr van Lonkhuyzen, predikant Christian Reformed Church of Chicago, of die *classis* die reg het om 'n Kerkraad of kerkraadslede uit die amp te ontset, dat nie die *classis* of Sinode die reg het om sonder meer 'n Kerkraad of 'n aantal kerkraadslede uit hul amp te onset nie (Van Lonkhuyzen 1924:13). Kuyper is volgens Van Lonkhuyzen (1924:13) van mening dat so 'n hiërgiesse mag die meerdere vergadering nie toekom nie: "Dat een Classis of Synode zeker niet het recht heeft zonder meer een Kerkeraad of een aantal

²⁷ Joh Jansen (1873-1956) predikant te 's Gravenmoer 1901, Nieuw-buinen 1904, Burum 1906, Ten Boer 1915, Ijmuiden 1922, Wierden 1926-1935 (Van Staalduine 2004:24 voetnota 24).

²⁸ Dr H H Kuyper (1864-1945), predikant te Baarn 1891, Leeuwarden 1896, emeritus 1899, hoogleraar Vrije Universiteit 1900, emeritus hoogleraar 1940 (Van den Broeke 2005:228).



kerkeraadsleden uit hun ambt te zetten. Een dergelijke bischoppelijke of hiërarchiese magt komt aan die meerdere vergaderingen niet toe” (Van Lonkhuyzen 1924:13). Die Kerkraad van die Christian Reformed Church of Chicago het die Sinode van die Christian Reformed Churches 1924 versoek om uitspraak te lewer op die kwessie of in die kerkverband van die Christian Reformed Church ’n *classis* die reg het om ’n Kerkraadslede self in ’n gemeente af te set (Van Lonkhuyzen 1924:2). Die Christian Reformed Church of Chicago het die reg erken van die *classis* om predikante af te set (Van Lonkhuyzen 1924:2). Dit gaan egter vir hul om die vraag óf ’n *classis* wel ’n kerkraad mag afset of nie, aangesien daar ’n meningsverskil oor die saak in die Christian Reformed Church was (Van Lonkhuyzen 1924:2).

Die Sinode van Orange City het reeds gedurende 1922 die voorstel van die minderheidsverslag van die pre-advies verwerp: “dat naar onze kerkorde per se geen klasse het recht een kerkeraad af te zetten” (Van Lonkhuyzen 1924:3). Die *classis* van Illinois het egter geweier om die besluit van die Sinode van Orange City (1922) as haar eie oor te neem. Dit het daartoe gelei dat in die Christian Reformed Church sommige *classes* Kerkrade of kerkraadslede afgeset het en dat die Sinodes as sodanig geen veroordeling oor die afsetting uitgespreek het nie, terwyl ander *classes* nie Kerkrade en/of kerkraadslede afgeset het nie. Die Christian Reformed Church of Chicago wys in hul navraag aan H H Kuyper op die gevare van kollegialisme (Van Lonkhuyzen 1924:3). Die Christian Reformed Church of Chicago het hulle op art 84 van die DKO, wat uitdruklik leer dat een kerk nie oor ’n ander heerskappy mag voer nie, as ’n onwrikbare beginsel van die Gereformeerde kerkreg asook op Voetius se



antwoord in vraag 22, beroep (Van Lonkhuyzen 1924:4).²⁹ Dit is op bostaande problematiek wat die Christian Reformed Church of Chicago alreeds gedurende 1923 H H Kuyper om advies genader het. In *De Heraut* van 9 Februarie 1923 no 2351 wys dr H H Kuyper in sy reeks artikels wat oor *De bevoegdheid der meerdere vergadering* gehandel het, op die geneigdheid tot magsoorskryding by die meerdere vergadering. Hy is van mening dat *classicale* en sinodale vergaderings geneig is daartoe om haar bevoegdheid uit te brei en haarself te beskou as 'n soort hoër bestuur wat oor die plaaslike 'n sekere seggenskap het en uitoefen. Hy beklemtoon dat na die vereniging in 1892 die beginsel van die selfstandigheid van die plaaslike kerk streng deurgevoer was.

In die opvolgartikel oor *De bevoegdheid der meerdere vergadering* wys Kuyper (*De Heraut* 2352) daarop dat na die Sinode van 1892 daar Sinodes en *classes* was wat hul bevoegdhede oorskry het en die vryheid van die plaaslike kerk aangetas het. Kuyper wys vervolgens op die gevaar van hiërargie teenoor independentisme: “het gevaar schuil minder in de independentische dan in de hierarchische klip, altans wat onze kerkelijke vergaderingen aangaat.” Oor die verbondenheid aan die besluite van die meerdere vergadering, stel Kuyper (*De Heraut* 2352) dit dat die independentistiese opvatting is dat die *classes* en Sinodes geen kerklike mag het nie en slegs advies kan gee

²⁹ Op die vraag of 'n gedeelte van sekere kerklike mag, selfs die ekskommunikasie, in die geval van wanbestuur of ongeneeslike verderf aan die hele Sinode toegeken kan word en deur haar beoefen kan word, antwoord Voetius: “ Ek kan nie sien waarom nie...” (*Pol Eccl I*, 226). Voetius is van mening dat as die kerk heeltemal bedorwe is, kan die ekskommunikasie nie formeel geskied nie. In sodanige gevalle behoort die band met die kerk verbreek en die broederskap met die gemeente opgegee te word (Van Lonkhuyzen 1924:9). Dus word so 'n kerk buite kerkverband geplaas. As daar nog 'n gesonde deel in die gemeente oor is, dan doen die gesonde deel die ekskommunikasie. Op die vraag dan of die bestuursmag van die Kerkraad in die geval van nood of nie te Gereformeerde bederf van die Kerkraad wegneem kan word en op 'n ander oorgedra kan word nie, antwoord Voetius instemmend. Die kerk, dit is die gemeente, het volgens Voetius die bevoegdheid in sulke gevalle van haar dienaars of ouderlinge, tydelik of permanent haar regeeramp te ontsê. Dit is deur die gemeente dat die mag aan die Kerkraad toegeken word, sê Voetius. Dit wil sê indirek of regstreeks deur haar verkiesing van die Kerkraad ken die gemeente mag aan die Kerkraad toe (Van Lonkhuyzen 1924:9). Voetius sê ook dat die gemeente die naburige kerke of *classis* kan inroep en selfs tydelik die regeermag oor haar ouderlinge aan die naburige ouderlinge kan toeken (Van Lonkhuyzen 1924:9). By Voetius tree die gemeente dus handelend op en is sy by magte om af te set en nuwe ampsdraers te kies. Op die vraag of die *classis* of Sinode ook bestuursmag oor die kerke van die kerkverband het, erken Voetius dat daar 'n sekere kerklike outoriteit en 'n sinodale bevoegdheid is, maar die mag van die meerdere vergadering teenoor die plaaslike kerk is nie “privatief” (berooft die plaaslike kerk nie van haar mag en outoriteit nie) (Van Lonkhuyzen 1924:9-10).



en dat elke kerk vry is om die advies te aanvaar of te verwerp. Die seggenskap van die meerdere vergaderings teenoor die Kerkraad berus volgens Kuyper (*De Heraut* 2352), nie op selfstandige mag, wat in die meerdere vergadering kleef nie of aan haar regstreeks deur God geskenk is nie, maar berus daarop dat die kerke vrywillig die kerkverband aangeaan het en haar afgevaardigdes gelas het en die volmag gegee het om aan die besluite van die vergadering mee te werk.

Volgens Kuyper (*De Heraut* 2352) is die besluite van die meerdere vergaderings nie bloot advies nie, maar is dit besluite wat deur alle kerke as vas en bindend beskou moet word. Die onderwerping aan die besluite van die meerdere vergaderings is onderworpe aan die gehoorsaamheid en onderwerping aan die Woord van God. In *De Heraut* 2356 toon Kuyper aan dat alle kerklike mag deur Christus aan Sy kerk geskenk is. Dit skuil uitsluitlik en alleenlik volgens Kuyper in die plaaslike kerk as sodanig. Die meerdere vergadering beskik volgens Kuyper oor die minste mag. Die sleutels van die hemele het Christus aan die apostels geskenk as die eerste ampsdraer van die kerk. Die kerklike mag, naamlik die mag om die Woord en sakramente te bedien, die mag om ampsdraers te kies en die mag om die kerklike tug te beoefen, het Christus aan die plaaslike kerk en haar ampsdraers en nie aan die meerdere vergadering geskenk nie.

In *De Heraut* 2357 sê H H Kuyper dat die meerdere vergadering geen eie selfstandige mag het nie. Die kerklike mag berus by die plaaslike kerk alleen, tog het die meerdere vergadering mag. H H Kuyper is van mening dat die kerklike mag nie in die amp skuil nie. Die amp is vir Kuyper plaaslik en strek nie verder uit as die plaaslike kerk nie. Die mag van die meerdere vergadering is vir Kuyper 'n afgeleide mag



deurdat die plaaslike kerke wat alle mag beskik haar afgevaardigdes magtig om in haar naam besluite te mag neem. Die mag van die *classis* lê volgens Kuyper nie in die ampsdraers nie, maar daarin dat die ampsdraers deur die kerke afgevaardig word en met mag bekleed word om in die naam van die kerke besluite te mag neem. Die kerklike mag van die meerdere vergadering is dus volgens Kuyper nie selfstandig nie, maar is afgelei en beperk. Volgens Kuyper kan die meerdere vergadering wel besluite neem insake afsetting en ekskommunikasie, maar die uitvoering daarvan moet deur die plaaslike Kerkraad geskied. Kuyper beroep hom op art 79 van die kerkorde waarin daar staan dat die beslissing om 'n predikant uit sy diens te ontset, die *classis* toekom, maar dat die uiteindelijke afsetting deur die Kerkraad behoort te geskied. Die eiemagtige ingrepe van 'n *classis* by die afsetting van 'n Kerkraad, sonder om die Kerkraad daarin te ken, is volgens H H Kuyper in *De Heraut* 4 Mei 1923 in die Gereformeerde Kerkreg nie geoorloof nie: “Zoo iets behoort wel tot de bevoegdheden, die een hierarchisch ingericht genootschap aan zijn bestuurcolleges toekent, maar niet tot de bevoegdheid van een meerdere vergadering in een Gereformeerde Kerk” (Van Lonkhuisen 1924:14). Volgens H H Kuyper ontken Voetius (*Pol Eccl I*, 225 vv) nie dat in die geval van verderf die bestuursmag van die Kerkraad weggenem kan word nie, maar dat dit dan alleen kan geskied deur die plaaslike kerk wat die mag aan die Kerkraad verleen het. Die *classis* kan hulp aanbied, maar die hulp bestaan nie daarin dat die *classis* die Kerkraad kan afset nie. Ingeval die hele gemeente afwyk, kan die *classis* nie anders as om die band met sodanige kerk tydelik of vergoed te breek nie.



2.3.3.4 H Bouwman (1863-1933)³⁰

H Bouwman het op 5 Februarie 1924 skriftelik aan Van Lonkhuyzen sy beskouinge met betrekking tot die afsettingsreg van *classis* deurgegee (Van Lonkhuyzen 1924:4). Dié skrywe was gepubliseer in *Onze Toekomst* van 5 Maart 1924. Bouwman stel dit in die skrywe volgens Van Lonkhuyzen (1926:66) duidelik dat die *classis* die gemeente kan help met die afsetting van kerkraadslede, indien die totale Kerkraad verdwaald of strydig met die reg van die kerk of die belydenis van die kerk handel: “Ook wel kon een *classis*, wanneer de kerkeraad geheel afgedwaald is of in strijd handelt met het recht der kerk en hare belijdenis, de gemeente helpen in het kiezen van een andere kerkeraad, maar de *classis* mag niet helpen in het kiezen van een anderen kerkeraad, maar de *classis* mag niet handelen zonder de gemeente.”

2.3.4 Die Grondbeginsels van die Doleansiekerkreg

Die volgende grondbeginsels van die Doleansiekerkreg kan uit bovermelde onderskei word:

1. **Christus as hoof van sy kerk:** Christus is die hoof van die gemeente. Die eenheid van die kerk lê vir die kerke van die Doleansie in die daadwerklike erkenning van Christus se koningskap en die eenheid in die Skriftuurlike leer; “*Christus is Hoofd van elke plaatselijke kerk en regeert die door ambtsdragers.* De apostelen ontvangen in Matth. 16:19 bij monde van de Heere Jezus de sleutelmacht... De gemeente te Jeruzalem wordt geregeerd door apostelen en ouderlingen (Hand 15:6)” (Golverdingen 2002:1).

³⁰ Dr H Bouwman (1863-1933), predikant te Berlikum 1893, Hattem 1897, emeritus 1903, hoogleraar Theologiese School Kampen 1902-1933 (Van den Broeke 2005:228 en Van Staalduine 2004:24 voetnota 19).



2. **Die selfstandigheid van die plaaslike kerk:** Elke plaaslike gemeente is 'n *ecclesia completa* (volledig kerk), dit wil sê geen *pars ecclesiae*, of te wel geen deel van 'n groter instituut nie. Die plaaslike gemeente word nie as 'n afdeling van die landelike kerkgenootskap beskou nie. "Elke plaatselike gemeente is een openbaring van het lichaam van Christus. De eerste gemeente ontstaat te Jeruzalem (Hand 3:47, 5:11)" (Golverdingen 2002:1).
3. **Die karakter van die kerkverband:** Die kerkverband het 'n konfederatiewe karakter wat deur vrywillige aansluiting van die plaaslike gemeente tot stand kom. Die Kerkraad het die reg om tot 'n kerkverband toe te tree en ook te onttrek wanneer hy goeie gronde daarvoor vind. Geen kerk mag deur 'n ander susterkerk tot toetrede of in die verband gedwing word nie.

Vrijwillig, maar niet vrijblijvend samenleven met andere gemeenten in een kerkverband. Het is de wil van Koning Christus, dat de gemeenten niet los van elkaar blijven leven, maar de eenheid van het lichaam van Christus openbaren door het samenleven in een nationale gemeenschap: het kerkverband. In Hand 15, dat het apostelconvent beschrijft, treffen we de eerste synodale vergadering aan.
(Golverdingen 2002:1)
4. **Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering:** Die meerdere vergaderings het geen selfstandige gesag aan hul deur Christus verleen nie. Die take en bevoegdhede van die meerdere vergadering word beperk tot dit wat die kerke self vrywillig ooreenkom. Die gesag van die meerdere vergadering is beperk tot die gesag en mag aan haar deur die kerkverband verleen "Niet het kerkverband, de landelijke kerk, maar de plaatselijke gemeente staat in het N.T. centraal" (Golverdingen 2002:1).
5. **Die tugreg ten opsigte van ampsdraers:** Die kerklike mag om die gemeente te bestuur, tug te handhaaf, predikante te beroep en kerkraadslede te kies, berus by die plaaslike gemeente.



6. **Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge:** Die plaaslike gemeente is in die kerkverband verbonde aan die kerkorde en dus ook verbonde daaraan om die besluite van die meerdere vergadering na te kom met voorbehoud van strydigheid met die Skrif of die kerkorde.
7. **Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur:** In die geval van wanbestuur en of ongeneeslike verderf word die ekskommunikasiereg aan die sinodale vergadering van die kerke verleen.

2.4. Diskussies oor *oud kerkrecht* en *nieuwe kerkrecht* (1926 -1941)

Gedurende 1926 tot 1941 was diskussies oor die *oud kerkrecht* en *nieuwe kerkrecht* gevoer. Met die *oud kerkrecht* word bedoel die teenstanders teen die sinodale beleid, die kerkregtelike beginsels waarmee die leiers van die Doleansie van 1886 die verzet van die plaaslike gemeentes teen die sinodale vergaderinge geregverdig het en wat vanaf 1892 tot 1926 die toon aangegee het vir die praktyk van die Gereformeerde Kerk (Van Staalduine 2004:21). Die voorstanders van die *oud kerkrecht* beroep hul onder andere op die teks van die kerkorde van die Sinode van Dordrecht van 1618/16/19 en die kerklike praxis in die bloeitydperk van die Gereformeerde Protestantisme in die 16^{de} en 17^{de} eeu. Die *nieuwe kerkrecht* daarteen gee aan die meerdere vergadering meer gesag as wat sedert 1892 geldend was. In die konflik in die jare dertig en veertig beroep die beswaardes hul op die *oud kerkrecht*. In die gees van die *nieuwe kerkrecht* word in die dertigerjare art 84 van die DKO in die kerkorde van die Gereformeerde Kerken in Nederland (=GKN) vasgelê wat ondermeer bevestig dat die meerdere vergadering regs persoonlikheid het (Van Staalduine 2004:21). Die beswaardes het geprotesteer teen die uitbreiding van die invloed van die meerdere vergadering, die neiging van Sinodes om hulself te verleng, die aanvulling van die agenda, die breë



tugreg van die meerdere vergadering asook die reg van die Sinodes om in die interne plaaslike aangeleenthede van die plaaslike gemeentes byvoorbeeld die afsetting van Kerkrade in die geval van wanbestuur in te gryp (Van Staalduine 2004:21). Sedert die Generale Sinode Assen 1926 kan twee strome in die diskussies oor die kerkreg onderskei word, te wete dr J van Lonkhuyzen, WA van Es, S Greijdanus aan die een kant en dr H H Kuyper en H Bouwman, ds Joh Jansen en M Bouwman aan die ander kant, laasgenoemde as nuwe stem in die diskoers. Na 1926 ontwikkel 'n kongregasionalistiese denke in die Gereformeerde Kerken in Nederland en handel die diskoers gaandeweg veral oor die landelike of te wel sinodale gesag teenoor die gesag van die plaaslike gemeente. Van Lonkhuyzen was van mening dat die besluit van Assen 1926 die *nieuwe kerkrecht* ingevoer het.

2.4.1. Generale Sinode van Assen

Op 26 Maart 1924 het br H Marinus hom tot die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk te Amsterdam-Zuid gewend. Hy het beswaar gemaak teen die aanhaling oor die sonde van Adam en Eva wat dr J G Geelkerken in 'n preek op 23 Maart 1924 in Schinkelkerk gelewer het (Niemeijer 2002:15). Op die kerkraadsvergadering van 3 April 1924 het die Kerkraad die klag van br H Marinus as ongegrond verklaar. Marinus het op 13 Mei 1924 in hoër beroep by die *classis* gegaan. Op die Generale Sinode van Assen (1926) was die saak van dr J G Geelkerken³¹ gehanteer. Die Kerkraad van Amsterdam-Zuid het hul openlik aan die kant van dr J G Geelkerken geskaar. 'n Kerkregtelike wisseling het op Vrydag 12 Maart 1926 op die buitengewone Sinode van Assen plaasgevind. Onder meer was op die Sinode besluit om dr J G Geelkerken as predikant van die



Gereformeerde Kerken, op voorstel van die kommissie bestaande uit hoogleraars dr H Bouwman, H H Kuyper en T Hoekstra, te skors (Deddens 1998:234). Verder het die Sinode besluit dat dr J G Geelkerken afgeset sou word as dit sou blyk dat hy hom nie wou onderwerp aan die sinodale skorsing nie. Sou hy daarin gesteun word deur sy Kerkraad, dan sou die betrokke ouderlinge en diakens, deur die Sinode afgeset word (Deddens 1992a:52). Indien ander predikante en Kerkrade hul aan die kant van dr J G Geelkerken en sy Kerkraad skaar, moes hul by volharding deur die betrokke *classis* afgeset word (Deddens 1998:234). Vyf dae later was dr J G Geelkerken en sy Kerkraad inderdaad deur die Sinode afgeset. Die besluit van die Sinode van Assen lui as volg:

De Generale synode overwegende, dat de kerkeraad van de Geref Kerk van Amsterdam-Zuid besluit de ouderlingen en diakenen, die medegewerkt of zich geconformeerd hebben aan te besluit van den Kerkeraad van 13 Maart om dr Geelkerken te handhaven in zijn ambtelijke bediening, uit hun ambt als ouderling of diaken te ontzetten, terwijl aan de Kerkeraad van Amsterdam wordt opgedragen met de broeders ouderlingen uit Amsterdam-Zuid, die aan deze openbare skeurmaking niet deel namen, ten spoedigste tot verkiezen van nieuwe ambtsdragers over te gaan, deze te bevestigen in hun ambt en aldus den Kerkeraad van Amsterdam-Zuid opnieuw te formeeren. ... Wanneer op andere plaatsen dan te Amsterdam-Zuid de predikanten of kerkeraden zich openlijk aan de zijde van dr Geelkerken en den schismatieken Kerkeraad mochten stellen, moeten de Classes terstond optreden om hen te vermanen en wanneer zij desnietteenstaande volharden hen schismatiek verklaren en afzetten.

(Acta generale synode Assen 1926 asook Van Lonkhuyzen 1926:5)

Prof dr Seakle Greijdanus het op die Sinode vir die afsetting van dr J G Geelkerken, (met voorbehoud), maar teen die afsetting van die Kerkraad gestem (Deddens 1998:235). Na aanleiding van die Geelkerken-saak het die Sinode van Assen 'n woord van vermaning aan die kerke gerig:

In een begeleidend schrijven aan de classes voegde de synode er de dringende aansporing aan toe 'dat de classes, zoo in het algemeen als ook inzonderheid bij de examina, naarstig zullen toezien, dat geenerlei leering in de kerken binnendringt, die met de letter of met den geest van bovengenoemde beslissing der synode in strijd is, en dus, hetzij op het hiergenoemde, hetzij op eenig ander punt, door een willekeurige Schriftuitlegging aan het gezag van 's Heeren Woord tekort doet.

(Van den Broeke 2005:275)

³¹ Dr J G Geelkerken (1879-1960), predikant te Epe 1911, Amsterdam-Zuid (Overtoom) 1915, gaan oor na die Gereformeerde Kerken in Hersteld Verband: Amsterdam-Zuid 1926, predikant van die Hervormde Kerk Amsterdam-Zuid, emeritus 1946 (Van den Broeke 2005: 233).



Op die Sinode van Assen was die *oud kerkrecht* verlaat toe Geelkerken as predikant van Amsterdam-Zuid en 'n groot deel van sy Kerkraad afgeset was. Die Kerkraad van Amsterdam-Zuid het geweier om die besluit van die Sinode van Assen (1926) te implementeer. Volgens die *oud kerkrecht* kon die Sinode die gemeente, Amsterdam-Zuid, buite kerkverband plaas (Van Staalduine 2004:25). Die Sinode het hul eger op Voetius *Pol Eccl IV* naamlik vraag 22 en 23 beroep. Teenoor Rutgers en De Savornin Lohman in die *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken (1886)* se stellingname dat Voetius in vraag 22 en 23 die reg aan meerdere vergadering om Kerkrade af te set, ontsê, besluit die Sinode van Assen (1926) om die ontroue kerkraadslede af te set om sodoende die gesonde deel van die gemeente vir die kerkverband te behou. Volgens Rutgers en De Savornin Lohman (1887:37) was prinsipiëel slegs die plaaslike kerk bevoegd om ontroue kerkraadslede af te set.

Van Staalduine (2004:25) beskou die kerklike adviseurs, H H Kuyper en H Bouwman, as verantwoordelik vir die koerswending van die *oud kerkrecht* na die *nuwe kerkrecht*. By herbestudering van Voetius het hulle besef dat die interpretasie van Rutgers van vraag 22 en 23 ook vir ander uitleg vatbaar was. H H Kuyper het in sy reeks artikels, *Napleiten*, in *De Heraut* 2830-2842 toegegee dat hy Voetius op voetspoor van Rutgers verkeerd gelees het. H Bouwman het dit in sy *Gereformeerde Kerkrecht deel 11* (1934:80) erken dat die voorstelling van Rutgers van Voetius onjuis, independentisties gekleur en dat die meerdere vergaderinge nie tot sy reg kom nie. Volgens die Gereformeerde kerkreg soos van toepassing in die GKN tot en met Assen (1926) was dit onmoontlik vir óf die *classis* óf die Sinode om 'n Kerkraad af te set. Reeds gedurende 1923 het beide drr H H Kuyper en H Bouwman daarteen stelling



ingeneem. Op 6 Mei 1923 het dr H H Kuyper dit in *De Heraut* dit prinsipieel afgewys dat die meerdere vergadering 'n Kerkraad kon afsit.

Tot 1926 het H H Kuyper die Doleansie kerkregbeginsels onverswak verdedig. Hy het ondermeer die idee van een landskerk waarvan mens lid sou kon wees, afgewys as deur en deur kollegialisties en dat dit nie tuis hoort in die Nederlandse Gereformeerde Kerken nie (Deddens 1992:50-51). Volgens die Gereformeerde kerkreg is die plaaslike Gereformeerde Kerke elkeen met volkome outonomie of selfregering bekleed en tree vrywillig in 'n konfederatief verband met mekaar. Elke plaaslike kerk is volkome selfstandig en is dus 'n kerk in die volste sin van die woord. Die gelowige behoort dus nie tot 'n landskerk nie, maar is lidmaat van die plaaslike kerk.

Greijdanus toon in sy artikel, *Over Gereformeerde kerkrecht* (1943a: 12-15, 18-21) dat H H Kuyper van die veronderstelling uitbeweeg dat die hoogste mag by die Kerkraad berus. Daar is bo die Kerkraad geen enkele hoër mag dan die mag van Christus alleen nie. Die *classis* en Sinode staan nie bo die Kerkraad nie, maar benede, aldus H H Kuyper (Deddens 1992a:50-51). Dit is nie 'n opklimmende mag sodat die Kerkraad die minste mag en die *classis*, Provinsiale Sinode en die Generale Sinode die hoogste mag het nie.

Deddens toon in sy *De Gereformeerde Kerken in Nederland: Een bond van kerken, geen kerk* aan dat juis die omgekeerde is volgens H H Kuyper waar: die hoogste mag berus by plaaslike kerk en daal trapsgewys af na die *classis*, die Provinsiale Sinode en die Generale Sinode (Deddens 1992a:50-51). Die verband berus volgens Kuyper op 'n vrywillige akkoord. Juridies het die kerke die volle reg om die band met die kerkverband



te verbreek, wanneer sy dit nodig ag. Volgens H H Kuyper vóór 1926, is geen *classis* volgens die Gereformeerde kerkreg bevoegd om die inisiatief te neem met betrekking tot die kerklike sensuur van veral ampsdraers nie. Met betrekking tot die wanbestuur van 'n Kerkraad, was H H Kuyper voor 1926 van mening dat die primordiale tugreg die gemeente toekom, wat in die onderhawige geval sulke ampsdraers afset en ander in hul plek benoem (Deddens 1992a:52).

H H Kuyper was voor 1926 van mening dat selfs al sou 'n hele Kerkraad afvallig wees, dan is die meerdere vergadering nie bevoegd om sodanige verdorwe Kerkraad eiemagtig af te sny nie. Hy was toe van mening dat die gemeente, wat die persone tot die amp groep het, die bevoegdheid het om hul die bestuursmag te ontsê. Die meerdere vergadering kan slegs hulp bied, maar kan nie daadwerklik 'n ander Kerkraad in die plek van die ontroue Kerkraad kies nie: “In de hier gegeven antwoorden manifesteert zich opnieuw de overeenstemming in de gereformeerde kerkrechtelijke beginselen” (Deddens 1992a:52).

2.4.2. Kerkregtelike polemieks na die Sinode van Assen (1926)

Onmiddellik na die Sinode van Assen (1926) het 'n kerkregtelike polemieks losgebreek. Verskeie teoloë, onder andere dr J van Lonkhuyzen en dr W A van Es, het aan die diskoers deelgeneem en het 'n groot rol gespeel in die verdere ontwikkeling van die Doleansiekerkreg.



2.4.2.1. Dr J van Lonkhuyzen (1873-1942)³²

Dr J van Lonkhuyzen van die Christian Reformed Church in Chicago, het die besluit van die Sinode van Assen as 'n oorgaan na die *nuwe kerkrecht* beskou. Hy het onmiddellik na die uitspraak 'n artikel, *Een Ernstige Fout*, in die *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift* geskrywe waarin hy op die besluit van die Generale Sinode te Assen insake die afsetting van kerkraadslede van Amsterdam-Zuid prinsipiële beswaar gelewer het: “De Synode, een meerdere vergadering, zet een mindere vergadering, zet een kerkraad af! We wreven onze oogen uit of we het wel goed gelezen hadden. Want zoo iets kan toch niet! Kan wel in Roomsche of Herv Kerk, maar toch niet in Geref Kerken! En kan toch niet gedaan zijn door de zoo voor de waarheid strijdende synode der huidige Nederlandse Geref. Kerken” (Van Lonkhuyzen 1926:3-4). Van Lonkhuyzen (1926:5) is van mening dat die Sinode van Assen teen een van die grondbeginsels van “ons” kerkreg gesondig het. Hy toon onder meer aan dat die besluit van Assen met betrekking tot die afsetting van die Kerkraad, strydig was met die aard van die Gereformeerde kerkverband soos dit uit die Woord van God, die Belydenis, die kerkorde, die geskiedenis van die Gereformeerde kerke asook met die outoriteite van kerkregkundiges, soos Voetius, geken word.

Volgens Van Lonkhuyzen (1926:13-14) word die selfstandigheid van die plaaslike kerk (Nederlandse Geloofsbelydenis (=NGB) art 28, 30, 32) verder uitgewerk in die Dordtse Kerkorde (=DKO). Van Lonkhuyzen gaan van die voorveronderstelling uit dat die selfstandigheid en outonomie van die plaaslike kerk, soos uitgedruk in art 84 van die

³² Dr J van Lonkhuyzen (1873-1943), predikant Wilnis 1899, Aarlanderveen 1902, Nederlandse Kerken van Argentinië (Zuid-Amerika) 1908, Rijswijk (Z.H.) 1909, gaan oor na die Christian Reformed Church in Verenigde State van Amerika 1911-1918, Zierikzee 1928-1939, emeritus 1939 (Van Staaldoune 2004:27 sien voetnota 31)



DKO, 'n fundamentele beginsel van die Gereformeerde kerkverband is en staan afwysend teen enige vorm van heerskappy:

Heerschappy is rechte as heer bezitten of uitoefen over iets. Een heer beveelt, een heer vernietig wat niet naar zijn wensch is. Het is, in dit geval, een bevelen van een meerdere vergadering jegens een mindere, het is auctoritate sua vernietigen of "casseeren" van het besluit van een mindere vergadering. En alleen zijn het over een dat dat dit niet kan. Noch het bevelen kan, noch het vernietigen kan. Dit kan wel bij hierarchie en collegialisme, maar niet in het Geref. stelsel van kerkrecht.

(Van Lonkhuyzen 1926:16)

Art 36 van die DKO gaan volgens Van Lonkhuyzen (1926:17) teen elke vorm van independentisme in: "Hetzelve zeggen heeft de classe over de kerkenraad, hetwelk de Particuliere Synode heeft over de classe, en de Generale Synode over de Particuliere." Volgens art 36 het die meerdere vergadering wel seggenskap, maar dit is geen seggenskap in die sin van heerssug nie. Dit is ook nie bestuurs- of regeermag of blote adviserend mag nie. Die mag van die meerdere vergadering word, aldus Van Lonkhuyzen (1926:17), beperk deur art 31 van die DKO:

Zo iemand zich beklaagt door de uitspraak der mindere vergadering verongelyk te zijn, dezelve zal zich tot een meerder kerkelijke vergadering beroepen mogen; en hetgeen door de meeste stemmen goed gevonden is, zal voor vast en bondig gehouden worden, tenzij dat het bewezen worde te stryden tegen het Woord Gods, of tegen de artikelen in deze Generale Synode besloten, zo lang als dezelve door geen andere Generale Synode veranderd zijn.

(Van Lonkhuyzen (1926:17)

Die meerdere vergadering kan dus bindende besluite maak, mits dit nie strydig is met die Woord van God of die kerkorde nie. Volgens Van Lonkhuyzen kan die gesag van die Kerkraad nie na die meerdere vergadering oorgedra word nie: "Kerkeraad en meerdere vergaderingen zijn ongelijksoortige machten. Door de macht over te dragen zoudt ge de classe of synode kunnen laten doen 'wat des kerkraads' is" (Van Lonkhuyzen 1926:22). 'n Meerdere vergadering kan wel 'n besluit van 'n mindere vergadering afkeur, maar die saak moet dan volgens Van Lonkhuyzen terugverwys word na die Kerkraad of *classis* vir hantering. Sodoende word die selfstandigheid van die mindere vergadering erken. Die Gereformeerde kerkverband is 'n konfederasie, waaraan die



selfstandige plaaslike gemeentes vrywillig toetree en saamwerk. Die gesag van die meerdere vergadering is dus nie heerskappy nie, maar volgens Van Lonkhuyzen “saamgebrachte macht.” Van Lonkhuyzen (1926:27) toon aan dat die Kerkraad haar reg en gesag in die gemeente behou en nie daarvan beroof kan word deur *classicale* besluite nie. In die geval van wanbestuur kan die kerkverband die getroue deel van die gemeente help met die kies van ’n nuwe Kerkraad, maar die gemeente of die getroue deel van die gemeente doen die afsetting en nie die meerdere vergadering nie: “Zij en niemand anders! Help haar zoover ge kunt, maar zij doet de afzetting. Aan haar en haar alleen heeft de Heere die macht gegeven” (Van Lonkhuyzen 1926:29). Wanneer ’n kerk haar hardnekkig verhard en afwyk, dan behoort sy volgens Van Lonkhuyzen (1918:33- 48) afgesny te word van die susterskerke en nie afgeset te word nie. Volgens Van Lonkhuyzen (1918:33-48) is die afsetting van ’n Kerkraad deur ’n meerdere vergadering in stryd met die geskiedenis van die Gereformeerde kerke in Nederland en met die getuienisse van manne wat as outoriteite op die gebied van die Gereformeerde Kerkreg geag word. Hy haal ondermeer aan uit *Pol Eccl IV*, 226 van Voetius “*canonicus par excellence*” aan (1926:48). In 1926 lewer Van Lonkhuyzen kommentaar op die *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken (1886)* en veral met betrekking tot die interpretasie van Rutgers en De Savornin Lohman van Voetius se *Pol Eccl IV*, 226-229, vroeë 22 en 23. Van Lonkhuyzen beskryf *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* in 1926 as volg:

Heel dat werk is een doorlopende protest niet maar tegen het initiatief nemen der synodale besturen, maar tegen de aanrading van “het recht en de vrijheid der kerken” Een bestrijden van de afzettingen der kerkeraden, zoowel om het materieele (het zich houden der kerkeraden aan Gods Woord), als om het formeele (het hierarchische karakter).

(Van Lonkhuyzen 1926:61)

Van Lonkhuyzen (1926:32) dui aan dat die bestuursmag kan in die geval van nood en verderf, volgens Rutgers en De Savornin Lohman, alleen in die *Rechtsbevoegdheid*



onzer Plaatselijke Kerken deur die kerk(plaaslike gemeente) permanent of tydelik van Bedienaars van die Woord of ouderlinge ontnem word. Voetius staan volgens Rutgers en De Savornin Lohman in *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* afwysend teenoor die eimagtige ingrype van 'n *classis* in die plaaslike kerk, selfs in die tye van nood en verderf: “Zegt hij juist integendeel dat alleen de kerk (of gemeente) de bevoegdheid heeft om in zoodanig geval de bestuursmacht aan de dienaars en ouderlingen voor goed of tijdelijk te ontzeggen” (Van Lonkhuyzen 1926:32). Met die woord “*alleen*” korrigeer Rutgers en De Savornin Lohman volgens Van Lonkhuyzen (1926:61) 'n foutiewe aanhaling van Voetius. By diegene wat die kerklike mag verleen het, berus dus volgens Rutgers, met verwysing na Voetius, alleen die wettige bevoegdheid om die kerklike mag weg te neem. Indien moontlik, kan die plaaslike kerk wel die hulp van aan-haar-sinodaalverbonde kerke inroep. Rutgers en De Savornin Lohman verwerp volgens Van Lonkhuyzen (1926:61) die idee van Kleyn dat die kerkorde aan die *classis* die bevoegdheid verleen om Kerkrade af te set.

Van Lonkhuyzen (1926:10) stel dit dat die plaaslike kerk 'n selfstandige openbaring van Christus se liggaam is en dat die Skrif leer dat selfstandige plaaslike kerke verband met mekaar moet soek. Die plaaslike gemeente is dus aan die eenkant 'n selfstandig, kompleete openbaring van Christus, maar is aan die anderkant ook deel van 'n groter geheel. Van Lonkhuyzen (1926:11) is van mening dat die twee lyne stewig vasgehou behoort te word. Die verband neem egter die selfstandigheid van die plaaslike gemeente nie weg nie. Die plaaslike gemeente hanteer haar eie sake (Hand 1:33), kies haar eie ampsdraers (Hand 6), haar eie verteenwoordigers (2 Kor 8:18) en oefen tug uit (Gal 1:6).



Geen heerschappij over de andere kerken van Christus of zijne apostelen verkregen. Ze zullen op elkander toezicht hebben, ook elkander vermanen, ook over elkander tucht uitoefenen. Maar ook voor deze tucht geldt als niets help het woord: “Scheidt u af van dezulken.” En: Zegt tot het niet: Wees gegroet. Dat is: Ontvangt ze niet als broeders. Dat is, excommuniceer ze voor zoover uw broederschap aangaat. Dat is zet ze uit uw kerkverband. Maar niet: Dring in elkanders huishouden in. Maar niet: Ga eigenmachtig over den drempel en zeg tot de ambtsdragers in zulk een huis: Ga zit ten daar en ik zal hier regeeren en over u regeeren.

(Van Lonkhuyzen 1926:11)

Voetius spreek oor die mag van die meerdere vergadering soos volg in *Pol Eccl I*, p226 soos volg: “*non pricative, sed cumulative*” nie berowend, maar samevoegend. (Rutgers & De Savornin Lohman 1986:43 en 188). Voetius stel dit in *Pol Eccl I*, 226 dat die Sinode wel ’n sekere gesag het naamlik, ’n mag wat nie oorspronklik is nie, maar afgeleid; saamgesteld en byeengevoeg, nie enkelvoudig nie, maar uit meer kerke bestaan: “En de macht van alle dienaren samen, van alle lede der gemeente te zamen vergeleken met de macht en vrijheid van ieder lid op zich zelf; en de kracht van tien menschen samen vergeleken met die van elk der tien op zichzelf” (Van Lonkhuyzen 1926:26).

In die Gereformeerde kerkreg is daar volgens Van Lonkhuyzen (1926:53) geen subordinasie of hoërhowe wat kan vernietig en kan afset nie. Van Lonkhuyzen stem saam met Rutgers dat Voetius alleen die reg aan die plaaslike kerk gegee het om ’n Kerkraad af te set. Van Lonkhuyzen (1926:58) erken dat die kerkregeringstelsel onder die Skote en Engelse Presbiterianisme en die Nederlandse Gereformeerdes verskil: “We willen niet zeggen dat het Presbyteriaansch kerksysteem geheel overeenkomsyt met dat van de Gereformeerden in Nederland. Het Calvinistisch systeem van kerkregering en kerkverband is in het eene land beter uitgewerkt dan in andere.”

Die Engelse Presbiteriane ken meer gesag toe aan die meerdere vergadering as die Skotse Presbiterianisme. Die Presbiteriane, op hul beurt, ken meer en ’n ander mag toe



aan die meerdere vergadering as die Gereformeerdes: “Een macht als de kerkenraden hebben over de gemeente. Er is een “subordinatie”, de meerdere vergaderingen kunnen de besluite der mindere vernietigen, waarschijnlijk bij wanbestuur ook ambtsdraggers afzetten” (Van Lonkhuyzen 1926:58-59).

Niemand kan volgens Van Lonkhuyzen (1926:63) ontken dat Kerkrade wel afgeset kan word nie, maar die afsetting moet op voetspoor van die metode van Voetius en wat weer in 1886 deur Rutgers in *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken (1886)* beklemtoon was, geskied, dit wil sê deur middel van die gemeente of deur die troue deel wat oorgebly het. Die kerkverband kan help, maar die reël geld dat wie aangestel het, het die mag om af te set (Van Lonkhuyzen 1926:64). Van Lonkhuyzen (1926:71) is van mening dat in die tug teen ’n onwillige Kerkraad in die Gereformeerde kerke moet beide die selfstandigheid van die plaaslike kerk asook haar vrywillige toetreding tot die kerkverband erken word: “Een kerkverband waarin de kerken beloven al het beslotene voor vast en bondig te houden tenzij het strijden mocht met Gods Woord of de aangenome kerkenorde.”

Daar is dus geen bestuur hoër as die Kerkraad nie. Die meerdere vergadering kan wel die broederskap verbreek, die verband verbreek, dit wil sê uitsetting en nie afsetting nie. Van Lonkhuyzen is van mening in *Een ernstige fout* dat die posisie van die selfstandigheid van die plaaslike gemeente in kerkverband aangetas is, die posisie van die Kerkraad ondergeskik gemaak is, en die mag van die meerdere vergadering verander is by die Sinode van Assen (1926) en waarsku met reg dat meer kan volg:

Want als dit afsetten als Assen deed kan, dan kan er meer geschieden. En moet er meer volgen. Dan hebben we een verkeerd beginsel binnengeloodst. En beginselen werken door en nu moge men misschien dit getuigenis zoeken te smoren – het is niet

gemakkelijk van een eenmaal ingeslagen pad terug te keeren – maar de tijd zal ons gelijk geven.

(Van Lonkhuyzen 1926:79)

Van Lonkhuyzen (1931d:263) beskou art 84 van die DKO as die hoeksteen van die Gereformeerde kerkreg naamlik: “Geen kerk sal over een andere kerk heerschappij hebben. (*Nulla ecclesia supra ecclesiam*).” Art 84 verwerp volgens Van Lonkhuyzen die supremasie van die moederkerke of katedraalkerke. Van die vernietiging van ’n besluit van die plaaslike kerk, is daar na die Gereformeerde kerkreg volgens Van Lonkhuyzen geen sprake nie (1931d:264). Die saak behoort volgens Van Lonkhuyzen deur ’n meerdere vergadering na ’n mindere vergadering terugverwys word. Met betrekking tot die konfederatiewe karakter van die verhouding tussen die meerdere en mindere vergadering, is daar volgens Van Lonkhuyzen (1931d:264-269) wel ’n eiesoortige gesag in die meerdere vergadering gesetel. Daar is dus ’n prinsipiële onderskeid tussen die gesag van die Kerkraad en die gesag van meerdere vergadering. Van Lonkhuyzen (1931d:267) is van mening dat die suiwer lyn deur uitsetting en nie afsetting nie, loop: “Een kerk die deze belofte niet nakomt verbreek daarmee ipso facto den eisch der foederatie, staat er buiten. ge-excommunikeer zoover het kerkverband aangaat.”

Sedert sy terugkeer na Nederland as predikant te Zierikzee (1928-1939) het Van Lonkhuyzen die stryd teen die *nieuwe kerkrecht* kragtig voortgesit. ’n Reeks artikels deur hom het onder andere in die *Gereformeerde Teologiese Tijdschrift* verskyn. Hy dui onder andere in 1931 in sy artikel *Iets over Geref Kerkrecht* aan dat die Gereformeerde kerkreg verder gaan as die Dordtse Kerkorde (Van Lonkhuyzen 1931a:353-361). Hy dui onder meer aan dat daar verskeie variante van die Gereformeerde kerkreg bestaan, byvoorbeeld Hollandse Gereformeerde kerkreg, Franse Gereformeerde kerkreg, Skotse Gereformeerde kerkreg, ensovoorts. Daar is wel beginsels, maar ’n uitgewerkte stel

bepalinge wat as die Gereformeerde kerkreg saamgevat kan word, bestaan volgens Van Lonkhuyzen nie. Hy toon onder andere die ooreenkomste tussen die Hollandse Gereformeerde Kerkorde, beter bekend as die Dordtse Kerkorde en die Franse Gereformeerde Kerkorde aan: dieselfde ampte, organisasie van die gemeente onder 'n kerkraad, die meerdere vergadering waar die gemeentes byeenkom, die *classis* (ook *colloquia* genoem) provinsiale sinode, generale sinode, dieselfde beginsel van gelykheid, (dat geen predikant oor 'n ander mag heers nie, geen kerk oor 'n ander mag heers nie), dieselfde oorweging in sinodale besluite word in die Nederlandse kerkorde teruggevind (Van Lonkhuyzen 1931a: 353-361). Hy toon in sy opvolgartikel *Onderschied in Geref. Kerkrecht* (1931b:418) dat die Franse Kerkreg met die Nederlandse Kerkreg verskil met betrekking tot die feit dat aangenome kinders en kinders van geëkskommunikeerders gedoop mag word, die visitatore deur die Sinode aangestel word, ouderlinge en diakens vir 'n onbepaalde termyn gekies word, die beroep van die provinsiale sinode na die generale sinode nie toelaatbaar was nie, behalwe in die geval van appèl in geval van die skorsing en afsetting van predikante, ouderlinge en diakens, die verplasing van predikante na 'n ander provinsie asook oor sake wat betrekking het op die leer van die kerk. In die Franse Gereformeerde kerkreg het die Provinsiale Sinode onder meer die reg gehad om predikante aan te stel, te stuur, te verplaas en te leen aan plaaslike gemeentes (dit wil sê tydelike te plaas) (Van Lonkhuyzen 1931b:418-431).

Die tugoefening van die Generale Sinode van die Franse Kerke en die Nederlandse Gereformeerde Kerke oor die mindere vergadering verskil (Van Lonkhuyzen 1931c: 459-478). Die Generale Sinode van die Franse Kerke het onder andere die mag gehad om die besluite van die mindere vergadering te vernietig, sensuur oor Kerkrade uit te oefen deur ernstige vermaning en bedreiging van summiere afsetting van predikante en

ouderlinge, briewe aan plaaslike kerke te rig om “haar te oortuigen van haar kwaad” (Van Lonkhuyzen 1931c:467). By die Franse Kerke kom nie alleen afsetting nie, maar ook uitsetting uit die kerkverband voor.

Van Lonkhuyzen (1931d:258) stel dit in sy artikel *In eigen rechte lijn* wat in die *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift* gedurende November 1931 verskyn het duidelik dat die plaaslike kerk die plaaslike openbaring van die liggaam van Christus is. Hierdie plaaslike openbaring van Christus soek ook verband met mekaar. Die kerkverband doen volgens Van Lonkhuyzen (1931: 259) nie die kerke geweld aan nie. Uit die artikel 30 en 32 van die DKO toon Van Lonkhuyzen dat die selfstandigheid van die plaaslike kerke nie deur die kerkverband prysgegee word nie:

De kerken verliezen in het verband niet haar zelfstandigheid -:

- a. Ze behouden haar eigen regeering (art 30), krijgen geen hooger bestuur over zich (art 32)
- b. Ze maken zelve haar ordinantiën (art 32),
- c. zij oefen ieder voor zich keur uit bij maken of aannemen dier ordinantiën (art 32),
- d. niets word van boven tegen haar wil opgedrogen (art 32),
- e. Zij beloven vrijwillig te nemen en te houden de regels welke zij met elkander maken, tenzij deze strijden mochten tegen de gehoorzaamheid welke ze Gode schuldig zijn (art 32).

(Van Lonkhuyzen 1931d:262)

2.4.2.2. Dr WA van Es (1871-1959)

Na die afsetting van die ouderlinge en diakens van Amsterdam-Zuid, het ook dr WA van Es, predikant te Leeuwarden (1904-1939) sy kerkregtelike beswaar teen die afsetting ingedien. Van Es was van mening dat die besluit van die Sinode van Assen (1926) “in strijd was met die Kerkorde,” aangesien volgens art 79 die afsetting van ouderlinge en diakens met medewerking van die naasliggende gemeente tot die bevoegdheid van die plaaslike kerkraad, behoort te geskied: “Afzetting van ouderlingen en diakenen door een generale synode was naar ons gevoelen een *prijsgeven van de beginselen der Doleantie.*”



(Deddens 1992a:53). Hy was van mening dat indien die hele gemeente 'n ontroue Kerkraad volg, dan moet van die kant van die kerkverband, die band met die plaaslike kerk verbreek word. Na dr J van Lonkhuyzen was dr W A van Es self jare lank die belangrikste opponent van die *nieuwe kerkrecht*. Van Es het gedurende 1926 'n reeks artikels, *Ons gevoelens*, geskryf wat in die *Leeuwarder Kerkbode*, gedurende 1926-1929 verskyn het. Kerngedeeltes uit die artikels kom in 'n gewysigde vorm voor in sy artikel, *Over de bevoegdheid tot schorsing van ouderlingen en diakenen*, wat in die *Rapport inzake het tuchtrecht der meerdere vergaderingen (1946)* verskyn het.

2.4.2.3. Dr H H Kuyper (1864-1945)

Gedurende 1932 het dr H H Kuyper verklaar in sy 13 artikels, *Napleiten*, dat hy by noukeurige lees van Voetius se *Politica Ecclesiastica* agtergekom het dat Rutgers die bedoeling van Voetius nie juis weergegee het nie (*De Heraut* 2834). Hy het gedurende 1937 as die promotor van M Bouwman, wat gepromoveer het met 'n dissertasie oor *Voetius over het gezag der synode*, opgetree. In sy artikel, *Voetius over het gezag der synoden* beveel hy dr M Bouwman se dissertasie, *Voetius over het gezag der synoden*, aan vir predikante en in besonder vir die wat kerkreg bestudeer. Kuyper beskou die dissertasie as 'n proefskrif met blywende waarde:

Het is mij bijzonder aangenaam, dit proefschrift van mijn leerling, als wiens promotor ik optrad, om daarmede mijn actieven dienst aan de vrije universiteit te eindigen, in De Heraut te mogen aankondigen want hoe men ook over de conclusies, waaroe dr Bouwman kwam, moge denken, aan de grondigheid van zijn wetenschappelijk onderzoek en den ernst, waarmede hij zijn taak heeft opgevat, zal wel niemand lof onthouden... zoo is deze dissertatie niet alleen een kostelijke bijdrage om ons Voetius kerkrechtelijke standpunt beter te doen verstaan, maar ze kan ook dienen als tegenweer tegen Independentistische strevingen in onze Kerken ... voor onze predikanten en inzonderheid degenen, die kerkrecht bestudeeren, heeft dit proefschrift daarom blijvende waarde, waarom we het dan ook van harte aanbevelen.

(*De Heraut*, nr 3102 4 Julie 1937)

2.4.2.4. Dr H Bouwman (1863-1933)

Bouwman (1929:1) is van mening, in sy artikel, *De beginselen van ons gereformeerde kerkrecht in de zaak Geelkerken*, wat in *De Bazuin* van Vrydag 16 Julie 1929 verskyn het, dat wanneer 'n tugsak soos die saak-Geelkerken op die meerdere vergadering gebring word, die meerdere vergadering die reg tot skorsing en tug het. Aangesien die saak van Geelkerken dus wettig op die Sinode gekom het, lê die beslissing van die saak by die Sinode. Volgens H Bouwman het die Sinode dus tugreg. Hy verwys dat in die kerkgeskiedenis beide maniere van tug voorgekom: naamlik die verbreking van die kerkverband met die kerk en afsetting. Die Remonstrante kerkraadslede was byvoorbeeld deur die Sinode van Dordrecht 1618/1619 afgeset. Op die Sinode van Leiden was 55 Remonstrante predikante afgeset en 'n tweetal Kerkrade, naamlik dié van Rotterdam en dié van Gouda was geskors en uiteindelik ook afgeset. Bouwman het reeds dié beginsel gedurende 1905 toe die kwessie van N Pekela op die Sinode hanteer is, kragtig verdedig. Die Generale Sinode mag volgens Bouwman nie doen wat die Kerkraad behoort te doen nie. Ook die *classis* mag nie optree asof daar geen Kerkraad is nie. In die Gereformeerde kerkreg val die mag van die kerk, in die geval die algehele verdorwenheid van die Kerkraad, terug na die gemeente. In so 'n geval verleen die *classis* slegs hulp dat 'n ander Kerkraad in die plek van die ontroue gekies word. In sy *Gereformeerde Kerkrecht Deel II* (1934:17-18) stel H Bouwman dit duidelik dat die Kerkraad oor die eintlike mag beskik en dat die meerdere vergaderinge daarteenoor slegs afgeleide mag beskik.

Die meerdere vergadering het volgens H Bouwman geen selfstandige, eie kerklike mag nie. Die meerdere vergadering het volgens H Bouwman (1934:20-21) nie hoër gesag of bestuursmag nie. Die seggenskap van die meerdere vergadering berus daarop dat



die kerke vrywillig met mekaar 'n kerkverband aangaan en dat hulle ooreenkom om die besluite van die meerdere vergadering uit te voer. Indien 'n besluit in stryd met Gods Woord is, mag die kerke dit nie gehoorsaam nie (art 31 DKO). Christus skenk volgens H Bouwman aan die plaaslike kerk die volledige kerklike mag, naamlik die bediening van die Woord en sakramente, die regeermag en die oefening van die kerklik tug (1934:22). H Bouwman (1934:22) beklemtoon dat daar 'n onderskeid tussen die mag van die Kerkraad en die mag van die meerdere vergadering bestaan. Daar is volgens H Bouwman (1934:22) 'n prinsipiële verskil tussen die mag van die Kerkraad en die mag van die meerdere vergadering, naamlik in oorsprong, wese, duur asook doel. Die Sinodes en *classis* besit volgens H Bouwman geen eie mag nie, behalwe dit wat aan haar oorgedra is. Die plaaslike kerk besit die eintlike en wesenlike mag en die *classis* en Sinode besit die ontleende en *accidentele* mag. Die Kerkraad is permanent terwyl die *classis* en meerdere vergadering slegs tydelik vergader en daarna ophou bestaan. Die Kerkraad bestaan nie ter wille van die meerdere vergadering nie, dog die meerdere vergadering bestaan ter wille van die welsyn van die kerk om die kerk van raad en leiding te dien. Die *classis* het nie dieselfde seggenskap oor die Kerkraad as wat die Kerkraad oor die gemeente het nie. Die seggenskap van die Kerkraad oor die gemeente is van 'n ander aard as die van die *classicale* vergadering oor die Kerkraad en die seggenskap van die Sinode oor die *classis* (Greijdanus 1943:18-21). Bouwman is van mening dat die wyse waarop Rutgers Voetius aangehaal het in sy boek *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken*, aanleiding gegee het tot die misverstand asof die Sinode nooit selfstandig met die tugreg teenoor kerkraadslede kan optree nie:

De wijze, waarop Prof Rutgers in het boek, door hem met prof Lohman geschreven, citaten van Voetius aanhaalt in de bestrijding van Dr HG Kleyn, heeft aanleiding gegeven, zoodat licht de indruk kon gevestigd worden, alsof de Synode nooit zelfstandig met de tucht optreedt tegen kerkraadsleden, ook wanneer een geschil organisch naar de meerdere vergadering is gebracht.

(Bouwman 1928: 80)

Dit lei daartoe dat die Gereformeerde kerke vir 'n lang tyd die mening toegedaan was dat Sinodes slegs uitspraak mag lewer, maar sodanige uitsprake nie in die praktyk self kan implementeer nie. Die implementering van besluite en/of uitsprake moes die Sinode oorlaat aan die *classis* of die plaaslike Kerkraad om tot uitvoering te bring. Deur nadere bestudering van die *canonici*, veral Voetius, en van die handeling van die Sinodes, erken Bouwman het hy tot die insig gekom dat die voorstelling van Rutgers nie juis is nie, independentisties gekleur is en dat die meerdere vergadering nie tot sy reg kom nie (Bouwman 1934:80). H Bouwman het hom volgens M Bouwman later by dr H H Kuyper se gewysigde standpunt met betrekking tot Voetius se opvatting oor die tugreg van die meerdere vergadering aangesluit (Bouwman 1937:7).

2.4.2.5 Ds Joh Jansen

Reeds in *De Heraut* van 14 Februarie 1926 noem Kuyper vir Joh Jansen 'n volkome betroubare gids vir die volk met betrekking tot die Gereformeerde kerkreg (Van Lonkhuysen 1926:69). In sy brosjure *De beginselen van ons Geref kerkrecht in de zaak Geelkerken* wat in die Christelike Brochurereeks "*Ons Arsenal*" onder redaksie van dr H Kaajan en Dr J Waterink verskyn het, asook in sy referaat met die tema *Het tuchtrecht der meerdere vergaderingen* gelewer op 'n Gereformeerde predikantekonferensie van 11-12 April 1928 het Jansen (1928:1-48) sy nuwe kerkregtelike standpuntinname verdedig. Joh Jansen lewer in sy *De Beginselen van ons Gereformeerde Kerkrecht in de zaak Geelkerken (1926)* kommentaar op Van Lonkhuysen en andere se standpunte met betrekking tot die besluit van Assen. Die beswaar teen die besluit van die Sinode van Assen om dr Geelkerken te skors en af te set was dat die Sinode alleen uitspraak kon lewer oor die onderhawige saak en die Kerkraad van Amsterdam-Zuid kon

adviseer om in samewerking met die naburige Kerkraad oor te gaan tot die skorsing van dr Geelkerken, maar dat die eventuele afsetting oorgelaat moes word aan die *classis* van Amsterdam (Jansen 1926:5). Die probleem ontstaan volgens Joh Jansen indien die Kerkraad sou weier om die besluit te implementeer.

Volgens Jansen (1926:8) word die grense van die bevoegdheid van die mindere vergadering duidelik in art 79 van die DKO bepaal. Volgens Jansen (1926:8) lê die bevoegdheid om 'n Bedienaar van die Woord in sy diens te skors, nie uitsluitlik en alleen by die *classis* met die in art 11 genoemde deputate van die Partikuliere Sinode nie. Art 79 van die DKO bepaal dat die skorsing nie deur die Kerkraad alleen nie, maar deur beide Kerkrade moet plaasvind asook dat die afsetting nie deur beide Kerkrade nie, maar deur die *classis* behoort te geskied (Jansen 1926:8). Art 79 beperk volgens Jansen (1926:13) nie die tugreg van die meerdere vergadering nie, maar beperk wel die tugreg van die mindere vergadering.

2.4.2.6. Ds O Noordmans (1871-1956)³³

Noordmans (1932:4), 'n predikant van die Hervormde Kerk, het hom ook gedurende die diskoers uitgespreek oor die ontwikkelinge in die Gereformeerde Kerken in Nederland. Hy was van die begin af betrokke by 'n beweging in die Hervormde Kerk genaamd *Kerkopbouw* en het volgens Kronenburg (2003:86) 'n groot invloed daarin gespeel. “Kerkopbouw was in zekere zin de tegenhanger van het in 1930 door Th.L. Haitjema opgerichte Nederlandsch Hervormd Verbond tot Kerkherstel, dat een overwegend confessioneel karakter droeg” (Kronenburg 2003:83).

³³ O Noordmans (1871-1956), predikant van die Hervormde Kerk te Idsegahuizen en Piaam 1903, Suameer 1910, Laren (Gelderland) 1923, emeritus 1943 (Van den Broeke 2005:310).

Noordmans is van mening dat die grense van die gemeente, die *classis* en die *provinciale* vergadering van die sewentiende eeu 'n andere betekenis gehad het as die van die negentiende en die twintigste eeu. Noordmans relativeer alreeds in 1932 die betekenis van die *classis* (Van den Broeke 2005:317). Met betrekking tot die Sinode van Assen se beroeping op Voetius *Pol Eccl IV* naamlik vraag 22 en 23 is Noordmans (1932:4) van mening dat 'n stel bepalinge uit Voetius (*Politica Ecclesiastica*) die kerk nie kan help nie. Blykbaar het die kwessie Assen by Noordmans (en by *Kerkopbouw*) gelei tot 'n ernstige kritiek op die presbiteriale stelsel:

In ander verband skreef hij in dieselfde tijd: 'Vooral de bekende synode van Assen, waar ds. Geelkerken veroordeeld werd, heeft velen ten opzichte van de voordelen van de presbyteriale kerkvorm sceptisch gestemd'. Elders schrijft hij: 'Wij hebben het voorbeeld van de Gereformeerde Kerken voor ogen. Een presbyteriale kerkvorm, buitengewoon geschikt voor een vruchtbaar en praktisch werk. Als regeling voor geloofsorde een afschrikwekkende mislukking.

(Kronenberg 2003:87-88)

Die kerkorde word volgens Noordmans (1932:4) nie met dieselfde geestelike mag uit die Skrif afgelei as die *sola fide* nie: *Deze kerkorde levert een goed voorbeeld van pneumatische exegese, een geestelijke vertaling uit ééne tijdperk in een ander.*" Noordmans ag 'n ontwikkeling in klassieke Gereformeerde kerkreg wel moontlik. Hy is van mening alhoewel dit blyk asof die veranderinge teen mekaar stry, is hul in werklikheid nie strydig met mekaar nie: "Beide willen de geestelike en morele deelname versterken en het eigene en christelike in de organisatie meer tot z'n recht te brengen" (Noordmans 1932:19).

2.4.3. Sinode van Amsterdam 1936

Die Generale Sinode het op 2 Augustus 1936 in Amsterdam byeengekom. Op dié Sinode het die *classis* van Bolsard 'n voorstel ingedien met betrekking tot die wyse van polemisering in die kerklike pers, die gebrek aan broederlikheid, die verwarring wat dreig om onder die kerkvolk te ontstaan en het die Sinode gevra om 'n einde daaraan te maak (*Acta Generale Sinode Amsterdam* 1936:36-37 en Janssen 1969:7).

Gedurende die sitting het dr Polman van Bolsward en ds Van der Vegt van Goes 'n voorstel met 'n heeltemal ander strekking ingedien. Hulle het onder meer in hul voorstel die vrees uitgespreek dat die inhoud van die polemieke en sekere artikels in die kerklike pers op bepaalde punte die Gereformeerde belydenis "hetzij wordt loslaten, hetzij wordt verswakt, hetzij disputabel wordt gesteldt" (*Acta Generale Sinode Amsterdam* 1936:88 art 152 en Janssen 1969:8). Hulle het voorgestel dat die Sinode 'n kommissie benoem om by die volgende vergadering oor dié bepaalde sake advies uit te bring.

Die Sinode het 'n kommissie van sewe lede benoem om die bepaalde opvattinge, wat afwyk van die sogenaamde gangbare leringe te toets aan die hand van die Skrif en die belydenisskrifte. Die kommissie moes onder andere die volgende onderwerpe ondersoek met verslag aan die daaropvolgende Sinode: die algemene genade, genadeverbond, onsterflikheid van die siel, pluriformiteit van die kerk, vereniging van beide nature van Christus en selfondersoek (*Acta Generale Sinode Amsterdam* 1936:104 art 212 en Janssen 1969:9).³⁴

³⁴ Joh Jansen het in die diskoers voor en na 1967, die skeuring in die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt), deel geneem.



Prof S Greijdanus en prof K Schilder het op die Sinode beswaar gemaak teen die besluit, aangesien hul van mening was dat die Sinode ingevolge art 30 slegs sake mag hanteer wat deur die kerke aan die orde gestel was (Van Tongeren 1952:25). Die Sinode het prof dr G Ch Aalders, ds G Diemer, prof dr S Greijdanus, dr V Hepp, prof dr K Schilder, dr J Thijs en prof dr DH Th Vollenhoven op die kommissie aangewys (Janssen 1969:10). Prof Greijdanus het kort na die Sinode hom skriftelik van die kommissie onttrek (*Acta Voortgesette generale synode Amsterdam 1938*: art 18). Die redes vir sy onttrekking word nie in die Acta aangedui nie.

2.4.4. Kerkregtelike polemiëk na die Sinode van Amsterdam (1936)

Gedurende 1937 het dr M Bouwman³⁵ aan die Vrije Universiteit gepromoveer met sy dissertasie *Voetius over het gezag der synoden*. Die kerkregtelike wisseling van 1926 vorm die agtergrond vir die dissertasie van M Bouwman. Van hierdie dissertasie behoort deeglik kennis geneem te word, aangesien onmiddellik na die publikasie van die dissertasie 'n openbare diskoers oor die *oud kerkrecht* en *nieuwe kerkrecht*, waarin onder andere Joh Jansen, prof S Greijdanus en dr W van Es deelgeneem het, ontketen was. Volgens Van Staaldune (2004:25 voetnota 23) het M Bouwman die Sinode van Assen (1926) se standpunt uitgebreid in sy dissertasie verantwoord.

Een nieuwe kerkrecht, waarvan we de kiem reeds vinden in de kerkrechtelijke handelingen der synode van 1926 en dat reeds door dr M Bouwman was gepropageerd in zijn proefschrift, een vijftal jaren geleden verschenen, maar dat nog nimmer officieel gewettigd was. M.a.w die hiërarchie, en synodocratie, de regering der vrije kerken boven af wordt nu officieel met volle zeilen de kerken binne geloodst, door praktische handelingen én door de poging, ze met beroep op de kerkorde als wettig en in overstemming met gereformeerde kerkrecht voor te stellen.
(Janssen 1969:81)

³⁵ M Bouwman (1901-1961) studeer regte en teologie. Hy was predikant in Baambrugge 1928, Nieuwendam 1931, buite bediening 1945. Daarna word hy advokaat (Van den Broeke 2005:224).



2.4.4.1. Dr M Bouwman

2.4.4.1.1 Die ekklesiologiese onderbou

M Bouwman (1937a:1) stel dit duidelik aan die begin van sy dissertasie dat Jesus die hoof van Sy kerk is, dat Hy die Kerk deur Sy raad regeer, dat die Kerk moet waak teen die heerskappy van die een teenoor die ander (art 31 NGB) en dat die Kerk is volgens 1 Kor 12 en Ef 4 die een liggaam van Christus waarvan die partikuliere kerk 'n lid is. Die Skriftuurlike argumente vir die positief goddelike reg van sinodes kan volgens Bouwman (1937a:1) onder meer gevind word deur die beroep op die kerkregering van die Ou Testament, asook die beroep op die praktyk van die apostoliese kerk (Hand 15). In Hand 15 was die kerk van Antiochië slegs deur enkele afvaardiging verteenwoordig. Die Skrif skryf dus volgens Bouwman (1937a:186) nie voor dat dit verpligtend is dat alle ampsdraers in meerdere vergaderinge saamkom nie. Die mag wat Christus oor sy kerk uitoefen is 'n hoër en koninklike mag (*potestas superior et regia*). Ten aansien van Christus is alle mag in Sy kerk laer, dienende mag. Ten opsigte van Christus het die Sinode dus 'n laer mag (Bouwman 1937a:186).

2.4.4.1.2. Die Vraagstuk van die Sinodale mag by Voetius

Voetius is volgens M Bouwman van mening dat die Gereformeerde kerkregering in ooreenstemming is met die vroeë kerk (1937a:35). In sy verdediging van die sinodale bevoegdheid beroep Voetius hom op die vroeë kerkvaders, onder andere Ignatius, Cyprianus asook Hieronymus (*Pol Eccl IV*, 125, *Pol Eccl III*, 261, 857 in Bouwman 1937a:35). Voetius staan in sy kerklike opvatting nader aan die independentistiese as die ander Gereformeerde outeurs (Bouwman 1937a:62). Die kerk berus volgens Voetius (Bouwman 1937a:63) op 'n goddelike instelling en op die wedersydse toestemming van



die gelowiges. In ooreenstemming met die goddelike gebod verklaar die gelowige dat hul onderling die kerklike gemeenskap (*societas*) aangaan. Hierdeur ontstaan die plaaslike kerk. Die gelowiges is lede (*membra*) van die *societas*. Daar word deur Voetius 'n onderskeid gemaak tussen ampsdraers (*partes diregentes*) en die gemeentelede (*partes directae*). Laasgenoemde word ook deur Voetius aangedui as die *populus* (Bouwman 1937a:63). Die kerklike mag berus by die hele kerk (*corpus ecclesiasticum*) as die *principium quod*. Daarteenoor kom die uitoefening van die mag die ampsdraers (*principium quo*) toe. Voetius lig die onderskeiding uit met die beeld van die gesigsvermoëns; die mens as *totum compositum* besit die vermoë om te sien, maar hy oefen dit uit deur sy oë (*principium quo*). Die sinodale mag ontstaan volgens Voetius deurdat die kerke hul magte saamvoeg en sy haar mag gemeenskaplik uitoefen (*quod ecclesia eam jungit cum potestate plurium, aut quod communicative, et scorsim ea utatur (IV, 179)*) (Bouwman 1937a:64). Aan die totale kerk (*correspondentia*) ken Voetius die eienskap van outoriteit toe (*Pol Eccl IV, 121*).

Op die sinodale mag pas Voetius dieselfde onderskeid toe as op die kerklike mag, naamlik *principium quod* en die *principium quo* toe. Volgens M Bouwman (1937a:64) is daar dus twee subjekte vir die sinodale mag, naamlik die eenheid van die sinodaal-verbonde kerke aan die eenkant en die Sinode aan die anderkant. Die partikuliere kerk is volgens Voetius (Bouwman 1937a:65) eerste en is dus *ecclesia prima* terwyl die sinodale verbintenis die *ecclesia orta* is. Volgens Voetius verloor kerke wat sinodaal met mekaar verbind is, nie hul selfstandigheid nie. Voetius lê groot nadruk op die selfstandigheid van die partikuliere kerk (Bouwman 1937a:66). Aan die kerke in korrespondensie of sinodaal gekombineerd kom die drievoudige mag toe naamlik, leer-, regeer- en tugmag (*Pol Eccl IV, 224*) (1937a:67). Die kerke gekombineerd in *classis*



of sinode het aldus Voetius (Bouwman 1937a:67) besturende mag jeens en oor elke lid in die kombinasie (*Pol Eccl I*, 226). Voetius gebruik onder andere die volgende woorde/begrippe om na die sinodale verbintenis tussen kerke te verwys naamlik *correspondentia*, *combinatio*, *communio*, *conjunctio*, *confoederatio*, *collectio*, *associatio*, *consociatio*, *concorporatio*, *communitas*, *societas*, *unitas* (Bouwman 1937a:68) Voetius bedoel volgens M Bouwman (1937a:72) soms met die begrip “algemene kerk” die onsigbare kerk (*ecclesia secundum statum mysticum (Pol Eccl I, II)*). Die gesamentlike kerke vorm volgens Voetius (Bouwman 1937a:73) ’n verenigde liggaam wat subjek is van die kerklike mag (*corporis uniti potestatem (Pol Eccl IV, 225)*). In die geval van noodsaak, as die kerk met ondergang bedreig word, moet die susterkerke saamkom om die betrokke lid te help en te genees. Volgens M Bouwman (1937a:74-75) beskrywe Voetius, in teenstelling met drr F L Rutgers, H G Kleyn en H Schokking, die sinodaalverbonde kerke as ’n *ecclesia instituta*;

Ik concludeer dat volgens Voetius het geheel der synodaal verbonde kerken *ecclesia instituta* is; dat dus gesproken kan worden van een nationale, provinciale en classicale kerk als instituut, waarvan de plaatselijke geïnstitueerde kerken deelen of afdeelingen zijn; en dat voorts ook gezamentlijke ambtsdragers van dit instituut een corpus, een corporatieve eenheid vormen.

(Bouwman 1937a:74)

Volgens Rutgers vorm die kerk geen eenheid in die institutêre sin van die woord nie. Die sinodale mag berus volgens Voetius (Bouwman 1937:85) by die *ecclesiae combinatae (principium quod)* die subjek wat die mag uitoefen is die Sinode. Tussen die meerdere vergadering (*classis*, partikuliere sinodes en algemene sinodes) is daar geen prinsipiële verskil nie; dog is daar ’n verskil tussen mindere en meerdere mag of kleiner of groter mag. Art 41 van die DKO wys op tweërlei kenmerke van meerdere vergadering, naamlik dat dit bestaan uit afgevaardigdes van die kerke en dat die afgevaardigdes ampsdraers dit wil sê Bedienaars van die Woord en ouderlinge is. Die Sinodes is volgens Voetius (Bouwman 1937a:87) die samekomste van kerke wat bestaan

uit die afvaardiging van die kerke wat die kerke verteenwoordig. Volgens Voetius is dit geoorloof om nie-ampdraers na die Sinode af te vaardig (*Pol Eccl IV*, 194,195,198,178). Voetius ken volgens M Bouwman (1937a:90) twee soorte meerdere vergaderinge, met name die gewone Sinode bestaande uit afgevaardigdes en die buitengewone Sinode bestaan uit alle Kerkrade. Volgens Voetius is die Kerkraad geen absolute vereiste vir die essensie van die Gereformeerde kerkregering nie (Bouwman 1937a:93). Voetius sny die gedagte af dat die lede van 'n Sinode 'n besondere en/of hoër amp sou beklee (Bouwman 1937a:95). Volgens Voetius (Bouwman 1937a:95) ontnem die feit dat 'n gewone gelowige na 'n meerdere vergadering afgevaardig word, nie die amptelike karakter van sodanig vergadering nie (Bouwman 1937a:96).

Volgens Voetius (Bouwman 1937a:97) lê die verskil tussen die meerdere vergadering en die plaaslike kerk in die delegasie. Die Kerkraad is die vergadering waar alle ampsdraers van 'n plaaslike kerk lid is. Daarteenoor kom tydens die Sinode, in die reël, nie alle ampsdraers van die ressort byeen nie. Die mandaat van die afgevaardigdes van 'n meerdere vergadering is tydelik, dit wil sê dit duur slegs vir die duur van die meerdere vergadering. Terwyl die mag van die Kerkraad duur solank die lede van die Kerkraad die amp beklee (Bouwman 1937a:98).

Volgens Voetius is alle kerklike vergaderinge (Kerkraad, *classis*, provinsiale en nasionale sinode) *coetus ecclesiastici* met vaste en gewone kerklike mag beklee (in Bouwman 1937:a99). Voetius dui in *Pol Eccl IV*, 145 die Sinode met dieselfde naam aan as wat hy in die reël vir Kerkraad gebruik naamlik *presbyterium* en *synedrium* (Bouwman 1937a:100). Die Sinode is volgens Voetius dus die groter Kerkraad terwyl die Kerkraad van die plaaslike kerk, die plaaslike Kerkraad is. Die Sinode is

vervolgens 'n gekombineerde Kerkraad. Volgens Voetius (Bouwman 1937a:103) bind die besluite van Sinodes die kerke en haar lede op dieselfde wyse as die besluite van die Kerkraad die lede van die plaaslike kerk bind. Volgens Voetius (Bouwman 1937a:103) is die sinodale mag kumulatief van aard. Daar is dus 'n ooreenstemming tussen die Kerkraad en die Sinode soos duidelik blyk uit Voetius se *Pol Eccl I*, 226, vraag 21 (Bouwman 1937a:103).

Die mag van die Sinode is volgens Voetius (Bouwman 1937a:103) groter as dié van die Kerkraad. Die sinodale bevoegdheid wat die afgevaardigdes van die meerdere vergadering uitoefen, is nie blywend van aard nie, maar tydelik, beperk, dienend, nie oorspronklik nie, maar afgelei en gedelegeerd teenoor die kerke wat hul afgevaardig. Die mag van die gesamentlike Kerkrade is groter as die mag van die Sinode (Bouwman 1937a:107). Aan die anderkant is die eenheid wat die gesamentlike kerke vorm van soortgelyke aard as die eenheid van die lede van die plaaslike kerk. Die mag van die Sinode is dus groter as die van die afsonderlike Kerkraad. Daar is dus geen prinsipiële verskil tussen die Kerkraad en die Sinode volgens Voetius (Bouwman 1937a:109). F L Rutgers, A F de Savornin Lohman asook H Bouwman, ds Joh Jansen (vóór 1926) verskil egter met dié opvatting van Voetius. Hulle aksentueer delegasie as 'n kenmerk van die *vel plurium ecclesiarum* (die meerdere vergaderinge) en gaan van die voorveronderstelling uit dat die mag van die *classis* en Sinodes laer, beperk, dienend, afgelei is. Hulle beroep hul onder andere op Voetius in *Pol Eccl IV*, 122 en *Pol Eccl IV*, 174-178 (Bouwman 1937a:109). M Bouwman wys hierdie interpretasie van Voetius sonder meer af. Hy is van mening dat bogenoemdes die betekenis van die delegasie na meerdere vergaderinge asook die betekenis van die amp by die samestelling

van meerdere vergadering, oorskat (1937a:110). Bouwman is van mening dat die mag en gesag van die Sinode en die Kerkraad wesenlik dieselfde is.

2.4.4.1.3. Die grondslag van die goddelike reg

Voetius fundeer die goddelik reg van die kerkverband op Hand 15. Die mag van die Sinode berus volgens Voetius op twee grondslae naamlik die goddelike reg en op die vrywillige instemming (Bouwman 1937a:113). By Voetius word die onderskeid aangetref tussen *jus divinum positivum* en *jus divinum permissivum*. Wanneer hy die Sinode *jus divinum permissivum* noem, wil hy daardeur sê dat die Heilige Skrif nêrens die hou van 'n Sinode verbied nie en dat sinodale magsuitoefening nie in stryd is met die Skrif nie (Bouwman 1937a:115). In die *jus divinum positivum* (positief goddelike reg) maak Voetius dus (Bouwman 1937a:116) 'n onderskeid tussen die fundamentele geloofswaarhede en kerkregtelike kwessies waartoe ook die sinodale stelsel behoort. Die positief goddelike reg is die eerste grondslag van die sinodale mag (Bouwman 1937a:117). Vir die wese van die kerk is die kerkverband en die meerdere vergadering nie noodsaaklik nie (Bouwman 1937a:120).

2.4.4.1.4. Die tweede grondslag die wedersydse toestemming

Met betrekking tot die *vrywillige toestemming* stel Voetius (Bouwman 1937a:148) dit duidelik dat die vrywillige toestemming nie slegs 'n grondslag is nie, maar dat dit 'n voorvereiste vir die totstandkoming en die beoefening van die kerkverband (*Pol Eccl IV, 120, sub 11*) is. Die kerkverband word gekenmerk deur vryheid, dit wil sê die uitsluiting van dwang. Voetius lê ook klem op die vrywillige karakter van die gemeenskap van die plaaslike kerk. Die eenheid van die kerk (*unio ecclesiarum*) berus op die grondslag van die wedersydse toestemming van die kerke (Bouwman 1937a:149).

Voetius wys hiermee alle vorm van hiërargie af. Die kerkverband kan nie tot stand kom deur die eensydige skikking van een of meer kerke nie wat die ander kerke dwing nie, maar alle kerke moet hul toestemming gee (*Pol Eccl IV, 120*) en is daarom wedersydse toestemming (*consensus mutuus*) (*Pol Eccl IV, 119*). Daar is tussen die kerke 'n verhouding van gelykwaardigheid. Tussen die kerke in een *classis* of Sinode is daar volgens Voetius (Bouwman 1937a:150) geen subordinasie nie (*Pol Eccl IV, 122*). Voetius (Bouwman 1937a:150) sê dat wanneer 'n kerkverband tot stand kom, daar geen nuwe kerk ingevoer word nie (*Pol Eccl IV, 167*). Volgens Voetius (Bouwman 1937a:154) beteken vrywillige instemming nie dat 'n partikuliere kerk haar van besluite van die Sinode kan onttrek nie. Dit beteken veeleerder dat aangesien die kerkorde en kerkverband met akkoord aanvaar is, die Sinode opvolging van haar besluite kan verwag en staan dit die partikuliere kerk nie vry om die band te breek nie. Die verbreking van die verband kan volgens Voetius (Bouwman 1937a:155) van die meerdere vergadering uitgaan. 'n Korrupte kerk kan volgens Voetius deur die Sinode geëkskommunikeer word (*Pol Eccl I, 227*).

2.4.4.1.5. Die karakter van die sinodale mag

Volgens *Pol Eccl IV, 122* en *Pol Eccl IV, 174-178* is die mag van die Sinode wat uit afgevaardigdes bestaan 'n *potesta delegata*, dit wil sê 'n gedelegeerde mag. Die Sinode het volgens Voetius (Bouwman 1937a:160) geen primêre en oorspronklike mag nie, maar het volgens Voetius in *Pol Eccl IV, 178* tog wel ontleende, gedelegeerde tydelike en beperkte, laer mag. Die sinodale mag kom die Sinode nie essensieel toe nie, maar eerder *accidenteel* (*Pol Eccl IV, 174 synodo non nisi accidentaliter*). Die mag van die Sinodes is gemeenskaplik en koöperatief en is dus nie primêre of enkelvoudige mag nie, maar is sekondêre, saamgestelde, saamgevoegde, gekombineerde, verenigde

mag (Bouwman 1937a:174-175). Die plaaslike kerk gaan die kerkverband vooraf. Die mag van die meerdere vergadering teenoor dié van die Kerkraad is volgens Voetius kumulatief van aard en is nie privaatiewe mag nie (*potestas cumulativa non privativa*) (Bouwman 1937a:178). In die geval van wanbestuur of hoër beroep is die Sinode volgens Voetius (Bouwman 1937a:184) bevoegd om in die sake van die partikuliere kerk te beslis en selfs haar beslissing in die partikuliere kerk tot uitvoering te bring. Aan die meerdere vergadering kom gevolglik die mag toe om die Kerkraad van 'n plaaslike kerk, in die geval van hardhandige wanbestuur, te ekskommunikeer en/of uit die amp te ontset. Die meerdere vergadering kan dus die besluite van 'n Kerkraad in so 'n geval vernietig en tugmiddels toepas (Bouwman 1937a:185). Die meerdere vergadering is, aldus M Bouwman (1937a:186), wel 'n hoër vergadering bekleed met hoër gesag. Meerdere vergaderinge het die reg van beslissing in die geval van appèl, art 31 van die DKO en het seggenskap oor die mindere vergaderinge, vergelyk art 36 van die DKO (Bouwman 1937a:193). Die mag van die meerdere vergadering is volgens Voetius 'n helpende mag (*potestas auxiliaria Pol Eccl I, 228*). In die kerkverband is alle kerke en ampsdraers gelyk en verleen elkeen aan mekaar raad en hulp. Bouwman (1937a:193) wys dit egter af dat die helpende mag as 'n ekwivalent vir adviserende mag beskou kan word. Voetius is in *Pol Eccl IV, 134* van mening dat die Sinode met haar mag korrupte kerke moet help en nie aan die verderf mag oorlaat nie (Bouwman 1937a:194). Die Sinode kan vervolgens ingryp in die partikuliere sake van 'n kerk en so dus deur die toepassing van tugmiddele weer die orde in die kerk herstel. Die mag van die meerdere vergadering is dus volgens Voetius (Bouwman 1937a:196) wesenlik dieselfde as dié van die mindere vergadering.

Die drie dele van kerklike mag, naamlik die leer-, regeer- en die tugmag (*potestas dogmatica, regiminis en jurisdictionis Pol Eccl I, 117-120*) ken Voetius ook aan die Sinode toe. Die eerste groep objekte wat tot die kompetensie van 'n sinode behoort, is die gemeenskaplike sake (Bouwman 1937a:197). Voetius dui aan dat die partikuliere sake tot die tweede groep behoort (Bouwman 1937a:199). Die eerste sluit in sake wat alle kerke in die ressort raak, byvoorbeeld die belydenisgrondslag en die tweede sluit in sake wat nie vir alle kerke van belang is nie, byvoorbeeld geskille op plaaslike vlak. Voetius ken aan die Sinode, anders as die Independentente, 'n outoritiewe bevoegdheid toe (Bouwman 1937a:223). Die besluite van Sinodes bind volgens M Bouwman (1937a:228) beide die kerke en die afsonderlike lede. M Bouwman (1937a:228) is van mening dat alhoewel Rutgers hom graag op Voetius beroep, hyself op die punt volkome afwyk van Voetius. Hy gee F L Rutgers gelyk dat die Sinode nie altyd op 'n bevelende toon moet spreek nie. M Bouwman (1937a:229) toon aan dat ook Van Lonkhuysen van mening is dat Sinodes nie die reg het om te beveel en hul besluite op plaaslike vlak te volvoer nie (Bouwman 1937a:229). Die bindende krag van die besluite was volgens M Bouwman (1937a:229) deur H H Kuyper in *De Heraut* 2842 oortuigend verdedig. Hierdie bindende krag van sinodale besluite word volgens Bouwman (1937a:233) daarin begrens dat Sinodale besluite nie in stryd met die Skrif mag wees nie. Indien wel, is dit volgens art 31 van die kerkorde ongeldig (Bouwman 1937a:233).

2.4.4.1.6. Die regeermag van die meerdere vergaderinge

Voetius onderskei tussen verskillende grade in die tugmag, naamlik *Actus primari en actus secundarii* (Bouwman 1937a:301). Die *Actus primari* verwys na waar iemand of aan die eenkant van die Nagmaal afgehou word (*excommunicatio minor*), of aan die

anderkant waar iemand geëkskommunikeer word (*suspensio* of *excommunicatio maior*). Die ekskommunikasie en wederopneming anders as *excommunicatio minor* wat deur die Kerkraad afgehandel kan word, vind in die teenwoordigheid van die gemeente plaas. Daarteenoor het die *actus secundarii*, alleen volgens Voetius in *Pol Eccl IV*, 868-869 op ampsdraers betrekking en sluit onder andere in die skorsing (*suspensio*), die bandlosmaking (*depositio minor*) uit die amp en ontsetting *depositio maior* uit die amp in (Bouwman 1937a:301).

2.4.4.1.7. Die tugmag van die meerdere vergaderinge

By oortreding van kerkordelike bepalinge en ongehoorsaamheid aan sinodale besluite, asook in gevalle van wanbestuur en onmag, kan die meerdere vergadering volgens Voetius van die tugreg gebruik maak en is sy verder bevoeg om in die plaaslike kerk haar tugmag uit te oefen (Bouwman 1937a:312). Voetius ken volgens M Bouwman (1937a:325) aan die Sinodes die reg toe om haar besluite insake tug in die plaaslike kerk tot uitvoering te bring, sonder dat die Kerkraad tot die handeling instem (1937a:325-326). Die Sinode kan, volgens M Bouwman (1937a:327), buite die plaaslike Kerkraad die banvonniss voltrek. Op die vraag 22³⁶ in *Pol Eccl I*, 226 of elke deel van die kerklike mag, ook ekskommunikasie, ingeval van wanbestuur en ongeneeslike verderf, aan die sinodale vergadering van die kerke toegeken kan word, het Voetius geantwoord dat hy nie kan sien waarom in bovermelde gevalle dit ontken kan word nie (Bouwman 1944a:46). Hy maak die verdere opmerking dat daar deur sommige

³⁶ Quaestio 22 van Voetius se *Politica Ecclesiastica*: "Of elk deel van de kerkelijke macht ook de excommunicatie, ingeval van wanbestuur, ongeneeslijk verderf, aan de synodale vergadering der kerken kan worden toegekend en door haar uitgeoefend? Antwoord: Ik zie niet waarom dit in bovenvermelde zaken en gevallen ontkend kan worden. Door sommige nieuweren wordt bezwaar gemaakt in betrekking tot de macht om te excommuniceren; hetgeen door anderen door onderscheiding en verzoening der tegengestelde meeningen aldus wordt opgeheven, dat men zegt, dat ingeval van wanbestuur aan de synode het bestuur en de praeformatie van het vonnis toekomt, dat echter de excommunicatie zelf in forma of liever de uitvoering ervan, aan de particuliere kerk moet worden overgelaten, zooals in I Cor. 5 vergeleken met Matth. 18"; Bouwman, Voetius, 342. (Bouwman 1937a:354-355)



nuwelinge beswaar gemaak word teen die mag om te ekskommunikeer en dat andere 'n middelweg inneem. Voetius is van mening dat die Sinode wel ekskommunikasie mag het (Bouwman 1937a:342): “Quaestio 22: Of elk deel van de kerklijke macht, ook de excommunicatio, in de geval van wanbestuur, ongeneselijk verderf, aan de synodale vergadering der kerken toegekend en door haar uitgeoefend? Antwoord: Ik zei niet waarom dit in bovenvermelde zaken en gevallen ontkend kan worden” (*Pol Eccl IV*, 226-228). Voetius stel dit, volgens M Bouwman (1937a:347), dat in gevalle waar nóg die Kerkraad nóg die gemeente tot inkeer kom, die Sinode in vraag 22 vier weë kan inslaan. Die Sinode kan die ekskommunikasiebesluite en die banvonnis deur haar deputate in die samekoms van die gemeente voltrek; die vonnis kan in die kerke van die ressort afgekondig word; die skuldiges kan *de facto* buite die gemeenskap gesluit word, sonder dat 'n formele ekskommunikasie plaasvind; laastens, kan skriftelik of deur die deputate die banvloek afkondig word (Bouwman 1937a:347). Voetius handhaaf volgens Bouwman (1937a:340) in vraag 22 die Gereformeerde beskouing van die sinodale ekskommunikasiereg teen die besware van die Middle-way-men. Die Middle-way-men verwys volgens (Bouwman 1944a:47) na die gematigde Independenten. In *Pol Eccl I*, 228, 229 vraag 23³⁷ beantwoord Voetius die vraag of die meerdere vergadering bestuurs- of regeermag het en óf die gemeente *alleen* die regeermag het om die verdorwe Kerkraad te ontset en hul dus af te set. Volgens

³⁷ Quaestio 23: “Of de bestuurs- of regeermacht zoo aan den kerkeraad vastgehecht is, dat zij hem in geval van noodzakelijkheid en niet te reformeeren verderf niet tot heil en stichting van het lichaam der kerk ontnomen kan worden, hetzij wat het recht betreft hetzij wat aangaat de uitoefening, en naar elders overgebracht...Aangezien juist door middel van de kerk deze macht is opgedragen aan de dienaren en de ouderlingen, kan zij hun stellig door middel van diezelfde kerk in geval van noodzakelijkheid en om gegronde redenen ontnomen worden...De reden is deze: omdat door denzelfde, door wien op kerkelijk gebied wettig iets wordt opgedragen, te weten door macht te geven aan dezen of genen persoon, datzelfde ook weer wettig ontnomen wordt, wanneer de noodzakelijkheid dit aldus vordert. Welnu, het zijn de gemeenteleden, door wier wettige verkiezing hetzij onmiddellijk door henzelf, hetzij middellijk in den kerkeraad, en daardoor oorspronkelijk, de macht aan dezen of genen persoon wordt gegeven. Bijaldien de helpende macht der door den synodalen band saamverbonden kerken onwillig of niet in staat is hier te hulp te komen, doe de kerk zelf in geval van noodzaak dit uit eigen hoofde. Maar indien ook dit niet geschieden kan wegens afdoende verhindering, onttrekke zij zich aan dien kerkeraad of aan die ambtsdragers, zooals ten tijde van het begin der reformatie en in het bijzonder ten tijde van de woelingen der Remonstrantsche factie in Nederland op vele plaatsen geschied is, en wettig heeft kunnen geschieden” (Voetius in Bouwman 1937a:354-355).

Bouwman (1937a:353) sê Voetius nêrens in vraag 23 dat die gemeente *alleen* die regeermag het om verdorwe kerkrade af te set nie. In werklikheid erken Voetius in vraag 23 dat die gemeente uit eie hoofde die ampbevoegdheid van die ampsdraers kan wegneem, indien die “helpende macht” van die kerkverband ontbreek (Bouwman 1937a:354 asook 1944:49). Voetius ontken in vraag 23 volstrek dat Sinodes en *classis* die reg het om in die sake van ’n partikuliere kerk wat tot dwaalleer of skisma verval het, in te gryp, te ekskommunikeer, af te set en/of die oordeel in die plaaslike kerk te voltrek nie: “Alsdan handhaaft Voetius het recht der gemeente, om nu, in dit geval van noodzakelijkheid, uit eigen hoofde te handelen, en zoo voor haar deel dien kerkeraad of die ambtsdragers af te zetten, nu er geen hulp van de meerdere vergaderingen te wachten is” (Bouwman 1944a:50).

2.4.4.1.8. Die sinodale tugmag en die DKO

M Bouwman behandel in Afdeling III die vraag of die beskouing van Voetius nie in stryd was met die DKO nie. M Bouwman (1937a:370) is van mening dat Voetius hom juis onder andere in *Pol Eccl IV*, 121, sub 9 rig teen hiërargie wat ook in art 84 van die DKO bestry word. Art 84 beklemtoon die gelykwaardigheid van die ampsdraers en die kerke onderling en handhaaf die selfstandigheid van die partikuliere kerk teenoor elke ander partikuliere kerk binne kerkverband (Bouwman 1937a:371). Ter handhawing van die selfstandigheid van die gemeente beroep Voetius hom telkens op art 30 van die DKO waarvolgens die Sinode nie op sy eie, kerklike sake mag afhandel nie (Bouwman 1937a:371).

2.4.4.2. Prof S Greijdanus (1871-1948)³⁸

Gedurende 1937 tot 1943 het prof Seakle Greijdanus 'n reeks artikels geskryf waarin hy onder andere die *nieuwe kerkrecht* bestry het. In die artikel *Over vragen van Gereformeerde Kerkverband. Voetius over het gezag der Synoden* wat in *De Reformatie* van 16 Julie 1937 verskyn het, beoordeel S Greijdanus die dissertasie van M Bouwman insake *Voetius over het gezag der Synoden*. Onder die leiding van prof H H Kuyper, as promotor, het Bouwman die dissertasie geskrywe wat volgens Greijdanus (1937:341) “die eere van dr F L Rutgers (en ook van dr A Kuyper e a) als kenner van Voetius kerkrecht en als Gereformeerde canonicus vernietigt, vgl blz 74 vv, 109, 156, 227, 242, 246, 283, 325 e v a.” Uit *Voetius over het gezag der Synoden* blyk dit dat die Doleansiebeweging op 'n jammerlike kerkregtelike dwaling van haar leiers berus (Greijdanus 1937:341). Volgens Greijdanus (1937:341) toon dié dissertasie dat die *classicale* vergaderinge en Sinodes hoër mag (Bouwman 1937a:186), hoër kerklike vergaderinge is (Bouwman 1937a:188), nie prinsipiëel van die Kerkrade verskil nie (Bouwman 1937a:109), mag het om in die geval van onmag en wanbestuur te in die plaaslike gemeente besluite in die plaaslike gemeente implementeer (Bouwman 1937a:28 en 218). Die dissertasie stel volgens Greijdanus (1937:341) die vraag of die kerk nie geroepe is om na die sinodale bestuur van die Hervormde kerk terug te keer nie. “Zakelik geeft dit boek eene uiteenzetting en verdediging der opvattingen van prof dr H H Kuyper sedert 1926” insake *Voetius se kerkregtelike leer en van die ware wese en die regte werking van die Gereformeerde kerkverband* (Greijdanus 1937:341). H H Kuyper was deur Greijdanus daarvan

³⁸ Dr S Greijdanus (1871-1948), predikant te Rozenburg 1904, Zuid-Beijerland 1911, Paesens 1915, hoogleraar Theologiese Hogeschool 1917, emeritus hoogleraar 1943, gaan oor na die Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) 1945 (Van den Broeke 2005:234).

beskuldig dat baie van sy eie idees oor die *nieuwe kerkrecht* uiteindelik in dié dissertasie verwoord word.

Die karakter van die kerkverband: *Classicale* vergaderinge en sinodale vergaderinge is volgens Greijdanus (1937:342), anders as wat M Bouwman beweer, geen vergaderinge van ampsdraers nie, maar van kerke. Daarom is dit volgens Greijdanus (1937:342) onjuis dat *classicale* en Sinodale vergaderinge 'n amptelike karakter het soos M Bouwman in sy dissertasie beweer. Die *classis* en Sinode het volgens Greijdanus (1937:342) nie meer regte as wat die kerke binne die kerkverband onderling met mekaar gereël het nie, daarom kan by die *classis* en Sinodes volgens Greijdanus (1937:342) nie van hoër mag gepraat word nie. Die kerkreg waarvan in die dissertasie van Bouwman geleer word, is volgens Greijdanus (1937:343) louter hiërargie, wel nie papale hiërargie, nóg katedrale hiërargie, maar is volgens Greijdanus sinodale hiërargie. Greijdanus (1937:343) is van mening dat in die kerkregtelike studie en praktyke moet gewaak word teen historisme, dit wil sê die erkenning van wat histories gebeur het as normatief. Hy beklemtoon onder andere dat in die Gereformeerde kerkreg meer aan die bestudering van die Skrif gedoen behoort te word: “De weg van het zuivere Gereformeerde kerkverband en kerkrecht, den weg van Gods Woord, moeten we gaan un ons kerkelijk denken en handelen. Anders gaat het steeds mis. En dan zouden we ons bezondigen aan de Kerk des Heeren” (Greijdanus 1937:343).

Die selfstandigheid van die plaaslike kerk: Greijdanus (1937:100) wys M Bouwman se voorstelling van Voetius onomwonde af dat die Sinode 'n groter Kerkraad is en dat die Kerkraad van die plaaslike kerk 'n kleiner of plaaslike Kerkraad is.

Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering: In sy artikel *Het wezen der meerdere kerkelijke vergaderingen volgens Voetius* gee Greijdanus dit deur dat Voetius twee fundamente waarop die meerdere vergaderinge berus, onderskei naamlik die goddelike reg en die wedersydse toestemming (Greijdanus 1938a:289).

Die kerkverband: Greijdanus (1943a:16) konstateer in sy artikel *Over Gereformeerde kerkrecht* wat in *De Wachter* verskyn het dat die kerk drieërlei mag, te wete die mag van leervasstelling, die van regering of bestuur en die van tuguitoefening *potestas dogmatica, regimisis, jurisdictionis*, het. Die kerk behou die mag ook as sy met ander kerke in korrespondensie of verband tree. Deur die aangaan van die kerkverband word die drievoudige mag nie verloor nie, of doen sy nie afstand van die mag nie, dra sy die mag nie oor aan haar verteenwoordiger/afgevaardigde op die meerdere vergadering nie of aan die meerdere vergadering nie. Volgens Greijdanus (1943a:16) is nóg die mag van leerbepaling, nóg die regering en bestuur, nóg die tugoefening oordraagbaar.

Greijdanus (1938e:297) wys in sy artikel *Nieuw Kerkrecht* daarop dat volgens Voetius die kerkverband op 'n verpligting, wat deur God in Sy Woord openbaar is, en op die vrywillige wederkerige toestemming van die kerke. Naas die goddelike roeping tot die aangaan van sodanige korrespondensie of konfederasie, staan die wedersydse toestemming van die kerke tot die aangaan daarvan (Greijdanus 1938:255). Greijdanus (1938e:259) wys daarop dat volgens Voetius berus die kerkverband op die deur God in Sy Woord geopenbaarde verpligting, daar is by die kerke onderlinge “*consensus mutuus*” dus 'n wedersydse toestemming (*Pol Eccl V*, 286-287). Die meerdere

vergadering is volgens Greijdanus (1938e:259) nie “geïnstitueerde” kerke in wesenlike gelyke sin soos die plaaslike kerke nie.

Met betrekking tot M Bouwman (1937a:74, 71, 100 asook 159), se bewering dat volgens Voetius die *classicale* en sinodale vergaderinge in wese ook kerkraadsvergaderinge is, is Greijdanus (1938a:298) van mening dat M Bouwman op die punt Voetius verkeerd lees. Voetius wil volgens Greijdanus niks daarvan weet dat *classicale* kerke te same met die kerke in sinodale verband soos die plaaslike kerk ’n *ecclesia instituta* is nie (1938a:298). Greijdanus (1938a:313) is in sy artikel *Het wezen der meerdere kerkelijke vergaderingen* van mening dat kerklike verbindings in *classes* en Sinodes geen kerke in die eintlike sin nie van die woord soos in die geval van die plaaslike kerke is nie. Ook is die meerdere vergaderinge geen Kerkrade soos die Kerkrade, *consistories*, van die plaaslike kerk nie. Die meerdere vergadering berus volgens Greijdanus aan die kant van die mens op die delegasie. Die lede van ’n meerdere vergadering kom nie vanweë hul ampsbekleding byeen nie en hul handel nie na hul ampsbevoegdheid nie, maar hulle is volgens Greijdanus (1938a:313) afgevaardigdes deur die kerke of meerdere vergaderinge (*classes*, Partikuliere Sinodes). Volgens Greijdanus (1938a:313) maak Voetius ’n fout in sy beredenering wanneer hy sê dat *classes* en Sinodes mag van outoriteit of bestuur het teenoor elk ander lid van die kombinasie het en bygevolg ook teen en oor elke lid van die partikuliere kerk. Volgens Voetius is daar ’n sekere sinodale outoriteit en mag wat ontstaan, wat nie oorspronklik, of saamgesteld of byeengevoeg of enkelvoudig of opkomend uit die vele partikuliere kerke is nie. Die mag is volgens Voetius kumulatief soos die mag van alle apostels (*Pol Eccl* vraag 23, p189). Greijdanus (1938a:313) is van mening dat die vergelyking met die mag van die apostel nie opgaan nie, aangesien daar van kulminasie



van regsmag by die meerdere vergaderinge nie sprake kan wees nie. Daar is volgens Greijdanus (1938a:313) wel 'n byeenvoeging van mag, maar geen vermeerdering van bevoegdheid of reg nie. In 1943 het Greijdanus (1943a:2) in *De Wachter* weereens indringend kritiek gelewer teen die weergawe en interpretasie van Voetius deur M Bouwman in sy dissertasie onder dr H H Kuyper met die titel *Voetius over het gezag der synoden*:

Maar men schijnt Voetuis niet te kennen, noch hem te lezen, en hem zelfs niet goed te kunnen lezen, zoals vóór enkele jaren in een proefschrift over Voetius een groote blunder in dezen blijkbaar ook door den Promotor niet was opgemerkt. Het is, of men zich om ons Nederlandsche Gereformeerde kerkrecht en Voetius weinig bekommert, om, naar gelegenheid, er maar wat op los te improvisereen, ook al raakt dat kant noch wal.

Greijdanus (1943a:2)

Een grondbeginsel van die samelewing van die kerke na aanleiding van die Gereformeerde kerkreg, word volgens prof S Greijdanus (1943a:1) uitgedruk in art 85 (vroeër art 84) van die DKO, naamlik geen kerk sal oor 'n ander kerk heerskappy voer nie. Die artikel is grotendeels ontleen aan die Franse kerkorde van 1559. Dit word in Emden 1571 eerste geplaas. In die artikel kom die fundamentele betekenis van die Gereformeerde opvatting oor die kerk na vore. Volgens prof S Greijdanus (1943a:1) word in die artikel beklemtoon dat alle kerke in die Gereformeerde verband in wese en mag of gesag (juridies) aan mekaar gelyk is. Van die kumulاسie of opeenhoping van mag kan in die opsig dus by die *classis* of Sinodes anders as wat Bouwman beweer in *Voetius over het gezag der Synoden* volgens Greijdanus (1943a:2), geen sprake wees nie. Die *classes* of Sinodes het volgens Greijdanus geen opperbestuur of heerskappy. Art 85 verwerp volgens Greijdanus alle vorm van hiërargie van die *classis* of sinodokrasie. Greijdanus (1944:4) verwys onder meer na die Weselse artikel iv.7 wanneer daar van die Bedienaar van die Woord die volgende gesê word: “dat sy voorts geen minste gezag of vrijheid om te heerschen zich zullen aanmatigen.” Volgens

Greijdanus (1943a:3) het geen meerdere vergadering 'n eie, selfstandige, oorspronklike reg tot bevele of beskikking oor enige ander kerk, behalwe slegs dit wat by onderlinge afspraak of ooreenkoms gereël is nie. Die meerdere vergadering het aldus Greijdanus (1943a:3) slegs afgeleide gesag. Die mag van die *classis* en Sinode is dus volgens Voetius (*Pol Eccl IV, 122*) nie onbeperk nie, maar begrens, nie oorspronklik nie, maar afgelei en gedelegeerd Greijdanus (1943a:3) beklemtoon dat die meerdere vergadering dus nooit méér as elke van die afsonderlike kerke kan wees nie. Niemand kan volgens Greijdanus homself meer mag toe-eien as wat hom toekom nie, of delegeer as wat hyself het nie. Greijdanus (1943a:3) is van mening dat Voetius dit juis duidelik stel: *non originalis, sed derivata et delegata* (nie oorspronklik, maar afgeleid en opgedra).

Na die eis van die Heilige Skrif onderhou die kerke 'n noue verband. Die aard van hierdie verband is uit 'n juridiese oogpunt beskou kontraktueel (Greijdanus 1943a:4) Die afgevaardigdes na meerdere vergaderinge het geen selfstandige mag teenoor die delegerende kerke nie. Geen kerk het volgens Greijdanus (1943a:5) die reg om aan 'n ander kerk bevele of opdragte te gee nie en oor haar te heers nie. Die kerke mag slegs raad en hulp aanbied volgens Greijdanus (1943a:5). 'n Kerk en of 'n *classis* of sinode het dus nie die reg om in 'n ander kerk sonder opdrag of toestemming lede aan sensuur te onderwerp, of te ekskommunikeer, te skors, af te set of te vervang deur ander of ampsdraers aan die betrokke kerk op te dwing nie. 'n Meerdere vergadering is vervolgens 'n vergadering van kerke en nie soseer van ampsdraers nie. In besonderse gevalle kan ook nie-ampsdraers na die Sinode afgevaardig word. Die afgevaardigdes by 'n meerdere vergadering sit daar nie as ampsdraers nie, maar as verteenwoordigers van hul kerke, deur afvaardiging, gebonde en beperk deur hul geloofsbriewe. Volgens



Greijdanus (1943a:5) is die *classis* en *classicale* vergadering en Sinodes geen kerk of kerke met enige deur God ingestelde ampte nie en beskik dit nie oor enige bevoegdheid of mag nie, maar is dit alleen maar samekomste van kerke of meerdere vergadering. Die *classis* en sinodale vergaderinge bestaan meesal uit ampsdraers, maar kan ook sitting verleen aan nie-ampsdraers. Hulle sittingsreg word ontleen as verteenwoordigers en nie *qua* (as) afvaardigers nie. Die *classicale* en sinodale vergadering is dus nie gelyksoortig aan kerkraadsvergaderinge nie. Die verskil tussen die mindere en meerdere vergadering lê volgens Greijdanus (1943a:9) in wese en soort. In kerkraadsvergaderinge verskyn die kerkraadslede kragtens hul amp en in sodanige vergadering is ampshandeling met ampsgesag bekleed. Daarteenoor is die *classicale* en sinodale afvaardiging lede van sodanige vergaderinge kragtens hul afvaardiging. Wanneer hulle nie deur hul kerke afgevaardig is nie, is hulle nie lede van die *classis* of sinodale vergadering nie, alhoewel hul nog ampsdraers mag wees (1943a:9). Die handeling van 'n *classis* en 'n Sinode is geen ampshandeling met amptelike gesag nie. Greijdanus maak 'n onderskeid tussen kerklike gesag (dit wat deur die kerke erken word) en Goddelike gesag. Hy beklemtoon onder meer dat die oorspronklik gesag by die plaaslike kerk lê teenoor Sinodes wat slegs afgeleide gesag besit. Die seggenskap van die *classis* en Sinode is gedelegeerd en beperk en rus op onderlinge afspraak volgens Greijdanus (1943a:10). Die *classicale* of sinodale vergadering het nie enige beslissende kerklike mag waarmee sy haar besluite oor geloofswaarhede, kerklike sake en geskille aan die kerke kan bylê nie.

Die tugreg ten opsigte van ampsdraers: Met betrekking tot die vraag na die reg van die meerdere vergadering om by die afsetting van kerkraadslede en die hele Kerkraad te doen “wat des kerkraads is”, stel Greijdanus (1938a:253-254) dit



onomwonde dat die Kerk aan die Here behoort en daarom het sowel Voetius en Hoornbeek die ongevraagde ingrype van die *classis* of Sinode by onmag en verwarring verdedig. Greijdanus (341-343) toon in sy artikel in *Over vragen van Gereformeerde Kerkverband. Voetius over het gezag der synoden* wat in *De Reformatie* van 16 Julie 1937 verskyn het met reg aan dat M Bouwman Voetius op die punt verkeerd geïnterpreteer en voorgestel het. Met betrekking tot die tugreg stel Voetius die vraag of die gemeente of altans die meeste van haar stemme in die plaaslik kerk die bedienaar van die Woord of die Kerkraad of 'n deel daarvan kan ekskommunikeer. In agt artikels, wat 29 April 1938 tot 17 Junie 1938 in *De Reformatie* onder die titel *Het wezen der meerdere vergaderingen volgens Voetius* verskyn het, het Greijdanus wese van die gesag van die meerdere vergadering volgens Voetius bespreek. Greijdanus (1938a:281) is van mening dat in die bespreking van die skorsings- en afsettingsreg van die meerdere vergadering, moet wegbeweeg word van die *antecedente argumentatie* en die nuttigheidsredenering.

Greijdanus het 'n reeks artikels in die *De Reformatie*, te wete *Het nieuwe kerkrecht in de praktijk* (5 April 1938), *Het wezen der meerdere vergaderingen volgens Voetius* (29 April 1938-11 November 1938), *Nieuwe kerkrecht* (13 Mei 1938), *De qaestie van het nieuwe kerkrecht* (7 Oktober 1938 tot 11 November 1938) na aanleiding van die kwessie te Drachten geskryf. Ds G Staal³⁹ was die voorsitter van die gemeentelike kiesvereniging, waarvan ouderling G C Homan, die skoolhoof te Drachten, die sekretaris was (Van Staalduine 2004:212). Ouderling Homan was by die *classis* aangekla vir wanbestuur. Die *classis* het besluit dat ouderling G C Homan



skorsingswaardig is en het besluit dat hy onder tug geplaas moes word. Die Kerkraad van Drachten het die uitspraak van die *classis* nie uitgevoer nie. Hier was volgens Van Staalduine (2004:213) reeds die tugreg van die meerdere vergadering aan die orde.

Die hele Kerkraad was daarna by die *classis* aangekla as partydig. Die *classis* konstateer wanbestuur en eis op 8 April 1938 dat elke Kerkraadslid dit erken. Ds G Staal en vyf ouderlinge het geweier om dit te reken en was deur die *classis* geskors omdat die Kerkraad na oordeel van die *classis* hul in die jare 1934-1937 skuldig gemaak het aan wanbestuur. By die oorblywende kerkraadslede was 'n *classicale* kommissie van bystand gevoeg. Volgens die Doleansiekerkreg luidens art 79 moes die Kerkraad die skorsing doen met goedkeuring van die naasliggende Kerkraad. Die besluit van die *classis* maak van Drachten 'n landelike kwessie aangesien die selfstandigheid van die plaaslike kerk in gedrang was (Van Staalduine (2004:212)). Volgens Greijdanus is die *nuwe kerkrecht* as Gereformeerde Kerkreg in die praktyk by Drachten geïmplementeer.

Greijdanus (1938c:266) is in *Het nuwe kerkrecht in de praktijk*, wat in die *Reformatie* verskyn het, van mening dat die Kerkrade in die *nuwe kerkrecht* by skorsing van ampsdraers uitgeskakel kan word en dat die *classis* uit eie magsbevoegdheid besluite op plaaslike vlak kan implementeer. Op 20 September 1939 het die Generale Sinode van Sneek deputate, ingeslote prof Greijdanus, benoem met die opdrag om in verband met die tugreg van die meerdere vergadering ondersoek te doen insake die verskil in mening en by die volgende Sinode te rapporteer. Ten dienste

³⁹ Ds G Staal (1844-1979) was 'n onderwyser te Westeremdem, later hoof van Christelike School Nieuwe Pekela, en vervolgens by Bellingwolde. Hy het in 1924 te Culemborg op grond van art 8 van die kerkorde predikant geword en was predikant te Drachten



daarvan het Greijdanus 'n memorandum getiteld *Het gezag der meerdere vergaderingen inzake de tucht* geskrywe wat hy in sedert 9 April 1943 tot 13 Augustus 1943 onder die titel *Over gereformeerde kerkrecht* in *De Wachter* gepubliseer het.

Volgens H Bouwman in sy *Gereformeerde Kerkrecht Deel II*, 19-20 met 'n beroep op Voetius (*Pol Eccl I*, 227-228; IV, 891) kan 'n Sinode in een geval tog na tuguitoefening oorgaan. Greijdanus verskil van die konklusies van H Bouwman (1943a:21). Hy is van mening dat 'n meerdere vergadering nie die reg het om eiemagtig in die lewe van kerke in te gryp nie. Die meerdere vergadering kan volgens Greijdanus dus nie die werk doen wat uiteraard onder die Kerkraad tuishoort, naamlik sensuur, ekskommunikasie, skors, ontslag, beroeping, ensovoorts nie. Toestemming daarvoor kan ook nie deur die mindere vergadering gegee word nie, aangesien sodanige toestemming volgens Greijdanus juis by die aangaan van die kerkverband geweier word en dergelike handeling deur die meerdere vergadering uitgesluit word.

Die gesag van die Kerkraad is volgens Greijdanus geheel eiesoortig en kan nooit volgens Greijdanus na die Sinode of *classis* oorgedra word nie. Die Kerkraad is 'n deur Christus ingestelde mag (Greijdanus 1943a:10). Kumulatiewe mag sal volgens Greijdanus (1943a:10) met die Gereformeerde kerkreg in stryd wees. Deur die aangewese karakter van die meerdere vergadering is haar mag en tugreg bepaal en begrens volgens Greijdanus (1943a:15). Die mag van die meerdere vergadering is nie oorspronklik, maar is veel eerder beperk. Die reg word nie aan die meerdere vergadering gegee om die kerke van haar mag en tugreg te beroof nie. Die meerdere vergadering mag haar mag en

tugreg nie uitgeoefen sonder die medewerking en/of samewerking van die kerke nie. In *Pol Eccl IV*, 120-121 stel Voetius dit duidelik volgens Greijdanus (1943a:15) dat aan die kerkverband geen nuwe of besondere mag wat deur die goddelike reg eintlik aan die kerke toekom, toegeken mag word nie.

Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur

Voetius erken volgens Greijdanus nie slegs die reg van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur nie, maar spreek aarselend oor die praktiese uitvoerbaarheid daarvan. Van kumulatiewe mag is daar nie sprake nie, sê Greijdanus (1938a:263). Daar is wel 'n byeenvoeging van mag, maar geen meerdere bevoegdheid of reg ofskoon wel 'n versterking van krag bestaan. Voetius stel dit volgens Greijdanus (1938a:264) dat die meerdere vergaderinge geen dwingende regsmag het om haar besluite aan die kerke op te lê met bedreiging en eventuele toepassing van sensuur nie. Dat die mag “onleend en gedelegeerd” is, word deur Greijdanus afgewys (1938a:264).

2.4.4.3 Dr H H Kuyper (1864-1945)

H H Kuyper het in die *Reformatie* van 16 September 1937 tot 18 November 1937 na aanleiding van die kwessie Drachten 'n reeks artikels oor *Het karakter en bevoegdheid der meerdere vergaderinge* geskrywe. Ook in die *De Heraut* van af Julie 1937 tot 16 Julie 1939 verdedig hy dit dat tugreg die meerdere vergadering toekom.⁴⁰

⁴⁰ Kuyper, H H 1937. Voetius over het gezag der in *De Heraut*, jrg 1937, nr 3102 (4 Juli 1937).

Kuyper, H H 1938a. Het oude Kerkrecht der Christelijke Gereformeerde Kerk in *De Heraut*, no 3166 (1938).

Kuyper, H H 1938b. Bindende besluiten of adviezen in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3147 (15 Mei 1938).

Kuyper, H H 1938c. Nieuw kerkrecht in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3145, 3147-3148, 3150, 3152-3154 (sewe artikels, 1 Mei 1938- 3 Julie 1938).

Kuyper, H H 1938d. Is er tegenspraak? in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3151 (12 Junie 1938).

Kuyper, H H 1938e. Oud of nieuw kerkrecht in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3167 (2 Oktober 1938).

Kuyper, H H 1938f. Een tweetal vragen in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3168-3170 (drie artikels, 9 Oktober – 23 Oktober 1938).

Kuyper, H H 1938g. De positie der meerdere vergaderingen in *De Standaard*, 22 September 1938.

Kuyper, H H 1938h. Het tuchtrecht der meerdere vergaderingen in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3172 (6 November 1938).

Kuyper, H H 1938i. Dr A Kuyper en het kerkverband in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3173-3174 (twee artikels, 13 en 20 November

2.4.4.4. Ds Joh Jansen (1873-1956)

Na aanleiding van die saak-Drachten⁴¹ vra ds Joh Jansen (1938:3) in *Oud of Nieuw Kerkrecht?* of die skorsing en afsetting van ampsdraers van 'n plaaslike kerk deur 'n *classis* of Sinode in die geval van wanbestuur, tot die *oud kerkrecht* of die *nuwe kerkrecht* behoort. Jansen konstateer dit dat die kerkregtelike teorie reeds voor Dordrecht 1618-1619 gedoseer en in die praktyk toegepas was. Hy noem onder andere dat die Generale Sinode van Middelburg 1581 vir Casper Coolhaes veroordeel het en aan die Partikuliere Sinode Zuid-Holland opgedra het dat indien hy in sy onboetvaardigheid volhard, hul hom moet ekskommunikeer. So is Casper Coolhaes op die partikuliere Sinode van Haarlem in 1582 afgeset en as lid geëkskommunikeer. Ook op die Dordtse Sinode 1618/1619 is 15 Remonstrante predikante afgeset. Bowendien het die meerdere vergaderinge ook Remonstrante ouderlinge asook totale kerkrade ontslaan (Jansen 1938:3).

Die selfstandigheid van die plaaslike kerk: Jansen is van mening dat die Doleansiekerkreg in hoofsaak die Dordtse kerkreg van 1618-1619 oorgeneem het, maar uit reaksie teen die Sinodale Besture van die Hervormde Kerk só die selfstandigheid van die plaaslike kerke benadruk het dat daar op enkele punte van die Dordtse Kerkorde (DKO) afgewyk is (Jansen 1938:6-7). Die afwyking dui hy met drie punte aan, naamlik (i) die skorsing van ampsdraers van die plaaslike kerk deur die meerdere vergadering, (ii) die kassasiereg, dus die reg van die meerdere vergadering om die mindere vergadering se besluite tot niet te verklaar, en (3) die optrede van die *classis* in

1938).

Kuyper, H H 1938-1939. De drieërlei macht in *De Heraut*, jrg 1938 en 1939, nr 3178-3208 (twee en twintig artikels, 18 Desember 1938 – 16 Julie 1939).

⁴¹ Op 8 April 1938 het die *classis* van Drachten die predikant en Kerkraad van Drachten geskors. Die *classis* het geoordeel dat die Kerkraad hul in die jare 1934-1937 skuldig gemaak het aan wanbestuur.

'n plaaslike kerk wanneer hulle so hopeloos verward is, dat die Kerkraad magteloos staan om te doen wat die Kerkraad veronderstel is om te doen. Die Gereformeerdes staan volgens Jansen (1938:9) met betrekking tot die sinodale reg tussen die hiërargie van Rome en die outonomie van die Independentente.

Die Gereformeerdes hou aan beide vas en erken gevolglik die reg van die plaaslike kerk en die reg van die Sinodes. Die Sinodes se beskouing berus op die vrywillige instemming van die kerke of soos Voetius sê die *consensus mutuus ecclesiarum*; en op die positief goddelike reg van die Sinodes (*jus divinum positivum*). Die Independentente wil volgens Jansen (1938:10) niks van die *jus divinum positivum* weet nie, maar alleen van die *jus divinum permissivum*, waardeur God aan die kerke vryheid toelaat (1938:10).

Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering: Jansen (1938:21) is van mening dat ook aan die Sinode die drieërlei mag toekom, te wete die leer-, regeer- en tugmag. Die Roomse Kerk is van mening dat dié mag slegs in 'n absolute sin die Sinodes toekom, terwyl die Independentente van mening is dat dit slegs in 'n absolute sin die plaaslike kerk toekom (Jansen 1938:21). Die Gereformeerdes staan tussenin en handhaaf beide, naamlik die selfstandigheid van die plaaslike kerk asook die eenheid van die kerke in konfederatiewe verband. Jansen (1938:22) gee toe dat die Gereformeerde kerke wel aan die Sinodes die volledige sleutelmag (leer-, -regeer- en tugmag) toeken met die volgende beperkinge, te wete dat sy alleen sake mag behandel met betrekking tot partikuliere sake van mindere vergaderinge wat nie in die vergaderinge afgehandel kon word nie; dat sy alleen sake mag behandel wat oor die kerke van die meerdere vergadering in die algemeen behoort; dat al haar besluite insake leer-, regeer en tuggevalle as vas en gebonde gehou sal word, tensy dit bewys word dat

dit strydig is met Gods Woord en die kerkverordeninge. Die beperking van die sinodale mag word aldus Jansen in art 30 en 31 van die Kerkverordeninge vasgestel. Jansen (1938:22) wys prof S Greijdanus se onderskeid in *Het wezen der meerdere kerkelijke vergaderingen* in die *Reformatie* van 17 Junie 1938 met betrekking tot die Goddelike mag en Goddelike bevoegdheid van Kerkrade teenoor die menslike reg en menslike bevoegdheid van *classis* en Sinodes as onskriftuurlik en onhoudbaar af: “Deze overgedragen macht rust op menselijke bepaling of afspraak, is voorzoover *juris humani*, niet *juris divini*, Menschelijk recht, niet van Goddelijk recht, maar het ambt, dat ouderlingen en dienaren des Woord bekleeden, is *juris divini*, van Goddelijk recht, in oorsprong machtsbevoegdheid, roeping.”

Jansen skryf grotendeels M Bouwman se kerkregtelike standpunte na. Volgens Jansen (1938:23) is die mag van die Sinode tweërlei van aard, naamlik die positief goddelike reg (*jus divinum positivum*) en op die wedersydse toestemming van die kerke van die kerkverband (*consensus mutuus ecclesiarum*). Jansen dui aan dat die goddelike gesag van die Sinode in die Skrif lê en wel in Handeling 15. Die Independenten erken dit dat aan die Sinode leermag toegeskrywe is, maar wil van die tugmag niks weet nie omdat die tugmag jurisdiksie en/of dwingende gesag insluit. Jansen (1938:24-25) toon aan dat beide Voetius (*Pol Eccl IV*, 163) en Maastricht die leer-, regeer – en tugmag van die Sinode uit Handeling 15 afgelei het. Die mag van die Sinode is dus volgens Jansen (1938:25) nie ’n andersoortige mag as dié van die Kerkrade nie. Dit is dieselfde mag in wese en is alleen verskillend in die wyse van toepassing en uitoefening. Christus skenk aan die plaaslike kerke ’n *potestas originalis*, dit is ’n oorspronklike mag. Die kerke doen deur haar delegasie na meerdere vergaderinge volgens Jansen nie afstand van haar mag nie: “Delegasie is geen overdracht van macht

in dien zin, dat zij zelf er afstand van doen. Delegatie is het opdragen van de kerkelijke ambtsmacht van de afgevaardigden om in de naam der kerken de kerklijke zaken te behandelen” (Jansen 1938:26).

Met betrekking tot die aard van die gesag van die meerdere vergadering stel Jansen (1938:26) dit dat die Gereformeerdes tussen die Roomse oorskatting en die Independentente onderskatting van die sinodale mag lê. Teenoor die onfeilbare karakter van die mag by Rome stel die Gereformeerdes die feilbaarheid van die gesag. Teenoor die adviserende karakter van die mag by die Independentente stel die Gereformeerdes dit dat die mag bindend is. Die bindende karakter van die mag geld volgens Jansen (1938:26) vir besluite wat betrekking het op die leer, regering asook tug natuurlik met die voorbehoud van die beroep op artikel 31 indien sodanige besluite teen Gods Woord of die kerkverordeninge ingaan.

Jansen (1941:1) is in *De bevoegdheid der meerdere vergaderingen* van mening dat die vraag welke bevoegdheid die meerdere vergaderinge toekom, vir die gesonde ontwikkeling van die kerklike lewe van voortdurende betekenis is. Hy gaan van die veronderstelling uit dat die grootste gevaar vir die Gereformeerde kerklike lewe enersyds in independentente losbandigheid en andersyds in hiërargiese gebondenheid lê. Die Independentente wil niks van die bevoegdheid van die *classes* en Sinodes weet nie. Hulle leer dat elke kerk onafhanklik jeens ander kerke is. Die verskillende kerke mag wel saam vergader, maar sulke byeenkomste dra by die Independentente die karakter van konferensies waar hul met mekaar oor sake van die kerklik lewe beraadslag, maar geen bindende besluite mag nie. Die Independentente wil van die bindende besluite van

Sinodes niks weet nie. Die Independentente lê klem daarop dat die Kerkraad slegs uitvoerende mag het (Jansen 1941:1).

Met die hiërargiese bestuursmag word, volgens Jansen (1941:2), bedoel die bestuur wat van bo af oor die plaaslike kerke heers. Volgens Jansen (1941:2) het die owerheid haar magte in die eeu van hervorming oor die kerk aangematig en in kerklike sake ingegryp. Die kerk het dit gelate toegelaat dat die staat asook die plaaslike owerhede: approbasie aan verkose ampsdraers verleen, toestemming verleen vir die hou van Sinodes, kerklike vergaderinge by te woon om sodoende toe te sien dat die kerk wel binne haar terrein bly, om kerklike goedere te beheer en te bestuur om daaruit die traktement te betaal.

Meerdere vergaderinge is volgens Jansen (1941:3) samekomste van meer as een kerk. Die Kerkraad is die enigste kerklike vergadering wat 'n vaste raad vorm en met permanente gesag bekleed is (Jansen 1941:4). Die meerdere vergaderinge (*majoribus conventibus*) daarenteen vorm geen vaste bestuur wat bo die mindere vergadering (*minoris conventus*) staan nie. Die meerdere vergaderinge is slegs samekomste van meerdere kerke deur haar afgevaardigdes (Jansen 1941:4). Die meerdere vergadering is nie in haar aard nie, maar wel op grond van haar gesag, bo 'n mindere vergadering. Die uitdrukking meerdere vergaderinge dui volgens Jansen (1941:4-5) nie op hoër bestuur of hoër mag nie, maar wel is die gesag van die meerdere vergadering saamgebring en kan dus van meerdere gesag in graad gesprek word. Volgens Jansen (1941:5-7) lei Voetius uit Skrifgegewens onder meer Hand 15: 1-34; 2 Kor 8:1, 4, 19 en Rom 15:26, die *jus divinum positivum* vir die samekomste van die meerdere vergaderinge af. Die meerdere vergaderinge het volgens Jansen (1941:7) *jure suo*,

kragtens eie reg, geen enkele regsbevoegdheid om vir die kerke bindende bepalinge te maak. Slegs God besit volgens Jansen (1941:7) soewereine mag. Die mag wat Christus aan Sy kerk gee, is volgens Jansen nie oorspronklik, maar is afgeleid. Hy erken dat van 'n "inklevende kerklike macht" wat Christus aan Sinodes en *classes* gegee het, daar geen sprake in die Skrif is nie. Ewe min ontleen die meerdere vergadering haar bevoegdheid van die ampte in haar byeenkomste. Volgens die Kollegialisme ontleen 'n Sinode haar mag eenvoudig uit die wil van die meerderheid (Jansen 1941:5-7).

Die tugreg ten opsigte van ampsdraers: Die meerdere vergadering kan tugvonnisse wel uitspreek, maar die uitvoering van die vonnis kom die Kerkraad toe (Jansen 1938:28). Die Independentente leer in hul Savoy Declaration art 26: "Maar deze Synoden, aldus verzameld, hebben geen kerkelijke macht in eigenlijken zin en zijn niet toegerust met eenige jurisdictie of rechtspraak, over de kerken of person eenige censuur te oefenen, hetzij over eenige kerken of personen, of om hare beslissingen op te leggen aan de kerken of haar ambtsdragers" (Jansen 1938:29).

Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur
Joh Jansen (1938:29-30) wys eiemagtige en wederregtelike ingrype van die meerdere vergadering op plaaslike kerke af, maar gee toe dat die meerdere vergadering in die geval van wanbestuur die bevoegdheid het om "waar de zaak als vanzelf ter tafel komt, in te grijpen tot behoud der kerk om te doen wat des kerkerads is, totdat die orde hersteld is.

2.5. Diskussies rondom Vrijmaking (1942-1952)

Gedurende 1942 tot 1952 het daar diskussies rondom bevoegdheid van die meerdere vergadering en die tugreg van die meerdere vergadering plaasgevind, wat uiteraard sou uitmond in die Vrijmaking. Eksponeer van die diskoers was onder andere proff K Schilder, P Deddens aan die een kant en drr W A van Es, D Nauta, M Bouwman, ds K Doornbos aan die anderkant.

2.5.1 Sinode van Sneek-Utrecht (1939-1943)

Die Sinode Sneek-Utrecht (1939-1943) het langer geduur as wat in die in DKO art 50 bepaal word, naamlik een jaar langer as wat nodig: “De Nationale Synode zal ordinaarlijk alle drie jaren eens gehouden worden, ten ware dat er enige dringende nood ware, om de tijd korter te nemen” (DKO art 50). Op Dinsdag 29 Augustus 1939 het die Sinode van Sneek vergader. Op die agenda was die kwessie van die leergeskille wat deur die Sinode van Amsterdam 1936 na haar verwys is (Janssen 1969:13). Beide ’n minderheid en meerderheid verslag is op die Sinode ingedien, naamlik die minderheidsverslag van prof dr K Schilder en prof dr D H Th Vollenhoven en die meerderheidsverslag van prof dr G Ch Aalders, ds G Diemer, prof dr V Hepp, dr J Thijs. Na bespreking van die twee verslae is dr W A van Es, dr D J de Groot, ds T J Hagen, en dr E D Kraan asook drie ouderlinge, te wete A Borkent, J Hommes en A Scholtens op die Sinode benoem om saam met die adviseurs, te wete drr K Schilder, J Ridderbos en V Hepp, die klagtes met betrekking tot die leergeskille te beoordeel en die eerskomende Sinode daaromtrent te adviseer. Die kommissie staan bekend as Kommissie 1 van die Sinode van Sneek (Janssen 1969:13) Dr K Schilder het skriftelik aan die voorsitter van die kommissie kennis gegee dat hy hom van die kommissie onttrek aangesien hy ook beskuldig word van afwyking van die Skrif en

belydenis (Janssen 1969:14). Op aanbeveling van die kommissie het hy as lid van die kommissie aangebly. Die behandeling van die saak met betrekking tot die leergeskille, soos geïdentifiseer by Amsterdam 1936, is op die voorgesette Sinodes van 6 Augustus 1940 en 17 Desember 1941 uitgestel. Op 26 Mei 1942, op die Sinode van Utrecht, het prof K Schilder kennis gegee dat hy hom as pre-adviseur van die afhandeling van die leergeskille onttrek (Janssen 1969:17). Die Sinode het sy versoek aanvaar. Uiteindelik op 8 Junie 1942 het die Sinode van Utrecht die leeruitsprake met betrekking tot die algemene genade, genadeverbond, selfondersoek, die onsterflikheid van die siel asook die vereniging van beide nature van Christus, vasgestel (Janssen 1969:21). Vir die kwessie met betrekking tot die pluriformiteit was daar 'n kommissie benoem. Kort na dié Sinode was 'n dokument, genaamd *Toelichting*, wat betrekking het op die leeruitsprake, onderteken deur die deputate, naamlik dr G C H Aalders, dr G C Berkouwer, ds S J Popma en dr J Ridderbos, en goedgekeur deur die moderamen na die Kerkrade gestuur. Kort na die verskyning van die *Toelichting* het konflik oor die interpretasie van die leeruitsprake ontstaan.

Volgens art 50 van die DKO moes 'n Generale vergadering "ordinaarlijk" elke drie jaar plaasvind. Die volgende Sinode ná Sneek moes dus gedurende 1942 plaasgevind het. Op 25 April 1940 versoek prof Aalders dat die nuwe Sinode eers gedurende 1943 byeengeroep moes word. Die Acta vermeld geen motivering vir die versoek nie (Janssen 1969:61). Na aanleiding van 'n voorstel op 17 Desember 1940 van ds H de Bruin van Nieuwendijk is besluit om, indien die meningverskille nie behandel kon word nie, die volgende Sinode tot 1943 uit te stel. Prof Schilder het skriftelik beswaar gemaak teen die besluit (Janssen 1969:61). Op 29 Mei 1942 is, met een stem daarteen, besluit dat die volgende Sinode gedurende 1943 sou plaasvind: "Dat de eersvolgende nieuwe

Synode DV in 1943 zal saamenkomen en dat de synode, die thanz gehouden wordt, na de behandeling der meningsverschillen, met het oog op dringende zaken, bijzonder op verzoek van de deputaten voor correspondentie met de Hooge overheid, provisorisch zal worden gesloten” (Janssen 1969:61). Prof K Schilder het by die Sinode 1942 skriftelik beswaar teen die self kontinuering van die Sinode gemaak: “Zelfprolangatie is machtsmisbruik en machtsoverschrijding van haar leden, die gedeputeerd zijn voor behandeling van bepaalde punten” (Janssen 1969:62). Etlike beswaarskrifte met ’n beroep op artikel 31 insake die kwessie van die self kontinuering van die Sinode is ontvang, maar was deur die Sinode afgewys: “Leg dat bewijs dan maar ter toetsing aan de volgende synode voor; als die het erkent, dan hoef je je niet meer aan het besluit te houden, maar begin met je te onderwerpen” (Bos 1994:23).

Prof K Schilder het volgens Janssen (1969:63) gevrees dat die Sinode weer in ’n bestuur bo die kerke, gelyk aan die Hervormde Kerk, sou ontaard. Hy het die invoer van sinodale heerskappy oor die vry kerke gevrees. Jansen (1969:63) is van mening dat hier ’n kerkregtelike vraagstuk van groot belang aan die orde gestel was, naamlik die vraag na die omvang van die gesag van die sinode en die verhouding tot die kerke. Prof K Schilder en Greijdanus het onder andere ook beswaar aangeteken op die wyse waarop die benoeming van die nuwe hoogleraar in die vakature van prof Greijdanus tydens die Sinode van Sneek–Utrecht gehou September 1942, plaasgevind het, aangesien die punt nie op die agenda was nie. Hulle het hul beswaar soos volg gemotifeer:

De synode is niet in wettige vergadering bijeen. Dat kan betekenen dat er verwarring ontstaat over de wettigheid van deze benoeming. Gaat u alstublieft zo snel mogelijk naar huis en maakt u plaats voor een volgende synode. Deze kan de benoeming opnieuw doen, maar dan wettig. Door op deze manier zelf zaken op uw agendum te plaatsen, bent u bezig te ontaarden in een bestuur bóven de kerken in plaats van een vergadering ván de kerken.

(Bos 1994:23)



Twee ingrypende besluite het die Sinode gedurende haar Oktober 1942-vergadering geneem. Die Sinode het onder andere besluit dat die *classicale* vergaderinge hulle by die kerklike eksamens van teologiese kandidate hul moet vergewis of kandidate met die leeruitsprake van Sneek-Utrecht 1942 instem. Die Sinode het ook besluit dat die hoogleraars, prof S Greijdanus en prof K Schilder, skriftelik en kategories moes verklaar dat hulle konformeer tot die besluite van die Sneek-Utrecht 1942 en by die uitvoering daarvan hul lojale samewerking sal gee. Hulle moes voor 15 November 1942 aan die eis skriftelik gehoor gee:

Uit 'n kerkregtelijke oogpunt bezien is het stellen van deze eis, naar aanleiding vooral van de adviezen dezer hoogleraren aan de synode, een droevig bewijs van de neergang van het kerkelijke leven, van de groeiende hiërarchie, waardoor het niet eens mogelijk blijkt adviezen te geven aan een synode als prae-adviserend lid, zonder eigen kerkenlijke veiligheid in de waagschaal stellen.

(Janssen 1969:65)

Beide hoogleraars het aan die Sinode op 15 November 1942 kennis gegee dat die Sinode geen reg gehad het om sodanige eis aan hulle te stel nie (Janssen 1969:66). Schilder het ook aan die Kerkraad en die Generale Sinode van Kampen, gedurende Oktober 1942, 'n breedvoerige skrywe gerig waarin hy onder andere gewys het op die verbondenheid van Gods Woord en die kerkorde. Indien die Generale Sinode van beide afwyk, 'n beroep op die kerke moontlik en geoorloof is; dat afvaardigings na meerdere vergaderinge verbonde is aan die lasgewing van die kerke wat hulle gestuur het; dat meerdere vergaderinge geen permanente, blywende rade van onbeperkte lewensduur is nie; dat self kontinuering en die uitbreiding van die agenda 'n sonde is; dat die kerkorde bepaal dat die Generale Sinode elke derde jaar sou vergader; dat die Sinode Sneek buite haar bevoegdheid gegaan het deur eiemagtig haar bestaan te verleng (Janssen 1969:71-72). Prof Schilder het die Kerkraad van Kampen geadviseer om hul uit te spreek teen die besluite van die Sinode van Sneek. Volgens Janssen (1969:73) is die advies van

Schilder aan die Kerkraad van Kampen kerkregtelik gesien 'n normale handeling, aangesien hy normaalweg gemeentes met betrekking tot die kerkreg geadviseer het.

Uiteindelik het die Sinode van Sneek op 29 April 1943, na 'n sittingstyd van 4 jaar, geëindig (Janssen 1969:24). Die Generale Sinode van 22 Junie 1943 kan volgens Janssen (1969:25) beskou word as die eerste revisie Sinode. Op Dinsdag 22 Junie 1943 het die nuwe Sinode te Utrecht byeengekom. Op die agenda was talryke besware teen die leeruitsprake van 1942, ook teen dié van 1905, asook teen die *Toelichting* en die “kandidate binding” (Janssen 1969:26). In die sentrum van die besware het die verklaring van 1905 gestaan dat volgens die belydenis van die kerke, “het zaad dres verbods krachtens de belofte Gods te houden is voor wedergeboren en in Christus geheiligd, totdat bij het opwassen uit hun wandel of leer het tegendeel blyk” (Janssen 1969:26). Die Sinode het 'n kommissie benoem om die beswaarskrifte te behandel. Dr A D R Polman was die voorsitter van die kommissie en professor F W Grosheide en dr Ridderbos die pre-adviserende lede (Janssen 1969:28). Op 9 September 1943 is al die revisie-aansoeke deur die Sinode afgewys (Janssen 1969:37). Gedurende die veertigerjare kan 'n nuwe gees of rigting, wat die kerke innerlik in 'n krisis gebring het, in die kerk onderskei word. In die brosjure, getiteld *De toekomst van de gereformeerde Kerken*, bespreek dr H Bavinck wat hy noem die nuwe gees of die nuwe rigting wat “in die kerken reeds geruimen tijd roerde” (Veenhof 1949:149).

2.5.2. Generale Sinode Utrecht 1942 tot 1944

Vanaf Junie 1943 tot Desember 1943 het die Sinode van Utrecht vergader. Die Sinode het talryke beswaarskrifte met betrekking tot die leerbesluite van 1942, die kandidatebinding, die self kontinuering van die vorige Sinode ontvang en het dit



afgewys. 13 Desember 1943 het prof K Schilder per brief aan die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerken in Nederland in sitting te Utrecht, kennis gegee dat hy hom nie kon hou by die leerbesluite van Sneek-Utrecht nie, omdat dit "innerlijk tegenstrijdig waren en deels onjuis" (Bos (red) 1994:24). Schilder het onder andere daarteen beswaar gemaak dat die kandidaatverklaring wat van die teologiese kandidate voortaan verlang sou word op 'n toevoeging van die ondertekeningformulier vir die Bedienaars van die Woord en die hoogleraars neerkom. Tweedens het hy beswaar aangeteken dat die leerbesluite van die Sneek-Utrecht Sinode van 1942 aan 'n sinsnede uit die verklaring van 1905 kerkregtelike betekenis gegee is:

(D)e verklaring van 1905 immers was afgelegd, 'ter gerustelling van de consciëntie'; maar niet tot binding van deze aan een détail ervan als een formulier van enigheid. Zij diende"om alle eenzijdigheid in het voorstellen van sommige leerstukken te voorkomen"; doch juist daarom zéker niet, om één van haar vele volzinnen, nog wel losgemaakt uit het verband met de andere, na zooveel jaren ter onderteekening voor te leggen en daarmee de eenzijdigheid in het voorstellen van een bepaald leerstuk, zoo niet erger, te bevorderen.

(*Acta generale synode Utrecht* 1942:356 bylaag LX111)

Hy het ook beswaar aangeteken teen afwyking van die kerkorde met betrekking tot die sameroeping van die Sinode. Hy het aangetoon dat die besluite van die voorafgaande Sinode aan die mindere vergaderinge bekend gemaak moet word reeds tydens die voorbereiding van die volgende Sinode (*Acta generale synode Utrecht* 1942:358 bylaag LX111). Gedurende Januarie 1944 het prof Schilder 'n afdruk van dié skrywe aan alle kerkrade versend. Die Sinode het dié handeling van Schilder as skeurmakery en ondermyning van die gesag van die Sinode beskou. Op 25 Februarie 1944 het die Sinode besluit om, na aanleiding van prof Schilder se skrywe aan die kerke, 'n skrywe, gedateer Januarie 1944, aan die kerke te rig (*Acta van die generale synode Utrecht* 1944:101 artikel 341). Die feit dat prof K Schilder hom na die Kerkrade gewend het, was sterk deur die Generale Sinode afgekeur:

(D)it optreden moet zoo scherp mogelijk worden afgekeurd; het is in wezen”mouterij in kerken”, en er zou, indien deze weg ook in de toekomst vrijelijk bewandeld wordt, geen kerkelijk samenleven meer mogelijk zijn dan kan, zoowel in het classicale en particulier-synodale als in het generaal-synodale ressort, elke kerkeraad de uitvoering van de besluiten der meerdere vergaderingen weigeren; dan zou ieder, die beweert gewetensbezwaren te hebben, vrij zyn om in het kerkelijk leven eigen meening en wil te volgen; dan is er tenslotte geen gemeenschappelijke arbeid, ook niet ten opzichte van de opleiding tot den diest des Woord, meer mogelijk, omdat de kerkeraden naar deze opvatting de vrijheid hebben zich, indien zij naar hun oordeel gegronde bezwaren hebben, aan dit alles te onttrekken, - dan wordt de eenheid der kerk prijsgegeven voor een independentistisch individualisme, dat tot groote schade is van alle kerken; de onderlinge gemeenschap en trouw eischen om Christus’ wil, dat elke plaatselijke kerk zich schikt naar wat de kerken in haar generale synode besloten hebben, en zoo zij ernstige bezwaren mocht koesteren, deze in den kerkelijken weg indient.

(*Acta generale synode Utrecht 1944:391 bylaag LXIV*)

Die Generale Sinode het in ’n skrywe gedateer 25 Februarie 1944, ’n beroep aan die plaaslike gemeentes gedoen om hul te onderwerp aan die besluite van die Generale Sinode of die kerklike weg van appèl, ingeval van beswaar, te volg. Die Generale Sinode het terselfdertyd in dié skrywe op die gevare van independente individualisme gewaarsku en verklaar dat die Generale Sinode nie, soos Schilder in sy skrywe beweer, van kandidate eis om die verklaring te onderteken nie, maar dat hul wel verklaar het dat die Bedienaars van die Woord en die hoogleraars daarmee sal instem (*Acta generale synode Utrecht 1944:362 Bylaag LXIV*).

Met betrekking tot die 1905-besluit wat volgens Schilder kerkregtelik status deur die besluit van 1943 gekry het, het die Generale Sinode Schilder se interpretasie afgewys. Die Generale Sinode is van oordeel dat in die Gereformeerde kerke was daar nooit van die ratifikasie van besluite, soos deur Schilder beweer, sprake nie. Joh Jansen (1937:107) merk in sy *Korte verklaring van de kerkordeninge* tereg opmerk dat ratifikasie nimmer die gewoonte was, of dat punte van die agenda na die meerdere vergadering eers na die mindere vergadering versend moes word, ook is ratifikasie nooit van die kerke gevra nie. Die ratifisering van besluite sou, volgens die Generale



Sinode, geheel en al in stryd wees met die eerste beginsel van die Geformeerde kerkreg, naamlik dat die meerdere vergaderinge geen bestuursliggame is nie, maar veeleerder vergaderinge van kerke. Die kerke kom dus volgens Jansen (1937:107) in die Generale Sinode saam en neem besluite. Die beslissings deur hierdie kerke in sinodale vergaderings is volgens die Generale Sinode haar ratifikasie: “Prof Schilder poog deur deze voorstelling van zaken een vreemde en ongereformeerde praktijk in ons kerkelik leven in te voeren, die zoo sterk mogelijk moet worden weerstaan” (*Acta generale synode Utrecht* 1944:365 bylaag LXIV). Die Generale Sinode het gevolglik die nie-uitvoering van die ter sprake sinodale besluite as skeurmakery beskou (*Acta generale synode Utrecht* 1944:366 bylaag LXIV).

Die Generale Sinode Utrecht 24 Maart 1944 het verklaar dat aangesien prof Schilder in 'n skrywe gedateer Oktober 1942 die Kerkraad van Kampen adviseer het om nie die besluite van die Sinode as vas en bindend te beskou nie, hy nie voldoen het aan die Sinode van Utrecht se uitgesproke verwagting, dat hy sou erken dat hy sy advies aan die kerk van Kampen agterweë moes gelaat het, dat hy na herhaaldelike oproepe onttrek het van die behandeling van die meningsverskille in die Sinode te sitting Sneek-Utrecht in Mei /Junie 1942, dat hy teen die leeruitsprake van die Sinode geen gravamen of andere besware teen die Sinode ingedien het nie en hierdie leeruitsprake openlik bestry het, dat hy die kerke opgewek het om die binding van die leeruitsprake nie te aanvaar nie asook die besluit dat die *classis* hul moes vergewis by die eksamen van kandidate van die instemming van die kandidate by die leeruitsprake, dat hy geweier het om sy leedwese oor sy houding te erken, en prof Schilder hom dus skuldig gemaak het aan art 80⁴² van

⁴² “Voorts onder de grove zonden, die waardig zijn met opschorting of afstelling van de dienst gestraft te worden, zijn deze de voornaamste: valse leer of ketterij, openbare scheurmaking, openlijke blasfemie, simonie, trouweloze verlating van zijn dienst, of



die DKO, genoemde sonde van skeurmakery (*Acta generale synode Utrecht* 1947:114 artikel 392). Die Sinode het met leedwese besluit om op grond van art 79⁴³ en art 80 van die DKO en op grond van die reglement met betrekking tot die beëindiging, skorsing en die verlening van verlof uit diens van die Theologiese Hoogeschool van die Gereformeerde Kerken in Nederland, prof Schilder in sy bediening as hoogleraar van die Theologiese Hoogeschool en as emiritus-leraar van Gereformeerde kerk van Rotterdam-Delfshaven, vir drie maande te skors ten einde hom geleentheid te gee om sy afdwaling te bely (*Acta van die Generale Sinode Utrecht* 1947:111-115, artikel 392). Die stemverhouding vir die skorsingsbesluit was 6 pre-advieslede, 41 lede en 1 adviserende lid daarvoor, 5 lede daarteen. Twee lede en twee eisende lede was afwesig.

Di Bos, Van Dijk en Veltman het hul beswaar teen die besluit laat aanteken:

Die ondergeteekenden verklaar, dat zij hun stem uitgebracht tegen het door de commissie voor zwaarigheden gedane voorstel tot schorsing van prof dr K Schilder als hoogleeraar aan de Theologische Hoogeschool te Kampen en als emiritus-dienaar des woord in de Gereformeerde Kerk van Delfshaven, omdat zij van oordeel zijn: dat de voor deze dubbele aangevoerde gronden onvoldoende zijn; dat der generale synode krachtens de KO het recht tot schorsing van een dienaar van des Woord niet toekomt.

(*Acta generale synode Utrecht* 1947:114, artikel 292)

Op grond van sy weiering om sy instemming met betrekking tot die leeruitsprake van Sneek-Utrecht te betuig, is ook die teologiese kandidaat, H J Schilder, op die Sinode tot die preekdiens verbied. Kandidaat H J Schilder het besware teen die leeruitsprake van 1942 veral teen die aanhaling uit die verklaring 1905, gehad (*Acta generale synode Utrecht* 1947:125 artikel 429). Die Sinode besluit verder ook dat die *classis* van 's Gravenhage die verleende preektoestemming moes terugtrek. Die *classis*

indringing in eens anderen dienst, meinedigheid, echtbreuk, hoereri, dieverij, geweld, gewoonlyke dronkenschap, vechterij, vuil gewin; kortelyk al de zonden en grove feiten, die de auteur voor de wereld eerloos maken, en in een ander gemeen lidmaat der kerken der afsnijding waardig zouden gerekend worden" (art 80 DKO).

⁴³ "Wanneer de dienaars des Goddelijken Woords, ouderlingen of diakenen een openbare grove zonde bedrijven, die der kerk schandelyk, of ook bij de overheid strafwaardig is, zullen de ouderlingen en diakenen terstond door voorgaand oordeel des kerkenraads derzelver en der naast gelegene gemeente van hun dienst afgezet, maar de dienaars opgeschort worden. Maar of zij geheel van de dienst af te zetten zijn, zal in het oordeel der classe staan" (art 79 DKO).

van 's-Gravenhage het op 2 Junie 1944 kandidaat H J Schilder se preekvergunning ingetrek (Janssen 1969:41). 5 Junie 1944 het die moderamen namens die Sinode 'n skrywe aan die gemeentes insake die skorsing van prof dr Schilder gerig en die gemeentes tot verootmoediging en gebed opgeroep en die Kerkrade versoek om die skrywe die eerskomende Sondag van hul kansels te lees.

Op die voorgesette Generale Sinode van Utrecht, gehou 22 tot 23 Junie 1944 was talryke beswaarskrifte met betrekking tot die skorsing van prof dr K Schilder behandel (*Acta generale synode Utrecht* 1947:128-132,€ artikel 448-449). Die Sinode het besluit om die skorsing van prof Schilder nog vir een maand te verleng (*Acta generale synode Utrecht* 1947:134. artikel 459 (b)).

Op die voorgesette Generale Sinode van Utrecht 24 -28 Julie 1944 is kennis geneem van die skrywe van prof S Greijdanus van 22 Desember 1943 aan die Sinode asook die publikasies van prof Greijdanus wat na 16 Desember 1943 verskyn het: "De verklaring van die synode van 1905 inzake het punt van de wedergeboorte; de schorsing van prof. K Schilder; dat ik niemand lichtelijk en onverhoord veroordeele; zijn deze dingen alzoo? En Hij zeide: Hoort toe; Snelle afloop als der wateren" (*Acta generale synode Utrecht* 1947:151, artikel 518). Die Sinode oordeel dat prof S Greijdanus hom nie gewillig wil onderwerp aan die uitspraak van die Sinode oor sy gravamen nie, hy met sy publikasies sy afwykende gevoelens versprei en daardeur die kerke opgewek het en dat hy met die bindingverklaring groot onrus, verwarring en tweedrag gesaai het. Die Sinode spreek haar gevolglik uit dat prof Greijdanus hom skuldig gemaak het aan die bestryding van leeruitsprake na die beslissing van sy gravamen, aan voortgaande onwilligheid om hom aan die oordeel van die meeste kerklike vergadering te onderwerp, aan die aanrigting

van skeuring en tweedrag in die kerke en aan die herhaaldelike oortreding van die vyfde en negende gebod (*Acta van die Generale Sinode Utrecht* artikel 518, 1947:152). Die Sinode het met diepe leedwese besluit om op grond van die ondertekeningformulier vir predikante en hoogleraars van die Theologiese Hoogeschool en volgens art 79 en 80 van die DKO, prof S Greijdanus in sy regte as emiritus-hoogleraar van die Theologiese Hoogeschool, behoudend sy finansiële regte, en as emiritus-leraar van Gereformeerde kerk van Paesens vir drie maande te skors, ten einde hom geleentheid te gee om tot verootmoediging te kom en sy afdwaling te bely. Daar is verder ook besluit om kennis te gee van die besluit aan prof S Greijdanus, die kuratorium van die Theologiese Hoogeschool, die Kerkraad van Paesens, die *classis* van Dokkum, die Kerkraad van Kampen en ook aan alle Kerkrade van die Gereformeerde kerke.

2.5.3 Voorgesette Generale Sinode van Utrecht

Op die Voorgesette Generale Sinode van Utrecht 1 – 3 Augustus 1944 is besluit om prof Schilder as hoogleraar van die Theologiese Hoogeschool te ontslaan en as emiritus-leraar van Gereformeerde kerk van Rotterdam-Delfshaven af te set (*Acta van die Generale Sinode Utrecht* 1947:154 art 526). Ds Bos het toestemming verkry om in die Acta te laat opteken dat hy geen verantwoordelikheid dra vir die besluit om prof K Schilder te ontslaan nie. Op 14 Augustus 1944 het die Sinode besluit dat prof S Greijdanus die naam as emiritus-hoogleraar van die Theologiese Hoogeschool en as emiritus-leraar van Gereformeerde kerk van Paesens verloor het (*Acta van die generale synode Utrecht* 1947:630 art 184).

2.5.4. Buitengewone Sinode Utrecht (1946)

Op 26 Januarie 1946 het 'n buitengewone Sinode van die Gereformeerde Kerken (sinodaal) te Utrecht plaasgevind. Omdat die Sinode in die eerste plek antwoord moes gee op die talryke revisie-aansoeke insake die leerbesluite, staan die Sinode ook as die Revisie Sinode bekend (Van Staalduine 2004:445). Op die Sinode is die leerbesluite van 1942 en 1905 met 'n nuwe besluit vervang. Daar is onder andere besluit om die saaklike inhoud van die leerbesluite in so ver dit in ooreenstemming met die Skrif en belydenis was, nie prys te gee nie (*Acta van die Generale Sinode Utrecht 1946*: art 197). In sake die doop het die Sinode onder andere ruimte gelaat vir beide opvattinge: naamlik die beskouing dat kinders reeds by geboorte wedergebore is, asook die opvatting dat kinders wedergebore is of sal word. Die Vrijgemaaktes het, soos bostaande geskiedenis bewys, hul nie tuis gevind in die nuwe bewoording nie en het die *Vervangingsformule* onomwonde afgewys (*Acta Gereformeerde Kerken (GKv) Groningen 1946*: art 113). Die Sinode het aan 'n afsonderlike kommissie opdrag gegee om die onderwerp *Herstel van de kerkelijke eenheid* te hanteer (*Acta van die Generale Sinode Utrecht 1946*: art 112). Die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerken (sinodaal) van Sneek (1939) het ses deputate, te wete drr M Bouwman, W A van Es (as sameroeper), S Greijdanus, G M den Hartogh, D Nauta en H H Kuyper benoem met die opdrag om die tugreg van meerdere vergaderinge te ondersoek met verslaggewing aan die daaropvolgende sinode (*Acta van die Generale Sinode Utrecht 1946*:art 183). Prof Greijdanus het per skrywe, gedateer 19 Julie 1943, sy mede-deputate meegedeel dat hy op 5 Julie 1943 aan die Sinode van Utrecht berig versend het van sy besluit om hom te onttrek as lid van die deputaatskap. Beide S Greijdanus en H H Kuyper het egter voor die rapport by die sinodesitting te Zwolle (1946) ter tafel gelê was, gesterf. Die oorblywendes vier deputate, te wete drr M Bouwman (as



sameroeper), G M den Hartogh, W A van Es en D Nauta het die *Rapport in zake het tuchtrecht der meerdere vergaderingen aan de Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland* aan die Buitengewone Sinode Utrecht 1946 voorgelê.

Die deputate het 'n kompromisvoorstel aan die Sinode bedien, aangesien hul nie tot 'n vergelyk kon kom nie. Die deputate is van mening dat geen meerdere vergadering van kerke, maar ewe min 'n Kerkraad in *jure suo* in besit van die tugreg is (Van Es 1946:2). Die deputate het voorgestel dat die Sinode kennis neem van die verskille van gevoelens wat in die laaste jare die kerke infiltreer het, watter aandeel die meerdere vergadering in die tug van sy ampsdraers het, maar het dit nie noodsaaklik en onder omstandighede ook nie gewens geag om ten aansien van die saak uitspraak te lewer nie. Die Sinode het hul uitgespreek ten aansien van art 79 dat onder die voorafgaande oordeel die Kerkraad as die naasliggende gemeente asook die raad van kerke verstaan word; dat die meerdere vergadering ten aansien van die bedienaar van die Woord behalwe die reg van afsetting ook die reg tot skorsing sal hê; dat die meerdere vergadering ten aansien van die skorsing of afsetting van ouderlinge of diakens alleen regstreeks sal handel indien haar hulp en medewerking daarvoor ingeroep word, hetsy deur die Kerkraad of in die geval van wanbestuur, deur die minderheid van die Kerkraad of deur 'n deel van die gemeente (Van Es 1946:19-20).

Ten opsigte van die reg tot appèl in artikel 31 het die Sinode besluit dat indien die minderheid van die Kerkraad haar met die Sinode homogeen verklaar, kan die minderheid die hulp van die meerdere vergadering inroep om gesamentlik die onversoenlike ouderlinge en diakens in hul amp te skors of uit die amp te ontset. Indien

die hele Kerkraad onversoenlik blyk te wees, kan die getroue deel van die gemeente die hulp van die meerdere vergadering inroep, sodat onder die leiding van die meerdere vergadering die ouderlinge en diakens uit hul amp ontset word en nuwe ampsdraers gekies sal word. Indien, om welke rede ook al, bogenoemde nie moontlik is nie, kan die meerdere vergadering in die uiterste gevalle die verband met die onderhawige gemeente gedeeltelik of ten volle verbreek tot tyd en wyl die gemeente op 'n bevredigende wyse verklaar dat hul weer in die kerkverband opgeneem wil word (Van Es 1946:19-20).

'n Deel van die deputate was van mening dat die meerdere vergadering die reg het om ampsdraers in hul ampte te skors, terwyl die ander gedeelte van mening was dat, volgens die kerkorde asook die Gereformeerde kerkreg, dié reg aan meerdere vergaderinge ontsê word. Meerdere vergaderinge kan alleenlik in die geval van 'n appèl of anders deur die indiening van besware, haar met die skorsing en afsetting van ampsdraers inlaat (Van Es 1946:7). Beide WA van Es en M Bouwman, woordvoerders van die verskillende standpunte, se standpunte was as bylaes aan die *Rapport in zake het tuchtrecht der meerdere vergaderingen aan de generale synode van de Gereformeerde kerken in Nederland* geheg. WA van Es het sy standpunt in *Over de bevoegdheid tot schorsing en afzetting van ouderlingen en diaken* terwyl M Bouwman sy standpunt in *Het tuchtrecht der meerdere vergaderingen in geval van wanbestuur der plaatselijke kerk* in bovermelde rapport verwoord.

Dr W van Es merk in *Over de bevoegdheid tot schorsing en afzetting van ouderlingen en diaken*⁴⁴ tereg op dat die meningsverskil nie handel oor die vraag óf ook ouderlinge en diakens, óf ook Kerkrade afgeset kan word nie, en óf die kerkverband 'n taak en 'n roeping het nie, maar veel eerder hoe en deur wie en op watter outoriteit (Van Es 1946:8). Van Es stel dit dat meerdere vergaderinge wel met betrekking tot appèl, asook ekskommunikasie, altans in die kerkverband, bindende besluite mag neem. Dog die uitvoering van die besluite, bly die prinsipiële taak van die Kerkraad (Van Es 1946:9). Volgens Van Es (1946:10) ken die Gereformeerde kerkreg nie massa of kollektiewe tuguitoefeninge nie: “Tuchttoefeninge “en masse”, om zoo te zeggen”bij de roes”, zijn Roomsch en hebben in ons gereformeerde kerkrecht geen plaats.” Van Es (1946:42) toon aan dat die kerklike tug in die Gereformeerde kerkreg 'n bepaalde persoonlike karakter dra as die: “persoonlijke en rechtelicke toepassing van den wil van God om op de conciëntie van den zondaar in te werken.”

Voetius erken volgens Van Es (1946:43-44) in vraag 22 *Pol Eccl IV*, 226 die regeermag (*potestas regiminis*) in 'n sinodale verband (*correspondentia synodalis*) in die geval van wanbestuur (*mala administratio*). Voetius noem dit volgens Van Es “*insanabilis corruptio*”, dit wil sê ongeneeslike verderf. Ten aansien van die ekskommunikasie van die totale Kerkraad, neig Voetius tot ontkenning (Van Es 1946:45). Voetius wys volgens Van Es (1946:47) daarop dat selfs in die geval van algehele verderf, diegene wat die mag verleen, die bevoegdheid het in die geval van noodsaaklikheid om dit terug te neem. In die geval besit die gemeente of soos Voetius haar noem, die “kerkvolk” (*populus ecclesiasticus*) die bevoegdheid om dit terug te

⁴⁴ *Over de bevoegdheid tot schorsing en afzetting van Ouderlingen en Diakenen* kom vir 'n groot deel ooreen met die artikel van dr W A van Es met dieselfde titel in *Rapport inzake het tuchtrecht der meerdere vergaderingen* (1946: 23-73).

neem. Tog is dit volgens Van Es (1946:47) nie Voetius se bedoeling om die kerkverband uit te sluit nie. Hy ag dit raadsaam (*consultissimum*) dat hulp gesoek moet word (*confugere*). Dit val op dat Voetius nêrens spreek van die *classis* of Sinode nie, maar altyd van die naburige kerk of kerke of haar Kerkrade, of ouderlinge of Bedienaars van die Woord. Anders as die Independentente wat plaasvervangende optrede (*vicaria, succedanea opera*) in 'n ander kerk nie toelaat nie, gee Voetius toe dat dit wel op die versoek van die besondere plaaslike kerk wel kan geskied (Van Es 1946:47). Die gepresenteerde dienste word deur Voetius bepaal as hulp (*auxilia et praesidia; succurrere*) of selfs as geleende (*mutuatitia*) dienste. Die mag wat beoefen word, is helpende mag (*auxiliaris potestas*) (Van Es 1946:48).

Van Es (1946:25) is van mening dat die meerdere vergadering wel besluite kan neem insake die appèl of ekskommunikasie, maar dat die uitvoering van sulke besluite prinsipieel die taak van die Kerkraad bly. By die ekskommunikasie gaan dit om die beëindiging van lidmaatskap van die kerk en by afsetting gaan dit om die uitdiensstelling van die een of ander amptelike bediening. Die opheffing van die ekskommunikasie het volgens Van Es (1946:26) nie outomaties die terugkeer tot die amp ten gevolge nie. Van Es (1946:28) is aan die eenkant van mening dat in geval van ernstige openbare sonde, selfs nie op die oordeel van die *classis* hoef gewag te word nie, maar aan die anderkant ken hy die afsetting en herstel van die amp van ouderlinge en diakens aan die outoriteite van die konsistorie toe. Hy beroep hom op die historiese gang van sake in die 16^{de} en 17^{de} eeu en pleit onder andere nie vir afsetting nie, maar die opskorting van die kerkverband in die geval wanbestuur of totale verderf. Hy wys onder andere daarop dat die Sinode van Dordt aanvanklik die oordeel aan die Kerkraad oorgelaat het en dat alleen in 1581 daar 'n bepaling insake die oordeel van die naburige

Kerkraad bygevoeg was. Volgens Van Es (1946:35) weet nóg die kerkorde, nóg die geskiedenis in die dae van die bloeityd van die Gereformeerde kerk, van die afsetting van ouderlinge en diakens deur 'n meerdere vergadering bo en behalwe in geval van hoër beroep. Ook in die nasionale en provinsiale acta vóór Dordrecht 1618/1619, sal 'n mens volgens Van Es (1946:36) tevergeefs soek na 'n voorbeeld van die afsetting van kerkraadslede. Alleen een historiese geval is volgens hom bekend en dit is die van ds Casper Coolhaes (Leiden 1581). Volgens Van Es (1946:36) is die afsetting van Coolhaes geen kerklike afsetting in die ware sin van die woord nie, aangesien Coolhaes se afsetting deur die magistraat gelas was. Van Es erken dat na die Dordtse periode afsetting van kerkraadslede wel plaasgevind het. Die beoefening van die tug dra volgens van Es in die Gereformeerde tradisie 'n bepaalde persoonlike karakter. Van Es staan afwysend teenoor enige vorm van massa of kollektiewe tuguitoefening in die Gereformeerde kerkreg (1946:57). Hy konkludeer dat Kerkrade as sodanig dus nie voorwerpe van ekskommunikasie kan wees nie. Volgens Van Es (1946:61) neig Voetius ten aansien van die ekskommunikasie van die meerderheid van kerkraadslede tot ontkenning. In vraag 22 verdedig Voetius, volgens Van Es (1946:64), teenoor die Independenten by analogiese ekskommunikasie 'n sekere maguitoefening. Ook aan die kant van die meerdere vergadering, handhaaf hy met gelyke klem dat gesag ook vir die kerkvolk nie alleen 'n *potestas libertatis*, 'n mag van vrye selfbeskikking is nie, maar dat die kerkvolk oor 'n werklike *potestas autoritatis*, 'n outoritêre mag, beskik. Insake die kompromisvoorstel van die kommissie wys Van Es (1946:71) daarop dat die kommissie dit gerade geag het om die historiese en prinsipiële wetenskaplike vrae aan die wetenskaplike diskussie oor te laat:

We verwijzen daarvoor naar het rapport en de voorstellen der commissie, waarbij gepoogd is tot zulk een oplossing tekomen voor de praktijk, dat men van beide zijden zich daarin kan vinden, terwijl de historische en principieel



wetenskapelike vrae daartoe aan die wetenskapelike diskussie kan word oorgelaat.

(Van Es 1946:71)

M Bouwman (1946:75-80), daartoe, is in sy artikel *Het tuchtrecht der meerdere vergaderingen in geval van wanbestuur der plaaslike kerk* van mening dat alle kerklike vergaderinge drievoudige kerklike gesag te wete leer-, regeer- en tugmag beskik. Hy verwys onder andere na art 30,31, 36, 71 van die DKO en Voetius se *Pol Eccl IV*, 119-120 om sy stellingname te bevestig dat die meerdere vergadering wel in die geval van hoër beroep, wanbestuur en onmag die uitvoeringsreg (*executierecht*) besit. Volgens M Bouwman (1946:81) is die uitvoeringsreg 'n wesenlike deel van die appèlreg en word dit saaklik in art 31 opgeneem en nader gereël in art 36 van die DKO. Die Independenten wil volgens Bouwman niks weet van die reg van uitvoering van die appèlbeslissing nie. Die meerdere vergadering het volgens Bouwman die reg tot inisiatief om in geval van wanbestuur, onmag of hoër beroep in die plaaslike kerk in te gryp en haar besluite te implementeer (1946:83). Bouwman beroep hom onder meer op Voetius wat in *Pol Eccl IV*, 203 -204 dieselfde standpuntname inneem, asook op *Pol Eccl IV*, 218 – 219 waar Voetius aandui dat die uitvoering van die sinodale vonnis op die deputate van die Sinode opgelê word. Voetius is volgens Bouwman (1946: 97) 'n voorstander van die sogenaamde “oneigenlijke tucht” of te wete die analogiese of plaasvervangende tug. Volgens Voetius in *Pol Eccl IV*, 881 word die tug verdeel in direkte of formele en indirekte of “oneigenlijke” (analogiese) tug. Tug in die eintlike sin bestaan volgens Bouwman (1946:97) uit skorsing, afsnyding, uitsluiting en/of uitwerping uit die gemeenskap. “Oneigenlijke” tug is volgens Bouwman (1946:98) tug in die sekondêre sin van die woord, omdat dit 'n plaasvervangende geneesmiddel is, wat uitgeoefen word as die eintlike tug nie uitgeoefen kan word

nie. Voetius erken dus, volgens Bouwman (1946:100), die reg van Sinodes om ouderlinge en diakens af te set. Die lyn van die geskiedenis is volgens Bouwman (1946:102-103) dat indien daar wel regsmag is, dan moet die afsetting plaasvind. Indien die regsmag egter ontbreek, dan moet die kerkverband verbreek word. Bouwman (1946:120) is dus van mening dat meerdere vergaderinge volledige tugreg het om sowel predikante as ouderlinge en diakens af te set en haar vonnisse deur te voer op plaaslike kerk (vergelyk art 30, 31, 36, 53, 79) asook die ondertekeningformulier van bedienaars van die Woord.

2.5.5. Openbare kerkregtelike diskoers

2.5.5.1 Ds K Doornbos

'n Negatiewe houding teen die meerdere vergadering was sedert 1943 in Noord Holland, in besonder die Gereformeerde Kerk Wormer, waar te neem. Gedurende 1944 het ds K Doornbos op versoek aan sy Kerkraad en gemeente inligtingsessies met betrekking tot die regering van die kerk, die taak van die meerdere vergadering asook die leeruitsprake van die Sinode van Sneek-Utrecht, gehou. Ds K Doornbos het ook tydens die inligtingsessies kennis aan die Kerkraad en gemeente gegee dat beide proff H H Kuyper en H Bouwman omstreeks 1926 van insig verander het en die Sinode onder hul invloed 'n nuwe rigting ingeslaan het. As bewyslas het hy aan die vergadering die uitsprake van die hoogleraars voorgelees waarin hul verandering van insig duidelik geblyk het (Doornbos 1948:9). Gedurende April 1945 het 'n aantal lidmate van die Gereformeerde Kerk te Wormer aan die Kerkraad 'n beswaarskrif gerig. Hulle het dit in die beswaarskrif gestel dat hul in die verband van die Gereformeerde Kerken in Nederland wil bly solank as wat moontlik is, maar dat hul egter nie gebonde wou wees aan die leeruitsprake van 1942 nie en dat hulle nie die



skorsing en afsetting van prof K Schilder as Bedienaar van die Woord van die Gereformeerde Kerk van Rotterdam-Delfshaven deur die Generale Sinode erken nie: “Ten eerste niet omdat de synode niet bevoegd is om ampsdraers te schorsen en af te zetten, en ten tweede niet omdat uit de gronden, die de synode heeft aangevoerd niet blijkt dat prof. Schilder zich zijn ambt onwaardig heeft gemaak” (Doornbos 1945:2). Die Kerkraad het dit ook in die skrywe gestel dat hulle verontrus was oor die talryke skorsings en afsettings van ampsdraers in die Gereformeerde kerke en het hul vrees uitgespreek dat daar ligvaardig met skorsings en afsettings te werk gegaan word. Hulle het ook te kenne dat hul waargeneem het dat die mag in die Gereformeerde kerke gesentraliseer word in die Generale Sinode en dat die Gereformeerde kerke ’n genootskap geword het met die Generale Sinode as hoofbestuur en die plaaslike kerke as onderafdelings. Dit is volgens hulle nie na die ordening van Christus nie en daarom wil hulle hul daarteen verset:

In het kerkverband geldt de regel, die overal in de sameleving geldt, dat de meerderheid beslist en die minderheid daarnaar moet voegen. ... men behoeft zich niet te onderwerp aan de besluiten, die strijden met Gods Woord of met de kerkenordering...

(Doornbos 1945:4)

Oor die besluite wat strydig is met die Woord van God en die kerkverordeninge vind hul in die rapporte en geskrifte van die Generale Sinode van Utrecht 1943 drie dinge wat met mekaar stry naamlik mense moet hul onderwerp aan die besluite wat strydig is met Gods Woord totdat de Sinode die besluite terug getrek het. Volgens Doornbos (1945:56) is die Sinode nie bevoeg om ampsdraers te skors en af te set nie. Januarie 1945 het Doornbos ter inligting van sy gemeente *Iets over de moeilijkheden in de Gereformeerde Kerken* geskrywe. Volgens Doornbos (1945: 10) was die Sinode tot die skorsing van Schilder as hoogleraar bevoegd, maar nie tot die skorsing en afsetting van prof Schilder as bedienaar van die Woord nie. Die wyse waarop ’n bedienaar van die

Woord geskors of afgeset word, art 79 en art 80 van die kerkorde van die GKN, geskied volgens Doornbos deur die Kerkraad van die kerk aan wie die bedienaar verbonde is, in samewerking met die naasliggende Kerkraad. Pas wanneer die skorsing oorgaan tot afsetting word die hulp van die *classis* ingeroep. Die kerkorde gee volgens Doornbos die gang van sake duidelik aan. Die inisiatief gaan vanuit die Kerkraad wat in die geval van afsetting die hulp van die *classis* inroep en nie van die Generale Sinode nie. Tensy die saak in hoër beroep van die *classis* na die Partikuliere Sinode en van die Partikuliere Sinode na die Generale Sinode gaan. Die Generale Sinode het volgens Doornbos (1945:10) opgetree asof daar geen Kerkraad in Rotterdam-Delfshaven was nie, aangesien dié Kerkraad in die koerant moes verneem dat hul bedienaar uit die amp geskors was. Die Generale Sinode het hul handelwyse verdedig deur te kenne te gee dat art 79 wel die bevoegdheid van die Kerkraad beperk, maar nie die bevoegdheid van die Sinode nie (Doornbos1945:11). Ds Doornbos het geweier om die skrywe van die Sinode insake die afsetting en skorsing van prof Schilder in die gemeente van Wormer te laat voorlees (1945:12). Hy is van mening dat die skorsing en afsetting van prof K Schilder 'n plaaslike aangeleentheid vir die gemeente van Kampen was en nie ter sake vir die gemeente van Wormer was nie. Doornbos (1945:20) is van mening dat die Generale Sinode in die kerkregtelike sin die Gereformeerde spoor verlaat het. Volgens Doornbos (1945:21) kan 'n kerk sonder kerkverband staan en hy haal Bavinck aan wat gesê het: "Het kerkverband is niet noodig voor het wezen der kerk, maar voor haar welwezen" (1945:21).

2.5.5.2. Prof P Deddens

By die aanvaarding van die hoogleraarskap aan die Theologiese Hoogeschool te Kampen op 26 Januarie 1946 het prof P Deddens 'n rede met die tema *De Ratificeering*



der besluite van meerdere vergaderinge ingelei. Deddens beskou die “ratificeering der besluite van meerdere vergaderingen” as een van die brandpunte in die kerkregtelike debat van destyds, maar ook van primêre belang vir elke periode van die kerklike lewe en handel in die verlede en die toekoms. Deddens dui aan dat art 31 van die DKO uit twee klousules bestaan, te wete die kerklike vergaderinge: Kerkraad, *Classis*, Partikuliere Sinode of Generale Sinode en die mindere vergadering en die kerklidmate (Deddens 1946:11). Die kerklike vergaderinge neem volgens Deddens besluite. Deddens stel dit duidelik dat kerklike vergaderinge geen adviese opstel nie, maar wel besluite neem. Die reg om besluite te neem, word volgens Deddens (1946:11) aan die meerdere vergadering verleen deur die akkoord tussen die kerke. Met die neem van die besluit is, volgens Deddens, nie die laaste woord gespreek nie. Die besluite van die meerdere vergaderinge word aldus Deddens deur Gods Woord en die kerkordening begrens (1946:12). Deddens is van mening dat sodra die kerke, na toetsing, oortuig is dat ’n besluit van die meerdere vergadering reg en goed is, en nie strydig is met die voorbehoud in art 31 nie, dan eers *ratifiseer* sy die besluite en voer dit uit (Deddens 1946:12). Ratifisering beskou Deddens as ’n integrale deel van die regsvorm, insake die geldigheid van besluite van ’n meerdere vergadering. Sonder ratifisering is daar volgens Deddens vir die besluite van die meerdere vergadering geen regsgeldigheid nie:

De ratificeering, en dit is geen sinecure, geen bewilliging pro forma, maar een daad waarvan voorafgegaan is getrouwe, gehoorzame oefening der grensbewaking. Zonder ratificeering van de zijde der Kerk heeft het besluit eener meerdere vergadering geen rechtsgeldigheid voor die Kerk, geen rechtskracht, wilt de rechtstitel ontbreek.

(Deddens 1946:12)

Uit die oudste *classicale* en Partikuliere Sinode actas blyk dit volgens Deddens dat Gereformeerde kerke in Nederland in die periode na die Reformasie besluite van die Sinodes geratifiseer het. Deddens verwys onder meer na die Partikuliere Sinodes van



Noord-Holland en Waterland wat in 1578 alle artikels van die Generale Sinode van Dordrecht 1578 aanvaar het, die Partikuliere Sinode van Gelderland 1582 wat die Generale Sinode van Middelburg geapprobeer het en die Partikuliere Sinode van Friesland 1619 wat nie die Dordtse Kerkverordeninge ratifiseer het nie (Deddens 1946:28). Deddens is van mening dat dit onjuis is dat die kerke wat saamkom in die Generale Sinode en besluite neem asook die beslissing deur die kerke in nasionale vergadering tewens ook haar ratifisering is (Deddens 1946:13). Die outoriteit van die *classis* en die Sinode is volgens Deddens nie 'n eie outoriteit nie, maar is opgedra en geleen. Dit lê nóg in die vergadering, nóg in die persone deur wie die vergadering gevorm word, maar alleen in die geleende bevoegdheid om besluite te neem (Deddens 1946:15). Deddens (1956:49) lewer in die bekende brosjure, *Eerste en tweedehands gezag* (1956) op die skrywe van die moderamen van die Sinode met betrekking tot die ratifisering van Sinodebesluite, kommentaar. Hy verwys onder meer na Rutgers & De Savornin Lohman wat dit in hul *De Rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken* duidelik konstateer dat die besluite van Emden deur die kerke selfstandig aangeneem moes word (Rutgers & De Savornin Lohman 1886:199). By implikasie moes die kerke die besluite van Emden ratifiseer. Ook in sy *De geldigheid der oude kerkenordeninge* het Rutgers volgens Deddens dit beklemtoon dat dit die gewoonte was dat die lasgewers van die Sinode die Sinodale besluite moes ratifiseer (Deddens 1956:49).

2.5.5.3. Dr M Bouwman

Dr M Bouwman⁴⁵ het gedurende die tydperk in sy *Tweërlei Kerkrecht het zoogenaamde oude kerkrecht noch oud, noch Gereformeerd* (1944) beklemtoon dat die

⁴⁵ M Bouwman het volgens D Deddens (1992:54) ten onregte die naam van "vader van het nieuwe kerkrecht," gekry omdat alle nuwe kerkregtelike opvattinge wat die skrywer telkens na vore bring, in die artikels van sy promotor sedert Assen 1926 te vinde is. Deddens is



kerkreg, wat deur die Gereformeerde kerke in Nederland sedert 1926 toegepas was, nie *nuwe kerkrecht* is soos dit getipeer word nie. Die verskil tussen die *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht* handel volgens Bouwman oor die kwessie van die gesag van die meerdere vergadering en die selfstandigheid van die plaaslike kerk (1944:7). Die teenstelling tussen die *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht* lê volgens

Bouwman (1944:9) daarin of die Sinode in die geval van ernstige tugevalle, wanbestuur, onmag, ampsdraers kan afset en haar besluite in die plaaslike kerk tot uitvoering kan bring: “Het nuwe kerkrecht zegt: ja, het oude kerkrecht zegt neen.” Bouwman (1944:7-12) toon in *Tweërlei Kerkrecht* dat die *nuwe kerkrecht* eintlik niks anders as die *oud kerkrecht* van die Gereformeerdes uit die tyd van die Reformasie is nie. Hy toon aan dat in die Franse kerkorde van 1710 (1944:13) die afsettingsreg van die mindere vergadering erken word en dat in duidelike en “grove gevallen” kon die Kerkraad met advies van die *classis* of twee of drie naburige predikante, ’n predikant afset. Daarnaas blyk dit volgens Bouwman uit die Franse kerkordes dat in moeilike gevalle of wanneer dit van ’n meer algemene aard is, dan dwaalleer, die Kerkraad in samewerking met die *classis* die predikant kon skors en dat die Sinode die definitiewe beslissing kon gee of sodanige predikant afgeset kon word (Bouwman 1944:13). Die Sinode het ook ekskommunikasie-reg gehad. Die Partikuliere Sinode kon ’n predikant wat sy diens troueloos verlaat het, ekskommunikeer (Bouwman 1944:13). Die tug wat op predikante toegepas kon word, kon volgens die Franse kerkorde (art 111.9) ook op die Kerkraad van toepassing gemaak word.

van mening dat die dissertasie die nuwe opvatting van H H Kuyper oor die gesag van Sinode weerspieël asook dat die opvatting van Voetius op ’n tendensieuse wyse daarin deurgegee word. Volgens D Deddens (1992:54) kom M Bouwman tot konklusies wat duidelik in teenspraak is met Voetius se standpuntinname met betrekking tot kerkreg en kerkregering. Voetius sê duidelik en beslis volgens D Deddens (1992:54) dat die eenheid wat deur die *classicale* en Sinodale verbinding van kerke ontstaan slegs ’n kombinasie, ’n verbinding, ’n konfederasie, ’n verbondsgemeenskap is.



Die *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht* word skematies soos volg deur dr M Bouwman in *Tweërlei Kerkrecht* (1944:7-9) voorgestel:

'n Skematiese voorstelling van *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht*:

<i>Oud kerkrecht</i> (Bouwman 1944:7-9)	<i>Nuwe kerkrecht</i> (Bouwman 1944:7-9)	Gijsbertus Voetius (Bouwman 1944:35)
Daar is 'n prinsipiële verskil tussen Kerkrade en die meerdere vergaderinge.	Daar is nie 'n prinsipiële verskil tussen Kerkrade en die meerdere vergaderinge nie.	
Die Kerkraad is 'n vergadering van ampsdraers van die plaaslike kerk.	Die Kerkraad is 'n vergadering van ampsdraers van die plaaslike kerk.	
Die <i>classis</i> en Sinodes is slegs vergaderinge van kerke wat deur haar ampsdraers saamkom.	Die <i>classis</i> en Sinodes is vergaderinge van kerke wie se kerklike mag deur haar afgevaardigdes saamgebring is in 'n meerdere vergadering.	<i>Classes</i> en Sinodes is vir Voetius niks anders as die Kerkrade van verskillende kerke wat deur 'n besondere verband verenig word (Pol Eccl IV 865).
Meerdere vergaderinge het slegs beperkte gesag.	Meerdere vergaderinge het tugmag.	Sinodes en <i>classes</i> het ekskommunikasie - en tugreg (Pol Eccl IV 865, 898,899).
Alleen die Kerkraad kom die bediening van die Woord en sakramente toe.	Slegs die predikant kom die bediening van die Woord en sakramente toe.	
Die meerdere vergadering mag nie alle kerklike sake behandel nie, maar alleenlik dit wat die kerke en die meerdere vergadering gemeen het.	Die meerdere vergadering beslis oor sake wat die kerke in haar ressort gemeenskaplik raak ingeslote sake van die plaaslike kerk ingeval van onmag, wanbestuur en hoër beroep.	
Die meerdere vergadering mag nie in die geval van afdwaling doen wat die Kerkraad doen nie, nóg kan sy haar besluite in die plaaslike gemeente voltrek, nóg die beslissinge van die mindere vergadering vernietig.	Die meerdere vergadering is geregtig om in die geval van onmag, wanbestuur, hoër beroep die besluite van 'n mindere vergadering te vernietig en haar besluite te voltrek.	Sinodes kan die Kerkrade op grond van tugwaardige sonde afset en die vonnis in die plaaslike gemeente voltrek (Pol Eccl IV 869 en Pol Eccl I, 272).
Die <i>classes</i> en die Sinodes het alleen tugreg oor ampsdraers wat deur die kerkorde en kerklike formuleringe in soveel woorde aan haar toegeken is.	Die reg van die <i>classis</i> om predikante af te sit en naasliggende Kerkrade om Kerkrade af te sit word erken.	In Pol Eccl IV, 898-899 word aangetoon dat die Nederlandse kerke aan die Hollandse Sinode van Haarlem (1582) in die saak van Caspar Coolhaes, predikant te Leiden, die sinodale ekskommunikasie reg verleen het.
Die Sinode kan nooit ampsdraers afset sonder dat die <i>classis</i> en Kerkraad geken word nie.	In die geval van wanbestuur, onmag het die meerdere vergadering die tugreg (by implikasie skorsing en afsetting van ampsdraers).	In die geval van wanbestuur en hoër beroep het die Sinodes en die <i>classes</i> tugreg en ekskommunikasiereg (Pol Eccl IV 865, 898- 899).



Die uitvoering van 'n afsettingsbevel van 'n ampsdraer lê altyd by die plaaslike gemeente en nooit by die meerdere vergadering as sodanig nie.	Die uitvoering van die afsettingsbevel kan deur die deputate van die meerdere vergadering in die plaaslike kerk uitgevoer word.	Deputate kan 'n sinodale ekskommunikasievonniss in die plaaslike gemeente tot uitvoering bring (Pol Eccl IV 89 en Pol Eccl I, 227).
Ingeval van onmag of skeurmakery van die meerderheid van die kerkraadslede, het die Sinode geen reg om die Kerkrade af te set nie.	In die geval van dwaalleer of skeurmakery, verbreek die Sinode nie die band met sodanige kerk nie	In die geval van dwaalleer of skeurmakery, verbreek die Sinode nie die band met sodanige kerk nie (Pol Eccl I, 227).
Die Sinode kan egter die gesonde deel van die gemeente byeenroep deur haar deputate, die afwykende Kerkraad afset, nuwe Kerkraad kies en dus die gemeente opnuut konstitueer.	Die Sinode kan in die plaaslike kerk in gryp, die Kerkraad afsit, die afkondiging deur haar deputate in die plaaslike kerk doen en nuwe Kerkraadslede kies.	Solank daar 'n gesonde deel van die gemeente oorbly, moet die vonnis in die gewone byeenkomplek van die plaaslike kerk deur die Sinode of die <i>classis</i> se gemagtigde persoon afgekondig word (Pol Eccl I, 227).

Wat die Skotse kerkorde in besonder die “Second Book of Diccipline” van 1581 betref, toon Bouwman (1944:14) aan dat die “presbytery” in die Skotse kerkregeringstelsel ook die reg tot afsetting het (art vii,16). Die Partikuliere Sinode het die mag om alle sake wat versuim of verkeerd gedoen is, in die Partikuliere vergadering (die ouderlingskap) af te handel, te reël en/of te herstel. Die Partikuliere Sinode het ook die mag om ampsdraers van die provinsie af te set wat op goeie en regverdige gronde afsetting verdien: *“In het algemeen, deze vergaderingen hebben de geheele macht van de particuliere ouderlingschappen, waaruit zij samenvergaderd zijn”* (Bouwman 1944:14). Die Generale Sinode herstel en handel op haar beurt alle sake wat in die Partikuliere Sinode nagelaat of verkeerd behandel was af (Bouwman 1944:14). Die tugreg van die mindere vergadering word volgens Bouwman in beide die Franse en Skotse kerkordes erken.

Volgens Bouwman (1944:16) staan die *oude* kerk en die teoloë van die Reformasie die volledige tugreg van die Sinode voor. Hy verwys onder andere na die hantering van



die Sinode van Middelburg in die saak van Coolhaes, predikant te Leiden (Bouwman 1944:18). In die leer was Coolhaes volgens Bouwman (1944:18) 'n voorloper van die Remonstrante en op die vlak van die kerkreg was hy Erastiaans. Hy wou onder meer die kerklike mag in die hande van die owerheid sien en dat dit deur die owerheid in plaas van die Kerkraad uitgeoefen word (Bouwman 1944:18). Die Sinode van Middelburg kon die kwessie nie afhandel nie en het die saak na die Partikuliere Sinode verwys om af te handel. Coolhaes was uiteindelik in 1582 deur die Sinode gehou te Haarlem geëkskommunikeer en die banvloek was namens die Sinode in die kerk van Haarlem, en nie in Leiden waar hy predikant was, afgekondig. Die kerk van Leiden het in hoër beroep by die volgende Generale Sinode van 's-Gravenhage (1586) gegaan en het 'n klagte ingedien teen die handeling van die Sinode van Haarlem (Bouwman 1944:18). Die beswaar was egter afgewys deur die Generale Sinode (1586).

Bouwman (1944:33) toon ook aan dat die Generale Sinode van Dordrecht 1618/1619 twee predikante van Kampen geskors en die Remonstrante afgeset het. Gedurende 1619 het die Zuid-Hollandse Sinode van Leiden byeengekom om teen die Remonstrante predikante en kerkraadslede op te tree (Bouwman 1944:33). In hoofsaak het die Sinode van Leiden die afsetting van die Remonstrante Kerkrade aan die *classes* oorgelaat en opgedra. Dr M Bouwman konkludeer dat dit uit die *actas* van die Generale Sinode van Dordrecht en die Zuid-Hollandse Sinode van Leiden blyk dat die meerdere vergaderinge volledige tugreg oor alle ampsdraers gehad het; die Sinodes en ook die *classes* in opdrag van die Sinode die reg gehad het om Kerkrade af te set; die Sinodes kon haar besluite insake die tug deurvoer (Bouwman 1944:33-34).



Die kerke van die Afscheiding (1834) het volgens Bouwman teruggekeer na die Dordtse kerkorde (Bouwman 1944: 39). Uit die Acta van die Sinode van Leiden (1857) blyk dit dat ds J J Visser te 's-Gravendeel met sy Kerkraad gedurende 'n sekere periode geskors was en dat ds H A Leenmans en sy Kerkraad se skorsing soos uitgespreek deur die Provinsiale Kerkvergadering van Zuid-Holland, op die Sinode van Amsterdam (1849) bevestig was (Bouwman 1944:39). Bouwman verwys onder andere na die *classis* van Rotterdam wat gedurende 1882 die Kerkraad van Gouda ontbind het, waarna 'n nuwe Kerkraad gekies was as 'n bewysplaas vir sy stellingname dat meerdere vergadering wel hul besluite op plaaslike vlak kan deurvoer (1944:40).

M Bouwman beweeg van die voorveronderstelling uit dat die *nuwe kerkrecht* nie in stryd met die Doleansie was nie. Volgens M Bouwman (1944:44) is die *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht* daaroor eens dat die sinodale gesag onderworpe aan die Woord van God is, maar verskil insake die mag van die meerdere vergadering om in die geval van wanbestuur of skeurmakery die afsetting op plaaslike vlak te voltrek. Die *oud kerkrecht* is volgens M Bouwman (1944:51) nie Gereformeerd of Voetiaans nie, maar is rasegte oud Independentistiese kerkreg: “Vermomd en gedost in Voetiaansch gewaad zijn deze gedachten het Gereformeerde kerkrecht der laaste vijftig jaren binnegedrongen, maar zij zijn er niet minder independentist om.”

Volgens Bouwman (1944:51) het die Gereformeerdes die skeiding tussen besluitneming en uitvoering nooit geken nie. Bouwman beroep hom op Voetius wat gesê het dat die instansie waarop die hoër beroep gedoen word, ook die mag het om haar vonnis uit te voer (*Pol Eccl IV*, 831). Dr M Bouwman is gevolglik van mening dat die skorsing van prof dr Schilder geen regsverkragting was nie (Bakker 1945:7)

Die skorsing van prof dr K Schilder, deur die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerken, is volgens dr M Bouwman kerkordelik korrek gedoen, aangesien prof K Schilder in 'n skrywe gedateer Oktober 1942 aan die Kerkraad van Kampen geadviseer het om die besluit van die Sinode van Utrecht nie as vas en gebonde te beskou nie, dat hy nie aan die verwagting van die Sinode van Utrecht voldoen het nie, dat die kerk van Kampen nie oor die onderhawige saak geadviseer behoort te word nie, dat hy nadat hy vier keer deur die Sinode opgeroep is, versuim het om deel te neem aan die behandeling van die saak op die Sinode van Sneek-Utrecht op Mei 1942 tot Junie 1942, dat hy die kerke opgewek het om nie die binding van leeruitsprake te aanvaar nie en dat hy geweier het om sy leedwese oor die houding wat hy aangeneem het, te erken (Bakker 1945:7).

2.5.5.4. Die saak-Breda

Gedurende die veertigerjare het die Kerkraad van Breda in weerstand gekom teen die gesag van die meerdere vergadering. Die Kerkraad van Breda was alreeds vanaf 1944 gereserveerd teenoor die kerkverband (Bos 1994:56). Die Sinode van Utrecht het 'n skrywe aan die Kerkrade gerig met betrekking tot die skorsing van proff Schilder en Greijdanus wat hulle op 5 Junie 1944 van die kansel moes lees. Talle Kerkrade het geweier om dit te doen en het beswaarskrifte na die Sinode versend. In die geval van die Kerkraad van Breda het die Kerkraad egter die lees van die skrywe goedgekeur, maar ds B Telder het egter geweier om dit te doen en het selfs in sy preek op 5 Junie 1944 sy standpunt verdedig. Die Kerkraad van Breda het 'n skorsingsprosedure in werking gestel en het ds Telder op 6 Junie 1944 geskors (Van Staalduine 2004:333). Telder het egter nie in hoër beroep gegaan nie, maar het sy ampswerk in huisbyeenkomste voortgesit. Op 31 Julie 1944 was ds Telder deur die *classis* afgeset.

Die Kerkraad van Breda wou haar nie meer hou aan die Dordtse Kerkorde (=DKO) nie en waarsku voortdurend teen al die reëls en teen die binding aan besluite van die *classis* en die Sinodes. Reeds gedurende 1947 het die Vrijgemaakte kerk te Breda etlike werksaamhede wat kerkordelik gereël was, afgeskaf, naamlik die Christelike feesdae (vergelyk art 67 DKO),⁴⁶ die kerklike bevestiging van huwelike (vergelyk art 70 DKO),⁴⁷ die periodieke aftreding van ampsdraers (vergelyk artikel 27 DKO).⁴⁸ Hulle het hul ook verset teen kerklike visitasie (vergelyk art 49 DKO).⁴⁹ Hulle het van die veronderstelling uitgegaan dat bogenoemde bepalinge die vryheid van die plaaslike kerk in gedrang bring (Bos 1994:56). Gedurende 1960 het ds Telder 'n boek, getiteld *Sterven ... en dan?*, gepubliseer waarin dit duidelik sou blyk dat hy nie eens is met Antwoord 57 van die *Heidelbergse Kategismus* nie. Hy het egter nie die kerklike weg gevolg om sy besware teen die belydenis aan die orde te stel nie, maar het eerder sy standpunte in *Sterven ... en dan?* gepubliseer (Bos 1994:59). Die Kerkraad van Breda het ds Telder in sy siening gesteun. Besware het teen ds Telder vanuit die ander plaaslike kerke gekom, maar die *classis* van Noord-Brabant/Limburg het September 1961 die besware afgewys.

⁴⁶ “De gemeenten zullen onderhouden benevens de zondag ook de Kerstdag, Pasen en Pinksteren, met de navolgende dag, en dewijl in de meeste steden en provinciën van Nederland daarenboven nog gehouden worden de dag van de besnijding en de Hemelvaart Christi, zullen de dienaars overal daar dit nog niet in het gebruik is, bij de overheden arbeiden, dat zij zich met de andere mogen conformeren” (art 67 DKO).

⁴⁷ “Alzo bevonden wordt, dat tot nog toe verscheiden gebruiken in huwelijksake alom onderhouden zijn, en nochtans wel oorbaar is gelijkvormigheid daarin gepleegd te worden, zo zullen de kerken blijven bij het gebruik, hetwelk zij conform Gods Woord en voorgaande kerkelijke ordinantiën tot nog toe onderhouden hebben, totdat bij de hoge overheid (die men daartoe met de eerste zal verzoeken) een generale ordinantie, met advies der kerkedienaren, daarop gemaakt zal zijn, tot dewelke deze kerkenordering zich in dit stuk refereert” (art 70 DKO).

⁴⁸ “In deze samenkomsten zullen geen andere, dan kerkelijke zaken en hetzelve op kerkelijke wijze, gehandeld worden. In meerdere vergaderingen zal men niet handelen, dan hetgeen dat in mindere niet heeft afgehandeld kunnen worden, of dat tot de kerken der meerder vergadering in het gemeen behoort” (art 27 DKO).

⁴⁹ “Iedere synode zal ook enigen deputeren, om alles wat de synode geordonneerd heeft te verrichten, zowel bij de hoge overheid, als bij de respectieve classen, onder haar ressorterende, mede om tezamen of in minder getal over alle examina der aankomende predikanten te staan. En voorts in alle andere voorvallende zwaarigheden de classen de hand te bieden, opdat goede enigheid, orde en zuiverheid der leer behouden en gestabieleerd worden. En zullen deze van alle hun handelingen goede notitie houden, om de synode rapport daarvan te doen, en zo het geëist wordt, redenen te geven. Ook zullen zij niet ontslagen wezen van hun dienst, voor en aler de synode zelve hen daarvan ontslaat” (art 49 DKO).

Op 6 Desember 1961 het die *classis* uitspraak gelewer dat ds Telder en sy mede-ampbroeders geen valse leer verkondig nie. Die kerke van Dedum, 's-Hertogenbosch en Hoogeveen het in 1962 beswaarskrifte ingedien by die Partikuliere Sinode teen die Kerkraad van Breda (De Vries 1990:24). Op 17 Januarie 1963 het die Partikuliere Sinode uitspraak gelewer oor die Telder-saak, naamlik dat die *classis* van Noord – Brabant-Limburg die uitspraak van 6 Desember 1961 in die geheel moes herroep. Die Partikuliere Sinode het dit aan die *classis* opgedra om toe te sien dat ds Telder en die Kerkraad te Breda hul in ooreenstemmend met die kerkorde en die belydenisskrifte gedra (De Vries 1990:25). Telder het van die veronderstelling uitgegaan dat as sy plaaslike kerk hom beskerm, kan die kerk op nasionale vlak niks doen nie. In die *Opbouw* was onder meer vir die Kerkraad van Breda en ds Telder opgekom en was vir toleransie gepleit. *De Reformatie* het daarteenoor gewys op die trou aan die Skrif en die belydenis en het met alle mag die independentisme wat in die kerk op nasionale vlak afmetings ingeneem het, bestry (De Vries 1990:25).

2.5.5.5. Dr F L Bos (1945)

In sy *De Practijken en besluiten der jonhste Generale Sinode van de Gereformeerde Kerken in Nederland aan het geldende Gereformeerde Kerkrecht getoets* wil Bos aantoon dat die besluite en handeling van die Sinode van Sneek-Utrecht en Utrecht, waaromtrent daar beroering in die Gereformeerde kerken in Nederland ontstaan het, “hoogst aanvegbaar zijn” (Bos 1945:3). Die meerdere vergadering is volgens Bos vergadering waar kerke byeenkom om mekaar te help en gemeenskaplike belange te hanteer (1945:5). Die kerke kom bymekaar deur middel van haar afgevaardigde ampsdraers.

Reeds by die Sinode van Emden 1571 het reëlings gegeld dat die voorbereiding van die Sinode só sal geskied dat dit die aktiewe medewerking van die kerke sou waarborg (Bos 1945:5). Die roepende kerk moes drie maande voor die tyd die tyd en plek van die vergadering aan die kerke bekend maak, asook 'n afskrif van die agenda stuur. Die Kerkrade moes vroegtydig daarvoor beraadslag en hul gedagtes op die klassikale vergadering bekend maak, sodat die afgevaardigde van die *classis* “het tevoren overwogene en door alle kerken van de *classis* besprokene naar voren konden bregen” (Bos 1945:5). Die voorstelle moes deur die afgevaardigdes skriftelik by die Sinode ingedien word. Dieselfde reëls het *mutatis mutandis* ook gegeld vir die Generale Sinode (Bos 1945:6). Die grondige voorbereiding van sinodale sake wat die kerke in die algemeen aangaan deur die mindere vergaderinge as beginsel van die kerklike handeling, was deur die Gereformeerde kerke in hul bloeityd, volgens Bos (1945:11) kragtig handhaaf.

Bos (1945:12) is van mening dat dié Gereformeerde kerkregtelike beginsel van oorlegpleging tussen kerke in die provinsiale ressorte ten aansien van sake wat hul gemeenskaplik raak, gedurende die tyd wat die Algemene Sinode nie byeenkom nie, het in die sestiende eeu “...in het vergeetboek geraakt. Onze generale synoden handelen voor onss en radicaal zonder ons” (Bos 1945:13). Dit geld in besonder met betrekking tot die hantering van menings- of leergeskille en daarmee verbandhoudende gravamen teen die besluite van 1905 se Sinode. Volgens Bos (1945:13) was die kerke in die besluite van die Sinode van 1905 op geen wyse geken nie. Met betrekking tot die selfkontinuering van die Sinode van Sneek-Utrecht was die besluit van die Sinode dat die besluite deur haar geneem as vas en bindend beskou sal word totdat dit anders bewys is (Bos 1945:19). Bos (1945:23) is van mening dat elke kerk en ampsdraer en

gemeentelid prinsipieel volgens art 31⁵⁰ van die kerkorde, die reg het om 'n kerklike vergadering nie as vas en bindend te beskou nie, indien dit in stryd is met Gods Woord of die “officiële Gereformeerde kerkrecht.” Hy wys daarop dat die ampsdraer, kerk, of gemeentelid die dure plig het om te bewys dat die besluit strydig is met die Woord of die “officiële Gereformeerde kerkrecht” (Bos 1945: 23).

2.5.6. Den Haagse landelike byeenkoms

Op 11 Augustus 1944 het in Den Haag 'n nasionale byeenkoms plaasgevind van ampsdraers en kerkraadslede wat op grond van art 31 van die kerkorde van die GKN die leeruitspraak van 1942 en die Generale Sinode van 1943 nie as vas en bindend beskou het nie. 'n *Acte van Vrijmaking of Wederkeer* was deur prof K Schilder voorgelees. Daarna was dit bespreek en deur die aanwesiges aanvaar. In die *Acte van Vrijmaking of Wederkeer* was verklaar dat dit ongehoorsaamheid sou beteken, as hul sou buig onder die gesag van die Sinode en haar besluite aanvaar. In die *Acte van Vrijmaking of Wederkeer* word onder andere die volgende twee sentrale sake verwerp:

- i. Die verwerping van die binding van die leer wat nie in die Bybel te vinde is nie;
- ii. Die verwerping van die sinodale heerssug oor die kerke van Christus (De Vries 1990:7).

Die *Vrijmaking* is 'n terugkeer tot die Skrif en Belydenis en daarom is volgens dr WG de Vries ook tot die Gereformeerde kerkorde (1990:7). Volgens die *Acte van Vrijmaking of Wederkeer* word die binding aan die leer wat nie in die Bybel gevind

⁵⁰ “Zo iemand zich beklagt door de uitspraak der mindere vergadering verongelijkt te zijn, dezelve zal zich tot een meerder kerkelijke vergadering beroepen mogen; en hetgeen door de meeste stemmen goed gevonden is, zal voor vast en bondig gehouden worden, tenzij dat het bewezen worde te strijden tegen het Woord Gods, of tegen de artikelen in deze Generale Synode besloten, zo lang als dezelve door geen andere Generale Synode veranderd zijn” (art 31 DKO).

word nie, verwerp asook die sinodale heersug oor die kerk van Christus. Die geskorste en afgesette ampsdraers byvoorbeeld Schilder was erken as wettige ampsdraers (Bos (red) 1994:25). Op 31 Desember 1944, dus enkele maande na die Vrijmakingsvergadering te Den Haag, het al 69 kerke wat met die Sinode se besluite gebreek het, vergader. Gesamentlik het die 69 kerke 40 000 lidmate verteenwoordig (Bos (red) 1994:29). Op die Vrijmakingsvergadering te Den Haag is die plaaslike gemeentes in *classes* saamgevoeg en is die onderskeie Partikuliere Sinodes van die latere Gereformeerde Kerke (Vrijgemaakt) gekonstitueer. Die voorlopige Sinode van die Gereformeerde Kerke (Vrijgemaakt) het te Enschede op 9 Oktober 1945 plaasgevind. Op dié Sinode te Enchede is besluit om die naam as Gereformeerde Kerken te behou, maar om ter wille van onderskeiding “*onderhoudende art 31*” bygevoeg word (*Acta Voorlopige Sinode Enchede* (GKv) 1945:37 artikel 77). Die kerk staan tans bekend as Gereformeerde Kerke (Vrijgemaakt). Die beswaardes het op voetspoor van Schilder van die veronderstelling uitgegaan dat Kerkrade nie besluite van meerdere vergaderinge klakkeloos kan aanvaar nie, maar dat hul slegs sodanige besluite kan oorneem na toetsing aan die Skrif, belydenis en kerkorde. Volgens Van Staalduine (2004:361) het die beswaardes hul kerkregtelik standpunt steeds verder uitgewerk in die rigting van Independentistiese-Kongregasionalisme.

2.5.7. Die eerste gewone Sinode Groningen (GKv) (1946)

Die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerken (sinodaal) (1946) het besluit om die leeruitspraak van 1942 met 'n *Vervangingsformule* te vervang. Daar was besluit dat die saaklike inhoud betreffende die uitsprake van 1905 en 1942 wat in ooreenstemming met die Skrif is, nie prysgegee mag word nie (De Vries 1990:8). Die besluit het by implikasie beteken dat die skorsing en afsetting van Schilder en

Greijdanus handhaaf was. Die Gereformeerde Kerken (sinodaal) het ook besluit om mondelinge samesprekings met die Gereformeerde Kerke (vrijgemaakt) (=GKv) te voer met betrekking tot kerkhereniging. Op die Sinode van Groningen 1946 van die Gereformeerde Kerke (GKv) was beide die *Vervangingsformule* asook die versoek tot samespreking met die Gereformeerde kerke (sinodaal) bespreek. Die Sinode het die versoek tot samespreking met die Gereformeerde Kerke (sinodaal) toegestaan met dien verstande dat beide kerke hul standpunte vooraf skriftelik en publiek moes wissel sodat alle kerklidmate kon meelewe en saam bid. (*Acta generale synode Groningen* 1946:75 artikel 429). Die sinodaal Gereformeerdes het egter die voorwaardes verwerp (Bos (red) 1994:34).

Gedurende die tydperk het geslote konferensies bestaande uit deelnemers van beide die Gereformeerde kerke (vrijgemaakt) en die Sinodale Gereformeerde kerke te Oosterbeek plaasgevind. Op die Sinode van die Sinodaal Gereformeerde Kerken te Den Haag (1949/1950) het die deelnemers van die Oosterbeekkonferensies 'n *Verklaring van gevoelens* ingedien, waarin hulle hul insigte oor die leer en kerkregering deurgegee het en gevra of hul met dié insigte as deel van die Sinodaal Gereformeerde erken sou kon word (Bos 1994:43). Die Sinodale Gereformeerde Sinode het hul versoek goedgekeur. Bo en behalwe die konferensiegangers het duisende ander ook hul voorbeeld gevolg en oorgegaan na die Sinodaal Gereformeerde Kerken.

Op die Sinode van die Gereformeerde Kerke (sinodaal) 1949 te 's-Gravenhage was talle rapporte met betrekking tot die kerkskeuring en verbandhoudende sake behandel (*Acta generale synode 's-Gravenhage* 1949-1950:art 481-630). Ten opsigte van die

vraag of die Gereformeerde Kerken in Nederland (sinodaal) verantwoordelik was vir die kerkskeuring, handhaaf die rapporte en besluite van die Sinode dat die kerkskeuring nie op die rekening van die Sinode gehou kon word nie. Die rapport *Toelichting en Prae-advies* het hewige diskussie uitgelok. Die kommissie van dié rapport het, met Berkouwer as rapporteur, voorgestel dat die gewig en oordeel wat die Sinode aan die *Toelichting en Prae-advies* toegeken het, verkeerde konklusies ten aansien van 'n verpligting tot aanvaarding van die inhoud moontlik gemaak het (*Acta Generale Sinode 's-Gravenhage* 1949-1950:bylaag XCIII). Die Sinode het besluit dat diegene wat meen dat hul aan die *Toelichting en Prae-advies* gebonde was, nie voldoende rekening gehou het met die offisiële kerklike uitsprake dat die *Toelichting en Prae-advies* geen kerklike bindende gesag het nie. (*Acta generale synode 's-Gravenhage* 1949-1950 art 630 sub B).

2.5.8. Sinode Kampen (GKv) 1951

Op die Sinode van die Gereformeerde Kerke (vrijgemaakt) (=GKv) was die independentistiese invloed duidelik sigbaar. Dit was veral duidelik volgens Bos (1994:57) by die bespreking van die plek van teologiese leraars as sinodale adviseurs. Op 21 Augustus 1951 was die beskrywingspunt van die Partikuliere Sinode Noord-Holland behandel waarin hul voorgestel het dat die Generale Sinode geen adviseurs of pre-adviseurs uit sal nooi nie en dat hul betrokkenheid in raadgewing of kommissiewerk of op die Sinode voortaan beperk moes word (*Acta generale synode (GKv) Kampen* 1951:12 artikel 13).

Die voorstel van Noord Holland is na hewige diskussie verwerp. Die Sinode het besluit dat die roepende kerk van elke Generale Sinode die hoogleraars van die

Theologiese Hoogeschool uit moes nooit om as adviseurs te dien; dat rapporte en voorstelle aan die hoogleraars op gelyke wyse as aan alle lede van die Sinode gestuur moes word; dat die terme pre-adviserende lede en adviserende lede in die verslae vermeld moes word; dat die hoogleraars as adviseurs toegevoeg kan word by die Sinodale Kommissies dog dat hierdie kommissies alleen sou bestaan uit die lede van die Sinode, uit wie se midde hul die rapporteurs sou kon benoem (*Acta generale sinode (GKv) Kampen 1951 art. 13:12*). Op 24 Oktober 1951 het die saak oor die posisie van die hoogleraars weer op die tafel gekom. Daar is vervolgens besluit dat die hoogleraars op die vergadering van die Sinode hul advies kan uitbring in vrye diskussie, asook in die uitbring van hul adviserende stem voordat die vergadering tot stemming sou oorgaan (*Acta generale synode (GKv) Kampen 1951:145*).

2.5.9. Openbare kerkregtelike diskoers

2.9.1. Prof K Schilder

Die skorsing van predikante in 1958, 1962 en 1964 het 'n groot beroering in die Nederlandse Gereformeerde Kerke veroorsaak (De Vries 1993:11). Die tweede spil waarom dit in die stryd met die buite verband kerke gedraai het naas die trou aan die belydenis, was die trou aan die kerkorde (De Vries 1993:47). Reeds 1 Maart 1951 waarsku Schilder in sy artikel *Zandhoop of gelei* teen die tendense wat die kerkverband dreig om “los zand” te word. In sy artikel waarsku Schilder onder andere daarteen dat die plaaslike kerke hul as los sandkorrels langs mekaar sien en wys daarop dat die selfstandigheid van die plaaslike kerke iets anders is as om langs mekaar staan (De Vries 1990:13). Schilder wys op die gevaar waar ieder een doen wat goed is in sy eie oë. In die naam van verset teen die heerssugtigheid van die meerdere vergadering,

het die plaaslike kerk 'n dominerende posisie gekry (De Vries 1993:47). Die Kralinger-saak en die groeiende gevaar van independentisme in die Gereformeerde Kerke (vrijgemaakt), het prof L Schilder genoop om in die *Reformatie* van 9 Februarie 1952 'n artikel met die opskrif *Hulpbehoevende kerken* te skrywe. Die Nederlandse Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) het rondom die Kralinger-saak 'n weerstandigheid teenoor die gesag van die meerdere vergadering ontwikkel. Die Kerkraad van Kralinger het hulle in die openbaar verset teen 'n besluit van die Sinode van Kampen en het hul beswaar by die Sinode aanhangig gemaak. Schilder het volgens De Vries (1990:13) in sy artikel geen oordeel oor die skuldvraag gewerp nie, maar hy verwys na wat hy alreeds in 1943 en 1944 geskrywe het, naamlik "God heeft gelukkig met de kerkverband meer geduld dan uw." Schilder sê in die artikel onder andere dat die seën van die kerkverband kom ons van Christus toe wat Sy lewe ook vir die kerkverband gegee het (De Vries 1990:13).

'n Polemieks in die pers het na die artikel ontstaan, waaraan ook ds K Doornbos betrokke geraak het. Doornbos is van mening dat die kerkorde die term kerkverband nie ken nie. In *De Reformatie* van 18 Maart 1952 het Schilder op Doornbos se skrywe reageer. Schilder het dit in die betrokke artikel duidelik gestel dat die vrymaking van hiërargie nie gesien moet word as die oorskakeling in die losbandigheid van kerklike individualisme nie (De Vries 1990:15). Schilder het met talryke voorbeelde uit die belydenisskrifte en kerkorde getoon dat die saak van die kerkverband in beide die kerkorde en die Drie Formuliere van Enigheid voorkom. Schilder is van mening dat solank 'n Kerkraad die kerkverband aanvaar, bly sodanige Kerkraad by voorbaat aan die sinodebesluite vas en gebonde op die uitsondering van art 31 (De Vries 1990:13-14). Hy is van mening dat afsprake wat vir die kerkverband



deur die Kerkraad vrywillig aangegaan is, kan nie deur die Kerkraad tersyde gestel word nie. Wat in Kralinger gebeur het, noem Schilder 'n klein vuurtjie, maar die manipulering rondom die kerkorde, noem hy 'n bosbrand (De Vries 1990:15).

Op die 22 Maart 1952, 'n dag voor Schilder se skielike sterfte, het die laaste artikel van Schilder in *De Reformatie* verskyn. Schilder het tot aan die einde Bibliïsme en independentisme bestry (De Vries 1990:16). Op 19 November 1952 het die Sinode uiteindelik tot die uitspraak gekom dat die Kerkraad van Kralinger geen goeie grond gebied het tot die verwerping van die besluite van die Generale Sinode van Kampen nie (De Vries 1990:18). By die Kerkraad van Kralinger was daar onder andere 'n skuldige nalatigheid om die besluite te honoreer.

2.6. Stryd om die gesag van meerdere vergadering (1961-1969)

Gedurende die sestiger jare het die voortslepende onvergenoegdheid met die reëls van die kerkverband en die heerssugtigheid van die meerdere vergadering teenoor die selfstandigheid van die plaaslike kerke, in 'n kerkskeuring in die Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt) uitgemond. Reeds kort voor sy sterfte waarsku Schilder teen dominokrasie en sinodokrasie: "(I)k vrees wel eens, dat we tegenwoordig het kerkverband niet allemaal goed begrijpen. En dat we de zelfstandigheid der plaatselijke kerk verwarren met het *op-zich-zelf-staan* der plaatselijke kerk" (De Vries 1990:11).

Die tydperk 1961-1967 is na my mening kenmerkend van die ernstige afmetings van independentisme onder die Vrijgemaaktes. Die groter gesag wat in Sinodale strukture



gaandeweg gevestig geraak het, asook die posisionering van predikante en kerkrade met betrekking tot sinodokrasie, dominokrasie, konsistoriokrasie, independentisme, geldende Gereformeerde kerkregtelike beginsels asook die *nuwe kerkrecht*, blyk onder meer duidelik uit die hantering van die volgende sake, naamlik die Van der Ziel-saak, Telder-saak, Kralinger-saak en die Schoep-saak.

2.6.1 Generale Sinode Assen 11 April tot 21 September 1961 (GKv)

Reeds gedurende 1959 het die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerken te Utrecht (sinodaal) die *Vervangingsformule* van 1946 ter syde gestel (Bos 1994:45). Die Sinode het skriftelik aan die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) kennis gegee dat hulle kontak met hulle wou opneem met die oog op hereniging (Bos (red) 1994:45). Die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) het die versoek afgekeur. Alhoewel die leeruitsprake van die baan was, was die gepaardgaande tugmaatreëls van Schilder, Greijdanus en ander nie opgehef nie (*Acta generale sinode Gereformeerde Kerken (GKv) 1961: artikel 77:40-41*). Op die Sinode was 'n nuwe kerkorde aanvaar waarin die Gereformeerde Kerken in Nederland (sinodaal) hul kerkregtelike visie met betrekking tot die tugreg van die meerdere vergadering uiteindelik kerkordelik vasgelê het:

(O)nverminderd het in de artikelen 119 en 120 bepaalde, zal het aan de classis en eveneens, indien door bijzondere omstandigheden het inroepen van de hulp der classis overwegende moeilijkheden zou opleveren, aan de andere meerdere vergaderingen vrijstaan de maatregelen van schorsing en afzetting te nemen, wanneer, in geval van wanbestuur bij de kerkenraad, op haar door een deel van de kerkenraad of door een deel van de gemeente, niet zonder dat vooraf de kerkenraad erin is gekend en er zich over uitgesproken heeft, een beroep wordt gedaan om hulp en medewerking.

(*Acta generale synode Gereformeerde Kerken Bunschoten- Spakenburg 1959:artikel 121*)

Op die Sinode van die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) te Assen (1961) was die versoek van die Gereformeerde Kerken in Nederland (sinodaal) om kontak met die oog op eenwording te bewerkstellig verwerp (Bos 1994:45). Die Sinode van Assen (1961) het 'n *Open Brief* gerig aan die Kerkrade van die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakte) oor die onderhawige saak gestuur, waarin aangedui was dat die Vrijmaking nie oor 'n rusie daargestel was nie, maar dat dit gehandel het oor die verbreking met die sonde. Dié besluit van Assen (1961) het 'n polemieek laat losbreek. Drs G Puchinger en ses ander predikante het 'n ope brief aan die hoogleraars dr H Ridderbos en J Kamphuis met betrekking tot die saak geskryf. Drs Puchinger het na die Sinode van Assen (1961) oorgegaan na die Gereformeerde Kerken (sinodaal) (Bos 1994:46).

2.6.2. Die Sinode van Rotterdam –Delfshaven (GKv) 1964-1965

Die krisis waarin die kerkverband verkeer het, het by die Sinode Rotterdam-Delshaven-1964-1965 (GKv) 'n uitkristallisering bereik wat volgens De Vries (1990:43) vir die toekoms van die Gereformeerde kerke in Nederland deurslaggewend sou wees. Op die Sinode is die Beverwijk-saak en die Van der Ziel-saak behandel. Oor die Beverwijk-saak was groot ooreenstemming bereik, maar oor die Van der Ziel-saak het die Sinode uitmekaar geval en daarmee ook die kerkverband (De Vries 1990:43).

Ds L E Oosterhof, predikant van Beverwijk, het onder andere verkondig dat Christus nie slegs vir die uitverkorenes gesterf het nie, maar ook vir die hele gemeente, dit wil sê ook vir die verbondsverbrekers van die gemeente (*Acta Sinode Rotterdam-Delshaven*

(GKv) 1964-1965 art 449(a)). Desondanks die vele vermaninge van sy Kerkraad, het Oosterhof in sy leer volhard (*Acta generale synode Rotterdam-Delshaven (GKv) 1965:art 458b*). Die Kerkraad van Beverwijk het gevolglik vir ds Oosterhof skorsingswaardig verklaar. Die Beverwijk-saak handel oor die mag wat die landelike kerk oor die plaaslike kerk het. Die naburige Kerkraad te Haarlem het geweier om met die oordeel van die Kerkraad in te stem. Die Kerkraad van Beverwijk het in hoër beroep gegaan en was op die Sinode Rotterdam-Delshaven (GKv) 1964-1965 gelyk gegee. Die Sinode Rotterdam-Delshaven (GKv) 1964-1965 het geoordeel dat die leringe van ds Oosterhof in stryd met die Bybel en die belydenisskrifte was en derhalwe nie in die gemeente van God geleer mag word nie (De Vries 1990:44.).

Die Van der Ziel-saak was vanaf 27 Oktober 1964 tot 6 November 1964 in *comité generaal* gehou, dus 'n geslote sitting (*Acta Sinode Rotterdam-Delfshaven (GKv) 1964-1965: 130 artikel 311*). De Vries dui in *De Vrijmaking in het vuur* dat 'n grootskaalse beroering in die hele kerkverband veroorsaak was deur die konflik tussen die kerkverband te Groningen-Zuid en ds Van der Ziel (De Vries 1990:29-74). Hy toon aan dat die Van der Ziel-saak een van die hooforsake vir die ontstaan van die Nederlands Gereformeerde Kerken in die sestigerjare was: "Tot nu toe behandelde maakt duidelijk dat de brand nu in het hele land aan het woeden is. Het hele kerkverband verkeert in een crisis. Op allerlei plaatsen en in allerlei kerklijke resorten komen velen, die sinds de vrijmaking samen opgetrokken zijn, tegenover elkaar te staan" (De Vries 1990:74). Ook Veenhof (1974:80) dui in die *Informatieboekje van die Nederlands Gereformeerde Kerken* die Van der Ziel-saak aan as een van die hoofkerkregtelike beweegredes vir die skeuring van die Gereformeerde Kerke (vrijgemaakt)

in die sestigerjare. Die Van der Ziel-saak fokus primêr op die rol van die landelike kerk teenoor die plaaslik kerk en handel gevolglik nie soseer oor tugreg van die meerdere vergadering nie.

Ds Van der Ziel, predikant van Groningen-Zuid, het op 10 Desember 1960 in die *Contact*, 'n blad waarvan hy een van die redakteure was, geskrywe dat die Gereformeerde kerke die bedenklike grens tussen kerk en sekte nader deurdat sy samesprekings met die Gereformeerde Kerken in Nederland (sinodaal) sonder enige skriftelike situasietekeninge vooraf verwerp het. Van der Ziel het voortdurend op samespreking tussen die twee kerke aangedring (Bos (red) 1994:147). Ondanks die besluit van sy Kerkraad het ds Van der Ziel in 1961 samespreking met 'n paar kerkraadslede van die Gereformeerde Kerken in Nederland (sinodaal) gevoer. Daarvoor was hy deur sy Kerkraad vermaan. Die Kerkraad van Groningen- Zuid het gedurende 1963 vir ds Van der Ziel as skorsingswaardig verklaar (Bos 1994:47-48). In ooreenstemming met die kerkorde art 79 het die Kerkraad hul besluit aan die naasliggende Kerkraad, Groningen- Noord, voorgelê. Groningen-Noord kon egter nie tot 'n beslissing kom nie. Uiteindelik het die Kerkraad van Groningen-Zuid na die *classis* gegaan, maar ook dié het geweier om 'n oordeel te vel. Daarop het die Kerkraad in appèl by die Partikuliere Sinode aan die einde van 1963 gegaan. Die Kerkraad van Groningen-Zuid het besluit om ds Van der Ziel weens 'n dreigende kerkskeuring in Groningen-Zuid eiehandig te skors. Die Kerkraad het hul onder andere op artikel 31 beroep, naamlik dat die besluit van die *classis* in stryd is met Gods Woord en daarom hoef die Kerkraad dit nie as vas en bondig beskou nie (Bos 1994:48). Die saak het heelwat beroering in die Gereformeerde Kerken veroorsaak.



Op 6 November 1964 was 'n minderheids- en 'n meerderheidsverslag insake die Van der Ziel-saak aan die Sinode voorgelê. Die minderheidsverslag het voorgestel dat die skorsing van ds A van der Ziel herroep moes word: “De synode dringt er daarom bij de kerkeraad van Groningen-Zuid op aan de schorsing van ds A van der Ziel onverwijld te herroepen” (*Acta Sinode Rotterdam –Delfshaven (GKv)* 1964-1965 artikel 314:135). Dr R H Bremmer het voorgestel dat weens die gewigtigheid van die saak, die Sinode alle teologiese hoogleraars moes oproep om die Sinode van advies te bedien:

De generale synode constaterende, dat na twee rondes geen genoegzame ooreenstemming is bereikt in de zaak Groningen-Zuid/ds A van der Ziel; overwegende ... in deze gewichtige zaak, die het leven van onze kerken beroert, alle hoogleraren van de Theologische Hoogeschool op te roepen de synode van advies te dienen.

(*Acta generale synode Rotterdam –Delfshaven (GKv)* 1964 tot 1965:130-131 artikel 311)

Die voorstel was na hewige diskussie deur die indiener teruggetrek. 'n Amendement, ingedien deur dr B Jongeling, het hierna aan die orde gekom. Dr B Jongeling het onder andere voorgestel dat ds A van der Ziel se skorsing deur die kerkraad ondeugdelik was (*Acta generale synode Rotterdam –Delfshaven (GKv)* 1964 - 1965: artikel 313 (b)). Die Sinode het amendement met 'n meerderheid van stemme verwerp. Die minderheidsverslag van die kommissie was daarna tot stemming gebring en was ook met 'n meerderheid van stemme verwerp. Die meerderheidsverslag was daarna aan die orde gestel en met 'n klein meerderheid van stemme (14 teenoor 13 stemme) was die Kerkraad van Groningen-Zuid met betrekking tot die skorsingswaardigheid van ds Van der Ziel in die gelyk gestel. Prof J Kamphuis het as pre-adviseur tydens die saak opgetree en het aanbeveel dat die skorsingswaardigheid van ds Van der Ziel goedgekeur moes word.



Op 10 November 1964 is 'n *Verklaring van 12 broers* op die tafel van die Sinode gelê, wat na goedkeuring van die vergadering ter bespreking gebring was (*Acta Sinode Rotterdam –Delfshaven (GKv) 1964 - 1965* artikel 319). Die volgende twee dae van die Sinode was aan die bespreking van die dokument gewy. Drr HR Bremmer en Jongeling, asook G Jansen medeondertekenaars van dié verklaring. In die *Verklaring van 12 broers* het die broeders hul beswaar uitgedruk dat die besluit waarin die skorsingswaardigheid van ds A van der Ziel uitgespreek was, met so 'n klein minderheid geneem is (14 stemme teen 13) en het voorgestel dat genoemde besluit in revisie geneem moes word:

Zij verklaren, dat, tenzij het gevallen besluit wordt teruggenomen, verdere samenwerking in de synodeverband voor hen niet mogelijk is, omdat de rechtskrenking in dit besluit en de schending van de broederschap in de totstandkoming daarvan, huns inziens een aantasting betekent van de kerkelijke normen, die onder ons gelding behoren te hebben en zó de zegen des Heren niet kan worden ingeroepen.

(*Acta generale synode Rotterdam –Delfshaven (GKv) 1964 -1965: 144-146 artikel 319*)

Die twaalf broeders het ook geweier om verder aan die Sinode se werksaamhede deel te neem totdat die besluit met betrekking tot die skorsingswaardigheid van ds Van der Ziel teruggetrek was. Op 11 November het die twaalf broers kennis gegee dat hul verklaring van 10 November 1964 handhaaf. Die sekundi moes opgeroep word om sitting in te neem sodat die Sinode met haar werksaamhede kon voortgaan:

Daarop klaagden de tegenstemmers over “gebrek aan broederlijkheid.” Het gebrek aan overeenstemming volgens hen, dat het besluit ingetrokken zou worden. Als dat niet gebeurde, dan zagen zij geen mogelijkheid meer om mee te doen aan de verdere besprekingen. Na heel wat heen en weer gepraat zijn bijna alle tegenstemmers inderdaad van de synode vertrokken. Hun secundi (vervangers) kwamen in hun plaats.

(Bos 1994:49)

Alhoewel ds Van der Ziel sy skorsing as onjuis beskou het, het hy nie in hoër beroep gegaan nie, maar het hy sy eie gemeente gestig (Bos 1994:49). Die gemeente wou nog steeds Vrijgemaakt Gereformeerd bly. Hulle het in 'n sentrum, Ons Tehuis, te



Groningen byeengekom en was spoedig die Tehuis-gemeente genoem. Ds A van der Ziel was uiteindelik op 1 Oktober 1965 deur die Partikuliere Sinode Groningen afgeset.

Op 31 Oktober 1966 was 'n *Open Brief*, onderteken deur 25 lede van die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt), aan die Tehuis-gemeente in Groningen gerig. Een van die opsteller van die *Open Brief* was ds B J F Schoep van Amstelveen. In November 1966 het die *Open Brief* in die weekblad, *Opbouw*, waarvan ds G Visee die redakteur was, verskyn. Die *Open Brief* het 'n grootskaalse polemieek in die Gereformeerde kringe veroorsaak. Die ondertekenaars het onder andere geweier om die *Vrijmaking* as die werk van die Here te sien:

De ondertekenaars weigeren de vrijmaking als een werk des Heren te zien. Ze plaatsen deze in het kader van veten en twisten rond de opdrachten van de Heer, die begraven moesten worden. Want ieder bouwt in eigen stijl op het eens gelegde fundament. Dus, vrijgemaakten en synodaal-gereformeerden bouwen wel in eiegen stijl, maar samen op het ene fundament. Nu wil men de bovengenoemde twisten beëindigen. Het fundament bleef immers heel.

(De Vries 1990:64)

In dié brief word ds A van der Ziel 'n betroubare dienaar van die Here genoem, terwyl die Kerkraad van Groningen-Zuid daarin voorgestel word as skeurmakers (Bos (red) 1994:49). Die ondertekenaars het hul daarin verheug dat ds A van der Ziel as lydende kneg die wil van Christus gevolg het:

Allereerst om onze blijdschap te uiten, dat zij in het schisma dat werd aangericht door de Raad van de Gereformeerde Kerk te Groningen-Zuid, geweigerd hebben een betrouwbaar dienaar van onze Heer te verwerpen...Toen zag de gemeente zich voor de keus geplaatst: óf zich van de kerkeraad losmaken en dan naar de wil van Christus Zijn dienaar, Ds van der Ziel, blijven aanvaarden. U koos de laatste weg. En daarover verblijden wij ons. Want wie het voor de lijdende knechten van de Heer opneemt, neemt het voor de Heer zelf op.

(De Vries 1990:109-110)

In die slot van die *Open Brief* het die ondertekenaars gevra of die historiese fondament van die Nederlandse Gereformeerde Kerken saam met die fondament van

die heilige, algemene Christelike Kerk val: “(I)eder zich opnieuw afvraagt, of het historisch fundament van de Nederlandse Gereformeerde Kerken ook samen val met het fundament van de heilige, algemene, Christelike Kerk” (De Vries 1990:115).

2.6.3. Openbare kerkregtelike diskoers

2.6.3.1. Ds K Doornbos en prof J Kamphuis

Reeds in die Kerkbode van 26 Mei 1962 van Noord-Holland het ds K Doornbos ’n artikel onder die opskrif *Doet weg de vreemde goden* geskryf. Hy is van mening dat prof K Schilder in ’n onbewaakte oomblik in *De Reformatie* 9 Februarie 1952 geskrywe het dat Christus ook sy bloed vir die kerkverband gestort het. Reeds voor sy sterfte op 23 Maart 1952 het Schilder Doornbos se stelling dat die Skrif nêrens van die kerkverband spreek nie afgewys. Die artikel het in die uitgawe van *De Reformatie* van 15 Maart 1952 verskyn. Doornbos is van mening dat wie die onbedagte stelling van Schilder kritiekloos oorneem, besig was met afgodery:

Deze afgoderij met het kerkverband wordt in de hand gewerkt door een ongelukkig woord dat Schilder in een onbedacht ogenblik uit de pen gevloeid is, dit woord, dat Christus Zijn bloed ook voor het kerkverband gestort heeft. Wanneer wij weldaden van de Here ontvangen, ontvangen wij die omdat Christus Zijn bloed voor ons gestort heeft. Maar ik wil leven bij de schrift; alleen de schrift kan mij leren of iets een weldaad is waarvoor Christus Zijn bloed heeft gestort. Er is ook wel eens iets dat men voor een weldaad aanziet en het toch niet is... Het is niet erg dat Schilder deze fout gemaakt heeft. Wie maakt er geen fouten? En wie heeft niet wel eens een onbedacht ogenblik? Maar wel erg is dat men zo'n onbedacht woord van Schilder kritiekloos overneemt en er gevolgtrekkingen uit maakt van verre strekking. Dat is afgoderij met Schilder.

(Kamphuis 1966:59)

Kamphuis, in teenstelling met Doornbos, is van mening dat die stelling nie onbedag deur Schilder gebruik nie (Kamphuis 1966:59). Alhoewel die woord kerkverband nie in die Bybel voorkom nie, is Kamphuis van mening dat dit in die Bybel geïmpliseer word:



De schrift spreekt nergens van kerkverband. Nu gaat het niet aan buiten de schrift om vast te stellen dat Christus voor het kerkverband Zijn bloed heeft gestort en dan op grond daarvan te beweren dat men aan het kerkverband niet tornen mag, en op dezelfde grond het kerkverband maar steeds uit te breiden en maar steeds vaster te maken. Wat niet in de schrift gefundeerd is mag men niet proberen dan maar te funderen in het bloed van Christus.

(Kamphuis 1966:59-60)

Kamphuis (1966:63-64) toon verder aan dat die kerkverband in die kerkorde in talryke artikels beklemtoon en/of geïmpliseer word onder andere in artikel 48 (korrespondensie), artikel 30 (elkeen help mekaar in sake wat die mindere vergadering nie kon afhandel nie), artikel 31 (appèl) asook artikel 44 (kerkvisitasie): “Het woord kerkverband komt in de K.O. niet voor? Al was het zo, dan zeg ik nog: maar de tekst der K.O. is vol van het kerkverband en zijn heerlijke werking” (Kamphuis 1966:62).

Hy dui daarop dat prof Greijdanus die kerkverband in sy *Schriftbeginselen van kerkrecht inzake meerdere vergaderingen* as van uiterse belang beskou het (1966:75). Kamphuis stem saam met Greijdanus dat geen enkele kerk gedwing kan word om met die ander saam te lewe nie. Van menslike kant berus die verband tussen kerke op vrywillige afspraak, maar aan die anderkant het dit ook 'n goddelike eis (Kamphuis 1966:75). Kamphuis (1966:78) gee dus prof Schilder gelyk dat Christus Sy bloed ook vir die kerkverband gestort het. Volgens Kamphuis (1966:101) is die kerkverband nie slegs in aansluiting met prof Greijdanus in *Schriftbeginselen van de kerkrecht*, nodig ter afwering van die sonde nie, maar is dit positief te waardeer, omdat die kerke, so ook die gelowige persoonlik, geroepe is tot die gemeenskap van die heiliges om mekaar te dien.

Volgens Kamphuis (1966:115) is die konfederatiewe samelewing van Gereformeerde Kerken te beantwoord aan die onderwys van die Skrif. Hy is van mening dat die



nieuwe kerkrecht wat van die stelling uitgaan dat die Skrif geen kerkverband ken nie en dus slegs 'n saak van vrywilligheid is, die duidelike Skrifgegewens verbygaan (1966:115). Kamphuis (1966:121) verwys onder andere na Rom 15; 1 Kor 16; 2 Kor 8 en Hand 15 as Skrifbewyse vir sy stellingname. Volgens Kamphuis (1966:121) gaan dit in Hand 15 om kerkverbandskwessies.

2.6.3.2. Prof J Kamphuis en die *Open Brief*

Ds J O Mulder, 'n predikant van die Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt) was een van die mede-ondertekenaars van die *Open Brief*, waarin die Vrijmaking degradeer word tot 'n twis, 'n vete onder broers en die Acte van Vrijmaking en Wederkeer wat sou staan teenoor die geloof in die Here Jesus Christus, as ideologie verwerp word (Kamphuis 1967b:11). In die *Open Brief* het die ondertekenaars bevestig dat hul saam met die Tehuis-gemeente nie die sogenaamde Vrijmakingsgeloof deel nie:

Doordat dit vrijmakingsgeloof zo met confessioneel gezag bekleedt wordt, wordt dit geloof voor velen onder ons wel zeer verbindend. Het waarachtig kerklidmaatschap komt ermee in het geding. En zo zijn er de spanningen. Spanningen die bij de grote massa, onder de druk gebracht van de confessie, een oplossing vinden in een volgzzaam gaan van de weg die de woordvoerders van het vrijmakingsgeloof wijzen. Spanningen die bij anderen zo worden opgevoerd, dat er conflictsituaties ontstaan. En dan horen we van sschorsing en afzetting, van heengaan van predikante en leden der kerk, van scheuringn in gemeenten.

(De Vries 1990:111)

Die *Open Brief* staan volgens Kamphuis lynreg teenoor die gemeenskaplike oortuiging op grond van die Heilige Skrif en die belydenis van die kerk (1967(b):10). Op 5 Desember 1966 het prof J Kamphuis 'n beswaarskrif aan die Kerkraad van Kampen gerig waarin hy ds Mulder as 'n "kwade herder" aangedui het en het hy die Kerkraad opgeroep om met ds Mulder te handel soos dit troue opsieners teenoor 'n "kwade herder" betaam: "Tevens verzoek ik u met deze predikant te handelen zoals het getrouwe op zieners tegenover een kwade herder

betaamt, en deel ik u mede ds J O Mulder niet als herder onder Christus te kunnen erkennen, zolang hij op deze boze weg van kerkverstrooiing blijft” (Kamphuis 1967b:15).

Op 29 Desember 1966 het ds C H Lindeboom en br S Ferweda ’n besoek aan huis van prof Kamphuis gelewer waarin hul hom mondelings meedeel het dat sy beswaarskrif deur die Kerkraad afgewys is, aangesien daar in sy beskuldiging teenoor ds Mulder Skrifbewyse ontbreek het, hy ds Mulder aan sy beskouings oor die Vrijmaking meet en hy blykbaar in sy skrywe vir ds Mulder self geskors en afgeset het (Kamphuis 1967b:18). Kamphuis het in ’n skrywe gedateer 30 Desember 1966 getoon dat hy in sy skrywe gedateer 5 Desember 1966 die Kerkraad versoek het om “naar zijn roeping met ds Mulder te handelen” (1967b:18). Kamphuis is van mening dat met die verloëning van die konfessionele karakter van die Vrijmaking en die degradering van die Vrijmaking tot ’n twis en ’n vete onder broers van dieselfde huis, ’n wissel gepasseer, die weg van die Reformasie van die Afscheiding, Doleansie en Vrijmaking verlaat en ’n keuse gemaak was vir die “brede weg” van die modernistiese ekumene (1967b:19).

Op 6 Januarie 1967 het die drie afgevaardigdes van die Kerkraad, te wete ds CH Lindeboom en brr S Ferweda en Leefferts, mondelings aan prof J Kamphuis kennis gegee dat die Kerkraad van sy skrywe gedateer 30 Desember 1966 kennis geneem het, maar dat die Kerkraad by sy vorige besluit bly staan. Op 9 Januarie 1967 het prof Kamphuis in hoër beroep by die *classis* van Kampen gegaan. Op 17 Februarie 1967 het die *classis* kennis gegee dat hul die Kerkraad van Kampen gelyk gegee het dat prof Kamphuis vir sy beskuldigings teen ds Mulder



Skriftuurlike bewyse moes verskaf, dat hul nie aan sy versoek kon voldoen alvorens hy sodanige bewyslas verskaf het nie, en dat hul dus die versoek tot appèl nie toe kan staan nie (1967b:37). Op 28 Februarie 1967 het Kamphuis in hoër beroep by die Partikuliere Sinode Overijssel gegaan. Die Partikuliere Sinode Overijssel het geoordeel dat dit 'n ernstige saak is wat die bestaansreg van die Vrijgemaaktes raak en het prof J Kamphuis gelyk gegee (1967b:45): “Dat de classis ten onrechte heeft uitgesproken dat de kerkeraad terecht naar Schriftbewijs gevraagd heeft; dat de kerkeraad de brief van 5 dec, '66 alsnog in behandeling behoort te nemen.”

2.6.4 Amersfoort-West Sinode (GKv), 4 April 1967 tot 9 November 1967

Reeds met die opening van die Sinode het ds J J Arnold in sy openingswoorde gesuggereer dat 'n “sware taak” op die afgevaardigdes wag. Hy het daarop gewys dat daar in die afgelope jare onrus in die kerk opgewel het met betrekking tot die vele appèlle en revisie-sake waartoe daar tot op daardie datum geen oplossing gevind kon word nie (*Acta generale synode Amersfoort-West (GKv) 1967:19* artikel 1). Op die eerste sittingsdag, 4 April 1967, het die Generale Sinode van Amersfoort-Wes kennis geneem dat die afgevaardigde van die Partikuliere Sinode Noord-Holland, naamlik ds B J F Schoep, een van die medeondertekenaars van die *Open Brief* was:

Deze mede-afgevaardigde heeft een artikel gepubliceerd over “Oecumenische gezindheid” in *Woord en Wereld* van April 1966 pag. 100-1006, en door zijn ondertekening de verantwoordelijkheid aanvaard voor de inhoud van de dus geheten, “Open Brief aan de Tehuis-gemeente in Groningen”, bekend gemaakt door toezending aan particulieren in onze gereformeerde kerken en door middel van toezending aan particulieren in onze gereformeerde kerken en door middel van verschillende persorganen omstreeks 3 november 1966.

(*Acta generale synode Amersfoort (GKv) 1967:27* artikel 8)



Die Sinode het geoordeel dat die Skriftuurlike–konfessionele bestaansreg van die kerke van die Vrijmaking deur die stelling in die *Open Brief* verloën word, en het besluit om nie aan ds B J F Schoep sittingsreg te verleen nie: “Derhalve uit kracht van de belijdenis der waarheid ds B J F Schoep niet te ontvangen als lid van deze Gereformeerde Generale Synode en hiervan bericht te doen an de raad van de Gereformeerde kerk te Amstelveen, de eerstkomende classis Amsterdam en de eerstkomende Synode van Noord-Holland” (Kamphuis 1967:58).

Die voorstel was met 19 stemme teen 15 aanvaar, terwyl een broeder buite stemming gebly het. Op dié Sinode is kennis geneem van die besware teen die praktyk om hoogleraars na die Generale Sinode as pre-adviseurs te nooi. Volgens artikel 50 van die Kerkorde, is die Generale Sinode ’n vergadering van afgevaardigdes wat deur die kerke van geloofsbriewe voorsien is. Volgens artikel 18 hoort pre-advies nie by die amptelike leeropdrag van die hoogleraars tuis nie. Dit staan egter die Sinode vry om wel vir ’n saak waarvoor hy bepaalde informasie of advies benodig, ’n hoogleraar van die besondere vak uit te nooi om aan die Sinode skriftelik of mondelings bystand te verleen.

Dat sinds de vrijmaking der kerken een anti-hiërarchishe tendens in het oog springt, waarom het tegen die tendens indruist dat hoogleraren keer op keer aan de generaal-synode arbeid deelnemen, en dat zulks te meer klem krijgt nu in sommige particulier-synodale resorten de regel is, dat een broeder niet vaker dan tweemaal achtereen naar een generale synode mag worden afgevaardigd.

(Acta generale synode Amersfoort-West (GKv) 1967:105 artikel 112)

Die Sinode het egter geoordeel dat die uitnodiging van hoogleraars as pre-adviseurs van die Generale Sinode nie in stryd met Gods Woord, die belydenis en die kerkorde was nie en het die versoek van die Gereformeerde kerke te Zalk en Veecaten verwerp en het

die besluit van die Generale Sinode van Kampen 1951 ongewysig gehandhaaf (*Acta generale synode Amersfoort-West (GKv)* 1967:105 artikel 112).

Op Vrydag 25 Augustus 1967 is kennis geneem van die besluit van die buitengewone Partikuliere Sinode van Noord-Holland met betrekking tot die nie-verlening van sittingsreg aan ds B J F Schoep. Laasgenoemde Partikuliere Sinode het besluit om die besluite geneem op die Generale Sinode van 6 April 1967 as nie vas en bindend te beskou nie. Die Generale Sinode Amersfoort-West 1967 (GKv) het die besluit herbevestig om ds B J F Schoep nie as lid van die Sinode te ontvang nie (*Acta generale synode Amersfoort-West (GKv)* 1967:170 artikel 163).

Op die Sinode van Amersfoort-West (GKv) was die Van der Ziel-saak asook etlike beswaarskrifte oor diverse aangeleenthede aan die orde gestel. Op Woensdag 13 September 1967 het die Sinode kennis geneem van die beswaarskrifte van 25 kerkrade, 6 persone te Groningen, 18 persone buite Groningen asook 44 gelykluidende of byna gelykluidende revisie aansoeke met betrekking tot die Groningen-Zuid of te wel die Van der Ziel-saak. Die Sinode het die beswaarskrifte en revisie aansoeke een vir een verwerp (*Acta generale synode Amersfoort-West (GKv)* 1967:221-280) byvoorbeeld: “Is van oordeel: dat appellanten nie hebben aangetoond dat artikel 315c revisie behoef; en spreek uit: aan de verzoeken tot revisie in dezen niet te voldoen” (*Acta generale synode Amersfoort-West (GKv)* 1967 artikel 227).

Die uitsprake van die Sinode Rotterdam-Delshaven (GKv) 1964/1965 wat onder andere te doen gehad het met die feit dat ds Van der Ziel samesprekings buite sy

Kerkraad aangegaan het, die skorsing van ds Van der Ziel, sy skorsingswaardigheid, asook die klag van die Kerkraad dat ds Van der Ziel die amptelike verkondiging van die Woord misbruik het, was onomwonde deur die Generale Sinode Amersfoort-West afgewys (*Acta generale synode Amersfoort-West (GKv)* 1967:246-247 artikel 209-112).

Die Sinode van Amersfoort –West (GKv) (1967) het ook geoordeel dat prof H J Jager, een van die dosente van die Theologiese Hoogeschool, nie op die vrae met betrekking tot die handeling na die ondertekeningsformulier instemmend geantwoord het nie en dat hy in artikels, wat hy voor die Sinode geskryf het, die punte van die leer onder andere met betrekking tot antwoord 57 van die Heidelbergse Kategismus, regstreeks weerspreek het. Prof H J Jager het dus die leer van ds Telder aangehang en het hy op 27 Januarie 1967 openlik sy instemming daarmee met die *Open Brief* betuig. Hy het verder verklaar dat hy die skorsing van di Van der Ziel, Telder en Oosterhoff 'n fout was en dat die wegsending van ds Schoep, as wettige afgevaardigde van Noord-Holland se Partikuliere Sinode, 'n misbruik van sinodale mag was (De Vries 1990:69). Die Sinode van Amersfoort -West (GKv) (1967) het gekonstateer dat Jagers die kerke buite verband voorgestaan het. Op 12 September 1969 het die Sinode besluit dat prof Jager solank hy nie die vereiste genoegdoening met betrekking tot die leer en die orde van die kerk gee nie, hy geen reg meer het om na aanleiding van artikel 10 van die reglement van die Theologiese Hoogeschool, as lid met raadgevende stem, sitting op die senaat van die Theologiese Hoogeschool in te neem nie (De Vries 1990:70).

Met betrekking tot Veenhof het die Sinode 'n soortgelyke besluit geneem. Die Sinode het gekonstateer dat Veenhof as redakteur van die *Opbouw* toegelaat het dat besluite van die meerdere vergaderinge ter handhawing van die leer, bestry word. Ook het

Veenhof verklaar dat die *Open Brief* nie in stryd met die belydenis van die kerk was nie. Veenhof het egter geen gravamen oor die uitspraak van die Sinode van Amersfoort-West oor die saak ingedien nie. Die Sinode het geoordeel dat die wyse waarop prof Veenhof oor die belydenis as “feilbaar mensenwerk” gespreek het, bedenklik was. Die Sinode het besluit om aan beide Jager en Veenhof die regte as emiritus-hoogleraar te ontnem (De Vries 1990:70). De Vries (1990:74) is van mening dat die hele kerkverband in ’n krisis was as gevolg van veral independentisme en/of die sug na onafhanklikheid by Kerkrade.

2.6.5. Openbare kerkregtelike diskoers

Bo en behalwe Kamphuis, het di K Doornbos en M R van der Berg in reaksie op die sinodalisme deelgeneem aan die diskoers. Beide Doornbos en M van der Berg het klem op ratifikasie van sinodale besluite gelê.

2.6.5.1. Prof J Kamphuis en die *Open Brief*

Desondanks die Partikuliere Sinode Overijssel (GKv) 1967 se besluit dat die Kerkraad ten onregte Skriftuurlike bewyse van prof Kamphuis vra en die besluit van die Generale Sinode met betrekking tot die verlening van sittingsreg aan een van die mede-ondertekenaars van die *Open Brief*, het die Kerkraad in ’n skrywe gedateer 8 Junie 1967 aan prof Kamphuis daarmee volstaan dat hy Skrifgronde vir sy beskuldigings teen ds Mulder aan hul moes verskaf (Kamphuis 1967b:59-62). Die Kerkraad het dus in hul skrywe aan prof Kamphuis bloot hul standpunt van vroeër herhaal en het dus die uitspraak van die Partikuliere Sinode Overijssel (GKv) verwerp. In ’n skrywe gedateer 7 Julie 1967 het die Kerkraad aan die gemeente kennis gegee dat hul die uitspraak

van die Partikuliere Sinode Overijssel (GKv) nie as vas en bindend beskou het nie (Kamphuis 1968:45). Desnieteenstaande die oordeel van die Partikuliere Sinode dat die “bestaansrecht van de vrijgemaakte kerke op het spel” is en die besluit van die Generale Sinode om op “kracht van de belijdenis der waarheid” aan een van die afgevaardigdes van die Generale Sinode nie sittingsreg te verleen nie, het die Kerkraad van Kampen voortgegaan wat Kamphuis beskou het as “kerkafbraak” en “belijdenis-verachting” (Kamphuis1967b:65) Die Kerkraad van Kampen het hul nie op die Generale Sinode van Amersfoort-Wes 1967 wat kort na Partikuliere Sinode Overijssel vergader het, beroep nie (Kamphuis 1968:45). Art 31 van die kerkorde reël immers soos volg die moontlikheid vir beswaardes oor ’n uitspraak: “Zo iemand zich beklaagt door de uitspraak der mindere vergadering verongelijkt te zijn, dezelve zal zich tot een meerder kerkelijke vergadering beroepen mogen.”

2.6.5.2. Ds K Doornbos

Na aanleiding van die Sinode van Rotterdam se oordeel dat ds Oosterhoff ongereformeed was, het ds K Doornbos *De Synode van Dordrecht 1618/19 getoetst aan het recht der kerk* geskryf (Doornbos 1967:121). Die Sinode van Rotterdam het onder andere in hul uitspraak die Dordtse leerreëls aangehaal, in besonder die sewende verwerping van die dwalinge uit hoofstuk 2:

VII. Die leeren, dat Christus voor diegenen, die God ten hoogste liefheeft, en ten ewigen leven verkoren, niet heeft kunnen noch moeten sterven, ook niet gestorven is, naardien dezulken den dood Christi niet van noode hebben. Want zij wederspreken den Apostel, zeggende: Christus heeft mij liefgehad en heeft zichzelf voor mij overgegeven. Gal. 2:20. Insgelijks: Rom. 8 :33, Wie zal de uitverkorenen Gods beschuldigen? God is het, die rechtvaardig maakt. Wie is het, die verdoemt? Christus is gestorven, namelijk, voor hen. En tegen den Zaligmaker, zeggende: Ik stel mijn leven voor mijne schapen, Joh. 10:15. En: Dit is mijn gebod, dat gij malkander lief hebt, gelijk Ik u lieden lief gehad heb. Niemand heeft meerder liefde dan deze, dat iemand zijn leven zet voor zijne vrienden, Joh.12:13.



(Acta Synode van Dordrecht 1618/19:266)⁵¹

Doornbos (1967:121) is van mening dat die afgevaardigdes op die Sinode van Rotterdam- Delshaven (GKv) nie bogenoemde aanhaling uit die leerreëls goed begryp het nie. Volgens Doornbos word in die sewende verwerping van die dwalinge uit hoofstuk 2 die vrysinnigheid van die 19^{de} eeu verwerp (1967:122). Doornbos poog in *De Synode van Dordrecht 1618/19 getoetst aan het recht der kerk* om aan te toon dat die Sinode van Rotterdam se besluit oor ds Oosterhoff verkeerd was. Hy toon onder andere in sy *De Synode van Dordrecht 1618/19 getoetst aan het recht der kerk* aan dat die beroeping van die Sinode op Dordrecht ondeugdelik is, aangesien die Sinode van Dordrecht 1618/19 volgens sy oordeel slegs 'n produk van staatsmasjinerie was. Wanneer die Acta van Dordrecht 1618/1619 gelees word, tref dit volgens Doornbos dat die Sinode die reg van die staat en die reg van die kerk met mekaar vermeng (1967:7). Doornbos (1967:30) wys gevolglik in *De Synode van Dordrecht 1618/19 getoetst aan het recht der kerk* op die gevaar van sodanige vermenging:

Ter synode van Dordrecht was er vermenging van het recht van de kerk met het recht van de staat. Het recht van de staat wordt in de staat wel eens gebogen. Het recht van de kerk wordt in de kerk wel eens gebogen. Maat wanneer men beide soorten recht vermengt en daarbij ook nog de grens tussen kerk en staat wegneemt, dan is het gevaar dat het recht gebogen wordt dubbel groot.

By Dordrecht het die reg van die staat volgens Doornbos (1967:31) die oorhand oor die kerk gekry. Dit blyk volgens Doornbos alreeds op die titelblad dat die *Hoogmogende Heren State-Generaal der Verenigde Nederlanden* die Sinode op hul outoriteit byeengeroep het. Die samekoms van die vergadering was dus 'n saak van landsbelang. Die reg van die kerke om 'n vergadering byeen te roep was volgens Doornbos (1967:31) opsy gedruk deur die belang van die staat. Op die Sinode van Dordrecht 1618/19 was

⁵¹ Vir die doeleindes van die dissertasie word die digitale weergawe van die Acta van Dordrecht 1618/1619 gebruik soos dit verskyn op kerkrecht.nl.



vyftien Remonstrante predikante verhoor (Doornbos 1967:55). Die Remonstrante het die gesag van die owerheid oor die kerk erken, maar het geweier om die Sinode as regbank te erken (Doornbos 1967:54). Vir die bevoegdheid om as regter oor die Remonstrante op te tree, het die Sinode haar behalwe op die Skrif ook op die wet wat deur die State Generaal gedurende 1617 uitgevaardig was, beroep. In die beroep op die wet was die Sinode gesteun deur die Gekommitteerdes van die State Generaal (Doornbos 1967:61). Artikel 9 van die wet lui soos volg:

IX. In de vergadering zal in de eerste plaats en vooral gehandeld worden over de bekende vijf Artikelen, die in verschil staan, en over de zwaarigheden, die daaruit gerezen zijn, om met ernst te zien hoe deze, behoudens de rust der Kerk (maar voornamelijk de zuiverheid der leer) op het bekwaamst en met de minste moeite uit de kerken geweerd mogen worden. Daarna zullen de andere resteerende, zoo algemeene als particuliere zwaarigheden of bezwaren, die de kerken aangaan, voorgesteld worden.

(*Acta Synode van Dordrecht* 1618/19:14)

Volgens Doornbos (1967:12) was die Contra Remonstrante erg Rooms in die sin dat hul volk en kerk en kerk en volk as een gesien het. Die geloof in die volkskerk het die Contra Remonstrante by Rome oorgeneem. Nie die Remonstrante of die Contra Remonstrante het die reg van die owerheid bestry om Sinodes byeen te roep of kerke te beveel om afgevaardigdes na die vergaderings te stuur wat op 'n tyd en plek deur die owerheid bepaal was en met sake wat deur die owerheid bepaal was nie (Doornbos 1967:13). Hulle het ook nie die wet van 1617 betwis nie. Die Remonstrante het selfs by drie geleenthede voor die Sinode van Dordrecht die owerheid genader om 'n Sinode byeen te roepen toe dit nie slaag nie, 'n publieke vergadering en laastens op eie "gelegendheid". Al drie hul versoeke was deur die owerheid afgekeur (Doornbos 1967:17 en *Acta Synode van Dordrecht* 1618/19:61).

Op die vierde sittingsdag van die Sinode van Dordrecht was die wet, wat deur die "Hoogmogende Heren State-Generaal" 'n jaar vóór die Sinode van Dordrecht, opgestel



was, voorgelees. Die opskrif van die wet lui soos volg: “Artikelen van de bijeenroeping en verhandeling der Nationale Synode, in de vergadering der Hoogmog. Heeren Staten-Generaal der Vereenigde Nederlandsche Provinciën, den 11en November desjaars 1617, beraamd en besloten” (*Acta Synode van Dordrecht* 1618/19:13).

Die wet van 1617 bestaan uit 17 artikels. Doornbos het homself die vraag gevra: Wat doen die landswette in die *acta* van ’n kerkvergadering? Volgens hom hoort dit nie daarin nie. Die Hoogmogende Heren State-Generaal het volgens Doornbos (1967:34) die Sinode beskou as een van die laer regeringsrade van die land, wat onderworpe was aan die regering van die land. Volgens art 2 van die wet kon *Hoogmogende Heren State-Generaal* ’n Sinode byeenroep en selfs die agenda bepaal. Die staat het volgens Doornbos die kerk as onmondig behandel en het selfs in artikel 3 bepaal hoe die afvaardiging na die Sinode saamgestel moes word:

III. Opdat de gansche handeling behoorlijk en ordelijk moge voortgaan en alle verwarring worde verhoed, dat uit iedere particuliere (zoo men ze noemt) Synode, zes personen, die de bekwaamsten zullen schijnen te wezen, gedeputeerd worden. Onder deze zullen ten minste drie bedienaars des Goddelijken Woords wezen, en de andere drie of twee, hetzij ouderlingen of andere lidmaten der gemeente, professie doende van de Gereformeerde Religie, van vromen en godzaligen handel en wandel.

(*Acta Synode van Dordrecht* 1618/19:13)

Doornbos was van mening dat die Partikuliere Sinode en/of die kerklike vergaderinge nie onder die staat staan nie (1967:36). Teenoor die kerklike verordeninge van 1586 se vier afgevaardigdes (twee ouderlinge en twee predikante) bepaal die staat dat uit elke Partikuliere Sinode ses afgevaardigdes moes kom. Op die Dordtse Sinode was die Dordtse leerreëls opgestel, by implikasie ’n nuwe geloofsbelydenis. Doornbos (1967:53) se primêre beswaar is dat die Sinode ’n nuwe belydenis opstel sonder dat die kerke iets daarvan geweet het. Die ontwerp van die nuwe belydenis was nie vooraf na die gemeentes gestuur nie en die oordeel van die kerke was nie gevra nie. Veel eerder

het die Sinode van die kerke verwag om die belydenis sonder voorbehoud te onderteken of “anders eruit!” (Doornbos 1967:54). Die State Generaal het egter wel die besluite van die Sinode ondersoek, geapprobeer, bevestig en geratifiseer (Doornbos 1967:54). Doornbos (1967:54) is egter van mening dat die staatsreg by Dordrecht die oorhand oor die kerk gekry het: “Naar het recht van de kerk was het niet. Naar het recht van de staat was het ook niet. Het was naar het recht van de sterkste. Volgens (Doornbos 1967:54) het die State Generaal anders as die kerk die geleentheid gekry om die besluite van die Sinode goed te keur, te bevestig en te bekrachtig. Op die 138^{ste} sitting op die 24^{ste} April, 1618 het die State Generaal hul approbasie vir die besluite verleen:

De Staten Generaal der Vereenigde Nederlanden, allen dengenen, die deze zullen zien, of lezen, Salut, doen te weten: ... het voorz. oordeel, en de Sententie der Synode gezien, rijpelijk verstaan, onderzocht, en overwogen hebbende, dezelve in alles volkomenlijk hebben goedgekeurd, bevestigd en bekrachtigd; en keuren goed, bevestigen en bekrachtigen dezelve mitsdezen: willende, en vaststellende, dat geene andere leer, aangaande de voorz. leerpunten, in de Kerken dezer landen zal worden geleerd, of gedreven, als welke met het voornoemde oordeel overeenkomt.

(Acta Synode van Dordrecht 1618/19:187)

Die Remonstrante predikante was deur die voorsitter Boggerman van die Sinode weggestuur omdat hul nie die Sinode as regbank wou erken nie. Die Remonstrante was op las van die State Generaal onder huisarres geplaas (Doornbos 1967:73).

En is wederom den Remonstranten belast, uit de stad niet te vertrekken voornamelijk om in de naburige plaatsen te prediken.

Is goedgevonden te voegen bij de Gedeputeerd en der EE. Heeren Gecommitteerden uit de Synode D Hermannus Faulkelius, Assessor, en D Sebastianus Dammannus Scriba.

(Acta Synode van Dordrecht 1618/19:171)

Die Sinode het die vyftien predikante afgeset en hul ook in hul akademiese bedieninge onwaardig geoordeel (Doornbos 1967:76).

Om welke oorzaken de Synode ten eerste de voornoemde geciteerde personen alle Kerkelijke diensten verbiedt, dezelve van hunne ambten afstelt, en ook der Academische bedieningen onwaardig oordeelt, ter tijd toe, dat zij door ernstige bekeering, die met woorden, werken, en tegenovergestelde betrachtingen genoegzaamelijk moet bewezen zijn, der Kerke genoeg doen, en met dezelve waarlijk en ten volle zullen verzoenen, en tot de gemeenschap derzelve wederom aangenomen worden.

(Acta Synode van Dordrecht 1618/19:285)

Na die Sinode is ongeveer 100 predikante afgeset, sommige was self uit die land verban. Die Sinode het deputate benoem om die besluite op plaaslike vlak te implementeer. In lyn met die besluite van die Sinode van Dordrecht 16^e 18.1619 sou niemand voortaan tot die predikante amp toegelaat word, indien hy nie die Dordtse leerreëls onderteken het nie (Doornbos 1967:108). Selfs die wat reeds in die amp gestaan het, moes dit ook onderteken.

2.6.5.3. Ds M R van den Berg

Na 1967 was oral kerke gevorm wat buite die verband van die Vrijgemaakte Gereformeerde Kerken gestaan het (Bos 1994:85). Die konflik in die jare sestig het uiteindelik tot kerkskeuring gelei. Ds M R van den Berg het gedurende 1969 *De Gekerkerde Kerk* geskrywe waarin hy onder andere sy standpunte met betrekking tot die inrigting, organisasie en die regering van die kerk deurgegee het. Die kernvraag waarmee Van den Berg geworstel het, was in hoeverre die kerklike organisasie nog aan die Nuwe Testamentiese beeld van die kerk beantwoord het: “Ik wil in dit geskrif een poging wagen om aan te wjzen dat de bestaande kerkelijke organisasie de kerk aan banden heeft gelegd en steriliserend op het leven van de kerk inwerkt. Ik wil pleiten voor een heroriëntering op wat het Nieuwe Testament zegt over de inrichting van de kerk van Christus” (Van den Berg 1969:13).

Dit gaan volgens Van den Berg (1969:14) vir hom nie om die afskaffing van die kerklike organisasies as sodanig nie, maar veel eerder om die afskaffing van ’n bepaalde vorm van kerklike organisasie. Van den Berg (1969:107-126) staan afwysend teenoor enkele artikels in die DKO. Hy maak onder andere die volgende aannames met betrekking tot die DKO in sy *De Gekerkerde Kerk*:

- i. Die doktrone amp (art 2)⁵² is onskriftuurlik (Van den Berg 1969:107);
- ii. Anders as wat DKO Artikel 4⁵³ bepaal, is Van den Berg (1969:109) van mening dat dit die reg van die plaaslike gemeente is om iemand in ooreenstemming met die Skrif goed te keur of te beperk in die preekdiens. Die plaaslike kerke behoort dus 'n kandidaat te eksamineer en nie die *classis* nie (Van den Berg 1969:109) Met betrekking tot DKO art 5⁵⁴ waarin die verlening van approbasie aan die *classis* toegeken word, huldig Van den Berg (1969:110) die mening dat die reg die plaaslike kerk toeval;
- iii. Met betrekking tot die gesagsverhoudings tussen die vier kerkvergaderinge, te wete Kerkraad, *classicale* vergadering, Partikuliere Sinode en Generale Sinode (art 29,⁵⁵ art 36⁵⁶) is Van den Berg (1969:125-126) van mening dat art 36 in besonder die selfstandigheid van die plaaslike gemeente tekort aan doen. Hy gaan van die veronderstelling uit dat afgeleide gesag van die meerdere vergadering inderdaad ook gesag is: “*Ook afgeleid gezag is*

⁵² “De diensten zijn vierderlei: der dienaren des Woords, der doctoren, der ouderlingen en der diakenen” (art 2 DKO) .

⁵³ “De wettelijke beroeping dergenen, die tevoren in de dienst niet geweest zijn, zowel in de steden als ten plattelande, bestaat: Ten eerste, in de verkiezing, dewelke na voorgaande vasten en bidden geschieden zal door de kerkenraad en de diakenen, en dat niet zonder goede correspondentie met de christelijke overheid ter plaatse respectievelijk en voorweten of advies van de classe, daar hetzelfde tot nog toe gebruikelijk is geweest. Ten andere, in de examinatie of onderzoeking beide der leer en des levens, dewelke staan zal bij de classe, ten overstaan van de gedeputeerden der synode, of enigen derzelve. Ten derde in de approbatie of goedkeuring van de overheid en daarna ook van de lidmaten der Gereformeerde Gemeente van de plaats, wanneer, de naam des dienaars de tijd van veertien dagen in de kerken verkondigd zijnde, geen hindernis daartegen komt. Ten laatste, in de openlijke bevestiging voor de gemeente, dewelke met behoorlijke stipulatiën en afvragingen, vermaningen, gebed en oplegging der handen van de dienaar, die de bevestiging doet (of enige anderen, daar meer dienaren zijn) toegaan zal, naar het formulier daarvan zijnde. Welverstaande, dat de oplegging der handen zal mogen gedaan worden in de classicale vergadering aan de nieuwe gepromoveerde dienaar, die gezonden wordt in de kerken onder het kruis” (Art 4 DKO).

⁵⁴ “Nopens die dienaars, die nu alrede in de dienst des Woords zijnde, tot een andere gemeente beroepen worden, zal desgelijks zodanige beroeping met correspondentie als voren geschieden, zowel in de steden als ten plattelande, bij de kerkenraad en de diakenen met advies of approbatie van de classe; alwaar de voorzeide beroepenen vertonen zullen goede kerkelijke attestatie van leer en leven en alzo bij de magistraat van de plaats respectievelijk geapprobeerde en der gemeente de tijd van veertien dagen voorgesteld zijnde als boven, zullen met voorgaande stipulatiën en gebeden bevestigd worden. Onverkort, in hetgeen voren gezegd is, iemand zijn deugdelijk recht van presentatie, of enig ander recht, voor zoveel hetzelfde stichtelijk kan worden gebruikt, zonder nadeel van Gods kerk en goede kerkenorde, waarop de hoge overheden en synoden der respectieve provinciën wel gelieven te letten, en ten beste van de kerken nodige orde te stellen” (art 5 DKO).

⁵⁵ “Vierderlei kerkelijke samenkomsten zullen onderhouden worden: de kerkenraad, de classicale vergaderingen, de Particuliere Synode en de Generale of Nationale” (art 29 DKO).

⁵⁶ “Hetzelve zeggen heeft de classe over de kerkenraad, het welk de Particuliere Synode heeft over de classe, en de Generale Synode over de Particuliere” (art 36 DKO).

gezag.” Hy stel dit dat daar geen enkele gesagsinstansie tussen Christus en sy gemeente geduld word nie (Van den Berg 1969:126);

- iv. Met betrekking tot visitasie (artikel 44)⁵⁷ is Van den Berg (1969:28) van mening dat visitatore geen superintendente is nie;
- v. Die kerkordelike artikel wat betrekking het op die toelating aan die Heilige Nagmaal (artikel 61)⁵⁸ vind Van den Berg (1969:132) “een van de meest bekrompen artikelen.” Hy is van mening dat as artikel 61 die toegang van die Heilige Nagmaal beperk tot die wat die belydenis tot die Gereformeerde godsdiens gedoen het, dan is die Heilige Nagmaal nie meer ’n teken van verbondenheid aan Christus nie, maar word dit dan versmal tot ’n teken van die verbondenheid aan ’n bepaalde kerklike organisasie (Van den Berg 1969:136) Hy is van mening dat art 61 ’n duidelike voorbeeld is van hoe institutionalisme die kerke in haar greep gekry het.

Van den Berg (1969:54) is van mening dat die tradisie nie as onaantasbaar beskou moet word nie, maar dat dit juis telkens gekonfronteer moet word met die Skrif. Hy verwys daarna dat ook die kerkvaders dit duidelik gestel het dat die kerklike organisasie nie tot die wese nie, maar tot die welwese van die kerk behoort. Hy verwys onder andere na Bavinck se *Gereformeerde Dogmatiek deel IV*, 4^{de} druk, Kampen, 1930 p 415-416. Bavinck is aan die een kant geneig om Gregorius van Nazianze gelyk te gee dat daar nog nooit iets goeds van ’n Sinode gekom het nie, maar aan die anderkant ag hy dit ’n belangrike taak om ’n Sinode oorbodig te maak. Bavinck erken egter dat die afskaffing van ’n Sinode tot groter kwaad kan lei as die handhawing daarvan. Van den Berg

⁵⁷ In alle samenkomsten zal bij de preses een scriba gevoegd worden, om naarstiglijk op te schrijven hetgeen waardig is opgetekend te zijn (art 44 DKO).

⁵⁸ “Men zal niemand ten Avondmaal des Heeren toelaten, dan die naar de gewooneheit der kerken, tot dewelke hij zich voegt, belijdenis der gereformeerde religie gedaan heeft, mitsgaders hebbende getuigenis eens vromen wandels, zonder welke ook degenen, die uit andere kerken komen, niet zullen toegelaten worden” (art 61 DKO).

(1969:57) verskil met Bavinck daarin dat hy die afskaffing van Sinodes voorstaan: “Vandaag zeg ik: een afgeschafte synode is de beste synode die zich laat denken. Elke bindende regel of reglement dat er vandaag in de kerk te vinden is en dat boven de Schrift uitgaat, moet vandaag overboord, als de kerk tenminste nog een zoutend zout wil zijn in de moderne wereld” (1969:57).

2.6.6. Die Nederlands Gereformeerde Kerken

Die konflik in die jare sestig oor die binding van die drie formuliere van Enigheid en die bindende krag van sinodale besluite in die Gereformeerde Kerk in Nederland (vrijgemaakt) (=GKv) het gedurende 1967 uiteindelik tot kerkskeuring gelei (Te Velde 1992:162). Gedurende 1967 het ongeveer 90 gemeentes buite die verband van Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) getree. Hulle het hul aanvanklik Gereformeerde (vrijgemaakt (buiten verband) genoem.⁵⁹ Die kerke buite verband het onmiddellik na die skeuring pogings aangewend om met mekaar in verband te tree (Dekker 1991:1-3). Hulle het op 22 Junie 1968 ’n konferensie te Oostgeest gehou, wat daarna opgevolg was deur ander konferensies, naamlik Baarn (1968), Utrecht (1969) Lage Vuursche (1969).

Op die konferensie van 1969 is besluit om ’n adreslys van alle kerke buite verband op te stel. Op 1 Desember 1969 is die adreslys vrygestel.⁶⁰ Reeds 1974 het C Veenhof⁶¹ as redakteur van die *Informatieboekje* van die sogenaamd Vrijgemaakt

⁵⁹ Die Nederlands Gereformeerde Kerk (NGK) bestaan in 2005 uit die 12 *regios* te wete: Alkmaar-Zaandam, Amsterdam-Haarlem, Arnhem, Dordrecht-Gorinchem, Enchede-Zwolle, Den Haag, Harderwijk, Kampen, Noord-Nederland, Schiedam, Utrecht, Zuid-Nederland, 92 kerke, 81 predikante, 31 697 sieletal waarvan 20 282 belydende lidmate is (*Informatieboekje van Nederlands Gereformeerde Kerken* 2005:171).

⁶⁰ In die predikantenaamlyste in die *Informatieboekje van die Nederlands Gereformeerde Kerken* (1996 en 1974) word die name van ds M R van der Berg, P Dekker, G Janssen, drs H de Jong, B Telder, K Doornbos, C Veenhof en andere, wat op een of ander wyse die afgelope eeu diskursiewe bydraes met betrekking kerkregtelike diskoers *oud kerkrecht* en *nieuwe kerkrecht* gelewer het, gevind.

⁶¹ Reeds sedert 1938 het Cornelis Veenhof (1902-1983) diskursiewe bydraes gelewer met betrekking tot die kerkregtelike diskoers

Gereformeerde Kerken (buite verband) die naam Nederlands Gereformeerde Kerken gebruik (Veenhof 1974:5). Veenhof is van mening dat die benaming Vrijgemaakt Gereformeerde Kerken (buiten verband) onoffisieel was en dat die benaming Nederlands Gereformeerde Kerken meer akkuraat sou wees. Die kerke buite verband het in 1979 die naam Nederlands Gereformeerde Kerken gekies (De Vries 1990:78).

In die *Informatieboekje van die Nederlands Gereformeerde Kerken* (1974) dui Veenhof talle kerkregtelike problematiek aan wat uiteindelik daartoe sou lei dat etlike Gereformeerde kerke uit verband sou tree en ook tot die latere daarstelling van die Nederlands Gereformeerde Kerken (Veenhof 1974:80). Onder andere dui hy die skorsing van ds Van der Ziel as een van die aanleidende faktore vir die uiteindelijke kerkskeuring aan: “In aperte stryd met de kerkorde werd ds Van der Ziel geschorst. De genabuurde kerk had namelijk geweigerd in deze schorsing te bewilgen En toen schorste de kerkeraad van de Geref. Kerk van Groningen-Zuid deze predikant op “eigen verantwoordelijkheid” (Veenhof 1974:80). Veenhof erken dat die hantering van die Van der Ziel-saak kerkregtelik korrek tot op die Generale Sinode van Rotterdam-Delshaven van 1964 verloop het. Hy beskou die besluit Sinode Rotterdam–Delfshaven 1964 (GKv) om die skorsing van ds Van der Ziel te handhaaf as ’n skending van die kerkorde: “Na zeer emotionele en stormachtige debatten handhaafde deze synode met 14 tegen 13 stemmen de schorsing van ds Van

oor oud kerkrecht en nieuwe kerkrecht: Veenhof, C (1938). *Dr A Kuyper sr over de bevoegdheid der meerdere vergaderingen*. in *De Reformatie*, 18^{de} jrg 1937-1938 (ses artikels, 3 Junie – 22 Julie 1938)., Veenhof, C (1938). *Prof dr H H Kuyper over het karakter en de bevoegdheid der meerdere vergaderingen*. in: *De Reformatie*, 18^{de} jrg., 1937-1938 (vier artikels, 16- 30 September 1938) en in die 19^{de} jrg., 1938-1939 (vier artikels, 7-18 November 1938), Veenhof, C (1949). Om de “*Unica Catholica*”. *Een beschouwing over de positie van de bezwaarden onder en over de synodocratie*, Goes. Veenhof het gedurende 1996 oorgegaan na Gereformeerde kerken (buiten verband) wat later bekend sou staan as die Nederlands Gereformeerde Kerken.

der Ziel en homologeerde daardoor de begane schending van de kerkorde” (Veenhof 1974:80).

Ook die weiering van sittingsreg aan ds B J F Schoep, een van die mede-ondertekenaars van die *Open Brief*, op 4 April 1967 by die Generale Sinode Amersfoort-West (GKv), oordeel Veenhof as iets wat nog nooit voorheen op ’n Generale Sinode plaasgevind het nie (Veenhof 1974:83). Hy dui aan dat die Partikuliere Sinode van Noord-Holland van mening was dat dit buite die bevoegdheid van die Generale Sinode gelê het om afgevaardigdes weg te stuur en ander op te roep. Die Partikuliere Sinode van Noord-Holland is van mening dat die beslissing oor die afvaardiging na ’n Sinode uitsluitlik by die vergadering wat afvaardig, berus. Veenhof (1974:87) is van mening dat die Generale Sinode se besluit in “flagrante stryd met art 30, 55, en 85 van die DKO was. Volgens Veenhof was die sittingsregsak van ds B J F Schoep nie deel van die agenda van die Sinode nie. Die Partikuliere Sinode van Noord-Holland is van mening dat die agenda deur die kerke vooraf opgestel moes word en kon gevolglik nie deur die Sinode bepaal word nie. Die Sinode het egter haar besluit handhaaf en het die Partikuliere Sinode van Noord-Holland se beswaar afgewys.

Die weiering van die afvaardiging van Noord-Holland het groot reperkussies vir die Gereformeerde kerke (Vrijgemaakt) ingehou. Die Kerkraad van Gereformeerde kerk van Wormerveer het die “niet ontvangen” van die Noord Hollandse lid, as ’n ernstige aantasting van die geldende reëls betreffende afvaardiging na die meerdere vergadering beskou en het verklaar dat hul die besluite van die Generale Sinode nie as verteenwoordigend beskou nie en dat die besluite gevolglik vir hul geen bindende krag het nie: “al uw eventueel te nemen besluiten zullen voor ons geen enkele kracht



hebben” (Veenhof 1974:90). Die Generale Sinode van Amersfoort (GKv) het op Vrydag 21 April 1967 (artikel 55 1967:59-60) kennis geneem van die brief van Wormerveer asook die skrywe van die Gereformeerde Kerk te Koog-Zaandijk met dieselfde strekking. Die Sinode van Amersfoort het volgens Veenhof bloot kennis geneem van die Kerkraad van Wormerveer en Koog-Zaandijk se beswaar en het verder niks daaraan gedoen nie (Veenhof 1974:90). Die brief van Wormerveer beklemtoon dat die opvatting van die karakter, die posisie en mag van die Sinode soos deur die Gereformeerde Kerken, met name in die tyd van die Doleansie en Vrijmaking, verdedig was en in die praktyk gebring moet word (Veenhof 1974:90). Hierdie opvatting hou volgens Veenhof in dat ’n Kerkraad die eintlike bestuur vorm wat in die kerk van die Christus mag funksioneer en dat die Sinode nie slegs ’n beperkte, dienende, afgeleide, laer mag besit nie. Die mag van die Sinode is kwalitatief anders en laer as dié van die Kerkraad. Volgens Veenhof is die Sinode ’n vergadering van afgesante van die kerke is en het dus slegs beperkte:

De synoden hebben daarom, om met Kuyper te spreken, in zichzelf “geen zier” macht. Ze hebben slechts zoveel macht als de kerken haar toevertrouwen. En ze mogen slechts dat doen wat de kerken haar opdragen. De kerken hebben zich voorts verbonden om wat de Synoden besluiten “voor vast en bondig” te houden. Evenwel met een duidelijk ‘tenzij.

(Veenhof 1974:90)

Met betrekking tot die kerkverband gaan die Kerkrade volgens Veenhof (1974:91) van die veronderstelling uit dat kerke na die Gereformeerde opvatting in verband met mekaar lewe wat uitsluitlik gefundeerd is in ’n gemeenskaplike geloof in en belydenis van die Woord van God. Die Sinode staan vervolgens “onder die *classis*” en nog verder onder die Kerkraad (Veenhof 1974:91).

3.6.6.1. Kerkregtelike ontwikkeling van die Nederlands Gereformeerde Kerk

Op 'n Konvent gehou 1 Mei 1970 te Zwolle was 'n kommissie benoem, naamlik die Kommissie Funktionering Kerkverband, wat die kerke, wat buite verband gestaan het, met betrekking tot die kerkverband moes adviseer (Veenhof 1974:104).

Na de breuk van de zestiger jaren kwamen de verstrooide en uitgestoten kerken aanvankelijk bijeen in conventsvergaderingen, waarheen alle kerken afgevaardigden stuurden. De eerste conventsvergadering te Zwolle, in 1970, benoemde de commissie "Functionering Kerkverband". Het verlangen naar een nauwere band tussen de kerken bestond vanaf het begin, maar over de vormgeving daarvan dacht men verschillend. De dreun die de "vrijraking" had gegeven was zo heftig aangekomen dat er bij velen een grote huiver was voor al te nauwe banden tussen de kerken. Na twee maal buiten het kerkverband gekomen te zijn, en beide keren met veronachtzaming van de kerkenorde, wilde men een derde maal voorkomen.

(*Rapport van Deputaten Kerkelijke Eenheid van de Gereformeerde Kerken (GKv)*
1996:8)

Dié kommissie het 'n konsep akkoord vir samewerking opgestel. Op die konvent wat te Apeldoorn op 27 Mei 1972 plaasgevind het, was besluit om die *Konsep Akkoord vir Kerklike samenleven* aan alle kerke buite verband te stuur. Vir die volgende dekade was die *Akkoord vir Kerklike samenleven* (=AKS) indringend deur die kerke buite verband bespreek en gewysig. Op die *landelike* vergadering te Breukelen (1981/82) is 'n nuwe konsep met 'n groot meerderheid van stemme aanvaar en is besluit om dit in die praktyk toe te pas (Dekker 1991 1-3). Die verskille tussen die AKS en die DKO lyk op die oog af nie so groot nie, maar met 'n nadere evaluering blyk dit dat die AKS groter vryhede aan die plaaslike gemeentes verleen en dat die besluite van meerdere vergaderinge slegs bindend is nadat dit deur die mindere vergadering bekragtig is:

Een besluit van die regionale of landelijke vergadering zal door de plaatselijke kerken *bekrachtigd en in onderlinge liefde worden nagekomen*, tenzij dit besluit strijdig bevonden wordt met de heilige schrift of met het akkoord van kerkelijke samenleven. De kerk die een besluit *niet bekrachtigt* om bovengenoemde redenen, of niet kan uitvoeren om redenen, die het welzijn van de gemeente betreffen, zal hiervan aan de zusterkerken *rekenschap geven*.

(Bos 1994:89)



Artikel 34 van die AKS bepaal dat die besluite van meerdere vergaderinge nie onmiddellik regskrachtig is nie en dus eers deur die plaaslike kerke bekragtig moet word.⁶² Die agtergrond van artikel 34 van die AKS lê na my mening in die diskoers gedurende die 20^{ste} eeu in die Gereformeerde kerke in Nederland oor die ratifikasie van die besluite van die meerdere vergadering. Anders as wat M R van den Berg in *Gekerkerde Kerk* oordeel dat die betrokkenheid van die *classis* die plaaslike kerk beperk in die uitbring van 'n beroep, stel die AKS in artikels 5 en 7 dit duidelik dat die *regionale* afdeling in beide die beroeping en ondersoeking van kandidate, betrokke moet wees en dat die bevestiging van predikante slegs na instemmende advies van die *regionale* vergadering kan plaasvind.⁶³ Van ampsdraers van die Nederlands Gereformeerde Kerken word verwag om die drie Formuliere van Enigheid, te wete die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, en die Dordtse Leerreëls te onderteken as blyke van hul instemming met die leer van die kerk. In die geval van weiering om dit te onderteken of te onderskryf, stel art 17 dit duidelik dat sodanige ampsdraer se amp opgeskort kan word.⁶⁴

⁶²“ Een besluit van de regionale of landelijke vergadering zal door de plaatselijke kerken bekrachtigd worden en in onderlinge liefde nagekomen, tenzij dit besluit strijdig bevonden wordt met de Heilige Schrift of ook als het niet overeenstemt met het Akkoord van kerkelijk samenleven. De kerk die een besluit niet bekrachtigt om bovengenoemde redenen, of niet kan uitvoeren om redenen die het welzijn van de gemeente betreffen, zal hiervan aan de zusterkerken rekenschap geven” (Hooijer 1982:art 34 AKS).

⁶³“*Beroeping en onderzoek van kandidaten* Wanneer een kandidaat beroepen wordt in een gemeente en hij het beroep aanvaardt, zal de regionale vergadering van het ressort, waartoe de beroepende gemeente behoort, een onderzoek instellen, alvorens hem tot de volle dienst van Woord en sacramenten toe te laten” (Hooijer 1982:art 6 AKS).

“*Beroeping en bevestiging van predikanten* Wie reeds als predikant aan een gemeente verbonden is, kan door een andere gemeente beroepen worden. De bevestiging zal plaatsvinden na instemmend advies van de regionale vergadering van het ressort, waartoe de beroepende gemeente behoort. Hiervoor is vereist een wettig bewijs van ontslag: een goede attestatie aangaande leer en leven uit de gemeente waaraan hij tevoren verbonden was; en een goed getuigenis van de regionale vergadering van het ressort, waartoe deze gemeente behoort” (Hooijer 1982:art 7 AKS).

⁶⁴“Indien een ambtsdrager de ondertekening weigert of niet langer voor zijn rekening kan nemen, zal de uitoefening van zijn ambt worden opgeschort, tot hij zich nader zal hebben verklaard ten genoegen van zijn kerkeraad. De kerkeraad zal hiervan mededeling doen en desgewenst nader rekenschap geven aan de zusterkerken, in regionale vergadering bijeen. Ook zij die door een regionale vergadering beroepbaar zijn gesteld, of het recht hebben verkregen een opbouwend woord te spreken, zullen door de ondertekening van de drie Formulieren van Enigheid in die vergadering hun instemming met de leer van de kerk betuigen” (Hooijer 1982:art 17 AKS).

Die viering van die Christelike feesdae, bo en behalwe die erediens op 'n Sondag, word volgens art 18 van die AKS aan die plaaslike kerk se oordeel oorgelaat. Daar is drie dienste, naamlik die amp van dienaar die Woord of predikant, ouderling en diaken. Tussen die dienste bestaan daar geen onderskeid in rangorde nie. Alleen in diensbetoon is daar 'n onderskeid. Die tug van ampsdraers vind plaas in medewerking met die naburige gemeente en/of die landelike vergadering (art 30 AKS)⁶⁵

Alleen op versoek kan 'n konsulent hulp aan 'n vakante gemeente verleen. Die klem val in die AKS op die outonomie van die plaaslike kerk. Volgens J Dekker (1991:1-4) wil die AKS reg doen aan die Skrifbeginsel vir die kerkreg. Die Gereformeerde kerkreg is aldus J Dekker (1991:1-4) duidelik sigbaar uit die AKS. Die basis van die Nederlands Gereformeerde kerkverband is volgens Dekker (1991:1) ongetwyfeld Gereformeerd soos duidelik in die *Preamble* aangedui word: “De band die alle Ned. Gereformeerde kerken verbindt is hetzelfde geloof, zoals dat beleden wordt in onze belijdenisgeschriften. Zij verklaren in dat belijden van de Waarheid van de Heilige Schrift, zoals in de drie Formulieren van Enigheid is uitgedrukt, haar eenheid en de grond voor haar samengaan te vinden” (Dekker 1991:1). Die kerke kom deur hul afgevaardigdes in regionale en landelike vergaderinge byeen. Die vergaderinge dra geen blywende karakter nie, maar is tydelik en hou op bestaan sodra die vergadering gesluit is. Die vergaderinge word saamgroepe deur die kerk wat deur die laaste vergadering

⁶⁵ “*Tucht over ambtsdragers* Wanneer een ambtsdrager een onschriftuurlijke leer brengt of een andere openbare grove zonde bedrijft, zal hij door de kerkeraad in zijn dienst worden geschorst of daarvan worden afgezet. De schorsing van een predikant zal, evenals de schorsing en de afzetting van een ouderling of diaken, plaatsvinden in overeenstemming met het advies van een naburige gemeente. Afzetting van een dienaar des Woords zal slechts plaatsvinden na instemmend advies van de regionale vergadering, die daarbij zal worden bijgestaan door afgevaardigden van een naburige regionale vergadering. Bij verschil van gevoelen tussen genoemde instanties zal het oordeel van de landelijke vergadering worden gevraagd. Van schorsing en afzetting zal mededeling worden gedaan aan de gemeente, met het oog op haar instemming” (Hooijer 1982:art 30 AKS).

daartoe aangewys is (art 2 AKS).⁶⁶ Die agenda van die landelike en *regionale* vergaderinge, wat uitsluitend kerkelike sake bevat, word deur die kerke saamgestel. 'n *Regionale* vergadering behandel alleen wat nie deur die Kerkrade afgehandel kan word nie, 'n landelike vergadering alleen wat nie deur die *regionale* vergaderinge afgehandel kan word nie en verder wat tot die betrokke kerke gemeenskaplik behoort. Aan die kerke moet vroegtydig meegedeel word welke sake op die *regionale* of landelike vergaderinge voorgelê sal word. Sodoende word in die Nederlands Gereformeerde Kerk geleentheid gegee dat die plaaslike kerke hul oordeel oor 'n saak bekend kan maak en hul afgevaardigdes “behoorlijk kunnen instrueren” (Dekker 1991:1). Die afgevaardigde is dus die lasdraer van die kerk wat hom afvaardig.⁶⁷ Volgens Dekker (1991:1-4) was dit nooit die bedoeling van die AKS om afstand van die DKO te neem nie. Dekker erken dat daar wel kerke was wat van die DKO wou afsien, maar die gesamentlike kerke het nie daarmee saamgestem nie. Daar word volgens J Dekker (1991:1-4) in die ASK steeds aan die grondlyne van die DKO vasgehou.

3.6.6.2. Verskille tussen die kerkreg en kerkorde van die GKv en die NGK

Op die Generale Sinode van 1996 van die Gereformeerde Kerke (vrijgemaakt) (=GKv) het die Deputaten Kerkelike Eenheid (DKE) van die GKv en die Nederlands Gereformeerde Kerk (=NGK) aan die Sinode gerapporteer insake die verskille tussen

⁶⁶“Agendum landelike vergadering; voorlopig oordeel

Een landelike vergadering kan in genoemde samenstelling haar agendum afhandelen, om daarna te worden gesloten. Zij kan in deze samenstelling echter ook in een haar voorgelegde gewichtige zaak slechts een voorlopig oordeel geven. In dat geval wordt zij, nadat het agendum voor het overige is afgehandeld, voorlopig gesloten” (Hooijer 1982:art 2 AKS).

⁶⁷ “Zij die door regionale of landelike vergaderingen met een opdracht worden belast, ontvangen die opdracht welomschreven en rapporteren tijdig aan de betrokken kerken. Hun rapport komt aan de orde op de eerstkomende regionale, onderscheidenlijk landelike vergadering” (Hooijer 1982:art 32 AKS asook Hooijer 1982:art 36 AKS)

“36 Afvaardiging naar regionale vergaderingen

Naar de regionale vergaderingen zenden de genabuurde kerken elk twee stemhebbende afgevaardigden, voorzien van een bewijs van



die kerkreg en kerkorde van die GKv en die NGK.⁶⁸ Die GKv het tot 1978 'n kerkorde gehad wat op enkele punte na ooreengestem het met die Dordtse kerkorde van 1618/19. Die GKv het in haar Generale Sinode te Groningen-Zuid in 1978 'n hersiene kerkorde aanvaar, wat in grondbeginsels en hoofsaak gelyk was aan die DKO. Struktureel kom die AKS ooreen met die Dordtse Kerkorde, maar toon Kongregasionalistiese en Independentistiese trekke. In die AKS word terminologie soos *regio* in plaas van *classis* gebruik. “Die NGK, willen confessioneel-gereformeerde kerken zijn, met iets meer ruimte in de hantering van de confessie dan in die GKNV, en de CCK, en met een geringere binding aan die kerkorde en kerkverband” (Te Velde 1992:162). Die volgende sewe kerkregtelike beginsels word gebruik om die GKv en NGK se kerkreg soos onderskei in die *Onderdeel uit het rapport van Deputaten Kerkelijke Eenheid van de Gereformeerde Kerken vrijgemaakt aan de Generale Synode van 1996* te beoordeel, naamlik:

- i. Christus as hoof van sy kerk,
- ii. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk,
- iii. Die karakter van die kerkverband,
- iv. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering,
- v. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers,
- vi. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge,
- vii. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur.

afvaardiging en eventuele instructies. Deze vergaderingen worden in de regel tweemaal per jaar gehouden, waarbij een afgevaardigde van telkens een andere kerk voorzitter is.”

⁶⁸ Vir die afdeling word gebruik gemaak van *Onderdeel uit het rapport van Deputaten Kerkelijke Eenheid van de Gereformeerde Kerken vrijgemaakt aan de Generale Synode van 1996*.



2.6.6.2.1. Christus as hoof van sy kerk

Die kerk is volgens die NGK die eiendom van die verhoogde en verheerlikte Christus, wat Sy kerk vergader, beskerm, onderhou en alleen regeer. Bybels gesien is die kerk allereers plaaslike kerk. Die plaaslike kerk is ten volle openbaring van Christus se liggaam (Openb. 1-3). Na Sy wil word die gemeente geregeer deur ampsdraers wat Hy roep en in die amp stel (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:7*).

2.6.6.2.2. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

Die NGK stel dit duidelik in die *Onderdeel uit het rapport* dat die plaaslike kerk iets sigbaar maak van die groot volk van God. Die GKv waarsku dat in die AKS 'n eensydige aksentuering van die selfstandigheid van die plaaslike kerk ten koste van die gesamentlikheid van die onderling toesig wat die kerke op mekaar het (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:3*). In die NGK wil 'n plaaslike kerk haar kennelik minder laat korrigeer deur die susterkerke. Die GKv is van mening dat daar 'n sekere wantroue in die AKS is teenoor die meerdere vergadering en 'n geringer bereidheid om aan die oordeel van die susterkerke te konformeer as wat die geval is in die Gereformeerde kerkorde. Die GKv vra hulself af of dit nie 'n vorm van independentisme is nie. Die GKv toon onder andere aan dat waar daar in art 31 AKS gesê word dat die kerke nie oor mekaar mag heers nie, vanouds af 'n goue reël in die Gereformeerde kerkreg is, asook na 1 Kor 14:36: "Of is het Woord Gods bij u begonnen? Of heeft het alleen u bereikt?", verwys (Vgl. ook 1 Kor 4:17, 7:17, 11:16, 14:34, 16:1). Volgens die GKv vra bostaande 'n beskeidenheid asook 'n bereidwilligheid om jou te laat korrigeer en die oordeel van die gesamentlike kerke te aanvaar tensy 'n besluit of oordeel bewys kan word as strydig met Gods Woord. Die onderling toesig van die kerke op mekaar en die gesamentlikheid in die besluitvorming, dien volgens die GKv die opbou en die heil van

die kerke. Die spook van die hiërargie lê volgens die DKE nie slegs in die sinodevergaderinge nie, maar lê ook in Kerkrade en in die handeling van die individuele ampsdraers. Nadruk op die selfstandigheid van die plaaslike kerk kan ewe goed tot skade lei as die nadruk op die gesag van die Sinode. Die GKv is van mening dat in 'n Gereformeerde kerkorde moet daarom terwille van die heiligheid en die katolisiteit van die kerk nie alleen waarborge teen sinodokrasie nie, maar ook teen dominokrasie en konsistoriokrasie daarstel. In die NGK het die plaaslike kerke ruimte om hul eie mening te laat seëvier bo die gesamentlike oordeel van die landelike kerkverband (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:3*).

2.6.6.2.3. Die karakter van die kerkverband

Die GKv gaan in die *Onderdeel uit het rapport* van die veronderstelling uit dat vir 'n kerklike vereniging sal daar veral ooreenstemming nodig wees oor die betekenis van die kerkverband en oor die status van die besluite van die meerdere vergaderinge. Uit die Skrif word geleer dat die kerk 'n roeping en reg het tot die beoefening van kerkverband. Vir die wyse waarop aan die kerkverband gestalte gegee moet word, bied die Skrif geen bloudruk nie, erken die GKv. Dit is egter vir die GKv duidelik dat die plaaslike kerk sowel as die landelike kerk altyd tot haar reg moet kom en dat die twee nie teenoor mekaar gestel mag word nie. Die Gereformeerde kerkorde kies volgens die GKv hier 'n weg tussen enersyds die episkopale of sinodale hiërargie en andersyds die Independentisme en Kongregasionalisme (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:2*).

In die punte 2 en 3 van die *Verklaring* wat die AKS voorafgaan, word die moontlikheid geopen om tot die Nederlands Gereformeerde Kerk te behoort sonder dat die kerklike akkoord aanvaar word. Die vraag waarmee die GKv in die *Onderdeel uit het rapport* worstel, was om watter rede 'n kerk haar sou wou distansieer van die ASK.

Die GKv gaan van die veronderstelling uit dat die kerke immers alleen die dinge wat die gehoorsaamheid aan God en die onderlinge eenheid dien, in 'n goeie kerkorde vaslê. Die GKv is van mening, dat 'n vryheid soos in die *Verklaring* gegee, nie in 'n kerkverband ook los van 'n kerkverband tuis behoort nie. Sulke vryblywendheid kan volgens die GKv nie tot opbou van die kerk wees nie. Die *Verklaring* skep volgens die GKv 'n permanente onsekerheid oor wat in die plaaslike kerk op grond van Gods Woord geldend reg is en nie geldend is nie. Dit is moontlik dat 'n gemeente die naam 'Nederlands Gereformeerd' kan dra, terwyl sy in belangrik sake 'n nie-Gereformeerde koers inslaan. In die AKS het die kerkverband 'n geringer krag en waarde as in die Gereformeerde kerkorde, oordeel die GKv (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:2-3*).

2.6.6.2.4. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering

In die *Onderdeel uit het rapport...* (1996:7-8) dui NGK aan dat die meerdere vergadering nie vergadering met meerdere gesag is nie, maar dat dit veel eerder vergadering is waar meer kerke in getal betrokke is. Meerdere vergadering mag volgens die NGK nie as besture beskou word nie, maar is vergadering van afgevaardigdes van plaaslike kerke. Die gesag van meerdere vergadering is volgens die NGK afgeleide gesag, te onderskei van die amptelike gesag wat alleen die Kerkraad besit (*Onderdeel uit het rapport...* 1996:7-8).

2.6.6.2.5. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

In die oefening van die kerkelike tug ontbreek in art. 28 AKS die kontrole van die

susterkerke wat die Gereformeerde kerkorde ken (art 77 DKO).⁶⁹ Die GKv oordeel dat die heilsame kontrole van die reg in die kerk nie by so 'n ingrypende gebeurtenis geïgnoreer mag word nie (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:5*). Die GKv dui aan dat die volgende DKO artikel by die AKS ontbreek, naamlik die onderlinge sensuur van die ampsdraers (DKO art. 81).⁷⁰

2.6.6.2.6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van meerdere vergaderinge

Met betrekking tot AKS art. 34, wat handel oor die bekragtiging en nakoming van besluite, toon die NGK dat dié artikel uit twee onderdele bestaan: 'n prinsipiële en 'n praktiese gedeelte (*Onderdeel uit het rapport ...1996:9*). In die eerste, prinsipiële gedeelte word die plig van die plaaslike kerk omskrywe, naamlik om besluite te bekragtig en na te kom, met die bekende voorbehoud van strydigheid met die Skrif of die AKS. In die tweede, praktiese gedeelte is sprake van die welsyn van die plaaslike gemeente. Indien bepaalde beslissinge nie uitgevoer kan word nie daarvan aan die susterkerke rekenskap gee en dus met opgaaf van redes aantoon waarom 'n beslissing op plaaslike vlak nie honoreer kan word nie.

2.6.6.2.7. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering insake wanbestuur

Die GKv is van mening dat die AKS onvoldoende waarborge bied teen situasies waarin 'n plaaslike kerk haar eie weg inslaan tot skade van haar lede en met gedeeltelike

⁶⁹“Aleer men tot de afsnijding komt, zal men de hardnekkigheid des zondaars der gemeente openlijk te kennen geven, de zonden verklarende, mitsgaders de naastigheid aan hem bewezen in het bestraffen, afhouden van het Avondmaal, en menigvuldige vermaningen, en zal de gemeente vermaand worden hem aan te spreken, en voor hem te bidden. Zodanige vermaningen zullen er drie geschieden. In de eerste zal de zondaar niet genoemd worden, opdat hij enigszins verschoond worde. In de tweede zal met advies der classe zijn naam uitgedrukt worden. In de derde zal men der gemeente te kennen geven, dat men hem, tenzij dat hij zich bekere, van de gemeenschap der kerk uitsluiten zal, opdat zijn afsnijding, zo hij hardnekkig blijft, met stilzwijgende bewilliging der kerken geschiede. De tijd tussen de vermaning zal in het oordeel des kerkenraads staan” (art 72 DKO).

⁷⁰ “De dienaren des Woords, ouderlingen en diakenen zullen onder hen de christelijke censuur oefenen, en malkander van de bediening huns ambts vriendelijk vermanen” (art 81 DKO).

verbreking van die eenheid met die susterkerke (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:3-4*).

Die GKv noem in die verband die volgende punte:

(i) die gedagte van bekragtiging van 'n besluit van die *regionale of landelike* vergadering deur die plaaslike kerk (art 34 van die AKS) roep volgens die GKv vrae op. Sedert die Vrijmaking is heelwat klem gelê op die ratifikasie van die besluite van die meerdere vergaderinge as 'n uitdruklike taak en 'n reg van die plaaslike kerk. Solank dit 'n plek het in 'n stuk vernet teen reële sinodale hiërargie en solank daar 'n lojale houding is teenoor byvoorbeeld die Sinodes, kan dit wel positief wees, oordeel die GKv, maar wys terselfdertyd daarop dat as 'n plaaslike kerk 'n selfstandig reg van bekragtiging opeis in die kader van 'n sistematiese vryblywende opstelling teenoor alle besluite, word daarmee die eenheid in die kerkverband onder permanente spanning geplaas (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:4*). In die Gereformeerde kerkreg is 'n besluit van 'n meerdere vergadering volgens die GKv vir elke kerk al bindend met inagneming van die DKO art 31 en art 36.⁷¹ Die bekragtigings-idee van die AKS skep volgens die GKv per definisie 'n losse vorm van kerkverband as dié van die Gereformeerde Kerke. Art 34 van die AKS⁷² gee volgens die GKv die moontlikheid dat 'n kerk 'n besluit nie bekragtig of nie uitvoer met as kriterium: "het welzijn van de gemeente." Die kriterium is volgens die GKv moeilik begrypbaar, aangesien dit ruimte vir afwyking van besluite skep.

⁷¹ "Hetzelve zeggen heeft de classe over de kerkenraad, hetwelk de Particuliere Synode heeft over de classe, en de Generale Synode over de Particuliere" (art 36 DKO).

⁷² "Bekrachtiging en nakoming van besluiten

Een besluit van de regionale of landelijke vergadering zal door de plaatselijke kerken bekrachtigd worden en in onderlinge liefde nagekomen, tenzij dit besluit strijdig bevonden wordt met de Heilige Schrift of ook als het niet overeenstemt met het Akkoord van kerkelijk samenleven. De kerk die een besluit niet bekrachtigt om boven genoemde redenen, of niet kan uitvoeren om redenen die het welzijn van de gemeente betreffen, zal hiervan aan de zusterkerken rekenschap geven" (Hooijer 1982:art 34 AKS).

2.7. Samen op weg tot Protestantse Kerkregtelike formasie (1964-2004)

2.7.1. Samen op wegproses (1964-2004)

Die Nederlandse Hervormde Kerk (=NHK), bestaande uit ongeveer 1.9 miljoen lede, en die Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN), bestaande uit ongeveer 660 000 lede, was sedert 1964 in 'n verenigingsproses betrokke. Beide maak deel uit van die gereformeerde of Calvinistiese tradisie. Sedert 1986 het die veel kleiner Evangelisch-Lutherse Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden (=ELK), bestaande uit ongeveer 15 000 leden, betrokke geraak in die verenigingsproses. Saam staan die drie kerke bekend as die Samen op Wegkerken:

De drie kerken die - onder het motto Samen op Weg – in dit verenigingsproces zijn betrokken zijn: de Nederlandse Hervormde Kerk (NHK, ongeveer 1.9 miljoen leden) en de Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN, rond 660.000 leden), die beiden deel uitmaken van de gereformeerde of calvinistische traditie, alsmede de veel kleinere Evangelisch-Lutherse Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden (ELK, ± 15.000 leden). Samen staan zij nu nog bekend als de Samen op Weg-kerken. Zij hopen zich met ingang van 2004 te verenigen tot de Protestantse Kerk in Nederland (PKN).

(Koffeman⁷³ 2003:1)

Die geskiedenis van die Samen op Wegproses kan volgens Van den Broeke (2005:427) in drie fases beskryf word. Eerstens was daar die kerkordelike gesprekke in die periode 1949 tot en met 1959 wat tussen die Hervormde Kommissie vir die Kerkorde en die Gereformeerde deputate vir die kerkorde plaasgevind het, daarna was daar die oproep van die sogenoemde *Achttien* (1961) en laastens was daar die houding van die landelike kerk asook die oproep van die jeug in die jare sestig (Van den Broeke 2005:427). Die begin van Samen op Wegproses word meestal in verband met die

⁷³Prof dr Leo J Koffeman (1948-) is hoogleraar in die kerkreg en *oecumene* aan die Theologiese Universiteit van die Gereformeerde Kerken in Nederland te Kampen en beklee na die stigting van die Protestantse Kerk in Nederland dieselfde posisie



oproep van die sogenaamde *Achttien*, 'n groep van nege Hervormdes en nege Gereformeerdes, gebring (Van den Broeke 2005:428). Gedurende Pinkster 1961 het die sogenaamde *Achttien* verklaar dat die skeiding tussen die Nederlandse Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerken in Nederland nie langer getolereer kan word nie:

Zij verklaarden dat de scheiding tussen de Nederlandse Hervormde Kerk en de Gereformeerde Kerken in Nederland niet langer getolereerd kon worden: Ondergetekenden, een willekeurige groep van hervormden en gereformeerden, hebben op een bijeenkomst van 24 april 1961 unaniem als hun oordeel uitgesproken, dat de gescheidenheid van de hervormde en gereformeerde kerken niet langer geduld kan worden. Scheiding tussen de Nederlandse Hervormde Kerk en de Gereformeerde Kerken in Nederland niet langer getolereerd kon worden: Ondergetekenden, een willekeurige groep van hervormden en gereformeerden, hebben op een bijeenkomst van 24 april 1961 unaniem als hun oordeel uitgesproken, dat de gescheidenheid van de hervormde en gereformeerde kerken niet langer geduld kan worden.

(Van den Broeke 2005:429)

Op 20 Junie 1960 het die eerste gesamentlike vergadering van die moderamens van die NHK en die GKN se sinodes plaasgevind (Van den Broeke 2005:428). Gedurende 1965 het die Hervormde Sinode 'n handleiding, *Hervormd-gereformeerde Gesprek*, vir die gesprek tussen Hervormde en Gereformeerde Kerkrade uitgereik (Van den Broeke 2005:431). Dit is gedurende 1966 met die Hervormde gespreksproses met die titel: *Kerk 66-2000* opgevolg. Die projek het beide die Hervormde en Gereformeerde jeug in beweging gebring. 'n Verslag van die plaaslike gesprekke was in 'n rapport genaamd *Samen op Weg* aan die twee Sinodes gegee. In die najaar van 1969 het die jeug van beide kerke in 'n aksiegroep *Synoodkreet* verenig:

Die de gescheidenheid niet langer aanvaardbaar vonden, presenteerden een actieplan: binnen tien jaar na 1970 zou het stapsgewijze proces van integratie van beide kerken voltooid moeten worden. De actie 'Samen op Weg' van de jongeren prijkte op de voorpagina's van de kerkelijke pers. De synoden riepen hierop een Werkgroep Samen op Weg in het leven. Op 19 februari 1971 kwam deze werkgroep voor het eerst bijeen. Als Interimraad kreeg deze de taak om plaatselijke en landelijke samenwerking te begeleiden en uitvoering aan besluiten van de beide synoden te geven.

(Van den Broeke 2005:431)

Op 15 en 16 Junie 1973 in die Lucaskerk te Utrecht het die eerste gesamentlike byeenkoms van die Generale Sinode van die NHK en die Generale Sinode van die GKN plaasgevind. 'n *Gesamentlike Interimraad van Deputate* is daargestel (Van den Broeke 2005:431). Die Sinode van die GKN het op 30 Januarie 1974 en die Sinode van die NHK het op 19 Februarie 1974 besluit om die drie subkommissies by te voeg. Een daarvan was die subkommissie vir die kerkordelike aangeleenthede. Die kommissie se opdrag was onder meer: "... het maken van een vergelijkende studie van de beide kerkorden, inhoudelijk en structureel" (Van den Broeke 2005:432). Gedurende 1974 het die Gereformeerde en Hervormde Sinode 'n *Werkgroep Kerkordelijke Aangelegenheden* aangestel met die opdrag om te werk aan 'n vergelykende studie van die Hervormde Kerkorde van 1951⁷⁴ en die Gereformeerde Kerkorde van 1959.⁷⁵ Die werkgroep het gedurende 1976 'n eerste voorlegging gemaak wat in 1978 opgevolg was deur die *Vergelykende studie van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland en die van de Nederlandse Hervormde Kerk*. Die *Raad van Deputaten Samen op Weg* (tot 1976 die Interim Raad vir Deputate) was gedurende 1976 ingestel. Dié Raad was tot 1989 die enjinkamer van die Samen-op-Wegproses (Van den Broeke 2005: 425). Die *Werkgroep Kerkordelijke Aangelegenheden* het reëlins ten behoeve van samewerkingsstrukture op plaaslike, *classicale*, provinsiale en *landelike* vlak in 'n sogenaamde *Tussenorde* opgestel.

Inmiddels hebben de hervormde en de gereformeerde generale synoden een tussenorde gegeven, een geheel van regelingen voor samenwerking en federatie op plaaslik, klassikaal, provinsiaal en generaal vlak, waarbij de hervormde en de gereformeerde kerkorde intact bleven zijn. Deze regelingen zijn bedoeld om de geleidelijke integratie van de beide kerkgemeenschappen, waarover op de eerste

⁷⁴ Die Kerkorde van 1951 van die Nederlands Hervormde Kerk is in 'n sekere sin volgens dr A J Bronkhorst 'n sintese van die DKO van 1619 en die Algemeen Reglement van 1816. Die kerklike vergaderinge van die DKO in sy ere herstel, die besture van 1816 keer terug in die moderamen van die kerklike vergaderinge, die deputaatskappe uit die tyd van die DKO keer terug in die verskeidenheid *colleges* (Bronkhorst 1992:166-168).

⁷⁵ Die Hervormde kerkorde is ander as die Gereformeerde kerkorde volgens Van Drimmelen meer gerig op die eenheid van die landelike kerkgemeenskap. Die moderamen van die Hervormde Kerk het anders as die Gereformeerde Kerken 'n leidende funksie en bly as moderamen funksioneer selfs "als de vergaderingen die zij leiden niet bijeen zijn" (Van Drimmelen 1992:183)



gezamenlijke vergadering van de beide synoden in 1973 gesproken werd, moegelyke te maken en te bevorderen.

(Van Drimmelen 1992:185)

Die *Werkgroep Kerkordelike Aangelegenheden* was gedurende 1997 opgehef (Van den Broeke 2005:425). Gedurende 1982 is dit bepaal dat dit vir 'n Hervormde en een Gereformeerde *classis* moontlik moes wees om 'n breë interkerklike samewerking (federasie) aan te gaan. 'n *Tussenorde* ontwikkel deur die *Werkgroep Kerkordelike Aangelegenheden* het 'n prosedure neergelê vir die proses tot federasie tussen die *classicale* vergaderinge van die onderskeie deelnemende kerke:

(D)e beide *classicale* vergaderinge stelden saam een ontwerp-besluit tot federasie op; dit besluit werd voorgelegd aan de hervormde, gereformeerde, gefedereerde en verenigde kerkeraden in ressorten van de beide classes, die er hun mening over kenbaar maakten; de beide *classicale* vergaderinge namen elk afzonderlijk het besluit tot federasie; saam stelden de beide *classicale* vergaderinge de nodige reguleringe vast; het besluit tot federasie en de reguleringe vormden saam de ooreenkomst; deze ooreenkomst werd ter goedkeuring voorgelegd aan de verskillende bevoegde kerkelike organen (wat de Gereformeerde Kerken in Nederland betref, waren dit de deputaten voor interkerklike saamewerking van de particuliere synode en wat de Nederlandse Hervormde Kerk betref, was dit het breed moderamen van de provinciale kerkvergadering – de visitatoren provinciaal gehoord); na goedkeuring werd de ooreenkomst van kracht en trad de federasie op een nader vast te stellen datum in werking.

(Van den Broeke 2005:439)

In die tweede uitgawe van die *Tussenorde* is daarom '*Regels voor de classicale vergadering van classes die een brede interkerklike saamewerking zijn aangegaan*' opgeneem. Volgens Van den Heuvel⁷⁶ (2001:1.13) word in die *Tussenorde* onder andere reëlins opgeneem vir die saamewerking van gemeentes, gemeenskaplike kerkdienste, die federasie van gemeentes, die gesamentlike verkiesing van ampsdraers, die gemeenskaplike Kerkraad en konsulentenskap, die gemeenskaplike beheer in 'n gefedereerde gemeente, die federasie van 'n sentrale gemeente, die attestasies en doopbewyse, die afvaardiging na die *classicale* vergadering vanuit 'n gefedereerde gemeente, die federasie van 'n *classicale* vergadering, die federasie van 'n provinsiale



kerkvergadering, die handhawing van die kerklike tug in federatiewe verband, die provinsiale *college* van advies met betrekking tot die beheer, die behandeling van besware en geskille in federatiewe verband asook die gemeenskaplike vergadering van die deelnemende Sinodes. Vir die finansiële verpligtinge was met beide kerkgemeenskappe afsonderlike reëlins getref. Onderskeid moes binne die federasie vir regshandelinge gemaak word. 'n Gereformeerde *classis* het byvoorbeeld regspersoonlikheid en word verteenwoordig deur twee deur die klassicale vergadering aangewese lede van die Gereformeerde Kerken in Nederland. Vir die Hervormde *classis*, wat geen regspersoon was nie, het die generale finansiële raad van die Nederlandse Hervormde Kerk opgetree (Van den Broeke 2005: 441). Die *Raad van Deputaten Samen op Weg* was bygestaan deur 'n aantal werkgroepe soos die vir die Belydenisgrondslag, Kerkordelike Aangeleenthede, Samewerking op Plaaslike Vlak, Organisasie en Finansies, Toekomstige model, Toekomstige Vormgewing en *Classicale* Indeling. Die vier fase van Samen op Wegproses was gebaseer op oorleg, samewerking, federasie en vereniging (Van den Broeke 2005:438). Die *Raad van Deputaten Samen op Weg* het gefunksioneer as 'n belangrik adviesliggaam van die gesamentlike vergadering van die Sinodes (Van den Broeke 2005:425).

Op 14 November 1986 het die NHK en die GKN op die gesamentlike vergadering van die Sinodes verklaar dat hul hul in 'n staat van hereniging bevind (Van der Heuvel 2001:21.2). Die Evangelisch-Lutherse Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden (=ELK) het vanaf 1986 deelgeneem aan die Samen op Wegproses (=SoW). Gedurende 25 tot 27 Oktober 1990 het die eerste gesamentlike sinodale vergadering van die Generale

⁷⁶ Dr P van den Heuvel (1941-) is as dosent in die kerkreg verbonde aan die Hervormd Theologiese Wetenschappelijk Instituut waar die kerklike opleiding van die Nederlandse Hervormde Kerk plaasvind.

Sinode van die ELK, die GKN en die NHK plaasgevind (Van den Broeke 2005:443). Die besluite van die gesamentlike sinodale vergaderinge moes volgens Koffeman agterna steeds deur die afsonderlike sinodes geratifiseer word. Op dié gesamentlike Sinode is 'n *Werkgroep Kerkorde* bestaande uit lede van al drie kerke saamgestel (2005:426): “Op 25 oktober 1990 besloot de gezamenlijke vergadering van synoden een werkgroep in te stellen, die als opdracht het ontwerpen van een samenhangend geheel van grondleggende artikelen voor het gezamenlijk kerk-zijn van de zich (v)erenigende kerken.” (2005:465): Die *Werkgroep Kerkorde* het op 7 Januarie 1991 vir die eerste maal byeengekom en het haar werksaamhede gedurende Junie 2003 afgesluit (2005:468). Aanvanklik was veral drie agendapunte van belang: die belydende karakter van die kerkorde, die plaas en funksie van die amp en die verhouding tussen plaaslike kerk en die *landelike* kerk. Die gesamentlike vergadering van Sinodes het gedurende Oktober 1992 die *Kerkorde van de Verenigde Reformatorische Kerk in Nederland van 1992 van die Werkgroep Kerkorde* aanvaar “als basis voor het beraad in de kerken over de ecclesiologische uitgangspunten en de structuur voor de h(v)erenigde kerk” (2005: 466). Nadat die konsiderasies en reaksies op die Ontwerp-kerkorde van 1994 en die Ontwerp-ordinansies van 1997 bestudeer was en 'n aantal wysigings aangebring was, was die Protestantse Kerkorde op afsonderlike parallelle sinodesittings op 12 Desember 2003 vasgestel (Van den Broeke 2005:503). Die beslissing het op 1 Mei met die stigting van die Protestantse Kerk in Nederland (=PKN) van krag geword. Die PKN is die voortsetting van die Nederlandse Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerken in Nederland en die Evangelisch-Lutherse Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden en bestaan uit al die gemeentes, te wete die Protestantse gemeentes, die Hervormde gemeentes, die Gereformeerde kerke en die Evangelisch-Lutherse gemeentes in Nederland. Reeds 2003 dui Kronenburg (2003:23) aan dat die konsepkerkorde van die

PKN sterk presbiteriaal-sinodaal gekleurd is. In die PKN is daar dus nie plek vir 'n biskop nie. Die totstandkoming van die PKN bring drie kerke wat onderling verskillende ampstradisies het, byeen (Kronenburg 2003:34).

Die PKN se belydenisgrondslag sluit ondermeer die Apostoliese Geloofsbelydenis, die geloofsbelydenis van Nicea en die geloofsbelydenis van Athanasius in asook die Onveranderde Augsburgse konfessie en die kategismus van Luther, die Heidelbergse kategismus, die kategismus van Genève en die Nederlandse geloofsbelydenis met die Dordtse Leerreëls. Die PKN erken ook die betekenis van die teologiese verklaring van Barmen asook die Konkord van Leuenberg (*Kerkorde en ordinanties van die Protestantse Kerk Nederland* 2004 art 1-4 tot 1-5). In die PKN se belydenisgrondslag word terselfdertyd die verbondenheid met die algemene Christelike Kerk asook die Lutherse tradisie en die Gereformeerde tradisie beklemtoon.

2.7.2. Beoordeling van die Protestantse Kerkorde

Die ELK, die NHK en die GKN staan in die reformatoriese tradisie. In al drie kerke kom aanhangers van of die kongregasionalistiese of episkopale kerkmodel voor: “In zekere zin kan men dan ook zeggen dat deze kerk bestaat uit een *mixtum* van ‘Van Ruler’ (de presbyteriaal denkende confessionelen en GB-ers), ‘Dingemans’ (congregationalisten) en ‘Gerritsen’ (episcopaal denkende hoogkerkelijken)” (Kronenburg 2003:159). Aanvanklik het die Samen op Wegproses 'n keuse gemaak vir 'n groeimodel (Kronenburg 2003:158). 'n Werkgroep, *Toekomstige Vormgeving van de Raad van Deputaten Samen op Weg*, onder leiding van G D J Dingemans het 'n aantal 'schetsen' vir die toekomstige kerk voorgelê (Kronenburg 2003:159). Die sketse is op reformatoriese beginsels gebaseer, maar sonder die binding aan die kerkordelike

tradisies van die drie deelnemende kerke. In 1990 is 'n nuwe werkgroep onder leiding van B Wallet saamgestel met die opdrag om 'n konsep-kerkorde te ontwerp:

Aan deze werkwijze kwam in 1989 door toedoen van de synode van de NHK een einde: men was van mening dat er teveel *ins Blaue hinein* (Dingemans) gewerkt werd. Een nieuwe werkgroep onder leiding van B. Wallet kreeg de opdracht om een concept-kerkorde te ontwerpen, met de hervormde kerkorde-1951 'als beginpunt en hoofdlijn'. De groep kwam in 1992 met een eerste concept, dat na enkele wijzigingen in 1997 door de gezamenlijke vergadering van de drie synoden werd vastgesteld.

(Kronenburg (2003:160)

Die Werkgroep moes die Hervormde kerkorde van 1951 as beginpunt en hooflyn vir die opstel van die konsep-kerkorde gebruik. In die kerkorde van die PKN (=PKO) kan wel elemente uit die werk van die werkgroep-Dingemans terug gevind word byvoorbeeld veral uit die 'schets-1988'. Behalwe die presbiteriale-sinodale hooflyn kan ook enkele kongregasionalistiese newelyne in die kerkorde onderskei word. Klem val in die kerkorde op die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die mondigheid van die gelowige en die aksent op die *charismata* van die gedoopte (Kronenburg 2003:159-160). Daar is vervolgens gekies vir die struktuur van die Hervormde kerkorde naamlik 'n ekklesiologies getinte fundamentele of '*eigenlijke kerkorde*', asook ordinansies en algemene bepalinge. Die Werkgroep Kerkorde-SoW het gedurende 1992 'n eerste konsep-kerkorde voorgelê wat volgens Kronenburg (2003:160) 'n sintese van Luthers en Calvinistiese elemente toon: "Het kerkmodel dat eruit oprijst vertoont een hervormde schering met een gereformeerde inslag, terwijl de ambtsopvatting een synthese vormt van lutherse⁷⁷ en calvinistiese elementen."

In November 1997 word die teks van die konsep-kerkorde gewysig en word die gewysigde teks aan die onderskeie mindere vergaderinge voorgelê vir ratifisering tot

⁷⁷ Die Lutherse kerkorde gaan uit van die beoefening van die openbare amp van die Woord en die Sakrament (Van Drimmelen 1992:184).



Julie 1998. Die reaksies is vervolgens deur die Werkgroep Kerkorde-SoW verwerk. Die proses was einde 2001 afgerond. Die besluit tot eenwording van die Protestantse Kerk in Nederland het in drie afsonderlike parallelle sinodes op 12 Desember 2003 plaasgevind. Op die gesamentlike Sinode wat op 1 Mei 2004 plaasgevind het, is die besluit bekragtig en het die GKN, NHK en die ELK verenig in die Protestantse Kerk in Nederland. Die PKO met die gepaardgaande ordinansies, oorgangsbepalings en algemene bepalinge was op die Sinode goedgekeur.

In die PKO kan 'n presbiteriale-sinodale hooflyn asook enkele Lutherse lyne onderskei word. Daar word in dié kerkorde gepoog om 'n ewewig te vind tussen die gesag van die plaaslike kerk (selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die mondigheid van die gemeente) en die gesag van die meerdere vergadering (die kerkverband). In die PKN se kerkorde word stellingname na my mening ingeneem met betrekking tot die kerkregtelike diskoers wat die afgelope eeu insake die gesag van die meerdere vergadering en die selfstandigheid van die plaaslike kerk gevoer was. Beide die Hervormde kerkorde van 1951 en die Gereformeerde kerkorde van 1959 was gebruik vir die daarstelling van die PKO. Die kerkmodel wat daaruit kom, vertoon daarom 'n Hervormde asook 'n Gereformeerde inslag. Die pastoraal-teoloog G Heitink in *De ecclesiology van de nieuwe kerkorde* (1993) en die sosioloog G Dekker in *Opdat de wereld verandert. Over de toekomst van de kerk* (2000) asook in Dekker en G Heitink, *Samen op de goede weg?* (2002), maak volgens Kronenburg (2003:163-164) beswaar daarteen dat die gekose kerkmodel nie aansluit by die huidige kulturele en maatskaplike situasie wat gekenmerk word deur demokratisering, sosiale differensiasie, skaalvergroting, individualisering, pluralisering en veranderlikheid nie. Verder was ook beswaar gemaak dat dit 'n eensydige-Hervormde kerkmodel is, “*sentralisties en top-*

down,” waarin geen klem op die Gereformeerde kerkmodel met sy nadruk op die plaaslike gemeente gelê word nie: “Het levert geen bijdrage aan de zo noodzakelijke kerkvernieuwing, waarin ruimte is voor pluraliteit, categoriale gemeentevorming en regionalisering” (Kronenburg 2003:163-164). Die PKN het dus ’n sterk sentralistiese inslag. Die landelike kerk is by die PKN belangrik. Die klem val by die PKN tussen die bindende krag van die meerdere vergadering en die gesag van die plaaslike kerk.

2.7.2.1. Christus as hoof van die kerk

In artikel I van die kerkorde maak die PKN haar bekend as ‘n belydende kerk. Die kerkorde beskryf in totaal negentien artikels die roeping van kerk en gemeente, die lewe van die gemeente en die kerk asook die orde van die kerk. Die PKN is ooreenkomstig haar belydenis ‘n gestalte van die een heilige apostoliese en katolieke of algemene Christelike Kerk. Uit Gods genade in Jesus Christus vervul die kerk die opdrag van haar Heer om die Woord te hoor en te verkondig. Die PKN bely in artikel 1 die enige bron en norm van die kerkelike verkondiging en diens soos volg: belijdt de kerk in gehoorzaamheid aan de Heilige Schrift als enige bron en norm van de kerkelijke verkondiging en dienst, de drie-enige God, Vader, Zoon en Heilige Geest (art I. PKO). Die PKN bely Jesus Christus as Heer en Verlosser van die wêreld. Die PKN konstateer in art 1 dat die kerk geroep is om gestalte te gee aan haar verbondenheid met die volk Israël.

2.7.2.2. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

Volgens Van den Heuvel (2001:2.2) beteken die opgaan in die PKN vir die Gereformeerde Kerke dat sy iets van die plaaslike selfstandigheid opgee. Die

Hervormde kerkreg erken daarteenoor volgens Van den Heuvel (2001:2.2) hoogstens 'n relatiewe selfstandigheid van die plaaslike gemeente. Van outonomie en onafhanklikheid van die plaaslike gemeente was immers in die Hervormde kerkreg geen sprake nie (Van den Heuvel 2001:2.2). Volgens Kronenburg (2003:161) het die plaaslike gemeente in die PKN veel meer ruimte om aan haar kerk wees gestalte te gee. Daar is geen hoër en laer verhouding tussen 'kerk' en 'gemeente' in die PKN nie.

2.7.2.3. Die karakter van die kerkverband

Die leiding in die PKN word toevertrou aan vier vergaderinge: die Kerkraad, die *classicale* vergadering, die Evangelisch-Lutherse Sinode (=ELS) en die Generale Synode. Die Evangelisch-Lutherse Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden ken geen *classis* of *classicale* sisteem nie. Die ELS vul volgens Van den Broeke (2005:467) die funksie: "Om de lutherse traditie te bewaren, krijgt de evangelisch-lutherse synode enkele spesifieke taken. De evangelisch-lutherse synode is overigens geen meerdere vergadering". Die gemeentes in die PKN word saamgebring in *classis* en die *classis* in regionale verbande. Die terme *classis* en *classicale* vergadering kan volgens Van den Broeke soos volg gedefinieer word: "Een classis is een kerkelijke gemeenschap uit een bepaalde regio en omvat de tot die kerkelijke gemeenschap behorende gemeenten; de *classicale* vergadering is de uit afgevaardigden van de kerkeraden van die gemeenten bestaande ambtelijke vergadering van die classis (2005:438). In die PKO word 'n onderskeid gemaak tussen die woorde *classicale vergadering* en *classis*. Met *classis* word bedoel die gemeenskap van gemeentes in 'n geografiese deel van 'n kerkprovinsie/*regio* van die land. Die *classicale vergadering* daarteenoor is die *ambtelijke* vergadering wat leiding aan die *classis* gee (Van den Broeke 2005:36). Die *classicale* vergadering neem daarom 'n belangrike plek in die bestel van die PKN

in. Hiermee het die PKN vir aansluiting by die terminologie van die *Hervormde Kerkorde* van 1951 gekies. Die *Gereformeerde Kerkorde* van 1959 ken immers nie die onderskeid tussen *classicale vergadering* en *classis* nie. By die *Hervormde Kerkorde* van 1951 was aan die *classicale* vergadering 'n sleutelposisie toegeken: “In een *classicale* vergadering sien we het gezicht van het hele kerkverband. Op deze manier is de zelfstandigheid van de plaatselijke gemeente begrens door de overtuiging, dat wij in ons presbyteriaal-synodaal kerktipe ook samen kerk zijn” (Van den Broeke 2005:467). Bo en behalwe die kerklike vergaderinge word daar verder onderskei tussen 'n algemene *classicale* vergadering, *kleine synode*⁷⁸ asook talryke *Regionale Colleges* aan wie ook kerklike gesag toegeken word. Die Generale Sinode word gevorm deur die ampsdraers wat deur die *classicale* vergaderinge en die afgevaardigdes van die ELS afgevaardig is.

Skematies kan die verskillende kerklike vergaderinge soos volg voorgestel word:

Kerkraad (Ord 4- 6-8)	Classicale vergadering (Ord 4-14-16)	Algemene <i>classicale</i> vergadering⁷⁹ (Ord 4-19)	Generale Sinode (Ord 4 -25-27)	<i>Kleine Synode</i> (Ord 4-27-5-7)
Elke gemeente het 'n Kerkraad wat gevorm word deur die ampsdraers van die gemeente.	Elke Kerkraad of wykskerkraad vaardig uit haar midde twee ampsdraers af.	Die <i>classicale</i> vergadering wys twee afgevaardigdes en die ELS wys een of twee Evangelisch-Lutherse ampsdraers aan.	Elke <i>classicale</i> vergadering vaardig twee ampsdraers uit die <i>classis</i> af en die ELS vaardig vyf ampsdraers uit haar lede af	Die <i>Kleine Synode</i> bestaan uit die moderamen en 25 ander lede van die Generale Sinode
Die ampstermyn van ouderlinge en diaken is vier jaar.	Elke jaar tree 'n vierde van die aantal lede van die <i>classicale</i> vergadering af.	Elke jaar tree 'n vierde van die aantal lede van die Algemene <i>classicale</i> vergadering af.	Elke jaar tree 'n vierde van die aantal lede van die Generale Sinode af.	
Word vir tydperk van vier jaar gekies.	Word vir tydperk van een jaar gekies.	Word vir vier jaar benoem en kan een keer vir 'n periode van vier jaar herbenoem word	Word vir vier jaar afgevaardig.	Word vir tydperk van een jaar gekies.

⁷⁸ Die *kleine synode* is belas met: het in naam van en in verantwoording aan die generale synode leiding gegee aan en coördineren van die arbeid van die organen van bystand van die generale synode; het verricht van wat na die orde van die kerk aan die generale synode is opgedra, voorzover dat haar deur die generale synode word gedelegeerd. Die *kleine synode* legt van haar werksaamhede verantwoording af aan die generale synode.

⁷⁹ Die algemene *classicale* vergadering verwys na die samewerkingsverband van 'n aantal *classicale* vergaderinge (Van den Broeke 2005:469).

Die Kerkraad kom ten minste ses kere per jaar byeen.	Die <i>classicale</i> vergadering kom ten minste drie kere per jaar byeen.	Vergaderinge word bepaal deur moderamen	Die Generale Sinode kom ten minste twee kere per jaar byeen.	Vergaderinge en agenda word bepaal deur die Generale Sinode.
Die Kerkraad kies jaarliks 'n moderamen bestaande uit ten minste een praeses, 'n scriba en een assessor met dien verstande dat 'n predikant deel uitmaak van die moderamen. Die moderamen staan ook bekend as die <i>kleine</i> Kerkraad,	1. Die <i>classicale</i> vergadering kies jaarliks 'n voorsitter, assessor en scriba, met dien verstande dat 'n predikant deel uitmaak van die moderamen 2. 'n Aantal ander lede van die <i>classicale</i> vergadering word gekies om saam met die moderamen die breë moderamen, te vorm.	1. Die algemene <i>classicale</i> vergadering kies jaarliks 'n moderamen, bestaande uit ten minste 'n voorsitter, assessor en scriba met dien verstande dat 'n predikant deel uitmaak van die moderamen.	1. Die Generale Sinode kies elke vier jaar 'n moderamen, bestaande uit ten minste 'n voorsitter, assessor I, assessor II en assessor III. Die voorsitter of assessor I behoort ten minste een 'n predikant te wees. Die scriba word vir vier jaar uit die predikante van de kerk benoem en kan een keer herbenoem word.	Kiesing van <i>Kleine Synode</i> vind plaas op Generale Sinode
Die Kerkraad kies jaarliks uit hul geledere 'n voorsitter	Die <i>classicale</i> vergadering kies jaarliks uit hul geledere 'n voorsitter	Die algemene <i>classicale</i> vergadering wys die voorsitters van alle <i>Regionale Colleges</i> aan.	Die Generale Sinode wys die voorsitters van alle <i>Generale Colleges</i> aan.	

2.7.2.4. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering

In die presbiteriaal-sinodale kerkmodel van die PKN word geen ruimte vir die Gereformeerde Partikuliere Sinode en die Hervormde Provinsiale kerkvergadering gelaat nie: “De werkgroep motiveerde dit door erop te wijzen dat deze tussenvergadering’ een zinvolle plaats gehad had in de ‘staatkundige situatie van de tijd waarin het kerkrecht gestalte kreeg,’ maar zag ‘geen directe noodzaak om voor een provinciale synode ruimte te reserveren” (Van den Broeke 2005:433). Die verbindingslyn word volgens Van den Broeke (2005:433) tussen die plaaslike vlak en die Sinode daardeur verkort. In die kerkorde word na die Kerkraad “als de grondvergadering der kerk” verwys (2005:433). Nuut in die kerkorde is die bepaling dat naas die afvaardiging van die Kerkraad na die *classis*, 'n ampsdraer met 'n besondere opdrag afgevaardig kan word. Artikel VI.1. dui aan op voetspoor van die DKO art 84

dat geen amp oor 'n andere, geen ampsdraer oor 'n ander, nog 'n gemeente oor 'n ander mag heers nie (art XIV.1 PKO). By die PKN het alle kerklike vergaderinge drievoudige kerklike gesag, te wete leer-, regeer- en tugmag. Ook aan die *colleges* besware en geskille van die meerdere vergadering word by die PKN regeer- en tugmag toegeken. Sodoende word anders as in die geval van gereformeerde kerkorde 'n geleentheid gebied vir onafhanklike regspraak: “In die gereformeerde kerkorde zijn geen regelingen voor een onafhanklike rechtspraak, zoals in het hervormde kerkrecht bijv. Het generaal college van beswaren en geschillen” (Weijland 1992b:178).

2.7.2.5. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

Die verantwoordelikheid vir die opsig oor gemeentelede lê by die (wyks)kerkraad, maar as 'n beslissing geneem moet word oor 'n tugmaatreël beslis die predikante en ouderlinge gesamentlik. Die opsig oor die ampsdraers berus by die *classicale* vergadering, maar as 'n beslissing geneem moet word oor 'n tugmaatreël beslis die *regionale college* vir opsig (ord 10-7-2 PKO) (Koffeman 2003:34). In die algemene *classicale* vergadering werk 'n aantal *classicale* vergaderinge saam veral ten opsigte van die diensverlening ten behoeve van die opbou van die gemeente, die kerkvisitasie, die opsig, die behandeling van beheersake en die behandeling van besware en geskille (Van den Broeke 2005:474). Tugmaatreëls teen gemeentelede (ord 10-9-6 PKO) sluit in vermaning, afhouding van die Heilige Nagmaal, skorsing in de uitoefening van die kiesreg en in oorleg met die *regionaal college* eventueel die verbreking van die gemeenskap met die kerk (ord 10-9-8 PKO) (Koffeman 2003:34). By ampsdraers (ord 10-9-7 PKO) kan die volgende middels toegepas word: vermaning, skorsing in die vervulling van die amp, en ontsetting uit die amp.



Met betrekking tot die opsig dui Artikel XII van die PKO aan dat die opsig, gegrond in die barmhartigheid van Jesus Christus, geskied tot eer van God, tot bewaring van die gemeente en tot behoud van die dwalendes. In die gemeente word die lede geroep om pastoraal en liefdevol na mekaar om te sien en mekaar op te bou in geloof, hoop en liefde. Die opsig oor die gemeente geskied onder andere in die visitasie (ord 10-2-2-1 PKO). Die visitasie gaan van die meerdere vergadering uit en word gehou deur die visitatore wat deur die vergadering aangewys is. Daar bestaan geen *regionale college* vir visitasie van die Evangelisch-Lutherse Sinode nie. Oorleg kan egter deur die *colleges* vir visitasie in die geval van 'n saak van 'n Lutherse gemeente met die Evangelisch-Lutherse sinodale kommissie getref word: “De evangelisch-lutherse synode benoemt een aantal visitatoren die - in daarvoor in aanmerking komende gevallen - betrokken worden bij de visitatie door een regionaal college respectievelijk het generale college voor de visitatie. (ord 10-2-3-4 PKO). Die opsig oor die belydenis en wandel van lede en ampsdraers word uitgeoefen deur pastorale samenspreking en vermaning. Met die oog op die regte bediening van Woord en sakramente hou die kerk opsig oor die verkondiging en die kategeese, asook oor die opleiding en vorming van predikante. Indien nodig gaan die kerk oor tot toepassing van die kerklike tug (art XIV.1 PKO).

2.7.2.6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergadering

Ook vir die behandeling van besware en geskille volg die PKO nadruklik die Hervormde Kerkorde. In Ordinansie 12 word voorsiening gemaak vir die instelling van nege *regionale colleges* en 'n *generaal college* vir die behandeling van besware en geskille (Koffeman 2003:46). Artikel XIV.1 van die PKO dui aan dat besware en geskille vir

die behandeling van sake waarvan in die orde van die kerk nie 'n afsonderlike orgaan of 'n wyse van behandeling aangedui word nie voorgelê word aan die daartoe aangewese *colleges*. By 'n kerklike liggaam, wat die besluit geneem het, kan 'n versoek tot die hersiening van die besluit(e) van die betrokke kerklike liggaam ingedien word (art xiv.1 PKO). Die behandeling van besware en geskille is opgedra aan *colleges* vir die behandeling van besware en geskille en geskied met inagneming van wat in die ordinansies en in die *generale regeling* vir die kerklike regspraak bepaal is (ord 12-1-1 tot ord 12-1-3 PKO).

2.7.2.7. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering insake wanbestuur

Die Generale Sinode is bevoeg om op versoek van die breë moderamen van die *classicale* vergadering, indien die funksionering van die Kerkraad sodanig versteur is dat daardeur die lewe en werk in een gemeente ontwrig word en indien die toepassing van ander kerkordelike moontlikhede ontoereikend is of nie tot 'n oplossing gelei het nie, vir 'n tydvak van hoogstens twee jaar die take van die Kerkraad wat nie agterweë kan bly nie heeltemal of gedeeltelik deur 'n aantal ampsdraers of voormalige ampsdraers van die kerk wat deur die Generale Sinode gedelegeer is, te laat doen. Die gedelegeerdes handel na oorlegpleging met die Kerkraad. 'n Besluit daartoe kan eers geneem word nadat 'n beroep op die breë moderamen gedoen is deur 'n deel van die Kerkraad of deur 'n deel van die gemeente, na oorlegpleging met die *Regionale College* vir die visitasie van die Evangelisch-Lutherse Sinodale Kommissie (ord 4-13-1 PKO). Die meerdere vergadering het dus die reg in geval van wanbestuur, onmag of hoër beroep in die plaaslike kerk in te gryp, besluite van die mindere vergadering tot niet te verklaar (kassasiereg), die plek van die Kerkraad in te neem en aan haar besluite in die plaaslike kerk tot uitvoering te bring.



2.8. Konklusie

Die kerkregtelike ontwikkeling in Nederland kan in vyf diskoerse onderskei word te wete Van Afscheiding tot Doleansie (1834-1926) (paragraaf 2.3.1), Diskussies oor *oud kerkrecht* en *nieuwe kerkrecht* (1926 -1941) (paragraaf 2.3.2), Diskussies rondom Vrijmaking (1942-1952) (paragraaf 2.3.3), Stryd om die gesag van die meerdere vergadering (1961-1969) (paragraaf 2.3.4), Samen op Weg tot Protestantse Kerkregtelike formasie (1964-2004) (paragraaf 2.3.5). Die Gereformeerdes bely dat Christus die enigste Hoof van sy kerk is. Die kerkregering behoort daarom die onderwerping en gehoorsaamheid aan Christus as enigste Koning na te streef. Die term *oud kerkrecht* word gebruik om begrippe met betrekking tot die kerkreg wat gedurende en na die Doleansie deur A Kuyper en F L Rutgers ontwikkel was aan te dui. Hierdie begrippekompleks is beter bekend as die Doleansiekerkreg. Die term *oud kerkrecht* is eers na die Sinode van Assen (1926) gebruik. Die term *nieuwe kerkrecht* is deur beide W A van Es en S Greijdanus gebruik om onder andere die nuwe visie met betrekking tot die gesag van die meerdere vergadering soos ontwikkel was op die Sinode van Assen (1926) aan te dui. Die *nieuwe kerkrecht* is veral voorgestaan deur H H Kuyper, H Bouwman en M Bouwman. Laasgenoemde is van mening dat Assen nie die *nieuwe kerkrecht* ingelei het nie, maar dat Assen veel eerder gedui het op 'n terugkeer na die *oud kerkrecht*. Die diskoers oor die *oud kerkrecht* en *nieuwe kerkrecht* het verskerp na die verskyning van die dissertasie van M Bouwman (1937a). Laasgenoemde is van mening dat F L Rutgers op essensiële punte vir Voetius verkeerd verstaan het. Standpunte met betrekking tot die regeer-, leer- en/of tugmag van die meerdere vergaderinge lei uiteindelik tot die stigting van die Gereformeerde Kerken in Nederland



(GKv) en latere die Nederlands Gereformeerde Kerk. In die PKN word 'n sintese tussen die Lutherse en Gereformeerde kerkreg en kerkregering gevind.